

Wat Emma weet (’n Roman)

en

’n Vergelykende studie van die *tradisionele speurverhaal* en die *literêre speurverhaal* met
spesifieke verwysing na vier Afrikaanse speurverhale
(’n Mini-verhandeling)

deur Berendina Volschenk

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof HJ Pieterse

Augustus 2010

Wat Emma weet ('n Roman)

deur Berendina Volschenk

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof HJ Pieterse

Augustus 2010

Wat Emma weet

Everything that I know

I know only because I love

- Leo Tolstoy in *War and peace*

Een

Die stemme van die koortjie voor in die kerk het die tipiese toonkleur van middeljarige mense: effe skril op die hoë note, hier en daar dun, veral die soprane, maar ingeleef, ryk. Hulle vertolking is intens, asof hulle ook treur oor Petro, terwyl Emma weet dis onwaarskynlik dat enigeen van die koorlede haar ooit ontmoet het. Hulle is van 'n ander kant van Mamelodi as waar Petro bekend was.

Swart mense se stemme verloor dus ook die glans soos hulle ouer word, dink Emma. *Ek is bly*. Sy glimlag.

“Keya gae gae kesa boya, ntlo ya bofelo ...” klink hulle helder op in vierstemmige harmonie.

Sy bestudeer die groepie in hulle wit hemde en swart broeke en rompe. Die lang man in die agterste ry is seningrig maer, en dit klink asof sy hele lyf vibreer met sy diep basstem, asof die klank uit sy voete kom. Hier en daar is daar 'n bleswordende kop, party mans en vroue het wit kroesies om die slape. 'n Hele paar sout-en-peper-koppies. Een man het langerige spierwit hare wat hy glad agteroor kam. 'n Yl sonstraal wat skelm inkomplek gevind het, skyn direk op sy brilglase en dit gee hom 'n onaardse voorkoms, soos 'n boordse wese met blink oogkasse. Een vrou dra 'n bril met dik lense wat haar soos 'n uil laat lyk. Die vrou langs haar se hare is agteroor geborsel in 'n stywe kort poniestertjie, vermoed sy, en haar ronde ligbruin wange blink, asof gepoleer met 'n sagte lap vir die spesiale geleentheid. Sy staan met haar hande vroom voor haar gevou. 'n Vrou in die tweede ry het 'n maroen baret op. Haar buurvrou se gesig is vol fyn swart moesies en sy trek haar mond koeëlronde wanneer sy sing soos 'n engeltjie aan 'n Kersboom. Haar hare is baie modieus opgekam en met 'n lint opgebind. Haar hare blink asof dit van plastiek is. Op die punt van die voorste ry staan 'n vrou met lang rooi naels, haar hande ook voor haar gevou.

Die koor is verskillende skakerings van bruin, sien sy. *By die begrafnis van my donkerwit ma*, dink Emma.

Die koorlede se oë is gerek van konsentrasie en vasgenaël op die maer man voor hulle wat hulle met groot, ywerige arm- en handgebare dirigeer.

“Keya gae gae kesa boya, ntlo ya bofelo ...” sing hulle. Stadig, trekkerig, mooi. *I'm going home, to where there is no more dying*, het die dominee gesê beteken dit. Dieselfde frase oor en

oor. Hipnoties. Totdat dit voel asof sy oplos in die stemme.

Die res van die mense in die kerk val spontaan in saam met die koor en die klank word groot en allesomvattend. “Keya gae gae kesa boya, ntlo ya bofelo!”

Emma maak haar oë toe.

Dit raak weer stil nadat die koor gaan sit het. Iemand kug, en agter haar snik iemand saggies. Emma kyk om. Dis Engela. Haar vlesige skouers skud saggies. Engela glimlag en lig haar een hand in ’n tranerige groet; met die ander een vee sy oor haar wange met ’n sakdoek. Sy sit langs Refilwe wat fronsend en baie regop sit, stoïsiens, arms gevou.

Die dominee staan op en ritsel deur ’n pakkie papier op die kansel. “Brothers and sisters ...” begin hy paaiend praat, en Emma se aandag dryf weg van hom.

In die vensterbank van een van die lang vensters regs van haar sit ’n groot duif in die vensterbank met sy stert gedruk teen die glas. ’n Mens sien net sy donker silhoeët afgeteken teen die glas en hoor hom vaagweg ’n paar keer koer. Sy bewegings maak ritselgeluide. Dit lyk asof hy die kerk wil verdedig.

Dis vir Emma vreemd dat hulle in ’n kerk sit vir die begrafnis. Petro was nie godsdienstig nie, maar sy het gesê sy wil uit hierdie Mamelodi kerk begrawe word, want sy het haar lewenswerk hier gedoen. En hier sit hulle nou. Somber en stil.

Emma skuif stywer teen Evert aan. Sy wens die seremonie is al verby. Sy sal graag wil gaan lê en die duvet oor haar kop trek.

“Hoekom wil jy begrawe word, Ma?” Dit was na Wieda se begrafnis dat dit ter sprake gekom het.

“Want stof is ons en stof moet ons weer wees, nie bleddie as nie,” het Petro gesê, haar ken op haar kenmerkende hardkoppige manier uitgestoot. Daar sal nie oor geargumenteer word nie, het Emma geweet.

“Ek dog jy is nie godsdienstig nie. Nou kom jy met Bybelse reëls?” Emma kon dit nie weerstaan nie.

“Ek is nie ’n Sondagbraaiboud nie, Fiefie, ek gaan nie in enige oond in nie,” het Petro gesê.

Emma het na haar ma gekyk, na hande met die oumenslewervlekke, die stywe, dun vel wat sy elasticiteit verloor het, die vleis en vel van haar arms wat uitsak, soos sag gestoofde

skaapvleis wat van die been wil afval, maar het haarself dadelik betig. 'n Skaap, lewendig of oondgebraai, sal die laaste ding wees waarmee enigiemand Petro sal vergelyk.

“Kom dat ek jou wys waar al my papiere is,” het Petro gesê en vir Emma gewink om haar te volg.

“Ag, is dit nou nodig?” Emma was onwillig.

“No time like the present, sweetheart. Ek gaan nie vir altyd lewe nie,” het Petro beslis gesê, “Wanneer die tyd kom, sal dit alles makliker maak as jy weet waar die testament en die begrafnispolis is.”

Dit was dieselfde middag toe sy aangekondig het wat in die testament staan, wat Emma erf, wat Engela erf, wie kry die huis.

Petro het Emma se ontsteltenis weg gewuif. “Ons praat weer later hieroor, wanneer jy bedaar het.” Einde van die storie. Petro, die onverbiddelike.

Die dominee lees uit I Korintiërs 13: “... en al sou ek al my goed uitdeel ... en ek het nie die liefde nie, dan sou dit my niks baat nie.” Hy praat gedrae oor Petro se toegewydheid aan die mense en kinders van Mamelodi. Hy gebruik sy arms om sy woorde te beklemtoon. “Sy was sy 'n Christen in die ware sin van die woord, haar lewe 'n toonbeeld van liefde,” sê hy. Sy toga se lang moue flap dramaties en 'n paar mense knik instemmend. Hier en daar bevestig iemand dit sag.

Emma se gedagtes dwaal weer. Sy sien haar ma, hoor hoe sy gelag het wanneer Wieda iets snaaks sê. Sy het min só hardop gelag en dit was meestal net Wieda, jare lange vriendin en na beide se egskeidings, huismaats, wat haar gereeld so kon laat lag: oopmond, oë skrefies getrek. Toe haar ma en pa nog getroud was, was daar nie dikwels met oorgawe gelag in die huis nie.

Wieda was 'n ook vir jare lank 'n sagte buffer tussen Emma en haar ma.

Sy onthou vir Petro op die stoep saam met iemand wat haar kom sien het waar sy haar “counseling” gedoen het. Haar pa wou nie dat hulle binne sit nie. Dié een se man is gearresteer sonder die regte pas, daardie een se kind is siek. Mme moet help.

Petro en die toehoorder sit teenoor mekaar, gesigte naby aan mekaar soos samesweerders, Petro wat gedemp en geanimeerd praat. En wanneer Petro haar raaksien waar sy die toneel sit en dophou: “Emma, bring bietjie tee, asseblief.”

Of vir jare lank het sy vir die matrieks Engelse lesse gegee om die eetkamertafel, hulle oë vasgenael op Petro wat past perfect tense of 'n Shakespeare play verduidelik. Sy hoor haar voordra uit *The Tempest*: “Full fathom five thy father lies, his bones are corally made ...” Van toe sy nog klein was, tot in die huis saam met Wieda, toe sy self in die hoërskool was. Shakespeare en tenses.

Emma het altyd gedink haar ma weet presies wat om te doen, maar later het sy besef hoe onbeholpe sy tog was, dat sy dikwels nie veel kon vermag om die mense te help nie. Maar sy het met jammerte geluister, en dit was haar grootste bydrae aan hierdie mense. 'n Goedmenende luidende simbaal, dink Emma.

Emma word weer bewus van die dominee toe hy aankondig dat die koor nou een van Petro se geliefkoosde liedjies gaan sing, en hulle weer ruisend opstaan.

Many rivers to cross

But I can't seem to find my way over ...

Wonderbaarlik mooi. Engela begin weer snik. Emma kyk om en sien hoe Refilwe haar saggies op haar rug klap.

... I've been licked, washed up for years

And I merely survive because of my pride ...

Soveel aande het sy saam met Petro gesit en luister na die Joe Cocker-opname. Kliphard. Petro sou toe-oë sit en die woorde mimeer. Al vyf versies. As sy en Engela daar was, sou hulle vir mekaar gesigte trek. Selfs Wieda het Petro saam met hulle woordeloos gespot, soms draaibewegings met haar hand langs die oor gemaak. Petro het nie omgee nie; hulle net stilgemaak as een begin lag.

Emma se keel begin pyn soos sy sluk aan haar emosies. Sy buig vooroor, haar arms styf gevou oor haar middel, asof sy sukkel om asem te kry.

Evert sit sy groot hand liggies op haar kop, sy vingers gesprei. Dit voel soos 'n warm kappie, die groot poot van 'n saggeaarde, harige dier. Sy dink aan die donker hare op die lang, bleek vingers van sy bekende hande.

Hy leun vorentoe en fluister: “Is jy oukei?” Sy knik en glimlag op na hom toe, haal diep

asem en sit weer regop.

Petro was natuurlik reg: toe hulle haar begrafnis moes reël, was dit inderdaad makliker omdat sy geweet het waar om te gaan soek vir die polisdokumentasie. Sy kon reguit na die klein lessenaar van jakaranda-hout stap – die een wat Engela se pa handgemaak het - en die regte laai, die onderste een, ooptrek. Sy het haar ma gesalueer. En die brief ontdek.

Toe sy die lêer met die dokumente optel, is daar 'n koevert wat tussen die bodem en die kant van die laai ingeskuif het. Sy moes bietjie trek om dit uit te kry.

Dis 'n geel koevert wat lyk asof dit al voorheen opgefrommel is en weer platgestryk is. Haar ma se handskrif groot voorop: Spikkel.

Sy weet nie wie dit is nie.

Die koevert is toegeplak, maar die gom het al begin vergaan en die flappie spring oop toe sy daaraan raak.

Emma is onseker oor of sy dit behoort te lees. Verval iemand se reg tot privaatheid na sy dood? Sy voel asof iemand na haar kyk. Sy vryf oor haar nek. En besluit om dit tog te lees. Dis waarskynlik nie belangrik nie.

Die brief ruik stowwerig.

Sy sit vir 'n rukkie met die toegevoede brief op haar skoot voordat sy dit oopvou en begin lees. Dit is eintlik net 'n kort nota:

My liefste Spikkel

Ek het iets verskrikliks gedoen. Ek het iemand doodgemaak. Haar dood veroorsaak. Dis alles so kompleks. Ek kan dit nie regtig verduidelik nie. Die hemel weet, ek weet nie hoe gaan ek myself vergewe nie.

Ek skryf om te sê dat wat gebeur het vir my geen keuse laat nie: ek moet iets doen as teken aan God dat ek berou het. Ek moet iets kosbaars opgee. Ek weet nie hoe anders nie. En ek moet dit doen voor ek begin twyfel (en dit doen ek reeds) en dit so seer raak dat ek van plan sal wil verander.

Dis iets wat ek nie kan regmaak nie. Al wat ek kan doen, is om iets op te offer. Nee, meer as iets. Die ding wat ek die liefste het. En dis jy.

Ek is jammer. As ek kon, sou ek dit anders wou hê. Maar ek kan nie.

Vergewe my en wees asseblief gelukkig.

Petro

Twee

Petro se huis is koel en rustig. Dit voel nie asof iets gebeur het nie, asof sy nie 'n week gelede begrawe is nie. Emma het 'n maand verlof geneem om op te pak, die papiere en dokumentasie in die lessenaar te sorteer. Dit moet gedoen word, hoe gouer hoe beter. Sy probeer ook agterkom of sy meer kan uitvind oor die insident waarna Petro in die vreemde brief verwys. Wie Spikkel is. Tot dusver is haar speurtog onsuksesvol.

Daar is verstommend baie papiere in die huis opgegaan. Petro s'n en nog van Wieda. Sy het gedink Petro en Engela het die meeste skoongemaak na Wieda se dood, maar dit blyk nie die geval te wees nie. Al Wieda se klere is wel weg uit die huis, en haar aardse besittings wat aan Engela bemaak is, is lankal verwyder. Dit het die huis eintlik leeg gelaat, maar Emma besef dit nou eers. Maar die papiere, tydskrifte, self koerante wat opgegaan is en in kaste gedruk is, verstom haar. Dalk het sy en Evert nie genoeg kom kuier nie. Dalk het Petro oorweldig geraak toe sy alleen begin bly het in die huis, en daarom so erg begin opgaan. Emma onthou net 'n baie goedgeorganiseerde Petro. Sy onderdruk die skuldgevoel.

Sy is moeg en leun met haar ken in haar hand, bewus van die stilte om haar, en sit en by die venster en uitkyk. "I can see clearly now the rain is gone ..." spring een van Evert se geliefkoosde songs in haar gedagtes. "... it's going to be a bright, bright sunshiny day ..."

Op die grasperk voor die venster wei haar ma se troppie tarentale waarmee sy die buurt dikwels so ontstig het. In paartyd skree die voëls aanmekaar, dag en nag, asof hulle diep bedroef is, sonder ophou, en dan kla mense. Jaap van langsaan het op die begrafnis vertel wat hulle "sê", dat hulle "bankrot, bankrot," skree. Sulke praatjies het natuurlik later, nadat Evert die bottel whiskey uitgehaal het, gebeur. Toe die laaste handjievul vriende en familie in die huis bymekaargekom het om 'n drankie te drink.

"Die stadslewe is baie veeleisend," het Emma jare terug betersweterig vir haar ma gesê toe sy die troppie daar aangebring het, maar Petro het net haar skouers opgetrek. "Hulle sal gewoon raak," was haar bondige kommentaar op die idee van enige klagtes. "Dis voëls, my aarde. Wie kan ernstige probleme hê met voëls?" Sy en die bure moes dit so aanvaar. Sekere dinge was vir Petro ononderhandelbaar.

Emma onthou haar ma het nog laas ywerig tarentaalvere bymekaar gemaak sodat een van

die buurdogters die vere op haar stukkies weggee-troukoek kon plak. 'n Afrika-tema, seker. Jik. Boere zjoesj kan Emma so irriteer.

Sy moet sekerlik reël dat iemand die tarentale oorvat. Die dieretuin? Een of ander voëlpark? Sy teken dit aan op die lysie by haar elmboog.

Jaap-hulle het gesê hulle sal aangaan met die res van die voëlvoerdery wat Petro vir byna twaalf jaar lank toegewyd gedoen het. So teen skemer is die sade en vleisballetjies uitgesit vir die voëls. Maar dis onseker of enigiemand sal belangstel in die tarentale.

Elke week het Petro vleissaagsels by die slaghuis gaan haal, die korreltjies vleis en vet wat afval by die vleissaag wanneer vleis gesny word. Die slaghuis het dit vir haar bymekaar gemaak en sy het dit dan in klein frikkadelle wat sy kon vries gerol. Elke aand het sy een so 'n balletjie vleisafval uitgehaal, op die platformpie onder die boom gesit, en dan gesit en kyk hoe die voëls kom vreet. Soms stukkies cheddarkaas. Op 'n ander platformpie kom stukke vrugte en sade. Elke aand. Week vir week, jaar na jaar.

Daar was altyd meer kos in die kaste en die vrieskas vir die voëls as vir haarself na Wieda se dood. As Emma kom kuier het en raas, het sy net haar skouers opgetrek. “Ek eet nie meer so baie nie,” het sy gesê. Sy wou later nie meer met vakansie gaan nie of by Emma-hulle kom kuier nie. “Wat van die voëls?”

Sal hulle haar mis?

Waarskynlik het hulle soomloos beweeg na die Vermeers van langsaan se tuin waar Jaap en Rita nou die kos uitsit. Die vleילוeries en die kakelaars, die janfrederike en mossies en tarentale en die duiwe. Asof Petro nooit daar was nie.

Sy was 'n bekende in die buurt. Selfs die Kongolese wat oorkant ingetrek het, het skaars geland of hulle het ook begin om sade en vrugte aan te dra. Petro se toewyding aan die voëls was vir hulle 'n bron van verwondering. Iets wat hulle nog nooit gesien het of ooit al oorweeg het nie. Hulle het gereeld saam met haar in die tuin kom sit en kyk na die vretende, pikkende, jillende voëls. Blykbaar het die man – *wat is sy naam nou weer?* – aan die begin gesit en huil. Dit het hom ontroer. Die vrou se naam is Mina. Die blinkbruin man van Kinshasa en sy vrou wat Pretoria toe gevlug het, bang en benoud soos oes hoendertjies hier tussen die boere kom intrek het in die man se maatskappyhuis en 'n nuwe lewe kom maak het. Wat op die begrafnisonthaal met trane in sy oë vertel het hoe Ma hulle kom verwelkom het met 'n bak lasagne. En “what a woman, *formidable*,” geprewel het.

Die meeste van die ander bure het haar ook geken, was ook by die begrafnis. Gepraat oor Ma en die voëls. Vir hulle weer was sy die voëlvrou van Pretoria. Die vreemde, komplekse, inkennige vrou wat haar lewe gewy het aan 'n versameling tuinvoëls en allerhande weggooimense op rand van die samelewing. Alles mooi en vriendelik en korrek. Hier 'n karmenaadjie, daar haar geliefkoosde Sheila Cussons gedig voorgedra in haar diep, verleidelike stem: Ek het meteens onthou dat ek gelukkig is ...

Ma. Johanna Petronella Jonker, née Moller, Petro vir haar vriende. Wat omtrent vyftig mense by haar begrafnis gehad het. Mense wat Emma se hand kom druk en staaltjies vertel het, gesê het hoe hulle haar gaan mis, hoe besonders sy was.

In die laaste jare van haar lewe was Petro nie meer aktief as raadgewer aan swart mense soos toe Emma nog op skool was nie. Haar oë was nie meer so goed nie en sy het nie meer gemaklik bestuur nie en sy het bang geword om alleen in Mamelodi in te ry. Sy was nie meer so nodig daar nie. As dit haar gepla het dat daar nie meer soveel mense was wat haar hulp nodig gehad het nie, dat sy oorbodig geword het, het sy dit nooit gewys nie, niks ooit gesê nie. Die werkers in die buurt het haar nie meer geken en kom raad vra nie. Nie soos toe hulle nog in die ou huis gebly het nie, toe Emma nog jonger was nie.

Daar was uiteindelik nog net die vyf ou ooms wie se pensioengeld sy gaan haal het en wie se inkopies vir die maand sy gedoen en dan gaan aflewer het by die dienssentrum: eers moes die begrafnisboekies betaal word, dan blikkies vis, maalvleis, pap, suiker, twak. Alles tot op die laaste sent uitgewerk.

Daar sit 'n hele ry verkreukelde swart mans en vroue met bont kopdoeke in die voorste ry van die kerk. Twee taxis vol het opgedaag. Sy en Evert en Refilwe het die hele oggend gestaan en pap kook, wors braai en tamaties en uie sny vir 'n sous, en na die teraardebestelling het hulle agter 'n opslaantafel gestaan en vir hierdie mense opgeskep in papierborde.

“Ek het jou ma belowe ons sal die mense kos gee by haar begrafnis,” het Evert gesê.

“Wanneer het sy jou dit gevra?”

“Ek dink dis die laaste ding wat sy vir my gesê het in die hospitaal.”

“Ek wonder hoekom sy my nie gevra het nie. Dink jy sy het gedink ek sou dit nie wou doen nie?”

“Nee, man,” het Evert gelag en haar met sy arm om haar skouer teen hom vasgetrek, “ek dink jy was net nie in die kamer nie. Sy was swak en deurmekaar, Em. Sy het heeltyd na jou

gevra, maar ek dink dis toe jy met die dokter gaan praat het of toilet toe was, of so iets.”

Emma kyk op en sien die ry portretfoto’s wat Wieda nog laat raam het en ’n ry op die lae boekrak in die studeerkamertjie staangemaak het. ’n Troufoto van Emma en Evert, een van Engela en haar man, Denis, een van Engela en haar seun, Billy, toe hy nog ’n seuntjie was, Wieda, en een van Petro in ’n lelike silwer raam. Die grootste een van die foto’s. Dis ’n geposeerde foto waar Petro met haar hand onder haar ken sit. Wat ’n ou motgevrete groepie, dink sy.

Ingedagte rol Emma een van die papiere wat op die weggooihopie lê in ’n balletjie op en gooi dit na Petro se foto. Die balletjie val kort. Sy lag en begin nog sulke balletjies rol en probeer om die foto raak te gooi. Sy kry dit reg om haar eie troufoto om te gooi, maar die ander foto’s staan stewig. Sy hou eers op toe ’n hele plaat papierballetjies op die vloer lê. Petro se foto staan nog en glimlag. Dis seker ’n sterk raam.

Sy staan op en strek vooroor in ’n joga-beweging om haar moeë rug te verlig. Sy sit al heel oggend. Dan stap sy kombuis toe en skakel die ketel aan. Tee sal lekker wees. In Ma se mooi groen teepot en koppie. Sy sal ’n skinkbord pak met ’n lappie en melkbekertjie. Dié se lippie is gesplinter, sien sy.

Wat van bietjie agtergrondmusiek?

Petro se musiekversameling is beperk. Sy het gehou van radio luister. Daar is tog ’n paar Cd’s met klassieke musiek – als verjaardag- of Kersgeskenke van Emma af. Sy wonder of Petro ooit daarna geluister het.

Emma kies die Mendelssohn-vioolkonsert in E-mineur, opus 64, en druk die CD in die speler. Sy gaan sit met haar voete op die koffietafel en drink haar tee. Petro sou die stuipe gekry het.

Die telefoon lui skril. Emma skrik en stort tee in haar piering.

“Hallo, babe. Hoe gaan dit daar?” Evert. Emma voel meteens minder alleen.

“Hallo, Evert.”

“Wanneer kom jy huis toe?”

“Sodra alles hier uitgesorteer is.”

“Uuum.”

Sy glimlag. Haar man wil nie alleen slaap nie.

“Dit gaan ongelukkig nog ’n rukkie duur, Evert. Dit vat nogal lank om ’n lewe op te pak.”

Hy is gelate: “Moet ek oorkom?”

“Ag, dis nodig dat ek dit alleen doen.”

“Oukei. Laat weet as ek kan help.”

Dis al skemer toe sy die laaste lêer uit die onderste laai van die lessenaar haal. Goddank dat haar ma so georganiseerd was. Alles is netjies gerangskik en gesorteer. Al die rekeninge en rekord van betalings in een laai. Die mediesefondsrekords van vyf jaar in omgekeerde kronologiese volgorde in ’n lêer. Die notas en rekords oor die liefdadigheidsorganisasies saamgebind in ’n rek. As dit nie daarvoor was nie, sou sy weke lank besig gewees het. Soos dinge nou gaan, gaan sy dalk binnekort klaar uitgesorteer wees aan die huis.

Sy betig haarself. Dit behoort langer te neem. Petro het sewentig jaar oud geword. Wat bly oor van ’n lewe? ’n Week se opruiming?

Op die laaste lêer staan groot geskryf in Ma se ronde, gul handskrif: Privaat. Emma trek die letters na met haar vinger. Weer die dilemma: bly dinge privaat na die dood? Dalk maar net vlugtig deurblaai en probeer agterkom of sy dit behoort te lees.

Dis nie ’n baie dik lêer nie. ’n Paar verbleikte foto’s van onbekende mense. ’n Jong man en meisie wat glimlaggend opkyk na mekaar. Sy is nie seker of die profiel haar ma s’n is nie, maar dit lyk tog wel so. Daar is ’n groep onbekende mense, almal ook waarskynlik in hul vroeë twintigs. Meeste van die mense op die foto is vir Emma onbekend, of hulle is soveel jonger dat hulle onbekend voorkom. Maar haar ma het nie ’n baie aktiewe sosiale lewe gehad nie, nie wat Emma kan onthou nie. Sy herken wel vir Wieda op ’n hele paar foto’s. En natuurlik haar pa as ’n jong man.

Daar is nog ’n paar foto’s van Petro met glase wyn en sigarette in die hand. Tipiese jongmens-foto’s. ’n Verbygegane tyd waarvan Emma niks weet nie. Is Spikkel hier? Sy sien nie enige man wat besproet is nie. Sy is redelik seker Spikkel is ’n man.

Daar is ’n hopie poskaarte in ’n rek saamgebind, ’n stapeltjie kerskaartjies, verjaardagkaartjies, ’n paar troukaartjies. Niksseggende memento’s van Petro se lewe.

Heel onder in die laai is ’n bruin koevert met ’n paar stowwerige pakke rokpatrone in: A-lym slooprokke met breë krae. ’n Halternekring met wye klokromp en ’n besondere breë kraag wat byna die hele oop rug sal toemaak, dink Emma geamuseerd. *Het Ma klere gemaak?* Op die halternekringpatroon staan in ’n klein, spinnekopskriffie in potlood geskryf: *Ek dink hierdie sal*

pragtig lyk in wit ook!! W. Seker Wieda, want sy het wel naaldwerk gedoen.

Daar is ook 'n breipatroon en 'n gehekelde lang jas-patroon wat uit tydskrifte geskeur is. Die gehekelde jas is bont en die model dra dit met blinkleer stewels. Sy het swaar omlynde oë en teruggekamde hare wat hoog op haar kop bol, 'n *homage* aan die blommekinders en rock & roll.

'n Gedroogde vismot, dekades oud, val uit die koevert. Emma vee dit versigtig in 'n bak hand op en gooi dit in die snippermandjie langs die lessenaar.

Sy stryk 'n stuk papier glad. In haar ma se bekende handskrif staan geskryf:

Nkulukulu het die aarde gemaak. Daar was 'n baie hoë berg, 'n wag-'n-bietjie-doringboom, groen gras en 'n diep, donker poel water. So diep, dat die water swart was, want dit was te diep vir die son om deur die water tot op die bodem te kan skyn. Dit was nie alleen donker op die bodem van die poel nie, dit was ook koud, só koud dat die slange gesidder het, só stil dat hulle nie eens donderweer of wind kon hoor wanneer 'n storm gewoed het nie.

Op die bodem van die poel het twee slange gelê. Die groot een was so dik soos 'n man se lyf en in soveel kinkels gedraai as wat 'n mens vingers en tone het. Die slang het 'n plat, groot kop en kraalogies gehad en 'n tong wat vinnig aanmekaar uit sy mond geflits het, soos 'n flikkerende lig. Langs hom was 'n kleiner slang, haar lyfie slanker, haar kleur 'n bietjie ligter, in soveel kinkels gedraai as wat 'n mens vingers aan haar hande het. Haar koppie was platter, haar oë blinker, en haar gevurkte tongetjie het minder haastig in en uit haar bek beweeg.

Eendag was daar 'n woeste storm en 'n vreeslike sterk weerligstraal het deur die water gesny. Sy flits het tot op die bodem van die poel geskiet en die water het verdeel en die bodem verlig. Die slange kon die wêreld daarbo baie vlugtig sien.

Die groot slang het die hoë berg gesien en verlang om dit te oorwin, uit te seil tot op die kruin en die uitsig te bewonder.

Die kleiner slang het die geel tone van die waterhoendertjie waar sy fyntjies op die blare op die poel gestap het, gesien. Sy kon die swart puntjies van die vlerke van die bontvisvanger sien waar hy bokant die water fladder op soek na 'n klein vissie om te vang. Sy het 'n lang, sagte, grys stert van 'n muisvoël gesien waar hy teen 'n knoetsrige boomstomp ophardloop; die skarlakenrooi bors van die grootrooiborssuikerbekkie en die helder geel vrolikheid van 'n geeloo kanarie. Sy het die krom geel bek van die neushoringvoël, die gestreepte koppie van

die houtkapper en die stert van die jangroentjie waar hy die sap van 'n aalwynblom drink, gesien. Sy kon die vlietende rooi van 'n swerm rooivinke wat laag oor 'n grasveld swiep, sien, en net voor die water weer toegaan, 'n statige reier wat rustig in 'n vleiland wei.

“Aaaa,” het sy gesug en met verwondering gedink aan alles wat sy pas gade geslaan het. Sy het na die groot slang gedraai en gesê: “Noudat ons die skoonheid van Nkulukulu se wêreld gesien het, kan ons nie hier in die donker bly nie. Laat ons opgaan na die lig toe!”

Toe begin die groot slang boontoe swem, en sy volg hom.

Dis waar die storie op die bladsy eindig, en Emma kan nie nog 'n bladsy tussen die ander papiere in die koevert vind nie, maar sy onthou die res van die verhaal. Dis 'n storie wat haar ma vir haar vertel het toe sy omtrent twaalf of dertien was. Sy was nog in die laerskool. Sy onthou hoe dit eindig: die twee slange swem tot bo en staan dan op en begin loop, en word die eerste man en vrou op die aarde. Sy onthou hoe vreemd en wonderlik sy die storie gevind het.

“Het hulle klere aangehad?” het sy gevra.

“Nee,” het haar ma geantwoord en vir haar gelag. “Dis 'n Afrika ontstaansmite. Dis net 'n storie wat verduidelik waar ons vandaan kom.”

“Uit die water uit?”

“Ja.”

“O,” het sy geantwoord, maar nie werklik verstaan nie. “Wat van Adam en Eva?”

“Dis 'n ander ontstaansmite. Hierdie een is van Afrika.”

Emma het 'n koue in haar maag gevoel.

Petro moes gesien het dat die kind verward is, want sy het probeer om die gespek in 'n ander rigting te stuur. “Die waarheid van die storie is nie eintlik die punt van die storie nie,” het sy in 'n troosstem gesê, “die tekstuur van die wêreld is belangriker. Daar is verskillende stories oor dieselfde goed en almal is ewe mooi.”

“Praat jy nou van die bye en die blomme?” het Emma gevra en Petro het gelag.

“Wat is so snaaks?” het Emma vies gevra, maar Petro het net haar kop geskud en haar op haar hare gesoen.

“Ek praat van die voëls en die plante en die blomme. Dis mooier as enigiets.”

“As enigiets?”

“Enigiets.”

“Mooier as ... *Joseph and his amazing technicolour dreamcoat?*”

“Baie.”

“Mooier as *The Wizard of Oz?*” Dit was die film wat hulle kort tevore in die inry gaan kyk het een Vrydagaand, en dit het ’n groot indruk op Emma gemaak.

“Selfs as *The Wizard of Oz*, ja. Gróter as *The Wizard of Oz*.”

“Groter en mooier?”

“Hmm-mm.”

“Groter as Ivan Rebhoff se maag?” Emma het gelag en haar ma het haar speels geknyp. Hulle het die vorige week ’n konsert van Rebhoff in die stadskouburg gaan kyk want haar pa was so mal oor hom. Emma was so verwonderd oor die groot man in ’n kaftan. Petro en Ben het gelag toe sy sê hy het ’n rok aan.

“Japsnoet,” het Petro gesê, weer gelag en die koerant begin lees.

Haar ma het nie dikwels haar vrae breedvoerig beantwoord nie, en sy sou later haar pa moes vra vir meer verheldering. Soms het dit vir Emma gevoel asof haar ma verveeld raak met haar in die middel van ’n gesprek. Asof sy oor ander goed begin dink terwyl hulle praat, en Emma het begin om haar intens dop te hou om te probeer lees wanneer Petro se aandag begin dwaal. Dan het sy probeer om haar aandag te trek met vinnige handbewegings, of deur haar gesig teen haar ma s’n te gaan druk sodat sy haar móét raaksien. Selfs dan het Petro soms haar kop gevryf en haar vasgedruk en net om haar weggestap of aangegaan met iets anders asof sy vergeet het Emma is in die vertrek.

Sy kan onthou dat sy haar pa wel gevra het na hierdie bestaansmites en die eerste mense op die aarde, en hy het gesê sy hoef net te weet van Adam en Eva en wat die Bybel sê, en enigiets anders is nonsens.

Drie

Emma stap Spar toe om melk vir koffie en slaaigoed vir middagete te koop.

Toe sy net om die draai weg is van die winkel kom 'n jong swart man op haar afgestap. Eintlik maar 'n seun, sien sy – sy skat so tussen veertien en sestien – kom leun feitlik teen haar aan met 'n knipmes dreigend in die hand. Hy ruik na sweet en vuur. Sy een broekspyp is van die knie tot by die soom in twee repe. Sy kan sy aswit knie sien. Afgetrapte swart toeryskoene sonder kouse.

“Give me that,” sê hy en vat die inkopiesak uit haar hand.

Hy maak 'n gebaar na haar handsak met die mes.

Dis stil om haar. Asof alle klank en tekens van lewe om haar en die seun uitgepers is en hulle in die enigste druppel lig staan: koel en afgeëts en alleen. Soos intieme vriende.

Sy haal vyftig rand uit haar beursie en gee dit vir hom aan. Hy protesteer nie.

“Give me your jersey,” sê hy en wys na haar dun, pienk truitjie.

Sy kry weer lewe. “No, this is enough,” sê sy beslis.

Die seun trek sy skouers ongeërg op, draai om en stap weg.

Daar is 'n klompie straatkinders wat op die hoek van die straat saambondel. Dit voel vir haar asof hulle die hele petalje dopgehou het, asof hulle vir haar lag. Sy kan haar jong boef nie tussen hulle uitken nie.

Toe sy by die huis kom, begin sy bewe. In die spens is daar twee bottels wit wyn, 'n Chardonnay en 'n Sauvignon Blanc. Sy maak die Sauvignon Blanc oop en vul 'n groot wynglas halfpad met ys.

Toe sy voor Petro se kasdeure staan, is sy aangeklam. Sy het 'n Rolling Stones CD in die speler geruk en dit baie hard gedraai. “You can't always get what you want ...” vul die huis. Sy trek die kasdeure met dramatiese gebaar oop. “... You get what you need! ...” sing sy saam.

Die wanorde van die kas verbaas haar. Sy het verwag dat die klere georden sal wees. Hemde, rompe, broeke, rokke bymekaar. Maar alles hang deurmekaar.

Heel agter is die swart rok met die kralewerk om die kraag en driekwartmoue - fyn blinkswart kraleblomme wat met barokkrulle wat swiep om die rondings - wat Petro by 'n

tweedehandse winkel gekoop het. Sy het gehou van opdollie vir spesiale geleentheid. Sy het dit soms aangetrek as hulle in 'n restaurant gaan eet het. En na Wieda se begrafnis.

Die langbroeke is opgevou en in die rakke gepak. Heel bo op die stapeltjie is Petro se geliefkoosde jeans. Emma druk haar gesig daarteen. Die broek is sag van ouderdom en sy ruik haar ma.

Sy begin hopies pak op die bed: vir die hospice, vir hou. Die jeans gaan op die hou-hopie. Emma skrik toe iemand aan die kamervenster klop. Dis Rita van langsaan.

“Dag! Ek het geklop, maar jy hoor nie!” sê sy gedemp agter die venster.

“Jy kom seker kla oor die musiek so hard is,” sê Emma verleë toe sy die deur oopmaak.

“Nee, mens, ek kom net hoor of jy oukei is.”

“Kom drink 'n dop saam met my,” nooi Emma en Rita kom gewillig in.

Rita dra 'n pers broek en 'n sjiffon-oorhanghemp met groot blomme. Sy het verbleikte blou seilsandale aan en haar toonnaels is lank. Sy wend geen poging aan om haar plooië onder grimering te verberg nie, en haar hare is ook nie gekleur nie. Haar sout-en-peper hare is losweg agter haar gekreukelde ore ingedruk. Die geheelbeeld is egter nie slordig of onversorg nie, want sy is merkwaardig aantreklik. Haar oë is ysblou, tog vriendelik. Iets om die mond en in haar hande getuig van intelligente joligheid. Iets wild, iets vriendelik.

Emma skink wyn in 'n groot bolwynglas en hulle klink glase. “Op die lewe,” sê sy.

“Pffft,” sê Rita, “as jy weet hoeveel skete ek het, drink jy op iets anders.” Hulle lag.

Vir 'n oomblik voel Emma skuldig oor die vrolikheid van die oomblik.

“Hoe gaan dit met die pakkery?” vra Rita.

“Oukei. Dis die klere en die breekgoed wat nog gepak moet kom. Ek's klaar met haar papiere.”

“En is dit vir jou vir jou moeilik, so alleen?”

“Og, Evert sal net in die pad wees. Ek kry meer gedoen so. Dis mos maar net die binnegoed van die huis wat ek moet sorteer. Die huis is mos Refilwe s'n. Behalwe vir die los goed, die kristalglase en so.”

Rita sit regop en lyk verbaas. “Refilwe s'n?”

“Ja, sy het alles bemaak aan Refilwe.”

“Refilwe? Refilwe van die huis? Die bediende?”

Emma lag. “Ja, Refilwe. Sy was seker eerder huishoudster. Vriendin?”

“My alie, vriendin. Nie Petro of Wieda was onvriendelik nie, maar nie vriende met haar nie. Ek bly darem twintig jaar langs hulle, hoor. Ek kan nie glo wat jy vir my sê nie.”

Die twee vroue word stil, elk besig met hulle eie gedagtes.

“Rita, dink jy jy het my ma goed geken?”

Rita trek haar skouers op. “Og, ek het so gedink, maar nou weet ek nie. Ek sou wragtig nooit gedink het van Refilwe nie.”

Emma leun vorentoe om hulle glase op te vul.

“Ek het geweet sy bemaak die huis aan die Makobane-familie. Dis fine. Ek kry darem die Gordon Vorster-landskap, en die jonkmanskas en sulke goed. Ek is tevrede.” Sy sluk en lê agteroor op die stoel. “Maar daar is goed waaroor ek wonder.”

“Soos wat?”

In die laatmiddag lyk die Hollandse buurvrou vir Emma skielik asof sy van was gemaak is. Sy voel Rita se ontsteltenis aan en sy besef dis omdat sy geskok is omdat sy dink Petro het haar eie dogter te na gekom. Daar is iets moederliks aan haar, sy kry die gevoel die vrou sou haar fisies wou vertrou, en dat sy wag op ’n teken van Emma af. Dis dalk hoekom sy skielik te vinnig drink.

Emma vul weer haar glas. Hoe meer Rita drink, hoe meer Hollands klink sy.

“Nee, koot, stadig,” keer Rita.

Emma glimlag.

Buite begin die tarentale lawaai.

“Het sy ooit gepraat oor haar verlede? Enigiets gesê oor iemand wat sy Spikkel genoem het?” Sy kyk Rita waterpas in die oë.

Rita skud haar kop. Dink weer en skud weer haar kop ontkennend. “Nee, nooit. Sy was nie ’n prater nie, jy weet. Wieda was die geselser.”

Emma knik. Sy weet.

“Kan ek jǎú iets persoonliks vra?” sê Rita en skuif op haar stoel.

“Natuurlik.”

“Wat was regtig tussen haar en Wieda? Was hulle net vriende? Dit maak nie saak nie, ek het net altyd gewonder.”

Emma is werklik onkant gevang. “Uh ... bedoel jy soos in ’n verhouding? Soos in lesbies?”

Rita knik.

Emma lag hard. “Ek dink nie so nie. Hulle het mekaar al van kollege af geken en toe hulle al twee geskei is, het hulle saam ingetrek. As support system. Om die lewe te kan bekostig. Dis hoe ek dit het. En hulle het in aparte kamers geslaap!”

Rita begin lag. “Jy kan my maar moer toe stuur, hoor. Dis nie verniet dat nuuskierigheid ’n siekte is nie.” Sy steek haar hand uit en vryf Emma se hand. “Jaap het een aand dronk geword en hulle gevra, weet jy.” Sy lag weer. “Hulle het by ons geëet. Seker so vyf, ses jaar gelede.”

“Ja?”

Rita skuif na die voorpunt van haar stoel en sit haar glas op die koffietafel neer, netjies op die drupmatjie. “Ek wou hom dood donder. Maar hulle was heel geamuseerd daaroor. Wieda het nog gesê sy vind dit vreemd dat mense nog spekuleer oor twee middeljarige ou vrouens se sekslewens.”

Hulle lag. “Hoekom het jy hulle nooit gevra nie? Jy het hulle dan so lank geken.”

“Mens vra mos nie sulke goed nie.”

Emma lag en skud haar kop.

“Ek dink dis ’n fantastiese idee. Ek sal ook eerder saam met ’n vriendin intrek as Jaap iets moet oorkom. Sal ek op my ouderdom tog nou weer ’n nuwe man wil hê? I think not.” Sy lag saggies en skud haar kop.

Hulle sit vir ’n rukkie lank stil voordat Emma haar hand oor haar oë trek en glimlag. “Toe Wieda dood is, was my ma baie hartseer. So ’n stil hartseer. Soos ’n kombers. Ek het nie geweet wat om daarmee te maak nie omdat ek nie geweet het wat dit is waaroor sy rou nie. Ek dink hulle het mekaar lief gehad. So suiwer as wat dit kan wees. Nie jaloers nie en nie onwelvoeglik nie, soos die Bybel sê.”

Rita luister intens en knik bevestigend. Sy klap op haar gekruisde bene. “Ja-ak, Petro,” sê sy en mymer: “Sy was ’n mooi vrou, slim, inkennig.”

“Hoe sal jy hulle onthou?”

“Hoe vra jy my nou oor jou eie ma en haar huismaat van ewig af? Hulle het jou tog grootgemaak?”

“Ek wonder hoe ander mense hulle gesien het. Dis maar al.”

“Wel,” sê Rita en vou haar hande oor haar maag, “Sy het jeans gedra en Wieda sulke lélike kaftans omdat sy so bietjie dik was. Met groot moue wat so oophang onder haar arms, jy

weet?” Hulle knik en glimlag vir mekaar. “Jaap wou altyd langs haar sit om na haar tiete te kan loer. En hy ontken dit wragtig nog vandag.”

Hulle lag hardop.

“Jaap het jou ma agter haar rug dr Doolittle genoem,” gaan Rita aan. “Sy het gelees. Nie ’n druppel gedrink nie. Niks, nada. Almal om haar probeer help. Sy was goed, Emma, sy was ’n goeie mens.” Rita bly ’n rukkie lank stil. “Sy het eenkeer vir my gesê sy is nie godsdienstig nie en Wieda ook nie. Maar elke oggend het sy daar onder die boom gesit op haar stoel en mediteer. Amper heilig. Ek het partykeer vir haar geloer. Eenkeer het sy gesê sy tel elke dag haar seëninge. En jý is boaan haar lysie, het sy gesê. Sy was ’n goeie mens. Altyd reg om te help. Dis hoe ek haar sal onthou.”

“Is enige mens regtig goed, dink jy, Rita?” Emma vee met haar hand oor haar gesig, druk met haar oop hand teen haar slape waar ’n dowwe hoofpyn begin klop.

Rita trek weer haar skouers op. “Nee, moenie filosofies wees as ek wyn in het nie.”

Hulle lag. Rita staan op en maak ’n gebaar dat sy moet gaan. Dit word laat, sy moet seker gaan kos maak.

“Het jy meer geweet van Wieda?”

Rita draai om en vryf haar klere netjies. “Nie veel meer nie. Sy was die siel van die partytjie. Baie nonsens gepraat, maar altyd lekker. Ek moet gaan, skatjie, Jaap sal panic as ek so lank wegbly. Godweet wat hy sal doen as ek eerste doodgaan.”

Emma staan op en stap saam met haar deur toe. Op die voorstoepie staan hulle in die laatmiddagson en kyk na die tarentale. Die tuin en die voëls blink in die geel lig.

“Miskien sal Engela iets van die Spikkel mens weet? Sy het tog langer by hulle gebly as jy,” sê Rita en druk Emma se arm, “toe jy in die koshuis was.”

“Ek en sy is nie eintlik vreeslik na aan mekaar nie. Maar dit is ’n plan. Ek sal daarvoor dink.”

“Sy was so hartseer op die begrafnis. Ek weet sy was baie lief vir jou ma.”

“Ja, sy was,” sê Emma.

Rita begin die trappies een vir een stadig sywaarts afklim, soos ’n krap, hou aan die trapreling vas. “Sy het my vertel haar seun is uit die army uit want hy kon dit nie meer hou nie. Blykbaar het jy geen meer kans op bevordering as jy wit is nie. Ek het nogal net nou die dag gewonder oor hulle, oor wat hy nou doen vir ’n lewe. Wou haar nog vra by die begrafnis, maar

toe sien ek sy is weg.” Sy staan met haar hand op die trapreling en skerm die laatmiddagson uit haar oë met haar hand. Emma sien hoe haar deurskynende vel span oor haar hand, die ronding van haar skouers asof dit na ’n leeftyd begin ingee. “Dankie vir die wyn. Sê as ek moet help met iets, hoor,” sê Rita, draai om en slenter hek toe.

Emma lig haar hand in ’n groet.

By die hekkie gaan staan Rita weer en sê: “So, die Makobanes gaan ons nuwe bure wees. Ha, ek wonder wat gaan ou Hendrik hier onder dáárvan sê.” Sy kekkel ondeund, skud haar kop en dan is sy by die hek uit.

Vier

“Ek kom huis toe die naweek, oukei? Ek sal Maandag klaar kom maak.”

“Dit sal nice wees,” sê Evert. Hy is beslis nie gelukkig nie.

Emma voel skuldig. Sy was ferm toe sy gesê het sy wil alleen opruim. Evert was seergemaak. Sy ken die trek aan die een kant van sy mond, hoe hy sy vingers deur sy kuif trek, afkyk. Toe hulle mekaar ontmoet het, het sy hom vertel dat sy dikwels alleen wil wees. Dat sy paniekerig word as daar te veel chaos om haar en in haar lewe is, en dat haar verweer is om stil te word en orde te skep. Tóé het hy gesweer hy sal dit kan hanteer, en hy probeer sekerlik hard, arme ding, maar hy kom nie goed reg daarmee nie.

“Is alles reg?” vra Evert.

“Ja, geen probleem nie. Ek wil net die naweek ’n break maak. Ek kan volgende week kom klaarmaak.”

Saterdagmiddag maak Evert potjiekos. Dis herfs, maar hy dink dis nog warm genoeg om buite te eet. Emma draai haarself toe in ’n helder oranje kombes. “Haal diep asem, dan sal jy nie so koud kry nie,” sê Evert. Sy lyk soos ’n kokon van ’n groot mot.

Hulle luister na die Stevie Ray Vaughn (“Do to me like I know you could, so I can do it to you like a Texan should ...”) en Van Morrison (“She gives me love, love, love, love, crazy love ...”) terwyl hulle langs die vuur sit en groente skil en Chardonnay drink.

“Gaan jy jou pa vra oor die Spikkel-persoon?”

“Ja, maar jy weet hy praat nie graag oor my ma nie.” Emma gooi ’n geskilde wortel in die bak.

“Dalk sal hy weet wat die verskriklike ding is waarna sy verwys.” Evert lag deur sy neus. “Nogal melodramaties, ou Petro.”

Emma is dadelik geïrriteerd. “Ek het gedink dit sal goed wees om by hom uit te kom terwyl ek verlof het. Miskien sal ek sommer volgende week ry.”

“Jy?” Evert staan met sy rug na haar. Sy sien hy het homself baie regop getrek.

“Ja. Jy is op die recce vir jou dokumentêr, onthou. Dan sal ek hom vra.”

Evert sê niks.

“Ek dink nie my ma en pa se kommunikasie was goed nie. En wat dit ook al is waarvan sy praat, het gebeur voor hulle getroud is.”

“Hmm. Dan was dit nie só verskriklik nie. As jy, hoe lank?, sestien jaar saam met iemand kan bly en hom nie vertel van die verskriklike ding wat jy gedoen het nie, kan dit nie so erg gewees het nie.”

“Ek dink dit kan,” sê Emma nukkerig.

Evert trek sy skouers op.

Sy sit ’n ruk lank stil en vra hom dan uit oor die dokumentêre film waaraan hy werk. Sy hou hom dop terwyl hy vertel, sien hoe hy weer begin ontspan.

’n Hadida vlieg gillend verby.

Toe die vuur baie warm is, sit Evert die swart driebeenpotjie op die kole. Hy rangskik die warm kole om die pot tot dit hom geval. “Eers intense hitte en as die groente eers in is, moet dit net gesellig prut,” praat hy met homself terwyl hy wydsbeen staan en sy handewerk aanskou. Dan vee hy sy voorkop met die agterkant van sy hand af.

Hy gooi die brokke vleis in en braai dit vinnig bruin, fronsend op sy hurke soos hy weg beur van die hitte af. Toe hy tevrede is, gooi hy water op die vleis, sit die pot se deksel op, skuif sy stoel tot teenoor Emma en sit die plastiese skottel tussen hulle. Hulle skil nog groente vir die potjie met ritmiese, afwaartse handbewegings: wortels, nog ’n aartappel, patats, pampoen. Evert kerf twee groot bloupers uie in kwarte op en giggel oor die trane wat hy stort. Hulle sit met bene wyd uitmekaar, gefokus op hulle hande, knieë byna teen mekaar.

Hulle woon in ’n huisie op ’n lang, nou erf. Dis Evert se huis wat hy gekoop het toe hy nog geswot het. Toe het hy al ’n oog vir ’n goeie belegging gehad.

’n Plaat wit agapante is teen die een heining tot onder by die grensdraad geplant. Dit lyk altyd baie mooi in die lente as hulle vol in die blom is. Allerhande tuinvoëls vlieg verby, land, tjirp en vlieg weer weg. Aan die onderkant van die tuin is hulle groot en netjiese groentetuin te sien. Een van Evert se stokperdjies.

“Goodbye, Ruby Tuesday,” sing Emma lustig. “Who could hang a name on you ...”

Hy val saam met haar in: “... still I’m gonna miss you ...”

Die reuk van die vleis wat braai walm uit die potjie op. Emma leun toe-oë agteroor.

“Evert,” sê sy.

“Wat?”

“Sê nou daar is alarms op die pale,” sy wys met die mes waarmee sy groente geskil het na die telefoonpale aan die onderpunt van die tuin, “wat afgaan as ’n atoombom val.”

“Sodat jy kan weet jy gaan binnekort doodgaan?”

“Ja.”

Evert hap aan ’n wortel. Sy luister na die geknars van die wortel onder sy tande.

“Makabere gedagte vir so ’n rustige Saterdagmiddag.”

“En sê nou die alarms gaan nou af. Wat sal jy doen?” Emma leun haar hand met die groentemes op haar knie. Sy kyk op na Evert en sit vir ’n rukkie lank stil na hom en kyk.

“Ek sal eenvoudig aangaan met groente skil en musiek luister,” antwoord hy. “En hoop jy sal my uiteindelik ’n paar van jou geheime vertel as ons die dood in die oë kyk.”

“Ag, Evert, ek het nie geheime nie,” sê sy.

“Nie? Hoe sal ek weet,” sê Evert en lig sy wynglas op. “Cheers,” sê hy en hou sy glas na haar toe uit.

Emma sê niks, kyk nie op na hom nie.

Hy staan op en lig die pot se deksel driftig op, klink dit hard neer. Dan kom staan hy voor haar en sit sy hande op die stoel se armleunings, asof hy haar vaskeer in die stoel. Hy leun vorentoe en soen haar hard. Dan draai hy weer om na die vuur toe. Emma proe ’n bietjie bloed, dat hy haar lip met sy tand gesny het. Sy speel met haar tong oor die kneusplek.

Emma word met ’n ruk wakker. Vir ’n oomblik is sy gedisoriënteerd, maar dan onthou sy waar sy is. Evert snork liggies en beweeg in sy slaap.

Sy draai op haar sy en lê en kyk na Evert. Hy lê op sy sy na haar toe gedraai met sy onderste arm lank onder hom uitgestrek, en sy ander hand opgekrul voor hom. Sy mond is op ’n tuit gedruk en daar is ’n klein druppeltjie spoeg in sy mondhoek.

Hy is vir haar só mooi waar hy lê en slaap, dis asof sy hom reeds verloor het.

Sy voel melancholies. Iets wat sy gedroom het laat haar so voel, besef sy. Wat was dit?

Dit moet al vroegoggend wees. Sy kan lig agter die gordyne sien.

Sy staan versigtig op, trek haar kamerjas aan en gaan maak vir haar koffie.

Sy sit ’n groot stomende beker koffie en teug en kyk na die vroegoggend. Dis ’n bietjie te koud om uit te gaan, maar sy hou van die blink en rustigheid van ’n vroeë oggend.

Sy probeer onthou wat sy gedroom het. Dit was iets van haar ma.

Dalk is dit van al die vleis wat sy gister geëet het. Sy glimlag, verlang na haar ma. Sý het altyd gesê vleis laat ’n mens sleg droom. Of as jy met vuurhoutjies speel, gaan jy jou bed natmaak. Save a match and buy a farm. En as Emma sou vra hoekom het sy geantwoord: “Hoekom is ’n banana krom.” Mettertyd het Emma geweet wat die antwoord op haar vraag gaan wees wanneer sy ’n vraag vra wat geen antwoord waardig is nie, of as sy haar ma irriteer met vrae wanneer sy besig is. Dan het sy die woorde in ’n spreekkoor saam met haar ma gesê, en hulle sou lag en soms het Petro haar ’n druk gegee.

Emma sit haar leë beker op die tafel neer, leun vooroor met haar voorkop teen haar knieë en begin snik.

Vyf

Op pad terug Pretoria toe sak daar 'n winterreëntjie dit. Die pad is besig.

Dis Sondag, dink sy, het julle nie huise nie?

Sy is dikwels ontstig deur die honderde karre vol mense wat altyd iewers heen op pad is. Veral naweke, wanneer sy glo mens rustig behoort te wees en rus.

Al die motors het hulle hoofligte aangeskakel. Die bande suis op die nat pad en haar ruitveërs piep ritmies oor die nat venster. Sy is meteens besonder bewus van haar afgesonderdheid in die kajuit van haar vinnig bewegende motor; van hoe fisies weerloos sy is. Sy hou haar stuurwiel stywer vas, sit byna op die punt van haar sitplek en konsentreer op die pad.

Die motorligte wat van voor af aankom, weerkaats in lang, goue strepe op die nat pad. Dit lyk vir Emma soos die perderuiters van die apokalips. Donker ridders op glinsterende perde.

Sy stop by die kafee 'n paar blokke van die huis af om die koerant te koop. Evert haat Afrikaanse Sondagkoerante en soms koop sy die Rapport maar skelm. En skielik is sy bang vir die leë koue huis van haar ma wat wag.

Daar was weer plaasmoorde iewers in die Vrystaat, sien sy op die voorblad. 'n Bejaarde boer in sy huis vasgebind en doodgeslaan. 'n Plaaswerker het op hom afgekom, maar hy was reeds dood. Sy Alsatian is ook verwurg. Hopelik het hy 'n hap of twee ingekry voor hy dood is, dink sy.

Emma sit die koerant terug op sy hopie. Sy draai om en stap by die kafee uit. Nee, dink sy, genoeg. "Operasie nuus blokkasie!" sê sy hardop toe sy weer in haar kar sit.

'n Vrou met hol wange wat by die venster kom staan het om te bedel, skrik toe Emma so hard met haarself praat.

Emma rol haar venster af. "Hierso, Mevrou, hier is vir jou tien rand." Sy druk die noot waarmee sy die koerant wou koop in die vrou se hand. "Gaan koop vir jou brood," sê sy.

By die huis strooi sy saad vir die tarentale en staan lank en kyk na hulle. Hulle is so gemaklik in die moment, dink sy.

Sy stap binne toe en besluit om haar pa te bel. Sy verlang na haar ou sentimentele pa.

Sy kyk na haarself in die muurspieël terwyl die telefoon lui. Sy het haar ma se bruin oë,

amandelvormig met lang wimpers. En haar ore: fyn, perfek gevorm. Verder is sy Ben uitgeknip, glo sy. 'n Ronde bolneus, vierkantige ken, dik, neutbruin hare, sterk hande met breë vingernaels. Sy draai sywaarts, trek haarself regop, druk teen haar maag. Sy sal moet gewig verloor. Sy lyk afgerem. Die gevlekte spieël versag haar beeld, maar sy kan sien dat sy aandag, onderhoud nodig het.

Sy moet onthou om die spieël ook te in te pak, dink sy. Dis 'n mooi houtraam. Seker al antiek. Dit sal mooi lyk in haar en Evert se huisie. Sy druk aan haar wange, trek haar kenvel styf en sug.

Emma is verbaas toe Ben die foon antwoord. Dis gewoonlik sy vrou wat dit doen.

“Hallo, Pa, dis Emma.”

“Hallo, my kind.”

Die ou man klink moeg. Sy stem kraak en hy klink afwesig. Haar maag trek effens saam. Sy hoop hy hou nog 'n rukkjie. Twee begrafnisse kort na mekaar het sy nie krag voor nie.

Dis 'n hortende gesprek oor ditjies en datjies. Haar pa kan nie mooi hoor nie en hy is nog meer ongeneë tot kommunikasie oor 'n telefoon as gewoonlik.

Emma besef sy moet so gou as moontlik na hom toe ry, hy het haar nodig.

“Ek het gedink ek moet maar een naweek kom kuier, Pa, sal dit reg wees?”

“Bring vir Evert saam.”

“Hy werk ongelukkig, Pa. Ek sal alleen moet kom.”

Emma besef skielik dat Ben sag huil. “Ek kan nie glo sy is weg nie, ek kan dit net nie glo nie,” sê hy.

“Pa? ...”

Dan neem Marina die foon uit sy hande uit. Sy hoor 'n gedempte gesprek tussen hulle en dan haar stem: “Em, hy's nie lekker nie. Ek gaan hom nou maar bed toe help, oukei?”

“Hallo, Marina. Ja, natuurlik. Ek het gesê ek wil kom kuier, moet ons liewers wag tot hy beter is?”

“Nee, kom. Dis reg. Enige tyd. Ons praat later weer, oukei?”

Emma staan 'n ruk lank met die foon in haar hand en kyk weer afgetrokke na haarself in die spieël.

Sy skrik toe die foon dadelik weer lui toe sy die gehoorstuk neersit. Dis Evert. Vies. “Ek was bekommerd omdat jy nie laat weet het jy het veilig aangekom nie. Die pad is nat. En jy

antwoord ook nie jou selfoon nie.”

“Jammer, Evert, ek het met my pa gepraat.”

“O, oukei. Hoe gaan dit met hom?” Sy hoor dat hy dadelik meer toegeeflik word.

“Hy is depressed, dink ek.”

“Dan moet jy na hom toe gaan.”

Ses

Daar sit-lê 'n lang swart man in Ma se stoel langs die venster toe Emma die sitkamer instap. Sy trek haar asem skerp in en voel die skrik eers warm en dan koud van haar maag afloop na haar voete toe. Sy trek onmiddellik haar kamerjas styf toe voor haar bors en klem dit met al twee haar hande vas.

Emma het laas nag weer aanhoudend gedroom. Oor haar ma en pa en selfs Evert was iewers. Maar sy kan niks ontsyfer of samehangend onthou nie. Sy is dof geslaap en gedroom. Wanneer sy die man in die stoel sien, is sy nie seker of dit deel van 'n droom is nie.

Die man het 'n reëndruppel-donkerbril op. Emma kan nie sy oë sien nie. Hy knik net na haar toe. Nie een van hulle sê iets nie.

Die oggendlig val oor sy skouer en hy blink soos 'n gepoleerde beeld van donker hout. Sy oë is soos donker druiwekorrels.

Sy hoor 'n vrou trekkerig sing in die kombuis. Sy herken die deuntjie as 'n kerklied.

“Refilwe, is dit jy?” begin sy al uit die sitkamer op pad kombuis toe te praat.

“Emma?” Refilwe se gesig met haar gul glimlag lag na haar toe. Sy frons toe sy Emma sien.

“Ek het net geskrik, Refilwe. Ek het nie geweet jy kom in vandag nie.”

Refilwe tut-tut. “Toemaar, toemaar,” sê sy. Agter haar begin die ketel kook. “Dis nie 'n tsotsi nie, dis my seun.”

Emma voel hom agter haar en draai om.

“Hy wou kom kyk na die huis.”

“O.”

Die man bly uitdrukkingloos staan.

“Hy is 'n taxi driver, jy weet.”

“Ah,” sê Emma, “figures.”

Refilwe lag en begin koffie skink.

Emma gaan sit op een van die hoë stoeltjies by die ontbyttoonbank. Sy hou die man dop. Hy is werklik besig om bestek op te neem van die huis, besef sy. Inventaris. Hy bestudeer die kombuis en dan stap hy uit by die agterdeur en verdwyn uit haar sig. Sy lag en skud haar kop.

“Ek het gedink jy gaan al weer werk,” sê Refilwe toe sy die koffie voor haar neersit.

“Ek dink daar is nog beskuit in die blik?” Emma wys na die blik met rooi strepe op. Sy moet dit ook saamvat, dink sy. Sy dink dit was Wieda s’n. Dit vir Engela stuur. “Nee, ek het verlov. En my ma is dood. Ek begin eers weer anderdag werk.”

“O,” sê Refilwe. Emma is nooit seker of Refilwe haar mooi verstaan nie. Maar dis mos maar die ding van Afrika. Mens dink jy verstaan, en dan vind jy uit jy verstaan nie.

“Wil hy nie ook koffie hê nie?” Sy beduie met haar duim agter die man aan.

Refilwe trek haar skouers op. Sy sukkel die blik se deksel af, plaas dit tussen hulle, en gaan sit oorkant Emma op ’n ander stoel. Sy vou die stomende beker in haar groot hande toe en blaas die koffie koud voordat sy versigtig klein slukkies begin drink.

“Ek en jou mamma het elke oggend koffie gedrink.”

“Ja?”

“Ja. Dan praat ons oor die kos.” Sy kyk af en snuif. “Ek mis hulle. Hulle was goed vir my.”

“Ja ...”

Die seun kom weer in en stap verby, die leefvertrek in. Sy hoor hom die trappe opstap. Sy besef dat dit haar nie regtig ongemaklik maak nie. Dis hulle plek. Sy het klaar losgemaak. As sy haar paar goed hier uitgedra het, is sy los.

“So, wat gaan julle maak? Met die huis?”

Refilwe trek haar skouers op. Nou bot. Sy kyk af.

“En werk, Refilwe?”

“Ek kom nog once a week na langsaan. Die kind sê die huis is my pension.”

“Ah ...”

Emma druk nog ’n stuk beskuit in haar koffie en kyk oor Refilwe se skouer na buite. Die melancholiese weer eggo haar gemoedstoestand.

“Refilwe ...” begin sy huiwerig voor sy knars aan haar beskuit.

Sy kyk op en glimlag.

“... ek het gewonder wanneer het hulle jou gesê van die huis? Wat het hulle vir jou gesê?”

Refilwe lag. “Dáárdie dag!” Sy skud haar kop asof nog steeds ongelowig. “Dit was jou mamma. Sy het gesê as sy doodgaan dan is die huis myne en ek moet my ID bring sodat die papiere reg gemaak kan word.”

“Dit was sommer nou die dag? Dink jy Wieda het geweet?”

Vir ’n oomblik kyk Refilwe verdedigend. “Ek weet nie. Sy het ook altyd altyd gesê sy sal sorg vir my. Ek was dertig jaar by haar, jy weet.”

“Wat het sy vir jou gesê?”

“Sy het gesê die huis is myne en die goed in die huis wat die kinders nie wil hê nie. Alles. En sy het gehuil en my hand vasgehou, so, toe ons koffie gedrink het. Sy was siek. Sy was nie lekker nie. Sy het gesê sy wil hê dit moet vir my sorg.”

Emma sê niks. Sy staan met ’n geboë hoof, drink haar koffie klaar en skep die beskuitkrummels met haar teelepel uit.

Die man kom weer in die kombuis ingestap en kom staan teen die yskas agter sy ma. Emma kyk op. Vir ’n oomblik wonder Emma of hy kán praat.

“Dit was oor my suster.”

Emma kyk verbaas op. “Wat bedoel jy?”

Refilwe trek haar skouers op. “Ek was nog klein. My suster is doodgery. Toe gaan bly ek en my ma by mies Wieda.” Sy klik jammer met haar tong in haar kies. Dit klink vir Emma soos ’n dowwe klokkie.

“My mamma het gepuza, jy weet,” gaan sy aan en beduie met haar regterduim na haar mond toe. “Baie, baie.” Sy skud haar kop. “Mies Wieda sy het my grootgemaak. Sy en jou ma hulle was baie goed vir my. Met my kind, met my man wat hy my so geslaan het ...” Sy kruis haar arms oor haar bors asof sy haarself nog steeds moet beskerm.

Emma raak weer bewus van die roerloze jong swart man. Hy toon geen teken dat hy eers na hulle luister nie. Skielik beduie hy vir sy ma na sy horlosie toe. Hy is haastig, hy wil gaan. Emma skrik amper toe hy tekens van lewe toon.

Refilwe begin die koppies bymekaar maak en spoel dit onder die kraan in die wasbak uit. Sy en die seun praat met mekaar in Sotho.

Sy is verskonend toe sy groet. “Die kind ...” sê sy en tel haar handsak op wat langs die wasbak gestaan het.

Emma is spyt dat Refilwe gaan. Sy sou haar nog wou uitvra. As mens wil weet wat in ’n huis aangaan, vra die huishulp, dink sy.

Minute later is hulle by die deur uit en hoor Emma net die getik van die muurhorlosie in die kombuis.

Sy sit die ketel aan om nog 'n koppie koffie te maak en staan in 'n sonpoel en wonder of sy Refilwe ooit weer gaan sien. Sy sal seker more of oormore klaar wees met die uitsorteer van die goed in die huis, en dan gaan sy terug Johannesburg toe. Dalk sal sy haar sien as sy papierwerk gaan afteken by die prokureur, maar waarskynlik nie.

Dis verbasend hoe mense kom en gaan, dink sy. Wragtig soos daardie spreekwoordelike blom van die gras.

Later die oggend krap sy weer in haar ma se persoonlike lêer om te sien of daar iets is wat lig sal werp op die storie van die kind waarvan Refilwe gepraat het.

Na die vreemde brief het sy nie weer lus gehad om na enigiets in die lêer te kyk nie. Sy het gedink sy sal dit by die huis bestudeer. En dit maak haar ongemaklik. Haar ma was so privaat.

Sy blaai weer deur die vergeelde foto's – al haar foto's was so netjies in albums geplak en georganiseer, besef sy. Hoekom is daar hierdie handvol foto's wat nie ingeplak is nie? Dis meestal dieselfde mense op al die foto's. En die pakkie poskaarte. Almal in haar ma se handskrif. Weliswaar 'n jonger skrif as later, maar duidelik Petro se handskrif. Nie een was gepos nie. Geen adresse of seëls op nie. Nooit aan iemand geadresseer nie. Is dit vir Spikkel geskryf? Vir Pa? Ook geen datums nie. Dalk net 'n manier om vir haarself gedagtes neer te skryf.

“Die son het opgestaan met sy hart op sy mou en die aarde, lyk dit vir my, is vandag bereid om met die geringste roering – die val van 'n blaar, 'n duif wat agterdogtig loer – sy grootste geheime aan my te openbaar ...”

'n Volgende een: “Taal gee naam aan dinge, aan gevoelens. Soos ek aan jou as ek jou doop: Liefste. Maar hierdie naamgee is so kortstondig, net 'n vonk wat spring soos statiese elektrisiteit, en dan is dit verby. Om dit weer te hê, moet jy dit weer sê. Jy verloor dit in dieselfde oomblik as wat jy dit sê. Ons reik uit na mekaar, vind mekaar vir 'n oomblik en dan verloor ons mekaar weer vir 'n ewigheid. En as ons mekaar weer vind, is dit nie weer dieselfde ons van 'n oomblik gelede nie.”

Nee, dink Emma, ek herken nie hierdie vrou nie.

“Kom, kom, Emma, waarvoor is jy bang? Daar is niks om voor bang te wees nie. Gee die bang 'n naam. Skool, of siek, of wiskunde ... sien jy, Fiefie? Dan gaan dit weg. Kom nou, haal diep asem

... in en ... uit. Daarsy,” sê Petro waar sy langs Emma op haar bed sit.

“Ek het gedroom jy’s weg, Mamma.”

“Wel, hier is ek, skat. Ek is hier, voel my hand.” Sy die trane van die dogtertjie se gesig af met haar hand, soen haar op die kop, en trek haar kombes op tot onder die kind se ken.

Emma onthou dat sy toe reeds gedink het: sy voel gelyk vertrous en alleen.

Emma sug en kyk na nog poskaarte. Hier is een wat donkerder is: “Tyd is lewensgevaarlik. Daarvan leef ons en daarvan sterf ons. Deur tyd onthou én vergeet ons, want dit is dieselfde ding: om te vergeet is om te ont-hou, jou houvas te verloor. Die verskil tussen vergeet en onthou is ’n koppelteken.”

Emma maak die lêer toe. Later. Wanneer sy meer weerbaar is. Hier is niks oor ’n geheimsinnige kind nie. Sy moet liewers klaarmaak hier by die huis en dan aangaan met haar lewe.

Laatmiddag stap sy uit om die tarentale te gaan voer. Dit word nog steeds vroeg donker. Sy voel soos ’n wafferse boerin. Sy strooi die sade met ’n swaaibeweging en kiek-kiep die tarentale wat opgewonde en jillend nader trippel. Sy giggel.

Toe sy opkyk, sien sy ’n verruklike sonsondergang. Die wolke is donker perspienk gestreep, soos ’n verflenterde gordyn teen die wit lug.

Emma asem die vars koue diep in en staan lank en kyk na die wintertuin en die sonsondergang, haar ken effe opgelig. Sy voel bewoë en vind dat die tranerigheid haar asof deur dik, onsuiwer glas na die rooi en pers lug laat kyk; dat die kleure saamvloei en bowêrelds lyk.

Sy staan daar totdat haar hande en voete yskoud voel.

Emma is al in die bed toe haar selfoon lui. Tot haar verbasing is dit Engela, Wieda se dogter.

“Ek en Rita het net nou die dag van jou gepraat!”

“Ek is jammer ek het jou nie by die begrafnis kom groet nie. Dis Denis wat so sku vir mense is. Hy wou net weg. En toe moes ek ook vir Billy op die lughawe gaan haal.” Haar stem klink blikkerig, raak nou en dan weg.

“Hoe gaan dit met jou, met Billy?”

“Hy werk nou vir die VN. Peace corps. In Soedan op die oomblik. Hy het vir ’n rukkie

terug gekom toe sê ek ag, vlieg sommer Johannesburg toe dan ry ons af Kaap toe. Dan kan ons sy dogter ook sien wat in Johannesburg is. Ek sien haar so min.”

“Ahh,” sê Emma. Sy weet nie eintlik wat om nog te sê nie.

“Ek wou eintlik maar net vra of jy oukei is, en sê ek is so jammer oor jou ma.”

“Dankie, Engela. Ek is oukei, dankie.”

“Wat het gebeur met haar? Ek weet nie eens nie.”

“Sy het ’n massiewe beroerte gehad. Dit was nogal erg want sy was alleen by die huis. Ons is nie seker hoe lank sy op die bank gelê het voor Rita haar gekry het nie. Dis net omdat die voëls onrustig geword het, dat Rita kom kyk het en haar op die bank in die sitkamer gekry het.”

“Regtig?”

“Ja. Sy kon dalk nog geleef het as iemand haar vroeër gekry het, maar nou ja. Sy is die volgende dag dood in die hospitaal.”

Sy besef dat Engela saggies snik.

“Toemaar, Engela,” sê sy onbeholpe. “Die dokter het gesê sy het nie pyn gehad nie. En ek kon darem vir haar groet voor sy dood is. Ek is seker sy het geweet ek was by haar.”

Vir ’n oomblik is sy nie seker Engela is nog op die lyn nie, want sy sê niks. Dan: “Hoekom kom kuier jy nie vir ’n rukkie hier by my nie? Ons het ’n lekker plek hierin Muizenberg. Jy en jou man ... ek vergeet nou sy naam?”

“Evert.”

“Evert. Dink daaroor?”

“Goed, ek sal met hom praat.”

“Laat weet my.”

Sewe

Evert lê op die bank en slaap toe sy by die deur instap. Die koue lug wat saam met haar by die voordeur inkom, maak hom wakker.

Hy glimlag toe hy haar sien en steek sy arms na haar toe uit.

Sy is bly om hom te sien en gaan kniel by hom en lê haar kop op sy bors.

“Is dit afgehandel?”

Sy knik. “Alles geteken, sleutels afgegee, my goed in die garage gepak. Ons moet dit met die bakkie gaan haal een of ander tyd, oukei?”

Hy trek sy vingers deur haar hare en soen haar op haar kroontjie.

Emma stap kamer toe om haar tas te gaan uitpak. Dis een van die goed wat sy kleintyd geleer het. As hulle vakansie gaan hou het, moes sy eers uitpak voordat sy strand toe hardloop.

Sy hoor vir Evert werskaf in die kombuis; die gesuis van die ketel wat begin kook, koppies en teelepels. Dan sit hy ’n CD in die speler. Evert hou van agtergrondmusiek. Soms wil sy stilte hê, dan irriteer hy haar.

My lewe saam met Evert het klank. Elke episode word gemarkeer met ’n spesifieke song. Ek lees sy buie aan die musiek wat hy speel. Ons lewe is soos ’n eksperimentele film, geskiet op ’n kamera wat in die hand gehou word: grinterig, hier en daar streperig asof in stadige aksie, en soms bietjie uit fokus, maar met ’n moerse goeie klankbaan. Ek sou eerder Mozart of Beethoven of Chopin wou hê, maar het gewoon geraak aan Evert se soort musiek. Ek het verander as gevolg van Evert.

Skemer hou Evert van akoestiese kitaarmusiek, blues, folk, vroue met donker stemme. Soms ’n uitskieter, ’n sopraan soos Maria Callas. Vanmiddag sit hy rustige kitaarmusiek van Ry Cooder op. *Hy is gelukkig*, dink sy.

Toe sy klaar uitgepak het, stap sy terug na Evert toe. Die musiek maak die vertrek vol, besef sy.

“So, hoe was dit?” vra Evert toe hy die skinkbord met teegoed op die tafel neersit.

“Nie maklik nie. Ek het heertyd gehuil. Aanhoudend. As ek ’n sonsondergang sien, tjank ek. As ek iets in my ma se handskrif sien, stroom die trane. Dit was naderhand skoon ’n verleentheid.”

Hy lag. “Vir wie?”

“Vir my.”

Evert lag en skud sy kop. “Ag wat, dalk word ons oud. Ek huil selfs vir advertensies op TV!”

Emma lag. “Ja? Watter?”

“Enigiets met kinders of honde in.”

“Dalk is daar iets in die water. As mens die mense sentimenteel maak, kan mens enigiets doen sonder veel weerstand.”

Emma en Evert spandeer die res van die middag met vriendelike geskerts.

“Kom ons gaan kyk wat kan ons kook,” sê Evert en trek haar aan haar hand op uit haar stoel, hou haar vir ’n oomblik vas.

“As ek geweet het jy kom vandag huis toe, het ek iets lekkers gekoop vir vanaand!” sê Evert en gaan sit op sy hurke voor die yskas om te bestudeer wat wel beskikbaar is. Hy haal ’n pak wors uit die vrieskas, dan sampioene, rissies en ’n bottel witwyn en hou dit vraend na haar toe uit. Sy knik en haal glase uit; vee hulle uit met ’n vadoek.

Toe hy vir hulle elkeen ’n glas wyn geskink het, begin hy uie en knoffel kap, en Emma skil aartappels en sny hulle in skywe. Die mikrogolfoond zoem gesellig waar Evert die wors in ontvries, die wyn gaan reguit na haar kop toe, en Emma voel hoe sy begin ontspan.

Evert kan intens konsentreer op enigiets waarmee hy besig is en Emma geniet dit om hom dop te hou wanneer hy werk. Hy staan voor die stoof en braai uie en knoffel en sampioene; sy mond vasberade getrek; sy mooi hande grasieus en doelgerig besig. Hy wieg effens op maat van die agtergrondmusiek. Die kombuisvenster is toegewasem.

’n Halfuur later trek die reuk van Evert se geurige worsbredie deur die huis en skink hy vir hulle elk nog ’n glas waar hulle weer in die sitkamer sit.

Evert sug toe hy gaan sit, en lig sy glas: “Op Petro.”

Hulle drink in stilte.

“Het jy enigiets meer kon agterkom oor die vreeslike iets waaroor sy in daardie brief geskryf het?”

“Nee, niks. As my pa nie weet nie, sal ons dalk nooit weet nie.”

“The plot thickens.”

“Daar is niks meer in haar persoonlike lêer nie. Net foto’s en ’n pakkie poskaarte wat sy

vir iemand geskryf het, maar nie gepos het nie. Wat sy of nooit gestuur het nie of teruggekry het. Duidelik liefdesboodskappe.”

Emma gaan haal die lêer in die kamer en wys vir Evert die poskaarte. Hulle blaai deur en Evert lees een hardop:

Akkedis
vanaand staan ek agter glas,
dis klankloos, weet jy.

Hulle is stil vir ’n oomblik.

“Hmmm,” sê Evert.

“Ek herken nie haar stem nie. Ek het gedink sy was gelukkig, veral in die tyd saam met Wieda, maar as ek hierdie goed lees, dink ek sy was nie.”

“Sy wás gelukkig. Dis net ’n ander soort geluk as toe sy hierdie geskryf het,” sê Evert en vryf oor haar hand. “Hoe oud was sy hier? Klink soos in haar twintigs. Dis ’n ander soort passie as wanneer jy veertig is, Em. Vir almal. Ek dink maar net haar fut was al bietjie uit, later. Toe dinge met jou pa verkeerd geloop het.”

Emma knik toegeeflik.

“Dink jy dis vir Spikkel dat sy hierdie geskryf het?”

“Ek dink so, ja.”

“Hoe gaan ons uitvind hieroor? Dink jy jy behoort?”

“Ek sal maar my pa moet gaan vra.” Emma drink haar glas leeg, hou dit uit na Evert. “Is daar nog? Nog een glas, toe?”

Evert staan op, stap kombuis toe en bring die bottel wyn saam. Hy vul hulle glase op. “Die Spikkel-persoon is vir my baie fassinerend. Ons moet probeer uitvind. Kom ons gaan skep op, die kos is reg.”

Terwyl sy tafel dek vir hulle, soek Evert ’n ander CD uit. Hy kies Leonard Cohen wat hy sag draai.

“Genade, is dit nie polsesnymusiek nie?”

“Nooit,” lag Evert, “hy is ’n digter.”

Sy hou hom dop terwyl hy gul hoeveelhede Tabasco oor sy worsbredie drup, glimlag en skud haar kop.

“Wat?”

“Jy het so hard gekook aan die kos, en nou gooi jy dit toe met Tabasco.”

Hy trek sy skouers op, glimlag ondeund en neem ’n hap, maak sy oë toe en kou oordrewe.

“... love is not some kind of victory march, it’s a cold and it’s a broken halleluja ...” sing Cohen.

Sy lag. “Dink jy regtig my ma was gelukkig?”

“Ja. So gelukkig as wat sy kon wees.”

“Ek stem saam. Dis hoekom ek bietjie gegooi is deur al hierdie goed.”

“Nee, wat. Ou Petro het maar gesukkel om nie te worry oor álles nie. Ek het altyd gewens sy wil haar hande oopmaak. Dit was vir my asof sy haar vuiste altyd gebal gehou het.” Evert eet ingedagte. “Sy was bekommerd oor jou. Sy’t my meer as een keer gevra of jy gelukkig is,” sê hy dan en skep nog ’n hap op sy vurk.

Emma kyk verbaas op. Evert bevestig wat hy sê met sy wenkbroue opgetrek en ’n knik.

Hulle eet in stilte verder, drink wyn, ingedagte.

“Lekker wors. Waar het jy dit gekry?”

“In Pretoria, na die begrafnis. Daar naby Petro-hulle is ’n slaghuis.”

Emma kyk op. Evert kyk weg, vee sous in sy bord met sy vinger op.

“Ek is jammer ek het jou nie gevra om saam met my te bly na die begrafnis nie,” sê Emma sag.

Evert trek sy skouers op, glimlag op na haar.

“O ja, amper vergeet ek. Engela het gebel en ons genooi om by haar te kom kuier in Muizenberg.”

Evert trek ’n verbaasde gesig.

“Ek het gedink ons kan maar dalk vir ’n paar dae Kaap toe gaan en dan een dag by haar gaan kuier? Ons was lanklaas iewers heen.”

Evert glimlag en knik instemmend.

“En as my erfgeld kom dan vat ek jou Zanzibar toe, of iewers anders waar ’n mens so min as moontlik klere moet dra.”

Evert maak intense liefde met haar. Gewoonlik vind Emma dat hy afwesig raak tydens die proses. Asof hy totaal en al binne toe fokus, op hoe sý liggaam voel en wat hý ervaar. Hy is altyd baie bedagsaam, maar sy dink dikwels dis aangeleer. Wanneer sy hom in die oë kyk, is hulle verstar, maar nie vanaand nie.

Later lê hy met sy kop op haar skouer, albei nog warm en dis nog nie nodig om weer die duvet tot onder hulle kenne op te trek nie. Emma het haar regterhand se vingers in Evert se hare en voel die hitte van sy kopvel.

“I saw her today at the reception, in her glass was a bleeding man. She was practiced at the art of deception, I could tell by her blood-stained hands,” sing Evert ingedagte en speel met sy vinger met haar naeltjie. “You can’t always get what you want ...” maak hy Mick Jagger se gespanne stemfleksie na.

Emma lag en stamp speels aan hom.

Dan, onverwags, sê hy: “Kom ons maak ’n baby, Em.” Hy gaan sit regop en draai na haar. “’n Oulike klein babá.” Hy beklemtoon die laaste lettergreep speels.

Emma lag ’n asemrige lag en vee oor sy boarm.

“Emma, ek het jou ’n vraag gevra.” Daar is skielik iets hard in sy stem.

“Ag, Evert ...” begin sy neulerig.

“Ja?” sê hy vinnig. Toe sy opkyk, sien sy sy streng gesig.

“Jy weet tog hoe voel ek daaroor,” sê sy geïrriteerd, “ek het jou al gesê die bus stop hier.”

“Wat beteken dit presies?”

“Dit beteken dankie dat jy vra, maar nee. Die lewe is te moeilik vir my. Dis in my gene en dit sal in my kind se gene wees. Ek gaan dit nie aan ’n kind doen nie.”

Die ontspanne kromming is uit Evert se rug. Hy sit penregop en praat hard: “Dis darem baie fokking kinderagtig vir so ’n intelligente vrou soos jy.”

Emma voel skielik moeg. “Kan ons dit nie maar vir nou los nie? Kom ons slaap.” Sy draai op haar sy en trek die duvet onder haar ken in.

“Nee, Em.” Hy trek haar aan haar arm sodat sy gestoord opkyk.

“Eina, Evert.” Sy gaan sit regop.

Hy hou sy hande afwerend voor hom as verskoning.

“Evert,” sê sy afgemete, “ek het pas my ma begrawe. Haar huis en haar lewe opgepak. Ek rou oor my ma. Dink jy regtig dis nou die regte tyd om te praat oor ’n kind? Die kluite het nog

skaars geklap op my ma se kis.”

Evert sê niks, maar sy voel hoe hy na haar kyk. Hy is kwaad.

“Ek was ’n motherless child met ’n ma wat emosioneel vir my afwesig was. My ma was ’n motherless child met ’n ma wat dood is toe sy agt was. Sien jy die kringloop? My kind sal ’n motherless child wees want ek wil nie werklik ’n kind hê nie. Ek weet nie hoe om dit te doen nie. Kinders is net ’n selfsugtige ding om te doen, om jousef plesier te gee. Om jou onsterflik te laat voel. Ek gaan dit nie aan iemand doen nie.”

“Jy praat louter snert. Dit vat moed om jousef toe te laat om plesier te hê, skat. Jou ma kon dit nie doen nie, godweet hoekom. Maar lyk my jy wil net nie. Of nie saam met my nie.” Hy word al skriller.

Evert staan op uit die bed en kyk af na haar. Hy lyk afgeteken in die dowwe lig van die bedlamp. ’n Maklike teiken, dink sy.

Sy kyk op na hom: die wye voorkop, vlesige ore, sterk ken. Sy donker hare is deurmekaar. Hy het breë skouers en hy staan met sy arms gevou soos ’n kryger. Sy sien sy effense bultende magie – die middeljare wat sy tol begin eis; dan die hoekige simmetrie van sy heupbeen en sy sagte, nou skadelose penis en skrotum in die v van sy bekken.

Evert staan nog steeds na haar en kyk, wag op ’n antwoord.

“Om vadersnaam, ek sal daaroor dink, oukei? Kan ek asseblief nou slaap? Ek is moeg.”

“Em,” sê hy nou weer sagter. Sy arms hang nou langs sy sye. “Hoe gaan mens deur die lewe sonder verlies, of teleurstelling? Dis ’n gegewe. Én hartseer én sukkel. Jy was nie ’n motherless child nie. Jou ma het jou in die koshuis gesit, dis nie verwerping nie. Dis net jy wat melodramaties is. Jou kind sal nie wees nie. Jy word al hoe meer soos jou ma, weet jy. Maak oop daardie harde vuisies van jou. Ons is nou al ses jaar getroud. Dis tyd dat jy jou hande oopmaak vir my.”

“Jy weet ek gee om vir jou.” Sy is verontwaardig.

“Omgee,” snork Evert. “Emma, jy moet besluit wat de hel wil jy van my hê. Ek het ’n reg om te weet.”

Sy sê niks, sit met haar knieë opgetrek en leun met haar ken teen haar knieë. “Ek wil vir jou hê, en ek wil vrede hê,” sê sy baie sag teen haar bene.

“Aaah.” Evert lag saggies en skud sy kop. Hy stap na sy klere wat oor ’n stoel gedrapeer is en trek sy jeans aan. Die gespe van sy gordel klingel toe hy die broek optrek. “As jy terug kom

van jou pa af, dan moet jy sê. Dan praat ons oor of jy my regtig wil hê. Of ek bly en of ek ry.” Hy stap kaalvoet by die kamer uit, maar kom dadelik weer terug. “Ek gaan vir my tee maak.” Dan is hy weg.

Emma voel ’n koue leegte waar Evert pas was.

Veraf hoor sy motors verby ruis. Die stilte vergroot alle klank. In die stad hou die karre altyd aan met ry, selfs in die middel van die nag. Sy wonder hoe laat dit is. Daar is mos ’n sekere tyd van die nag of vroeë oggend dat mense makliker doodgaan. Wanneer hulle meer weerloos is as in die dag. Wanneer harte en ander organe gaan staan, ingee, oorgee. By die duisende. Sy wonder of dit nie nou daardie tyd van die oggend is nie.

Agt

Emma het weer van haar ma gedroom. Dit was ’n onsamehangende en kleurvolle droom. Petro het water in groot hemelblou boepensmandjies met haar hande geskep en die mandjies in ’n ry gepak. Toe het sy gesê: “Al sou ek die tale van mense en engele spreek,” opgekyk en onbevange vir Emma geglimlag.

Toe die radiowekker afgaan en Emma geleidelik tot haar bewussyn dwing, is sy reeds gefokus op haar ma. En sy het getroos gevoel.

Die hele oggend herinner alles haar aan Petro.

Sy onthou die transistorradio wat elke oggend op Afrikaans in die kombuis aan was waar Petro gewerskaf het. Toebroodjies gemaak het met sjokolade Bendsdorp sprinkle spread op. Of komkommer en biltong wat klam en pap sou wees teen eerste pouse. Sy sou sing; lawwe deuntjies soos “Daisy, Daisy, give me your answer do ... on a bicycle made for two ...” (vir baie lank het Emma geneul dat haar naam Daisy moet wees); psalms en gesange teen ’n vinniger tempo en belaglike woorde, soos: “Oom Sarel se sandale en oweral is God ...”

Ben het nie baie daarvan gehou as sy psalms en gesange verwring nie. “Ag nee, Petro, dis godslasterlik.”

“Ou knorpot,” sou sy sê.

Die reuk van die tandepasta toe Emma tande borsel is dadelik Petro wat haar wakker soen. Altyd ’n vars mond, altyd soene op haar voorkop en wange tot sy wakker word. En wanneer Emma aangetrek is en steeds verdwaas op die rand van haar bed sit, bring Petro tee. In die groen koppie en piering met die pienk blommetjies en goue randjie wat deel is van die stel wat stiefouma Moller nog as trougeskenk vir Petro en Ben gegee het. Net twee koppies en pierings was nog oor en dit was haar en Ma se oggend teekoppies.

“Ma, ek het meer tee nodig om wakker te word. Kan ek ’n beker kry, asseblief?”

“Mens drink nie tee uit ’n beker nie.”

“Hoekom nie?”

“Sommer nie.”

“Sommer is nie rede nie.”

“Wel dan, want ek sê so.”

Petro sal die koppie tee met twee suikers op Emma se bedkassie neersit en in die verbygaan haar dan nog ’n soen op die lippe gee. Emma sal haar kop oplig in afwagting. Hierdie keer ’n warm soen wat ruik na tee. Elke weksoggend in die laerskool. Naweke het haar pa vir haar tee gebring. Hoërskool was sy in die koshuis.

Emma het vir jare, vandag nog steeds, besef sy, gedink dis hoe liefde smaak: soos bitter, melkerige tee op haar ma se asem.

“Sal koffie nie beter help om my wakker te maak nie, Ma?”

“Dis nie goed vir jou op ’n leë maag nie. Tee is beter.”

“Hoekom?”

Petro sou geamuseerd na haar kyk en dan sal hulle gelyk sê: “Want ek sê so.”

Sy het soveel reëls gehad, maar ook so min. Emma kon enigiets doen wat sy wou as sy haar ma op ’n redelike wyse kon oortuig. “Ek wil nie atletiek toe gaan nie, ek wil eerder my boek klaar lees.” Geen probleem nie. “Ek wil my kamer donkerblou verf en die vensterraam goud.”

“Hoekom?”

“Want dit sal my kalm maak en my kreatiwiteit stimuleer.”

“Ahh.” En dit was reg so. Dit was haar pa wat gesê het oor sy dooie liggaam.

Soms was Emma te moeg of oorweldig deur die lewe, en dan kon sy tuis bly. Dit was trouens een van die gereelde argumente tussen Petro en Ben. Hy glo aan konvensies, aan die inherente sin daarvan. Hy is so lief vir orde, want dis vir hom mooi. Rituele en orde. Dis sekerlik waarom hy so erg is oor die kerk. Soms het hy hardop gewens hy was ’n Katoliek.

“Hoekom, Pa?”

“Ek hou van hoe hulle dinge doen. Hulle musiek is ook mooier. Dis soos opera. Net nie van al die snaakse klere nie.”

Hulle het gelag.

“Hoekom loop jy nie oor nie, Pa?”

“Want ek is Afrikaans, my kind.”

Eenkeer het sy haar ma gevra of sy en Ben enigiets in gemeen het.

“Hoekom vra jy?” Sy het verbaas na Emma omgedraai. Sy was besig om boontjies te kerf en toe sy na Emma draai, het sy die mes omhoog gehou gehad. Emma het agteruit getree. Petro het gelag, die mes neergesit en weer gevra.

“Julle baklei nogal baie.”

Petro het 'n ruk lank peinsend gestaan voor sy geantwoord het: “'n Liefde vir simmetrie.” Sy was jammer sy het die vraag gevra.

Emma onthou gedempte stemme uit haar ouers se kamer in die nag. Skerp argumente wat sy nie kon volg nie. “Jy ... ék ...” “... sal nie ...” “ ... wil nie ...” Agter 'n toe deur wat dan soos 'n trom word: al die basnote van argumente wat tamboer teen die muur.

Dan het sy star gelê en probeer dink aan ander goed. Goed in die donker gesien beweeg, nader kom. Pa se baadjie wat aan die deurknop hang het in 'n dreigende figuur met uitgestrekte arms verander ...

Haar pa het gereeld iewers heen gery. Uit magteloosheid, besef sy nou. Want Petro was hardkoppig en haar pa hulpeloos. Sy het nie dikwels toegewings oor enigiets gemaak nie. Later, toe sy en Wieda saamgewoon het, was sy sagter, rustiger. Maar as kind onthou Emma 'n ontoegeeflikheid wat sy as kind reeds uitputtend gevind het.

Hulle lewe was vol slagvelde. 'n Pa met diep fronsplooië en wat soms vir haar gelyk het asof hy in sy eie bors inval, en 'n ma met 'n dun mond. Dít aan die een kant, en dan die pret aan die ander kant. Albei haar ouers was snaaks, onvoorspelbaar, anders as ander kinders se ouers.

In 'n skoolopstel in die hoërskool oor haar ouers het sy geskryf:

My ma sê altyd daar is 'n dun lyn tussen werklikheid en fiksie. Sy sê die lewe is hard genoeg, mens moet jou werklik nie vasloop teen die vervelige werklikheid nie.

Partykeer verf my pa prente van die nuwe seisoen op my kamer. In die winter verf hy bome vol blomme en voëls. In die somer ysvelde en sneeumanne. Om my aandag van die regte weer af te trek. Ek hou daarvan al kan hy nie regtig teken nie.

Partykeer besluit ons om te maak of ons ander mense is en dan praat ons heeldag met mekaar asof ons daardie mense is. Oor naweke trek ons partykeer ook aan soos die ander mense. Hierdie ander mense moet baie anders wees as ons. Ons moet dit heeldag opmaak soos ons aangaan.

My ma dink ons is simpel, maar soms speel sy saam. Ek dink sy hou van die idee, maar nie van die speletjie nie. Die enigste speletjie waarvan sy hou, is een waar ons kyk wie die meeste nonsens kan praat. Ons hoef dan nie eens altyd 'n regte taal te gebruik nie, somer net geluide of woorde wat ons opmaak. Sy dink ek en my pa mors kosbare tyd

met ons speletjies. Maar sy sny ook vir my mooi prente uit tydskrifte uit van landskappe en ander lande. Sy sê dit is om my altyd te herinner aan horisonne.

Die onderwyser het haar snaaks aangekyk toe sy die opstelboeke teruggee, en eenkeer het sy haar gevra of dit waar is. Emma onthou dat sy gedink het die onderwyser mis die punt, en sy het net geglimlag.

Toe Emma laatmiddag tuis kom, is Evert se kar nog nie daar nie. Die huis is smiddae koud, en sy skink vir haar 'n koppie koffie wat sy in die middagson op die agterstoep sit en drink. Die tuin lyk maar oes so in die vroegwinter, sien sy.

'n Rooibors janfrederik hop op die grys grasperk rond en staan skewekop en agterdogtig na haar en kyk toe sy met hom praat.

Sy besluit om nie langer uit te stel nie en die volgende oggend na haar pa toe te ry. Soms voel sy asof sy nie genoeg ledemate het om in almal se behoeftes te voldoen nie.

Sy hoor Evert se kar by die hek, die bekende piep van die hek, die wiele op die gruispaadjie.

Hy lyk beneuk, slaan die kar se deur harder toe as gewoonlik, stoom by haar verby by die deur in. Hy is nog kwaad, dink sy, hoe ongewoon vir Evert. Dis amper aantreklik.

Evert steek vas in die deur en kom na haar toe.

“Jammer, Em.” Hy soen haar. “Ek is so die bliksem in. Iemand het al weer my kar se wieldoppe gesteel by die werk.”

Nege

Evert bly bedremmeld by die hek staan toe sy ry. In die truspieël sien sy skouers ingedoke en hoe hy sy hand deur sy hare trek voor hy omdraai terug huis toe.

'n Frase van 'n Pablo Neruda gedig, waarvoor sy so lief is, spring in haar gedagtes:

Naked you are simple as one of your hands,
Smooth, earthy, small, transparent, round ...

Sy wens dat sy meer dikwels vir Evert kon gee of sê wat hy nodig het. Sy wens verhoudinge was meer eenvoudig. Partykeer dink sy dis asof hulle twee die hele tyd vir mekaar wag. Daar is opgewondenheid en afg wagting, soos 'n kind voor 'n vakansie see toe. Maar hulle kom net nie aan nie. Bly wonder waar die ander een is.

Dan vestig sy haar aandag op die pad voor haar, op die stadsverkeer: ongeduldige, ingedagte, ongelukkige mense; onverskillige taxi's; jong mans wat te vinnig ry, gedryf deur testosteroon; selfingenome mense in duur, vinnige karre; mense wat onseker vorentoe sit met kneukels wit geklem om die stuurwiel. Alles ruik na stof, koolstofdioksied en swael. Sy moet fokus op die pad vorentoe en Evert en haar skuldgevoelens agterlaat.

Net uit die stad uit, verby die plakkerskamp, begin sy beter voel. Die landskap word vriendeliker, die lug varser. Sy druk 'n Crosby, Stills, Nash and Young-CD in die speler en draai dit hard, verlustig haar in hul harmonieë en kitaarklanke. "If you can't be with the one you love, love the one you're with ..."

Die wintergeel heuwels om haar is gepokmerk met dosyne en dosyne aalwyne. As sy haar pa se lesings reg onthou, is dit *Aloe marlothii*. Sy sal hom moet vra.

As die pad minder slaggate gehad het, kon sy die uitsig meer geniet het, maar sy moet konsentreer op die kronkelende pad.

Haar pa is lief vir inheemse plantegroei, en veral vetplante, en aalwyne is een van sy groot liefdes. Saam met hom het sy so dikwels in die veld geloop en soek na ongewone spesies en vetplante vir sy rotstuine.

Sy verlang na hom.

Emma draai die venster oop sodat die musiek kan uitspoel en die lug kan inspoel. Toe so bo op die nou nek kom, lê die Hartbeespoortdam wyd en glad voor haar uitgestrek. Sonder uitsondering is 'n gesig wat haar elke keer bekoor. Al soveel jare ry sy om vir haar pa te gaan kuier in die bosveld en sien sy gereeld die groot meer. Soms is sy blou, soms groen, soms meer, soms minder water. Sy dink elke keer as sy dit sien dit lyk soos 'n towertapyt waarmee mens kan wegvlieg; wat 'n mens kan oprol en onder jou arm saandra.

Sy is al in die Bosveld toe sy die man langs die pad sien loop. Hy kom aan die anderkant van die pad aan gehinkepink. Dis 'n ou swart man, sy hare is sneeuwit maar ruig, sy vel byna swart.

Hy stap met 'n beduidende swaai van sy een heup, maar sonder 'n kiere. Hy loop op die grond voor hom en kyk, en dit lyk asof hy op elke tree konsentreer om nie op 'n klip of in 'n gat te trap nie.

Hy is 'n lang, maer man. Hy het 'n broek aan wat te groot is en om sy dun heupe saamgetrek is met 'n leergordel en daar hang 'n lang leertong omdat die gordel ook hopeloos te lank vir sy middel is. Onder die armholtes van sy rooi en blou blokkieshemp is daar donker kolle sweet. Dalk stap hy al van ver af, dink sy.

Emma ry verby, maar begin dadelik stadiger ry. Toe sy 'n aftreklek langs die pad sien, draai sy op die ingewing van die oomblik om.

Sy stop 'n entjie voor die ou man en klim uit haar motor uit. Sy sien hy kyk effens agterdogtig na haar, en mik om verby te stap.

“More, Baba,” sê sy en voel skielik verleë.

“Agé,” antwoord hy.

“Gaan jy ver, Baba?” Stilte. “Kan ek jou gaan aflaai?”

Sy kan nie die ou man se gesigsuitdrukking lees nie. Hy verduidelik in 'n hees stem dat hy op pad is na die plaas waar hy woon. Dat dit nog 'n entjie weg is.

“Kan ek jou gaan aflaai? Ek het tyd.”

Die ou man knik.

Sy stap om die kar en maak die passasiersdeur vir hom oop. Hy klim swaar in. Hou met albei hande aan die dak vas en skuif sy lyf in.

“Waar kom jy vandaan, Baba?” vra sy toe hulle wegtrek.

Hy beduie met sy hand agtertoe en kyk skaam na haar.

Sy skakel die radio af en dit word stil in die kar. Sy is bang die musiek sal die ou man pla.

Sy hou haar oog op die afstandsmeter.

“Is dit ver waar jy vandaan kom?”

Hy lag verleë en trek sy skouers op. “Nie so ver nie, nonnatjie.”

Hy ruik na vuurrook en son. Hy sit met sy hande in sy skoot palms inmekaar gepas. Hy het beskuitbruin kouse en stowwerige blinkleerskoene aan. Sy broek is hoog opgetrek en sy sien sy maer bene en yl beenhare.

Hy ry in stilte verder.

Byna vier kilometer verder beduie hy vir haar om in te draai by ’n hek.

Die plaaspad is onlangs geskraap en sy ry maklik.

“Het dit lanklaas gereën?”

“Ja,” sê hy en knik sy kop.

“Ek dink dit gaan goed reën hierdie jaar,” sê sy en lag. Sy voel verspot. Wat weet sy nou van die weer? dink sy.

Hulle kyk na mekaar en sy sien hy het vriendelike oë.

“Dit sal goed wees,” sê hy.

Hy beduie dat sy moet afdraai na ’n groepie kleihuse.

Die werf is glad gegee maar verlate. Een van die huise wat half onder ’n doringboom gebou is, se deur staan oop. ’n Kordate bont hoenderhaan jaag twee plomp bruin hennetjies rond.

’n Vrou met ’n blink, oranje kopdoek aan kom by die huis uit toe sy die ou man uit die motor help. Sy kom bekommerd nader gestap en groet. Sy en die ou man praat in Sotho met mekaar en Emma verstaan nie wat hulle sê nie, maar sy weet hulle praat oor haar, want hulle kyk in haar rigting. Dit lyk asof hulle vir haar wag om te verduidelik wat sy wil hê.

“Hy loop so swaar, ek het gedink ek sal hom huis toe bring as dit naby is. Ek het tyd.”

Die vrou knik. Die ou man knik na haar en stap weg, mompel iets wat sy nie kan hoor nie.

“Totsiens, Baba, mooi loop,” sê Emma agter hom aan.

“Hy is al oud, maar hy was by sy kind op die ander plaas,” sê die vrou. “Hy gaan elke naweek. Hy mis die seun.” Sy klik haar tong jammerhartig.

“Dis reg, Mamma. Ek ry maar weer.”

Die vrou knik. “Dis reg. Dankie, nonnatjie. Dis ’n goeie ding wat jy vir hom gedoen het,” sê sy.

Emma lig haar hand in ’n groet. Voor sy weer in haar kar klim druk sy haar regterwysvinger in haar mond en lek die vingerpunt nat. Dan buk sy af en druk haar vinger op die rooigrond van die werf, druk weer haar vinger in haar mond en proe die grond. Toe sy opkyk staan die vrou met ’n onleesbare uitdrukking op haar gesig na haar en kyk. Sy glimlag verleë en trek haar skouers op.

Die maer vrou staan Emma lank agterna en kyk toe sy omdraai en wegy.

Terug op die teerpad ruik Emma die ou man nog steeds by haar in die kar. My ma sou trots gewees het op my goeie daad, dink sy.

Haar pa is tranerig bly om haar te sien en hou haar te styf vas vir te lank. Emma wikkel haarself los. Sy sien haar pa is verleë aan die manier waarop hy oor sy hare vryf.

“Hallo, meidjie. Goed gery?”

“Ja, dankie, Pa. Baie goed.” Sy glimlag gerusstellend op na hom toe en vryf oor sy arm. Hy het donker kringe onder sy oë, sien sy.

Om hulle draai ’n klomp klein hondjies in ’n blye maalkolk van snoete en tonge en springende honde. Haar pa sjoe die honde onsuksesvol weg.

“Wág nou julle,” roep hy en stoot ’n worshondjie met sy voet weg. Die hond gaan sit en kyk verwytdend op na Ben en Emma. Sy buk af en krap die hond agter die ore.

Marina kom onder die lae takke van die avokadopeerboom wat voor die agterdeur staan, geloop. Sy het ’n voorskoot aan en het ’n vadoek in die hand. Sy gooi haar arms gul om Emma. Sy ruik na uie en tamaties. “Net betyds vir ete. Lekker varke in kombersies,” sê sy. “Gaan poeier jou neus en kom kombuis toe. Ben, sal jy haar tas kamer toe vat?” Sy sit haar arm om Emma en begin aanstap huis toe.

Emma kyk om na haar pa. Skielik lyk hy vir haar oud. Hy het haar tas in die en hand en loop pratend met die honde agter hulle aan. Hy lyk krommer, gryser, kleiner as laas toe sy hom gesien het. Sy hande te groot vir die res van sy lyf. Hy is lank en dra ’n kakiehemp en -kortbroek wat sy gekreukelde knieë beklemtoon – so lank as wat Emma onthou sy geliefkoosde klere. Partykeer wonder sy of dit nog altyd dieselfde hemp en broek is. Sy verbeel haar net nou die dag nog was sy knieë veel gladder.

Toe Emma 'n rukkie later die kombuis in loop, is haar pa nie daar nie. Marina staan by die tafel besig om middagete reg te kry. Sy is besig om stukkies gebraaide boerewors versigtig reg in die middel van 'n pannekoek te sit, 'n tamatie-en-sampioene-sous oor te skep en toe te vou. Haar eie variasie op die gewilde skemerkelk-versnapering. “'n Boerevark,” sê sy altyd en lag dan uit haar maag uit.

Sy kyk op na Emma en beduie na die yskas. “Ek het lekker vars gemmerbier gemaak vir jou. Alkoholvry, hoor. Skink vir ons, toe.”

Een of ander Afrikaanse sanger sing met oorgawe nasaal vanuit die klein draagbare radio in een hoek. In die vensterbank staan 'n ry kleipotte met vetplantjies in wat haar pa kweek. In elke pot is 'n vlaggie met die naam van die plantjie, netjies in swart in haar pa se handskrif: *Dinteranthus vanzylii*, *Fenestraria aurantiaca*, *Gibbaeum album*. En Marina het vlinders gemaak met vere op lang draadstingels in elk van die potjies gedruk. Die perfekte simbiose, dink Emma: Pa se potte in omtrent elke vensterbank in die huis, Marina se uitspattige geveerde versierings in almal.

“Wat gaan word van jou ma se tarentale?” vra Marina terwyl sy haar hande by die wasbak was.

“Die Hollanders het hulle oorgevat, die bure agter hulle, jy weet?”

“Ag, dis goeie nuus. Gee jy om as ons sommer hier eet vanmiddag? Ek sal vir ons vanaand in die lapa dek.”

“Natuurlik nie. Kan ek help?”

“Dit sal gaaf wees, dan maak ek gou vir ons 'n groenslaaitjie.”

Toe Marina die slaai in die middel van die tafel neersit, kyk sy om haar en agtertoe om te sien of Ben naby is, vra dan: “Hoe het die begrafnis gegaan?”

Emma trek haar skouers op. “So goed as wat so iets maar kan gaan,” sê sy. “Daar was baie mense. Swart mense wat mooi gesing het.” Sy bly stil, dan: “Ek het gewonder of julle wel gaan kom.”

“Ag, skat, jy weet mos jou pa sal nie.”

Emma knik.

“Dis nie dat hy nie wou nie, Emma, maar hy kon nie. Hy sou dit nie kon verduur nie. Hy's te trots. Maar hy was heeldag veld in. Hy't eers huis toe gekom lank na ek al gaan slaap

het.”

“Trots. Hmm. Ek het hom nodig gehad daar.”

“Ons het gepraat daaroor. Jy het vir Evert gehad.”

Emma kyk op. Marina het so vinnig geantwoord, amper asof daar iets bitsig in haar stem was, dat Emma verbaas is. Maar Marina glimlag na haar toe en daar is geen teken van irritasie nie.

Marina stap na die deur toe en roep na Ben. “Kos is op die tafel!” Dan draai sy om na Emma toe en sê: “Jou pa wa stukkend na jou ma, Emma. Hy het nooit herstel nie.”

Voor Emma iets kan sê, kom Ben die kombuis in.

Emma probeer rus na middagete. Dis altyd warm hier en sy vind selfs die winter drukkend. ’n Groot vlieg dreun teen die insekskerm voor die venster. Iewers ver buite ry ’n kar wat harde ritmiese musiek speel, mense stap verby en lag en gesels in Sotho. Sy hoor Ben snork soos al die jare as sy hier was vir naweke en vakansies. Die bekendheid daarvan sus haar en sy raak tog aan die slaap.

Toe sy later wakker ruk is sy verward en vir ’n rukkie kan sy nie onthou waar sy is, of watter dag dit is nie. Sy voel sweterig, asof sy in plastiek toegedraai is. Sy hoor gedempte stemme en ’n gewerskaf in die kombuis.

Ben kom die vertrek binne met ’n skinkbord met tee. “Jy het so lank geslaap, ek was skoon bang jy gaan nie weer wakker word nie!”

Emma ruik die skerp Rooibostee en ril. Soms kan sy die reuk nie verduur nie.

“Dis al lekker koel buite. Gaan jy jou tee saam met my in die lapa kom drink?”

Emma knik en volg Ben wat weer met die skinkbord in sy hande omgedraai het.

Onder die grasdaklapa trek daar ’n luggie. Hulle gaan sit en sy skink tee vir haar en haar pa. “Waar is Marina?” vra sy terwyl sy melk skink.

“Sy’s al besig om te kook vir vanaand.”

“Genugtig. Dit voel vir my dis omtrent al wat ek doen as ek hier is. Eet. Ek weet nie hoe kry Pa dit reg om so maer te wees nie.”

Ben lag en slurp sy tee. “Dis maar haar manier.”

Onverwags sak daar ’n groot swerm blou sysies neer in die boom langs die lapa. Een van

die worshonde blaf agter die voëls aan. 'n Ander een, Emma ken nie die honde uitmekaar nie, probeer om op Ben se skoot te spring.

“Watter een is hy?” vra Emma.

“Hierdie een is Anna, haar pa se ou jaloerse meisietjie, nè, Annatjie ...” sê Ben terwyl hy die hondjie speels karnuffel.

“Sy word al lekker grys om die kiewe, ne,” sê Emma.

Ben kyk nie op nie en klap en streef die hondjie wat hy opgetel het nog steeds. “Gaan ons nou-nou bietjie stap? Ek wil jou my nuwe aalwyne wys.”

“Graag,” sê sy.

Hy voeg die daad by die woord, staan op, sit die hondjie versigtig op die vloer neer, wink vir haar.

Agter die huis is sy rotstuijn, sy trots. Evert het dikwels gehelp om mooi klippe vir die rotstuijn iewers te gaan haal, uit te kap, te gaan koop. Hulle sal ernstig praat oor klippe, Ben sal by Evert sit terwyl hulle internetsoektogte doen op argeologiese webblaaie en oor vetplante, Evert sal op vlooiemarkte en tweedehandse winkels altyd gaan krap vir boeke oor vetplante vir Ben. En so 'n geskenk is altyd vir Ben 'n skat.

Evert was van die begin af vir beide haar ouers soos 'n seun. As hulle verhouding skipbreuk ly, sal dit haar pa se hart breek, besef sy. Selfs die klippe sal dit uitroep.

Hy stap voor haar en wys en vertel na nuwe aalwyne wat hy gekry het, ontdekkingsreisiger en gids. Sy luister aandagtig omdat die genusname 'n ritme en klank het wat vir haar mooi is. Deur die jare het sy geleer om geïnteresseerdheid te veins, maar tog maak dit haar al opgewonde. 'n Meelewing bloot vanweë hulle diep verbintenis.

Dis seker liefde, dink sy. Het ek dit met Evert?

“*Aloe parviflora*,” sê Ben en kniel eerbiedig by die plantjie. “*Aloe myriacantha*, *Aloe linearifolia*,” wys hy na twee ander plantjies. Elkeen het 'n plekkie met ander soort sand, vir die korrekte dreinerings, sien sy. Met groot sorg en aandag presies reg vir die plant. Bedagsame Ben.

“Jissie, Pa, een van die dae gaan jy nie meer genoeg plek hê nie,” sê Emma en vryf oor sy arm.

“Ek het vriende wat sê ek kan maar by hulle begin rotstuijn bou as hier nie meer plek is nie.”

Marina kom uitgestap met 'n drie silwer glase en 'n bottel wyn in die hande. “Is dit nie al

tyd vir 'n sundowner hier in Ben se paradys nie?"

Sy deel die glase uit sonder om te wag vir 'n antwoord en begin skink. Die gloeg-gloeg van die wyn wat in die glase geskink word, is 'n geluid wat sus, besef Emma. Sy verlang na Evert.

Hulle klink hulle glase.

“Op al ons talle seëninge, nè,” sê Marina en neem Ben se hand in hare, druk dit teen haar bors.

Emma kry 'n knop in die keel. Nie weer nie, dink sy, hierdie getjank moet nou einde kry.

Tien

Emma staan so lank onder die stort, dat Marina aan die deur kom klop en sê: “Onthou, ons het nie baie water hier nie!”

“Skies!” roep sy en draai die krane toe.

Sy voel verkwik. Dalk vir die eerste keer vandat haar ma dood is, dink sy: weg uit die stad, skoongewas en effe aangeklam. Die chenin blanc in die tuin het haar vinnig aangetas en sy voel haar skouers is los.

In haar kamer terwyl sy aantrek, raak sy bewus van die stilte. Iewers blaf ’n hond en ’n opgewarmde kar jaag ’n ent weg in ’n straat af, maar verder is dit net naggeluide wat sy hoor. Kriekes en ander insekte, die radio in die kombuis op RSG ver weg in die agtergrond, kombuisgoed was stamp en klink waar Marina die afronding vir die maal doen.

Toe sy by die voordeur uitstap na die lapa toe, is sy verras oor wat sy sien. Marina het klein glashouers met kerse orals aan die dak gehang en dit skep ’n feestelike atmosfeer met ’n Midde-Oosterse geur. Sy en Evert het ’n paar van die lampies uit Turkye gebring, onthou sy, hulle het rooi en blou glasskermpies. Sy onthou hoe onseker hulle was of Marina van haar geskenk sal hou. Verder het Marina draadharnasse vir leë konfytbotteltjies gemaak – in haar verbeelding sien Emma haar Pa die draad sit en buig en vasdraai soos Marina dit wil hê. Hy is ’n goeie opdragnemer.

Die lig van al die kerse is sag en om hulle is dit donker. Die lapa lyk soos ’n dobberende bootjie op ’n meer. Net ’n straatlig brand naby hulle. Die bure om hulle se ligte is af of baie gedemp. Iewers hoor sy die Afrikaanse TV-nuus se kenwysie speel.

Die tafel het ’n blou tafeldoek oor en is met Marina se goeie pienk-blommetjies-eetstel gedek, servette in waaiers gevou in die wynglase. Die eetgerei is ’n ligte geelkoper stel wat die kerslig vang en lyk of dit flikker. In die middel van die tafel is ’n rangskikking van donkerrooi malvablomme uit die tuin.

“Sjoe, Marina, ek wou nog kom help,” sê sy. “Dit lyk baie mooi, baie dankie.”

“Ag, jy was so lanklaas hier, dis lekker om jou bietjie te bederf.”

“Bederf maak vrot, onthou,” terg Ben. Sy slaan speels op sy arm. Ben draai hy om en trek ’n kurkprop van nog ’n bottel wyn uit. “Die water is mos nou die laaste paar jaar brak. Ons

plaaslike regering is bedenklik. Ons moet maar wyn drink,” sê hy ondeund en skink hulle kristalglase vol. “Al wat nog kort is bietjie musiek,” sê Ben dan en druk ’n kassetspeler se knoppie.

Alles is presies beplan, dink Emma. Vir my.

Ben se geliefkoosde country musiek begin saggies speel. “If you should ever think of leaving me, don’t let it go too far ...” sing Ricky Nelson. Emma en Ben sing saam in harmonie. “It took an awful lot of looking to find you ...” Soos soveel kere toe sy nog ’n kind was en hulle nog almal saam gewoon het. “... but darling it’s not very easy finding an angel like you ...”

Met die laaste sin val Marina saam met hulle in: “... because I need you, honest I do ...” Emma sien dat sy haar hand oor Ben s’n sit en dit saggies druk.

Hulle eet murgsagte skaapskenkel en pampoen-risotto, en vrugteslaai vir nagereg, praat oor die weer en kos en luister na Chris Kristofferson, sing hier en daar weer saam. Emma en Ben stry oor die politiek. Ben geniet sulke ligte twiste met haar.

“So, Emma, jy het nog nie ’n woord oor Evert gesê nie. Hoe gaan dit met hom?” sê Marina uit die bloute. “Hoekom het hy nie saamgekom nie?”

“Ag, ek wou graag alleen kom, net ’n bietjie tyd met my pa kom hê,” antwoord sy.

Sy sien dat Ben en Marina betekenisvol na mekaar kyk. Hulle het afgespreek om haar een of ander tyd te vra, besef sy, dit is ook beplan.

“Wat?” sê Emma.

Marina trek haar skouers op.

“Jy is so baie soos jou ma, weet jy?” sê haar pa.

Sy is uit die veld geslaan.

“Wat bedoel Pa?”

“Jou ma wou ook alles alleen doen.”

Emma wil verder daaroor praat, maar sy ken haar pa goed genoeg om te weet dat hy sal nie uitwei nie.

“Dit sou lekker gewees het as hy hier was,” sê Marina, “bring hom tog maar volgende keer weer saam.”

“Natuurlik,” sê Emma terwyl sy afkyk en die tafeldoek glad vryf.

Emma voel afgehaal hoewel sy nie werklik weet hoekom nie. Hulle wil weet of iets fout is met haar en Evert, dit weet sy goed, maar sy gaan beslis nie vanaand daaroor praat nie. Hulle

nie eens gerusstel nie. Vir eers gaan sy hardkoppig wees. Sy sal na die besoek hier weer aandag gee aan haar lewe in die stad. Hier wil sy net vergeet van enige en alle komplikasies en spanning.

Emma gaan haal 'n glas water in die kombuis en stap in die gang af verby die badkamer. Die deur is oop en stoom kom by die deur uit. Sy gaan staan toe sy haar pa hoor praat.

“Kom nou, ou daddy-long-legs,” hoor sy hom sê. Hy praat met die spinnekop asof dit 'n kind is.

Emma loer in die badkamer in. Ben het gestort het en staan in sy handoekstofkamerjas. Sy yl klam hare is plat gepleister teen sy kop en sy kopvel skyn plek-plek wit deur. Hy ruik na seep en stoom. Hy is besig om die spinnekop met 'n stuk koerant te probeer oorreed om hoër op teen die muur te klim, sien sy.

“Kom nou, op, óp. More kry die ousie jou hier en dan's jy in jou moer in, my ou maat. Sy vee jou met die besem plat voor jy kan sê mes. Klim nou op, man. Jy weet mos hoe is vroumense, niks genade nie.”

Hy kry dit reg om die spinnekop teen die natgewasemde muur op te stoot. By die kantgordyn kry hy vastrapplek, skarrel teen die gordyn uit en verdwyn uit Emma se sig.

Ben staan die spinnekop en agterna kyk.

Emma voel soos 'n afloerder en wil kamer toe stap sodat Ben nie moet weet sy het hom gesien nie, maar hy het omgedraai. “Ek dog jy slaap al.”

“Net gou gaan water haal,” antwoord sy.

Op die ingewing van die oomblik vra Emma: “Pa, wie is Spikkel? Weet Pa wat was hy van Ma?”

Ben bly vir 'n oomblik stil voor hy antwoord en kyk vreemd na haar. “Waar kom jy aan hom?”

“Ek het briewe en goed gekry in Ma se papiere. Toe ek opgeruim het.”

“Ah,” sê hy, maar dit lyk nie of hy verder gaan praat nie. Dan sê hy: “Spikkel was haar kêrel voor ons getrou het. Hy was onbelangrik, my kind. Los dit uit. Ek gaan slaap.”

Hy stap vasberade by haar verby. Een van die worshonde kom aangetrippel, sy naels tip-tip op die gangteëls. “Kom,” roep hy die hond agter hom aan toe dié gaan staan en staar na Emma.

“Nag, Emma. Lekker slaap,” sê Ben by sy kamerdeur, maar wag nie op Emma se

antwoord nie.

“Lekker slaap, Pa,” sê Emma, maar die kamerdeur is reeds toe.

Elf

Die dieselmotorkar se enjin ratel so hard dat Emma en Marina nie werklik kan praat nie. Hulle ry stadig op 'n grondpad op pad na vriende van Marina. Gert en Elna Grobler het Marina gesê, heet die vriende. Hy is 'n argeoloog, maar 'n begaafde waterwyser al van kindsbeen af, het sy vertel. Hy gaan iewers waterwys en as Emma wil, kan hulle gaan kyk.

Die grondpad kronkel op en af en links en regs oor 'n baie klipperige heuwel. Die plaas waar Gert gaan water soek vandag, is diep in die Waterberge.

Hulle ry 'n kloof binne en Emma is bly oor die koelte van die berghange aan albei kante.

Hulle ry tot op 'n hoogte en dan af in 'n vallei in. Marina hou stil voor 'n plaashek. “Sjoe, 'n warm winter ne,” sê sy en maak haar deur oop.

“Ek sal die hek oopmaak,” sê Emma en klim uit. Sy voel effens ergerlik, selfs beledig dat Marina kon dink sy sou bly sit en Marina die hekke laat oopmaak. Sy kan so irriterend wees omdat sy almal altyd probeer gelukkig maak, dink sy.

Emma moet hard druk aan die hek wat sukkel om oor die growwe pad oop te stoot.

Die bakkie dreun deur en Marina wuif vir haar toe sy langs haar verby ry. Emma glimlag ook en stoot die ou hek weer moeisaam toe.

Om 'n draai staan die plaashuis in 'n oopte, met hoë kranse aan die agterkant. Dit lyk byna eendimensioneel, dink Emma, asof daar niks agter die huis is nie.

“Kyk daar,” wys Marina.

Emma kyk op na die kranse en sien 'n klomp groot voëls wat by die hoë kranse in sirkels vlieg. Dis te ver weg om hulle suidelik te sien. Sy hou haar hand oor haar oë en skreef haar oë.

“Aasvoëls,” sê Marina, “die grootste kolonie in die land is hier.”

“Ah,” sê Emma en staan 'n ruk en konsentreer om die voëls te kan sien.

Die plaashuis is lank met 'n stoep wat die hele lengte van die huis strek. Die sinkdak blink in die oggendson. Langs die huis is 'n windpomp met 'n silwer watertenk, maar die wiel staan stil. Daar trek geen briesie nie.

Om die huis is 'n goedversorgde tuin met jong struike, aalwyne en ander vetplante en clivias en agapanthusse. Dit moet baie mooi wees wanneer die plante blom.

Twee vroue en 'n man sit op 'n tuinbank en 'n riempiesstoel op die stoep en tee drink.

Marina stel haar voor aan haar vriende en mevrou Coen, eienaar van die plaas. Sy is in 'n dienlike rok geklee. Gert dra tweekleur kakieklere: 'n langmouhemp en langbroek, kouse en velskoene. Sy vrou, Elna, is aangetrek in 'n soort broekpak, amper Indies in styl: 'n spierwit noupybroek en 'n langerige oorrok met lang moue. Daarby dra sy 'n paar bloedrooi, blinkleer stewels. Die vrou lyk vir Emma soos 'n misplaaste bruid, en sy wil hardop lag, maar bedwing haarself.

“Tee?” vra mevrou Coen. Marina knik en gaan sit op 'n riempiestoel. Emma sou eerder 'n glas yskoue water met 'n skyf suurlemoen in wou hê, maar sy vra nie daarvoor nie.

Mevrou Coen vertel haar in 'n Afrikaans met 'n aksent dat hulle “Boere Jode” is. Sy lag hees en steek 'n sigaret aan. Hulle enigste seun is 'n fisioterapeut en werk vir Kaiser Chiefs, vertel sy.

“Ah,” sê Emma.

Toe hulle klaar tee gedrink het, staan almal op en stap die trappies af. Gert moet so na as moontlik aan die huis water soek, hoor Emma. Hulle gaan hopelik nie verder veld in hoef te ry nie.

Emma staan stil by 'n rytjie bome toe sy sien hulle staan almal teen mekaar en hier en daar is van die takke die bome ineengestrengel.

Marina sien hoe sy die bome bestudeer. “Suurlemoenbome, jy moet sien hoe mooi is hulle wanneer hulle vol vrugte is. Hulle is op hulle gelukkigste as hulle aan mekaar raak,” sê sy. “Soos ek en jou pa.” Sy glimlag asof haar gedagtes ver, asof sy 'n goeie herinnering het.

“Ek het dit in Italië gesien en toe hulle so kom plant. Ek sê jou, they love it. In hierdie kurkdroë aarde thrive my ou boompies. Wys jou net how important love is, darling,” gesels Mevrou Coen met Emma in haar swaar aksent.

Mevrou Coen wys in watter rigting sy wil hê hulle moet beweeg en gaan stap dan voor langs Gert. Hy hou sy mikstok voor hom uit en loop fronsend en staar stip na die grond. Emma kan sien hy konsentreer baie hard. Mevrou Coen stap langs hom maar sê niks. Die ander vroue val terug sodat Gert 'n hele ent vooruit kom.

“Hy sien eintlik die water, weet jy,” sê Elna Grobler sag. “Hy sien die waterare in die grond, dís sy gawe. Hy sien lyne op die grond soos die waterare loop. Mense vir wie hy water wys, voel ongemaklik as hy nie 'n mikstok het nie, kan jy glo. Nou dra hy maar een saam en druk die ding af as hy die water sien, dan is almal gelukkig.” Sy skud haar kop glimlaggend.

Hulle stap in 'n rytjie agter mekaar want hulle is nou in 'n grasveld op 'n paadjie. Die droë geel gras swiesj-swiesj teen hulle bene.

“Pasop vir bosluise, dames,” sê Elna. “Probeer in die middel van die paadjie bly weg van die gras. Dis hoekom ek hierdie wit klere dra, dit wys die bosluise dadelik. Ek het al 'n paar keer bosluiskoors gehad, en dis nie 'n grap nie.” Sy giggel. “My man weier om wit klere te dra vir die waterwys, maak nie saak hoe hard ek neul nie.”

“Hoe lank doen hy dit al?” vra Emma.

“Og, al vandat hy vyftien is, maar al vyf en dertig jaar vandat ons getroud is.”

“En ek neem aan jy gaan orals saam met hom?”

“Wel, my man is 'n argeoloog. As ek nie orals saam met hom gegaan het nie, het ons nie 'n getroude lewe gehad nie. Ek kan jou alles van karavane en uitkamp vertel.”

“Sjoe,” sê Emma.

“Skattie,” sê Elna en leun vertroulik oor na Emma, “seks in die veld is wonderlik. Ek het nog nooit gekla nie.”

“Wat van die bosluise?” kan Emma nie help om te vra nie.

Sy lag stout. “In die karavaan! Of ons soek ooptetjies, jong. En dan het hy altyd 'n goeie verskoning om my lyf te ondersoek! Ek moet ook sê, leus maak my banger as bosluise wanneer ek daar lê.” Sy lag hartlik.

Emma kyk na die waterwyser. Sy sou nooit die korterige man met dun snorretjie en teruggekamde hare vir 'n goeie minnaar aangesien het nie. Wys jou net, dink sy, ek takseer so maklik op die baadjie. Sy wonder hoeveel foute sy al in haar lewe gemaak het. Sy onthou skielik dat haar ma haar gewaarsku het teen stereotipes. *Dis te maklik. Probeer tog maar die moeiliker manier van dink. Dis meer bevredigend.* Sy was omtrent standerd nege? Sy wens sy kan die situasie was wat haar ma se pedagogiese ingryp genoop het, herroep, maar sy kan geen konteks onthou nie. Liewe Petro wat altyd so seker was oor hoe dinge werk, dink sy.

Emma is nie seker hoe lank hulle in die veld geloop het nie, maar sy voel taai van die sweet toe sy vir Marina wink dat hulle maar kan huis toe gaan. Gert kon nog geen water opspoor nie. Hy het al gesê hy kan sterk water ruik, en iewers is hier beslis 'n aar, maar hy het dit nog nie opgespoor nie.

Marina lig haar hoed, vee haar voorkop af en knik bevestigend. Mevrou Coen kom groet

en Emma en Marina draai terug na die huis toe. Dit kan soms dae aangaan, het Elna vertel.

Hulle swiesj-swiesj weer deur die grasveld dan tussen die doringbome deur.

“Word Gert betaal hiervoor?” vra Emma.

“Ek dink so, ja,” antwoord Marina agtertoe na Emma wat haar in die paadjie af volg.

Hulle loop in stilte verder tot hulle na aan die huis is, voor Emma vra: “Marina, het my pa jou ooit die geskiedenis van hom en my ma se verhouding vertel?”

Marina sê niks, knik net.

“Weet jy wie Spikkel was?”

Marina gaan staan stil en draai na Emma toe. “Skat, jou pa praat nie uit oor daardie jare nie. Ek weet die basiese goed. Ek stel nie werklik belang nie. As ek iets moet weet, sal hy my vertel. Verder is ek net begaan oor my lewe saam met hom. Ek wil hom net gelukkig maak en die ongelukkigheid in sy lewe agterlaat.”

Emma knik. “Was hy baie ongelukkig saam met my ma?”

Marina kyk stip na haar, haal diep asem voor sy antwoord: “Hy sê hy het goeie herinneringe.” Sy bly lank stil. “Hy het gesê dis soos armoede. So het hy begin voel saam met Petro. Bankrot. Die einde was vir hom erg, en ons dank die Here dat ons paaie gekruis het. Want ek kon help om dit vir hom heel te maak.”

Emma voel asof sy haar ma wil verdedig, maar sy onderdruk nie gevoel. “So, jy weet glad nie wie Spikkel was nie?”

Marina begin weer aanstap na die kar toe. Vir ’n rukkie is sy stil, dan begin sy oor haar skouer vertel: “Sover ek weet was Spikkel haar boyfriend toe hulle studente was. Hulle het mos almal mekaar geken toe hulle saam in Hillbrow gebly het. Dis waar jou pa jou ma ontmoet het ook, in die woonstelblok. Almal daar het mekaar geken. Dit was toe jou ma nog gedrink het.”

“Ekskuus?” sê Emma en loop vinniger. Hulle is by die oopte van die plaashuis se ruim grasperk en sy val langs Marina in. “Gedrink? Wat bedoel jy?”

Daar is weer iets skerp in Marina se stem: “Ek was nie daar nie en ek sê weer, jou pa praat nie eintlik oor daardie tyd nie. Hulle was almal jong en jeukerig en het gedrink. Dis mos maar normaal. Sover ek weet was jou ma baie lief vir ginger squares, of dalk was dit brandewyn en Coke, ek is nie seker nie. Sover ek verstaan het hulle baie partytjie gehou. Baie gedrink. Toe los jou ma vir Spikkel en sy hou op drink en sy en jou pa se verhouding het begin. Jy moet jou pa vra.” By die bakkie sluit sy die kar oop en maak ’n aanmerking oor die warmgebakte kar, maar

Emma hoor nie eintlik nie.

“Dis amper etenstyd,” sê Marina toe sy die kar aansluit. “Waarvoor is jy lus vir middagete?”

Emma kan aanvoel dat Marina nie verder wil praat nie. Sy is te lojaal teenoor Ben, dink sy.

Iewers doe-doe-doe ’n vleiloerie in die veld. Emma hou haar asem vir ’n oomblik in en maak haar oë toe. Dis die klank van haar geluk, dink sy. Dit kom uit ’n tyd toe Ma en Pa nog saam was, toe hulle vakansie gehou het by die see en die wêreld paradys was. Bome se blare so groot soos rugbyballe, geelperskes soos pampoene.

“Hoe het julle ontmoet?” vra Emma toe hulle al deur die plaashek is.

Marina lag. “Jy weet nie?”

Emma skud haar kop. “Ek dink nie so nie.”

“In *Die Landbouweeblad* se Hoekie vir eensames. Ons het vir mekaar begin skryf en die res is geskiedenis.”

“Regtig?” lag Emma.

“Regtig,” sê Marina en skakel die raserige bakkie se enjin aan.

Twaalf

Net na hulle met die grommende bakkie by die huis gestop het, stop Ben agter hulle in sy ou groen Toyota. Hy het 'n ronde plat pot onder sy arm toe hy uitklim en hulle kom soengroet.

“Ek het vir Emma en Evert 'n kleipot gaan koop by ou Jan Groenewald,” vertel hy vir Marina toe hy saam met haar die huis instap, arm om haar skouers. “Jy moet net sien watse mooi goed hy nou daar het.” Marina bestudeer die geglasuurde bak en knik ingenome. Baie mooi, ja,” bevestig sy.

Seker 'n soenoffer, dink Emma. Want sy is doodseker Ben voel al heel oggend sleg omdat hy kortaf was met haar gisteraand, en hy het iets bedink om op te maak daarvoor. Hy is so 'n sagte man, dink sy. “Dankie, Pa.”

“Ag, dis sommer net. Ek gaan gou iets plant vir jou. Ek dink van die *Dinteranthus* wat ek hier langs die huis in die drom geplant het, wat dink jy, Marina?”

“Is dit daai wat ons by Pofadder uitgehaal het lank terug?”

Ben knik.

“Ja, dis 'n mooie vir 'n plat pot en daai drom loop al oor. Gaan dun bietjie uit aan die plantjies, ja.”

'n Rukkie later gaan Emma uit. Die gaasdeur klap agter haar toe en Ben roep haar toe hy dit hoor.

Hy sit op sy hurke langs die huis by 'n groen drom wat hy middeldeur gesny het en as een van die plantplekke vir sy vetplantjies gebruik. Hy het haar nuwe pot al klaar geplant met 'n hele klomp van die vetplantjies. Dis 'n klein, plat plantjie met vet, grysgroen blaartjies en fyn wit spikkels. Dit lyk soos 'n blom met net twee blare en in die middel is 'n donkerder puntjie wat regop staan. Bietjie soos 'n bokpootjie, dink sy.

“Dis baie mooi, Pa,” sê sy.

“Jy moet dit in 'n plek sit waar dit goeie son kry en dit droog hou. Min water. As jy hom goed behandel sal hy vir jou blom net voor die winter. Mooi geel-oranje blommetjies. Dis 'n dankbare plantjie. Een van my geliefkoosdes.” Hy vryf sy hande teen mekaar om die klam grond af te vee en kom moeisaam regop. “Jy kan maar aan my dink as jy na hulle kyk. Ek is ook so.”

“Ek dink baie aan Pa.”

Hy kyk op na haar. “Dan’s dit goed. Ek dink elke dag, heeldag aan jou.” Hy soen haar op haar wang. “Ons moet nou net nie vergeet om die pot in die kar te laai wanneer jy ry nie.”

Emma knik en stap agter hom aan waar hy die pot met die plantjies na die stoep toe dra. Jy is te lief vir my, Ben, dink Emma.

Later die middag stap Emma deur die sitkamer en kry haar pa vas aan die slaap op sy TV stoel. Hy het krieket gekyk en aan die slaap geraak. Hy lê met sy kop agteroor en slaap, sy mond oop. ’n Worshond lê uitgestrek op sy skoot. Die hond loer agterdogtig na haar sonder om sy kop op te lig toe sy langs die stoel gaan staan.

Hy lyk dood, dink sy, en sy voel ’n beklemming om haar hart. Sy sit haar hand op haar keel en moet haarself keer om nie aan hom te vat nie.

Ben word wakker en glimlag vir haar. “Oeps,” sê hy, “al weer al die krieket gemis. Wat’s die telling?”

“Nee, ek weet nie,” sê Emma.

“Ek het van jou gedroom.” Ben trek homself regop en verskuif die hond.

“Wat?”

“Dat jy nog klein is. Amper soos om na ’n ou home moewie te kyk. Jy wat heeltyd lag en jou vet armpies uitsteek na my.”

“Hét ons sulke moewies? Ek het nog nooit een gesien nie.”

“Nee, ons was te arm vir sulke kameras en goed.”

“Dis jammer,” sê sy.

“Ja, is nogal. Jy was so oulik, regtig waar. En slím.”

“Alle pa’s dink dit van hulle kinders.”

“Nie alle kinders se eerste woord is ‘gordyn’ nie.”

Emma lag kop agteroor. “Regtig?”

“Jou ma het so gesweer.”

“Nie ‘mamma’ of ‘pappa’ nie?”

Ben skud sy kop, trek homself regop, en kyk lank na haar. “Ons moes partykeer die portrette van die mure afhaal om jou aan die slaap te kry. Jy het heeltyd so stip na alles gestaar dat ons dit moes wegvat. Baiekeer het ek dat jy op my bene lê op jou rug en gesit en kyk hoe jy my bestudeer. Ek het gewens ek weet wat in jou kop aangaan.”

Emma lag. “Jammer ek kan nie so lank terug onthou nie. Wat van ’n bietjie tee?”

Ben knik en kyk na sy horlosie. “Dit sal lekker wees. En as jy lus het, kan jy saam met my na ou Nelie toe stap om net te gaan seker maak sy is oukei?”

“Wie’s dit?”

“Dis ’n ou weduwee hier anderkant wat nie meer lekker in haar kop is nie. Ons maak maar beurte om te gaan seker maak sy is reg. Sy het nou die dag geval. En dan kry ek sommer ’n bietjie oefening in.”

“Ah,” sê Emma. “Het jy ook nou begin om na almal om te sien, Pa?” lag sy en loop kombuis toe sonder om te wag vir Ben se antwoord.

’n Rukkie later stap Emma en Ben die boomryke straat af. Selfs in die winter is die bosveld se bome vol lewe.

’n Blok en ’n half verder stap hulle by ’n tipiese dorps huis is. Dis ’n rooibaksteen huis, ’n verbeeldinglose, praktiese huis met klein vensters met gaas voor al die vensters. In die sitkamer hang gehawende lemoenoranje sunfilter kantgordyne. Dit moet nog uit die sestigs uit kom, dink Emma.

Ben trek die gaas deur oop en roep na Nelie.

’n Gesette gryskop vrou kom die sitkamer in. Sy dra ’n geblomde voorskoot wat oor ’n rok met ’n plooiromp span oor haar opgeswelde maag. Sy het haar pofhandjies gevou oor haar maag en haar ringvinger is opgeswel om haar trouing.

Dit lyk vir Emma asof sy uit ’n tyd kapsule stap. Alles in die sitkamer dateer uit die sestigs, behalwe die televisie wat aan is op *Sewende laan*. Die sitkamer meubels het fluweeloortreksels met groot bruin en groen blomme. Op ’n lae tafeltjie staan ’n rangskikking met sykousblomme kompleet met ’n pypskoonmaker-bytjie op een van die blomme, en ’n groot versameling foto’s. Daar is ’n troufoto van ’n aantreklike paartjie wat kiertsregop maar ingehoue na die kamera glimlag, en babas van verskillende ouderdomme wat oopmond lag. Hulle wange is pienk ingekleur, die lippe rooi, die kleur van die oë is ook kunsmatig verhoog. Daar is foto’s van kinders in skoolklere in verskillende stadia en in togas by gradeplegtighede.

Die reuk van gebraaide uie en tamaties hang in die lug.

“Ek kom net seker maak jy eet darem, Nelie. En ek is bly om te ruik jy maak darem kos,” sê Ben.

Nelie lag oopmond en Emma kan sien sy het al 'n hele paar tande verloor. Tog straal sy 'n soort ouwêreldse waardigheid uit, en is daar niks bespotliks aan haar nie. Sy staan baie regop en vee met haar vet handjies haar yl haartjies agter haar oor in. “Jy bedoel jy het kom kyk of ek nog leef, Benjamin. Mens sou sweer jy's in my testament.”

“Wat, Nelie, sê jy ek is nié?” spot Ben goedig en sit sy groot hand op haar skouer.

Wanneer sy lag trek haar oë op vriendelike skrefies. Dan kyk sy nuuskierig na Emma.

“Dis my dogter, Nelie, julle het nog nie ontmoet nie. Emma, Nelie,” stel hy hulle aan mekaar voor.

“Aaahhh,” sê Nelie en stap nader. Sy vat Emma se hand. “Die een wat in Johannesburg bly. Sien, ek onthou, ek is nog nie seniel nie.” Dan leun sy nader na Emma. Sy ruik 'n klein bietjie muf, asof sy lanklaas gebad het. “Hulle dink almal ek het al my varkies al verloor.” Sy en Emma giggel soos samesweerders. Dan vra sy: “Johannesburg, nè. Ken jy nie dalk vir Steve Hofmeyr nie? Hy bly mos daar rond.”

Emma is uit die veld geslaan en sy kyk vinnig na haar pa. Hy trek sy skouers op en glimlag.

“Uhm, nee, tannie, ek ken hom nie.”

“O, dis jammer. Maar nou ja.” Nelie begin Emma aan die arm trek en lei haar deur die sitkamer na 'n donker gang waar 'n outydse ornate staanhorlosie en staan en tik. Ben volg hulle.

Nelie stap in die gang af met Emma in tou, en maak die enigste toe deur oop. Sy klik die ligskakelaar aan. Dan eers los sy Emma se arm.

Emma se mond val oop toe sy om haar kyk. Die kamer is leeg behalwe vir 'n lendelam leunstoel met 'n voetrus en 'n lae koffietafeltjie langsaan. 'n Stapel *Huisgenoot*-tydskrifte staan langs die stoel en op die tafeltjie lê 'n skêr. Die een muur van die klein kamertjie is van bo tot onder geheel en al volgeplak, soos muurpapier, met foto's van Steve Hofmeyr. Almal uit tydskrifte of koerante gesny, sien Emma. Sommige van die foto's is al besig om te vergeel en sy kan duidelik sien die foto's verteenwoordig 'n hele paar jaar, dalk 'n dekade of twee uit die sanger se lewe. Op sommige foto's is sy hare kort, op ander lank. Op sommige foto's is sy gesig maerder as ander. Op meeste foto's glimlag of lag hy, op 'n paar staan hy pruilmond, soos 'n model, is hy triomfantlik op verhoë, sit of staan hy met 'n kitaar en 'n verleidelike glimlag vir die toehoorder of -kyker.

Emma draai verwonderend in die rondte en kyk na die altaarkamer vir Steve Hofmeyr.

Dan kyk sy na Nelie. Sy staan weer met haar hande oor haar maag gevou en met 'n dromerige glimlag op haar gesig.

Ben, sien Emma, staan haar en dophou met 'n glimlag soos 'n stout seun.

“So 'n mooie man,” sê Nelie.

“Ja, tannie,” sê Emma.

“Vandat my ou man dood is, is dit my stokperdjie. En dit maak my minder alleen voel. Ek sit in die aande hier met Steve en gesels. Almal moet iemand hê om lief te hê, nè, Ben?”

“Is so, Nelie,” antwoord Ben.

Nelie sit haar hand op Emma se rug en begin haar die kamer uit stuur. “Dit doen tog niemand skade nie,” sê sy beslis toe sy die lig afskakel, omdraai en Emma en Ben sitkamer toe beduie.

Toe Emma en Ben terugstap huis toe begin Emma lag.

“Pa het geweet wat gaan gebeur, nè?”

Ben lag en sit sy arm om Emma se skouers. “Ek het gedink jy sal dit geniet.”

“Sy is baie eksentriek.”

“Haar kinders is almal landuit en sy weier om Pretoria toe te gaan om in 'n ouetehuis of iets te gaan bly. Sy bly ook al haar hele lewe hier, hoe sal sy nou aanpas in 'n ander plek. Die dorp kyk maar na haar. Ons is almal lief vir haar.”

Hulle stap 'n ruk lank in stilte, arms om mekaar. Iewers skree 'n kiewiet en Emma ruik braaivleisvure.

“Ek is jammer ek was so kortaf met jou gisteraand, meidjie,” sê Ben. Emma kan sy verleentheid byna voel brand. Hy haal sy arm om haar skouers weg en kyk grond toe.

“Dis oukei, Pa.”

“Dis net ... jy het my onverwags gevang.”

“Ek weet.” Emma vryf vertroostend oor sy arm.

“Watse briewe en goed het jy gekry by jou ma se goed. Waarvan praat jy?”

“'n Brief aan Spikkel waarin sy sê sy het iets verskrikliks gedoen. Ek dink dit was 'n afsê-brief, maar sy het dit nie gepos nie.”

“Wat bedoel jy, iets verskrikliks?”

“Ek het geen idee nie.”

Ben gaan staan stil, kyk na haar en skud sy kop, soos iemand wat in ongeloof reageer. “Kom ons stap om hierdie blok,” sê hy en beduie in ’n dwarsstraat af.

Emma knik en volg hom.

Ben begin mymerend praat, soos iemand wat keelseer het en sukkel om te praat. Emma kyk op na hom en sien dan hy werklik ongemaklik is. Hy frons diep. Emma is skielik nie meer seker sy wil meer weet nie, wil hê Ben moet haar enigiets vertel nie. Sy voel skielik effens uitasem, hoe haar hart vinniger klop.

“Ons was studente en het ’n hele woonstelblok gehuur. Toevallig so. Soos vriende blyplek gesoek het, het ons die hele blok beset. Granada. Dit was goeie tye. Ons het baie gekuier. Baie.

“Ons was almal saam op kollege. Hulle twee het uitgegaan. Maar ek was van die eerste dag af verlief op haar. Love at first sight, dink ek.” Ben lag saggies en skud sy kop. “Maar sy het net oë gehad vir Spikkel. Simpel vent met sproete. Hy was vir my maar ’n vervelige kêrel. Ek kon nie verstaan hoekom hierdie slim, vurige vrou so ‘n ding oor so ‘n ou het nie.”

Hy bly ’n ruk lank stil en vir Emma het die wêreld om hulle stil geword.

“The heart wants what the heart wants,” mymer Emma. Ben sê niks.

“Ons het gedans dat die stof spat, hoor,” lag Ben en maak ’n verspotte passie. “Ek was ’n beter danser as Spikkel, so sy het graag met my gedans. Ai, those were the days, meidjie, those were the days.”

Weer bly hy stil vir lank.

“Frank Sinatra, Bing Crosby, die Andrews sisters, Chubby Checkers. Rock’n roll.”

Iemand kom van voor af verby gery in groot 4x4 en toet en groet luidrugtig. Ben waai terug. Hulle stap in stilte.

“Nou wat het gebeur dat julle twee getroud is, Pa? Wat het met Spikkel gebeur?”

Ben sug en gaan aan: “Spikkel het klaar geswot en het iewers ’n pos gekry. Hy het al uitgetrek. Sy het meeste naweke by hom gaan kuier. Ek weet nie wat tussen hulle gebeur het nie. Dit was ’n snaakse tyd vir haar. Sy het baie stiller geword. Ek het gedink dis seker maar verlang na Spikkel.

“Een aand het sy aan my deur geklop, ingestap en gesê as ek haar wil hê, kan ek haar kry. Net so. Sy het geweet ek was verlief op haar. En ’n jaar later het ons getrou.”

“Werklik? Dis weird.”

“Dit was nie vir my nie. Ek kon uit my vel uit spring. Ons troudag was die beste dag in

my lewe.”

Emma sê niks nie, maar sy voel Ben se melancholie aan.

“Maar? Hoekom was Pa so kwaad toe ek gevra het oor Spikkel?”

“Want sy het nooit van hom vergeet nie. Hy was die hele tyd in ons huwelik teenwoordig. Soos ’n verdomde spook.” Daar is ’n skerpheid in sy stem en sy kan voel hy verstyf waar sy ingehaak langs hom stap.

“Het julle dus nog kontak gehad met hom?”

“Nee. Ek het hom nooit weer gesien nie. Sy ook nie, dink ek. Ek weet nie. Sy het nooit oor hom gepraat nie. Sy het gesê ek is mal as ek haar beskuldig het dat sy eintlik vir hom wil hê. Maar sy het my nooit liefgehad nie, Emma. Ek dink sy het haar lewe lank gekwyn vir Spikkel. Dit was altyd hy.”

Hulle het weer in die straat waar Ben-hulle bly ingedraai en die huis is ’n ent weg al sigbaar.

Emma weet nie eintlik wat om te sê nie. “Maar ek het absoluut niks van hierdie persoon geweet nie, Pa. Hoe kon dit so ’n dwingende ding vir haar gewees het?”

“Sy het ook altyd gesê ek is verkeerd. Maar ek is nie stupid nie, meid. En jou ma het nie gepraat nie.” Hy bly lank stil. Emma luister na hulle voetstappe op die growwe teerstraat. “So, dis hoekom dit nie gewerk het vir ons nie. En toe ek vir Marina ontmoet, het ek jou ma verlaat vir haar. Marina het my liefgehad.”

“Ek het altyd gedink dit was ’n politieke ding. Ma se obsessie met Mamelodi.”

“Dit ook seker maar,” antwoord hy. “Daar altyd meer as een ding as ’n huwelik nie werk nie.” Skielik lyk hy moeg, sien sy. Hy sê nog iets maar Emma kan nie hoor wat hy sê nie, so sag praat hy.

“Aksies, wat sê Pa?”

Hy kyk haar in die oë. “Ek sê jou ma was die liefde van my lewe.”

Emma hoor die gaasdeur oop kraak en Marina en die worshonde kom uit, die honde oorstelp van vreugde om vir Ben te sien. “Jissie, ek dog julle het weggeloop,” lag Marina. Sy het ’n vadoek in haar hande en vee haar hande droog daarmee.

Sy loop tot by Ben en kyk op na hom. Emma sien hoe liefdevol sy opkyk na Ben, hoe sy die vadoek oor haar skouer gooi, dan haar hande om Ben se gesig vou en hom lank op die lippe

soen.

“Hallo, pappie,” sê sy en kyk dan eers na Emma.

Emma voel soos ’n afloerder.

“Evert?”

Emma sit op die voorstoep se trap waar selfoonontvangs die beste is. Sy kyk na die swerm sysies in die boom langs die lapa. Die kwetterende kommatjies en punte van die heelal, dink sy.

“Hallo, Emma.” Hy klink moeg. Ek is omring deur mans wat ek moeg maak, dink sy.

“Is jy oukei?”

“Natuurlik.”

Emma voel tog die afstand en sy voel magteloos. Sy weet nie wat sy moet sê nie en sy hoor die stilte tussen hulle suis.

“Ek wou net hoor of alles reg is.”

“Alles is reg, ja. Ek weet nie wat jy more vir my gaan sê as jy terugkom nie, maar ek wag in spanning.”

Emma sug. “Ek dink nie jy’s regverdig om vir my oor ’n baba ’n ultimatum te stel nie, en ek weet self nie wat ek vir jou gaan sê nie.”

Skielik is sy stem harder. “Hoe anders, Emma? Hoe anders gaan ons vorentoe beweeg as ek nie druk op jou plaas nie? Hoe, sê my?”

“Hoekom is ‘beweeg’ gelyk aan ’n kind?”

“Dis wat ek baie graag wil hê. Saam met jou. Vir my is dit gelyk aan verdieping van ons verhouding.”

“Ek het nie gebel om te argumenteer nie.”

“Ek argumenteer nie. Hoekom het jy gebel?”

“Om jou stem te hoor.”

“O,” sê Evert, “nou ja, asked and answered?”

Sy het sommer lus en bly nog ’n paar dae, dink Emma vererg toe sy die afsitknoppie druk.

Dertien

Toe Emma reeds in die bed lê een lees aan *Seventeen poisoned Englishmen*, 'n novelle van Gabriel García Márquez, is daar 'n klop aan die deur.

“Ja? Kom in,” sê sy. Sy is verdiep in die storie wat sy lees en besig om te giggel oor die beeld van die lang ry Engelsmanne op stoele in die foyer van 'n hotel, hulle “pink knees that looked like slabs of pork hanging from hooks in a butcher shop.”

Sy kyk op oor haar leesbril.

Dis haar pa wat verskonend inkom. “Em?”

“Hallo, Pa.”

“Ek wou maar net kom nag sê.” Hy kom sit by haar op die bed en kyk na die boek wat sy lees. Dan hou hy 'n dik hardebandboek na haar toe uit. “En vir jou hierdie gee.”

“Ja? Wat's dit?” Sy trek haarself regop en neem die boek by Ben. Dis 'n veldgids oor Suid-Afrikaanse voëls. 'n Duur boek.

Ben lag saggies. “Toe ek gepak het om van jou ma weg te kom, was ek so kwaad vir haar, ek het haar boek gevat.” Hy skud sy kop geamuseerd. “Snaaks, sy het my nooit daarvoor gevra nie. Nou wil ek dit vir jou gee.”

“Dankie,” sê sy en glimlag. “Het Pa dit ooit gebruik?”

“Nooit eers eenkeer oopgemaak nie. Ons het ons eie voëlboeke gebruik.” Weer lag hy sag. “Ek wil ook vir jou sê ek dink jou ma en Wieda was saam gelukkiger as wat enigeen van die twee in hulle huwelike was. Haar laaste jare was gelukkig. Ek hoop so,” sê hy.

“Ek dink ook so,” sê Emma en streel sy hand.

“Lekker slaap,” sê hy, leun oor, soen haar en staan dan moeisaam op.

“Pa?” roep sy hom terug toe hy by die deur kom.

Hy draai om met opgetrekte wenkbroue.

“Het my ma gedrink? Ek bedoel, te veel?”

Ben stap weer tot by haar bed en staan peinsend na haar en kyk. Hy trek sy skouers op. “Toe ons almal saam in Granada gebly het, ja. Ons het almal gedrink. Bietjie te veel, vir 'n ruk. Sy het nie regtig gedrink nie, maar as sy begin het, kon sy nie ophou nie. En sy het vreeslik aggressief geword. Ek het dit eenkeer vir haar gesê en sy was baie skaam. Maar toe hou sy

heeltemal op, so dit was nie 'n probleem toe ons getroud was nie.”

“Ah,” sê Emma.

“Sy het eenkeer haar Morris Minor amper afgeskryf toe sy bietjie dronk was. Sy het haar gat af geskrik.”

“Maar pa kan glad nie dink wat hierdie verskriklike ding is waarvan sy gepraat het nie?”

“Nee glad nie.”

Emma trek haar gesig. Sy voel teleurgesteld.

“Jou ma kon maar dramaties wees, hoor. Ek sal nie te veel wonder wat so 'n gebeurtenis gewees het nie. Dis waarskynlik iets wat sy oordryf het.”

Maar dis hoekom sy vir Spikkel gelos het en met jou getrou het, Ben, dink Emma maar sê niks.

“Lekker slaap, meid,” sê Ben en begin weer die deur toemaak.

“Pa, jammer, kan ek nog iets vra?”

Hy bly by die deur staan.

“Wat was Spikkel se regte naam?”

Ben lyk verbaas. “Nee, koot, nou vra jy my vas. Spikkel Fourie. Wag ... Petrus Fourie, dink ek. Hoekom, wil jy hom probeer opspoor?”

“Ag ek weet nie, dalk. Sal dit jou pla?”

Ben trek sy skouers op. “Jy moet doen wat jy moet doen. Nag, my kind.”

Emma blaai deur die boek. Dis werklik 'n mooi volkleurboek met hoë kwaliteit foto's. Sy neem haar voor om wel die boek te gebruik. Net voor sy die boek wil toemaak, sien sy 'n paar bladsye wat effe oopgaap. Daar is 'n toegeplakte bruin koevert tussen daardie blaaië.

Sy maak die koevert oop en haal 'n paar velle papier uit. Toe sy dit oopvou is daar 'n stukkie vergeelde koerantpapier tussen die bladsye.

Dis 'n stroewe drie paragrawe deur 'n hofverslaggewer slordig uit 'n onbekende koerant geknip. Seker *Die Transvaler* of *Die Vaderland*, dink sy. Haar ma het dikwels *Die Vaderland* gekoop en ongelees gelaat. “Siestog, ek is seker dis net ek wat dit ooit koop,” het sy gereeld gesê.

Getuienis is vandag gelewer in die Brits streekshof in die saak van die Staat teen

Abraham Willem van Niekerk, 'n vooraanstaande onderwyser van die Broederstroom distrik. Van Niekerk het 'n swart kind doodgery vroegand van 17 Desember 1957 op die deurpad naby Broederstroom.

Johanna Petronella Moller het getuig dat Van Niekerk skerp na regs geswenk het en die kind getref het. Die kind was nie sigbaar in die donker nie.

Die saak duur voort.

Emma lê 'n ruk lank ingedagte met die beriggie in haar hand. Petronella Moller ... Ma se nooiensvan.

Dan stryk sy die ander bladsye in die koevert glad. Dis 'n getuiedagvaarding in 'n geregtelike doodsondersoek, sê die opskrif.

Aan enige polisiebeampte of ander persoon gemagtig om prosesstukke in te dien.

U word hierby in die naam van die Staat gelas om 'n ware afskrif van hierdie dagvaardiging aan die persoon van wie besonderhede hieronder verskyn, te beteken ten einde hom/ haar aan te sê om persoonlik voor hierdie Hof te verskyn om 9:00 op bovermelde datum en plek asook aanwesig te bly om te getuig en te verklaar alles wat hy/sy weet betreffende sekere aanklag(te) wat in gebring word teen:

Abraham Willem van Niekerk

Geslag: Manlik

Ras: Blank

Ouderdom: 27

Emma sit die inhoud van die koevert terug in die koevert, sit dit weer in die boek, en sit die boek op die vloer langs haar bed. Sy het lus om vir Evert te bel, maar sy doen dit nie. Dis dalk al bietjie laat.

Sy dink oor die middag en aand se gesprekke met haar pa, oor wat sy die afgelope dae van haar ma uitgevind het. Aan die dagvaardiging wat sy in haar hand het. Dis vir haar asof sy met vreemde mense te make het. Sy het nooit werklik iets van haar ouers geweet nie, besef sy. En blykbaar het hulle ook nie alles van mekaar geweet nie. Sy glo dat Ben nie geweet het van die insident waar Petro moes getuig in 'n doodsondersoek nie. Arme pa.

Sy probeer haar indink hoe hulle gelyk het as jong mense, watse klere hulle gedra het. Hoe het Petro haar hare gedra? Lank, kort? Was sy slank, mollig? Sy het nie die foto's wat sy in haar ma se huis gekry het genoeg bestudeer nie, besef sy. Sy al weer gaan kyk.

Spikkel moet beslis op van die foto's wees, dink sy. Sy onthou 'n laggende jong man in 'n lospassende flenniebroek met netjiese plooitjies voor, 'n oopnek hemp en 'n baadjie met sy arm om 'n jong vrou wat opkyk na hom. Sy vermoed dit was haar ma en dit kan wees dat die man sproete gehad het. Dit was nie haar pa nie, daarvan is sy seker. Die foto was bietjie dof. Daardie vrou het 'n wyeromprok aangehad en haar hare was gekartel in haar nek. Sy sal weer gaan kyk. Sien of sy vir Ben herken, meer kan sien van Petro.

Sy kan glo dat Ben uit wraaksug iets kosbaars van Petro sou saamneem toe hy sy tasse gepak het. Sy onthou 'n atmosfeer van hulpeloosheid wanneer hy en Petro baklei het.

Een aand het sy in die donker gelê en luister na een van haar ouers se dowwe argumente. Haar ma het weer die storie of een of ander ander Afrika-storie vir die kinders in haar klas vertel.

“Jy weet tog jy mag nie sulke stories vir die kinders vertel nie ... hoekom moet jy altyd moeilikheid maak, Petro?”

Sy onthou Petro se monotone onwrikbaarheid. Sy het selde haar stem verhef. Altyd sag bly praat.

“Moenie die hand byt wat jou voer nie ... Wat maak ons as jy jou werk verloor?”

Petro het pffft deur haar lippe geblaas. “Toggie, Ben, ek is darem wit.”

“Maar jy maak dit vir my ook moeilik. Daar is selfs al gesê jy is 'n kommunist.”

“Ag snert, ek hoop jy help hulle reg.”

“As jy aanhou om die kinders goed te leer wat vreemd aan ons kultuur is, onbybels is, as jy aanhou om die swartes bokant jou eie mense te plaas ... wat as hulle jou tronk toe stuur, Petro?”

“Jy weet ek hou nie daarvan as jy so praat nie. Ons bly in Afrika, Ben. Dis stories van Afrika, wat is fout daarmee? Hoe lank kan ons aanhou om die feit dat ons saam met swart mense bly te ignoreer? Hulle is ook mense, Ben. As hulle my in die tronk wil sit daarvoor, moet hulle maar.”

“Jy moet ophou om jou eie mense te verraai, Petro.”

“Ag, nonsens. Vader ons!”

“En wat van jou kind as jy tronk toe moet gaan?”

“Sy het mos vir jou.”

“Hemel, Petro, ek weet nie hoe lank ek dit nog kan hou nie!”

Emma onthou hoe bang sy geword het, hoe jammer sy vir haar pa gevoel het. Dat sy hartseer geword het. Sy was die volgende dag naar en huilerig. Sy het dikwels so gevoel daardie tyd.

Dit was toe sy agtergekomp het haar pa slaap partykeer op die vloer in die sitkamer, op een van die dun matrasse waarmee hulle gaan kamp. Sy het een Saterdagoggend op hom afgekomp waar hy nog gelê en slaap het. Hy was altyd eerste op, dan maak hy tee en vat vir haar ma ’n koppie. Maar daardie Saterdagoggend het hy nog gelê. Sy het op haar tone weggetrippel.

Oor naweke het hy altyd vir haar tee in die bed gebring. In die week was dit haar ma, want hy was lankal werk toe. Sy het altyd vir hom gelê en wag en wanneer hy in haar kamer inkom, het sy gemaak of sy nog slaap. Hy het die tee neergesit op haar bedtafeltjie en oor haar gesig gevryf. “Wakker word, meidjie,” het hy altyd gesê en wanneer sy dan haar oë oopmaak, het hy vir haar geglimlag. Die soetste glimlag.

Toe hy uit die huis getrek het toe sy in standerd ses was, het sy soggens wakker geword met ’n fisiese pyn van verlang na hom.

Sy het een middag afgekomp op die matras en beddegoed wat opgerol en vasgebind is, wat agter haar ma en pa se kamerdeur gestaan het. Toe het sy geweet hy slaap baie in die sitkamer.

Sy het haar gesig in die matras gedruk en die matras en beddegoed het na mens geruik.

Ná die keer toe haar pa gesê het haar ma kan tronk toe gaan “as sy so aanhou” het sy uitgevra oor wat ’n kommunist is. Haar skoolmaats het nie geweet nie. Suzette, een van die meisies met wie sy altyd toebroodjies uitgeruil het, het gesê dis Russe. Dit was kort nadat Emma-hulle na Ivan Rebroff, die groot Rus in ’n lang wit rok en met ’n hoed van beervel op, gaan kyk het. In die Stadskouburg. Hy kon vreeslik hoog en dan dadelik vreeslik laag sing.

Haar pa het sommer rooi spikkels op sy wange gekry so gefassineerd het hy na die man gestaar.

Hoe kan hy dan ’n kommunist ook wees? het sy gewonder.

Dis was toe sy in standerd vyf was. Sy het baie siek geword daardie jaar. Baie maer en haar maag was altyd seer.

Sy weet haar onderwyseres het haar ma gebel en gevra of sy siek is, want sy kon nie konsentreer in die klas nie. Emma was byna dood van skaamte toe haar ma haar daarvan vertel

haar het.

Haar ma en pa het daarna meer geargumenteer oor “die kind”. Wanneer hulle oor háár baklei het, het sy altyd algemeen geword, net “die kind”, in plaas van Emma. Asof hulle dink sy sal nie besef hulle baklei oor haar nie. Dit het haar baie kwaad gemaak.

Maar die argumente was nog steeds meer oor die swart mense wat gedurig na Petro kom soek het, soms laat in die nag. Sy moes iemand iewers heen vat of iemand help soek, of raad gee oor ’n pas. Sulke goed. Haar pa het nie daarvan gehou nie, wou hulle nie by die huis hê. Hy was bang hulle kom in die moeilikheid daaroor.

Soms het Emma gedink sy haat alle swart mense, veral wanneer haar ouers argumenteer. En was sy nie seker of sy haar ouers liefhet of haat nie.

Eendag, in die tyd toe dit byna elke dag sleg begin gaan het by die huis, het haar ma haar fluisterend stoep toe geroep. Haar pa was nie by die huis nie.

’n Janfrederik het aan ’n stukkie kaas staan en pik wat Petro vir hom uitgesit het. Hulle het lank stil op die agterstoep gestaan kyk, Petro se arm om haar skouers.

Emma het opgekyk na haar ma en sy het vir haar gewys het om stil te bly met haar vinger op haar lippe, maar haar oë was vriendelik. So dikwels het sy Emma laat kyk na mossies, of het hulle ’n geelvink dopgehou wat die bure se palmboom verskeur om nes te kan bou. Wanneer Emma wou protesteer dat sy dit al baie gesien het, het haar ma beslis geantwoord dat geen mens ooit genoeg kan kry van voëls nie, en dan het sy gekyk waar Petro wou hê sy moet kyk.

Eendag het sy vir Emma so hard geroep, dat sy geskrik het en gedink het iets is fout, haar ma het dalk seergekry of iets, maar haar ma het op die grasperk gestaan en op gewys. Dit was die begin van die lente en ’n koel oggend. Die lug het gekrioel met swaeltjies wat insekte vang. “Hulle het seker pas teruggekom van Europa af,” het Petro gesê.

Hulle het lank so gestaan en kyk, en Emma onthou hoe haar ma kop agteroor gestaan het, haar hande voor haar bors vasgeklem en haar oë blink, asof sy wou huil, en haar ma was vir haar verskriklik mooi. Toe het sy geweet sy haat haar nie.

Emma maak die boek wat sy gelees het toe en skakel die lig af. Sy hoor ’n naguil nie ver van haar af in die donker roep: “Good Lord, deliver us, good Lord deliver us,” soos haar ma altyd gesê het hulle sê.

Veertien

Evert wag vir haar toe sy by die hek inry. Ten spyte van homself, dink sy. Sy verbeel haar hy het kringe om die oë. Dis altyd asof hy haar kar van ver af kan hoor aankom en dan is hy buite, maak die hek oop, die garagedeur. Dit irriteer haar soms.

Sy druk hom vas toe sy uitklim. Hy is gespanne, voel sy.

“Hoe gaan dit met jou?” vra sy op na hom toe.

“Ek is bly jy is terug,” sê hy.

Evert wil haar tas vat, maar sy gee vir hom die groen kleipot met plantjies wat haar pa vir hulle gestuur het aan.

“En dié?” vra hy.

“My pa stuur dit vir ons.”

“Ahh,” sê Evert en staan peinsend na die plantjies en kyk, vee ’n korreltjie grond versigtig met die punt van sy breë vinger van een van die plantjies af.

“Hy sê ’n bietjie liefde, son en water en hulle sal ons ryklik beloon.” Emma sluit die kar en kom staan langs Evert wat nog steeds na die plantjies staar.

Evert kyk ondeund op en dis vir haar asof hy skielik ligter is toe hy begin lag. “Dit lyk soos poesies. ’n Hele pot vol poesies.”

“Regtig?” lag sy, “ek het nie so daarna gekyk nie.”

“Jy sou nie.”

“Lyk alles nie maar vir jou soos poesies nie?”

“In my drome.”

Hulle begin huis toe stap en Evert sit sy arm om haar skouers en balanseer die pot in sy ander hand.

Emma het gaan uitpak en toe sy weer op die stoep kom, staan die pot vetplantjies op die stoep tafel, asook ’n skinkbord met tee en beskuit. “Ek het gebak,” sê Evert en skink tee. Wanneer Emma nie by die huis is nie, bak Evert beskuit. Sy wens hy wil eerder gholf speel, veral wanneer sy sooi brand kry van die beskuit wat sy verplig voel om te eet as hy soggens vir haar koffie in die bed bring.

“Pa sê ons moet aan hom dink as ons na die plantjies kyk,” sê sy en gaan sit in die ou

gehawende leerstoel op die stoep.

Hulle lag weer en Emma neem die koppie tee wat Evert vir haar aangee.

“Hoe gaan dit met hulle daar?”

Emma wens sy het hom saamgeneem. Sy wens hy wil hom soms minder skik na haar wil. Sy onthou hoe haar pa-hulle na mekaar gekyk het toe hulle gesê het sy is baie soos haar ma. Selvesugtig, dink sy.

Evert se jeans hang bak op sy boude en Emma sien dat sy hare nie skoon is nie. Maar hy het wel geskeer. Sy wonder of hy sy lewe bymekaar sal kan hou as sy hom sou verlaat, of as hy haar sou verlaat. Natuurlik sal hy kan, berispe sy haarself.

“Evert, ek het besluit. Jy’s reg, dis nou die tyd as ons ’n kind wil hê. Een van die dae is ek te oud. Dis reg, ons kan probeer.”

Evert se gesig vertrek, maar sy kan nie die uitdrukking op sy gesig lees nie. Woede? Pyn? “Is jy seker?”

“Ek is seker,” sê sy.

“Dankie,” sê hy, vee oor sy gesig met sy hand af en glimlag. “Dankie.”

In die bed is Evert steeds baie emosioneel en ook hardhandig. Hy knie haar bors byna seer, knibbel aan haar tepels, druk sy byna sy hele hand onverwags hard in haar op en masseer haar vagina met besliste bewegings. Hy hou haar gesig die hele tyd dop.

Sy snak na haar asem.

Hy is kwaad, dink sy. Sy kan hom nie kwalik neem nie.

Emma vind die bietjie geweld vreemd eroties. Sy was nog nie voorheen aangetrokke tot sulke gedrag nie. Dis ’n eerste vir hulle.

Sy krap haar naels hard oor sy boude toe sy hom in haar intrek en voel hoe hy hoendervleis kry. Sy trek haar knieë op en hoor hom ’n sagte “huh”-geluid maak, asof sy hom in die wind geslaan het. Hy knyp sy oë baie styf toe.

’n Klein huislike slagveldjie, dink sy. ’n Alledaagse een. “The winner takes it all ...” sing Abba in haar kop.

Na die tyd is Evert baie teer en vryf haar kop en gesig aanhoudend. Sy moet sy hand vasvat om hom te laat ophou.

“Het jy al aan name gedink?” vra Evert.

“Huh?” sê Emma.

“Ek het gedink aan Ester. Soos die vrou van die Bybel.”

“Dan is dit Evert, Emma en Ester. Corny, don’t you think?” Emma trek ’n gesig. “Dan gaan jy nog vir my eenderse truie laat brei ook.”

“Of Salome?”

“Wat is dit skielik met jou en Bybelname?”

Hy trek sy skouers op. “Dis mooi name. En Daniël vir ’n seun. Soos die Daniël van die leeukuil. Dapper. Temmer van ongediertes.”

“Sover ek kan onthou was Salome en Ester nogal bloeddorstige vroue. Het Salome nie Johannes die Doper se kop op ’n skinkbord geëis nie?”

Evert trek sy skouers op. “Ester was vreesloos. Ek sal enige dogter van my graag so noem, want wat is in ’n naam? En sover ek weet was Salome ’n verleidster. Sy’t die dans van die sewe sluiers gedans en die mans getoor.” Hy begin haar in die nek soen en lek haar borste. “’n Sekspot soos haar ma,” sê hy wanneer hy begin afkruip na haar onderlyf toe.

Emma probeer hom keer, lag wanneer hy haar hande vasdruk op die bed. Het ek my pille goed genoeg weggesteek? wonder sy en gee dan oor.

Die volgende oggend kom Emma die kombuis singend binne. Mapula staan en skottelgoed was. Hulle het sommer al die vuil skottelgoed net so gelos gisteraand, dink Emma en voel skaam. Want hulle het so jags geraak.

Sy besef deeglik dat sy en Evert gewoonlik seks het wanneer hulle moeilike kwessies behoort te bespreek. Dis gewoonlik ook baie intiem en teer, nie soos gisteraand nie, maar altyd sonder woorde. Hulle praat nie eintlik nie, skree of raas nie. Na die tyd sal hulle soms praat, maar dan ook lig, nie oor enige kwessies wat hulle behoort aan te spreek nie.

Vroeër het sy gedink dis ’n deurdagte manier van kommunikeer. Die romantiese uitweg. Prysenswaardig het sy gedink. Nou begin sy algaande besef dis hoe hulle kommunikasie vermy.

Mapula gesels vriendelik en vra uit na haar kuier by haar pa, oor haar werk. “Wanneer gaan jy weer terug werk toe?” vra sy.

“Eers oor lang tyd. Ek het bietjie langverlof gevat.” Sy verduidelik vir Mapula wat dit behels.

“En hulle betaal jou?”

“Ja, hulle betaal my nog.”

“Au,” sê Mapula.

Emma onthou dat haar dogter dood is en dat Mapula nou die dogter se kinders grootmaak. Sy vra uit, hoewel sy nie eintlik wil hoor wat sy vertel nie. Dit maak haar ongemaklik om te hoor waarmee Mapula sukkel. Sy besef dat sy nie eens weet waar Mapula bly nie, dalk vergeet het waar sy bly. Haar ma sou nooit so iets oorgekom het nie.

Mapula het nóg ’n familielid wat ernstig siek is – Emma kan nie regtig verstaan waar pas die persoon in nie. Hulle het hom met groot moeite per taxi Garankua toe gevat en die dokter dink dis iets in die longe. Tog beduie sy in die nek se area terwyl sy vertel.

Verstaan ons mekaar ooit regtig? wonder Emma.

Die man word daagliks sieker in die hospitaal. Die familie sukkel om by hom uit te kom om hom te ondersteun.

Emma tut-tut en skud haar kop. “Dit klink maar of Garankua ’n doodsvonnis is, ja.”

Mapula knik instemmend en sug.

Emma voel hoe ’n mis oor haar skuif. *Jissis, nee, ek wil nie hierdie goed hoor nie.*

Sy soek vir Mapula vrugte uit en haal ’n pakkie hoenderborsies uit die vrieskas. “Maak dit vir jou vir lunch, hoor.” Dan haal sy diep asem en navigeer haar pad deur die gesprek na ontvlugting op die stoep met ’n beker koffie en een van Evert se beskuitte. Sy is honger vanoggend. Sy het seker gemaak Mapula sal ook nou-nou ten minste twee van die beskuitte eet saam met haar tee.

Die tuin is vars. Gebaai in moregloed, dink sy en lag saggies. Ver weg is die gesuis van die verkeer. Sy trek haar dik kamerjas styf om haar vas.

Sy besluit om te kyk hoeveel geld sy in haar beursie het om vir Mapula te gee sodat sy dalk meer by die hospitaal kan kom. Sy verbeel haar dit is darem ’n honderd of twee wat sy het, want sy het nie eintlik by haar pa-hulle geld gespandeer nie.

Wat sou Petro gedoen het? wonder sy. Sy sou waarskynlik tot in fyn besonderhede uitgevra het, Mapula summier in die motor gelaai het en hospitaal toe gery het, gaan kyk of sy die dokter kon kry om uit te vra oor wat verkeerd is en wat gedoen kon word.

Eenkeer sou Emma en haar ma gaan fliet en tee drink by Stuttafords in die stad. Dit sou die Twiggy moewie wees, as sy reg onthou. Emma het haar platformsandale aangetrek. Sy het

uitgesien daarna. Maar iets het iewers fout gegaan. Wat was dit nou weer? Was dit die keer toe 'n aar in die been van die bure se bediende gebars het? Bloed het met 'n boog gespuit. Ma het gaan help en hospitaal toe gery en eers weer donker terug gekom. Want Baragwanath hospitaal is so ver en hulle moes tustaan vir 'n dokter. So-iets.

Of was dit toe die vrou in die rystoel en haar man met die olierige rooi hare oorkant die straat weer so ontsettend baklei het, en Ma hulle weer uitmekaar gaan haal het? Hulle het geskree en goed gegooi en gevloek en Ma het oorgehardloop nog met haar handsak onder die arm vasgeknyp.

Daar was een Saterdag dat dit erger as tevore was, onthou sy. Toe sy en Ma eintlik oppad was busstop toe om te gaan fliet. Selfs van die ander bure het uitgehardloop gekom. Wanneer die bure baklei het, het sy altyd gesê: “Wat van die kinders?” Hulle het twee kinders gehad, 'n dogter en 'n seun. Emma onthou hoe verskrik hulle in die tuin gesit het wanneer hulle ma en pa so baklei. Wat was hulle name nou weer? Haar ma het ook gedurig die kinders laat oorkom om by Emma te kom speel. Maar dan het die dogter vir Emma afgeknou en rond gehiet en gebied. As sy by haar ma gekla het, het sy gesê Emma moet hulle wys mens kan op ander maniere reageer as met geweld, anders leer hulle net een manier by hulle ouers. En as daar merke was waar die buurdogter haar geknyp het, het Petro dit “gesond gesoen”.

“Sien?” het sy dan gesê.

“Nee,” het Emma nukkerig gesê.

Toe Ma daardie Saterdag terug gekom het na haar vredessending (sy het altyd gebly tot hulle afgekoel het), was dit te laat vir die fliet en Ma te moeg om met die bus stad toe te gaan net vir tee en skons in 'n tearoom, het sy gesê.

Emma was dan nors en Petro het gesê sy is 'n moeilike tiener, sy is selfsugtig, en uiteindelik het Emma sleg gevoel omdat sy kwaad was vir haar ma, onthou sy.

Dankie Vader haar ma was nie ook die kerktipe nie, dink sy. Dán sou haar skuldgevoelens éers goed ontwikkel het.

Emma was skaam omdat haar ma of pa haar elke Sondag net by die kerk afgelaai het en nie meer self ingekom het nie. Mense het agter hulle hande gepraat van die Jonkers. Eers toe Pa met Marina getrou het, het hy weer begin kerk toe gaan. Hy het gesê Marina het hom gered. Miskien is dit wat hy bedoel het.

Eenkeer het een van die kinders in haar katkisasieklas vir haar gesê haar ma is 'n

kaffeboetie. Vlooi, die outjie wat 'n paar strate van hulle af gebly het en haar vriend was, het gedreig om die ou te donder. Emma was in trane. Sy onthou Vlooi se onbeholpenheid toe hy probeer troos het. Hy het haar onvermoeid beskerm. Sy was die enigste kind wat 'n lyfwag nodig gehad het.

Toe haar ma besorgd was oor haar rooigehulde oë toe sy by die huis kom, was sy weer kortaf en onvriendelik met haar ma. Haar ma het gesug en 'n magtelose wuifgebaar gemaak. Al weer die moeilike tiener. Maar Emma het niks gesê oor die voorval by die Sondagskool nie.

Toe Verwoerd vermoor is, was almal op straat en in die winkels stil geskok en tranerig. Sy en Vlooi het daarvoor gepraat en sy het vertel dat haar ma glad nie hartseer is oor dr Verwoerd se dood nie. Selfs Vlooi was daardie dag geskok.

Haar jeugdige beskermer. Sy wonder wat van hom geword het.

Waar was Pa wanneer sy so beneuk was met haar ma? Sy kan nie onthou nie. Hy was dikwels nie by die huis nie. Sy onthou wel hoe hy haar kom troos het as sy nukkerig en sweterig van woede iewers gesit en broei het elke keer as sy en haar ma verskil het van opinie. Sy onthou sy rook- en sweetreuk en sy groot hande.

As dit vrugtetyd was het hy vir haar vye gepluk van die boom voor die agterdeur, of appelkose – mooi afdespoel en oopgebreek om seker te maak daar is nie goggas in die vrugte nie. En, besef sy, dikwels het sy haar woede op hom ook uitgehaal, hom kortaf en ondankbaar behandel en skouerophalend laat wegloop.

Sy voel hoe haar wange gloei van skaamte toe sy hierdie gewaarwording kry. Ek was self ook maar 'n boelie. Is sy dalk nog steeds? Sy weet nie.

Vergewe my my tekortkominge, ál my talle skulde, dink sy. Soos ek my skuldenaars vergewe. Behoort te vergewe. Sy besef sy het 'n probleem met vergifnis. Waarskynlik omdat sy so bewus is van haar eie onvolmaaktheid, is dit moeilik om ander mense hulle s'n te vergewe.

Sy haal haar selfoon uit haar kamerjas se sak uit en tik vir Evert 'n sms: "Hallo, lover. Dankie vir gisteraand."

Vyftien

Emma besluit om by die Tuks regsbiblioteek 'n draai te gaan maak. Sy is in Pretoria om nog goed van die boedel af te handel, vorms te teken, en het vroeg klaargemaak.

Sy is dankbaar toe sy parkering naby die biblioteek kry. 'n Goeie teken, dink sy.

Groepies studente in byderwetse klere stap verby en sit saam op trappe. Sy voel skielik oud, asof sy uitstaan soos 'n seer vinger. Sy kyk stip voor haar op die sypaadjie en stap so vinnig as wat sy kan na haar eindbestemming toe.

By die biblioteek sukkel sy om in te kom; kan nie die swaaihek beweeg kry nie. 'n Aantreklike swart meisie agter 'n toonbank kyk op en beduie fronsend vir haar om na die ingang aan die anderkant te gaan. Emma bloos en stap om.

Die biblioteek is vol rakke met indrukwekkende leergebonde volumes regsverslae. Sy voel onhandig en nog meer belaglik. Dalk sal sy dit maar los dink sy. Maar sy het tog nou al die pad gekom, sy kan net sowel probeer om te sien of sy iets meer omtrent die koerantknipsel wat sy tussen Petro se goed gekry het, kan uitvind. Sy sal so 'n uur lank probeer, besluit sy, dan vinnig 'n toebroodjie gaan koop by die kafeteria, en dan huis toe.

Sy vra hulp by die jong dame agter die toonbank wat haar met ingehoue ongeduld begelei na 'n rak, haar hand swaai oor die volumes van die laat vyftigs en vroeg sestigs. "You'll have to search. Not all the minor cases are here, though."

Emma mompel dankie en vat 'n paar volumes na 'n lang houtleesbank. 'n Oosterse man sit aan die ander kant en blaai lusteloos deur 'n boek. Aan die ander kant sit twee jong swart mans en blaai deur boekies met die Suid-Afrikaanse grondwet en wys vir mekaar fluisterend sekere gedeeltes uit. Emma herken die grondwetboekies want sy het self een by die huis. Sy wens sy kon hoor wat hulle bespreek. Hulle lyk so ernstig.

Die studente lyk almal so gemaklik in hulle velle, dink sy. Ek was nie so toe ek geswot het nie. Op universiteit was sy vet en geïsoleerd en nog vol pyn en woede oor haar ouers se egskending. Sy onthou dat sy soms gevoel het asof sy in 'n plastiekbord leef en die deur die membraan wat haar van ander mense skei, kon breek nie. En nog steeds voel ek ongemaklik en skaam tussen hierdie jong mense wat soveel bravade uitstraal. Selfs die mollige meisies dra stywe klere. As sy darem dink hoe sy probeer het om haarself onder wye hemde en rompe weg te

steek.

Haar maag skree skielik en sy loer verleë rond, besluit om te fokus op die boeke voor haar sodat sy hier kan wegkom en gaan eet.

Emma kan nie agterkom hoe om enigiets op te soek in enige van die boeke nie. Daar is nie 'n indeks nie. Dit lyk asof dit eintlik net appèlhofsake is. Soms is die verslae in Afrikaans, meestal in Engels. Al die verslae is gedetailleerd en woordryk en nie een kan haar aandag voluit hou nie.

“Rules governing devolution of intestate estates of deceased natives,” lees sy. Een van die respondente is “the Minister of Bantu Administration and Development”. “Criminal law ... murder ... extenuating circumstances ... accused of on the spur of the moment recklessly stabbing in vital part ...” lees sy verderaan. Sy giggel onwillekeurig en kyk verskonend op na die ander mense om haar.

Niemand lyk gesteurd nie. Die Oosterse man oorkant haar lê nou op sy arms en slaap. Sy hoor sy diep asemhaling. Die mans aan haar linkerkant praat steeds fluisterend.

Emma besef sy sit wel al amper 'n uur lank en oplees. Maar daar is nie 'n teken van die Staat teen 'n Abraham Willem van Niekerk nie, geen ooggetuie genaamd Johanna Petronella Moller nie. Die saak is seker nie appèlhof toe nie.

Emma voel lomerig omdat haar bloedsuiker te laag is van honger. Sy sal dalk eendag terugkom om te kom hulp vra om die saak op te soek. Of dalk ken Evert 'n prokureur of advokaat wat haar sal kan sê hoe om dit te doen. Is sy een neef nie 'n egskeidingsprokureur nie? Sy kan nie onthou nie.

Op pad huis toe voel Emma skielik moeg. Haar pa sê altyd *moeg en der dagen sat*. Gewoonlik van 'n lewelose objek, soos een van sy karre, sal sy toegee. Maar so voel sy vandag. Asof alles van die laaste tyd, haar ma se onverwagse dood, die begrafnis, die Spikkel-ontdekking, Evert en sy eis vir 'n kind, alles net te veel word. Dis vir Emma 'n bekende gevoel; die onverwagse moegheid is die depressie waarmee sy 'n leeftyd lank al sukkel, van adolessensie af.

Eenkeer het sy vir haar ma vertel hoe sy voel en sy het lank na Emma gekyk. “Jy moet rus kry,” het sy gesê, “gaan klim in die bed dan bring ek vir jou lekker warm sjokolade.”

By 'n verkeerslig in Sunnyside verkyk sy haar aan hoe die omgewing verander het. Alles is soveel meer vervalde as wat sy onthou. In die een winkel is 'n haarkapper met 'n handgeverfde

uithangbord. Die winkelvenster is vol tydskrifprente geplak met Afrika haarstyle. 'n Man leun teen die deur. Hy is baie maer en donker van gelaat. Hy dra 'n swart gebreide mus, maar hy het dit nie laag afgetrek en die rand omgeslaan nie. Die mus sit ongeërg vlak op sy kop en staan met 'n lang punt orent, soos 'n stingel. Hy lyk vir Emma soos 'n lewendige, soet ryp pruim.

Aan weerskante is straatkafees met plastiekstoele waar mense sit en lag en gesels. Die sypaadjie is bemors met papiere en ander vullis. Ook die tafels is maar vol papiere en leë glase; die skuim van die biere is nog sigbaar om die rande van die glase. Baie harde musiek met swaar dromklanke weergalm uit een van die kafees. Emma voel dat haar kar eintlik vibreer van die harde musiek.

Die verkeer is baie swaar en sy besef dat sy in spitsverkeer is. Sal sy eers iewers gaan koffie drink of maar deurdruk huis toe? wonder sy.

Sy is moeg en geïrriteerd toe sy by die huis kom. Evert sit vir haar en wag op die stoep.

“Hoe het dit gegaan? Enigiets wys geword?” vra hy.

Sy vertel hom en hy klik sy tong simpatiek op al die regte plekke. Hy is 'n goeie man, dink sy toe hy vir haar 'n glas wyn gaan skink.

Evert kom terug met twee glase en die bottel wyn en 'n plat pakkie in bruin papier toegedraai onder sy arm. “Ek het vir jou 'n persent gekoop,” sê hy.

“Regtig? Wat?” Sy is onkant betrap.

Evert hou die pakkie na haar toe uit.

Sy voel dat daar iets sag onder die bruin papier is. Toe sy die papier aftrek sien sy dit is bubble wrap. Sy trek dit ook gretig af.

Evert is nie die soort man wat haar toegooi met juwele en geskenke nie. Hy vergeet dikwels haar verjaarsdag en sy het al begin om hom vroegtydig te herinner, anders is hy erg verleë. Maar wanneer hy wel 'n onverwagse geskenk gee, is dit altyd 'n deurdagte gebaar.

Dis 'n klein olieverskilderytjie van 'n pastorale scène in 'n breë houtraam. Dis 'n laatmiddag toneel iewers op 'n karooplaas. In die voorgrond stap 'n troppie skape op 'n grondpad langs 'n lendelam doringdraadheining. In die agtergrond is 'n klein plaasopstal met 'n rooi dak en 'n laning bloekombome agter die huis. Die prent straal rustigheid en vredigheid uit.

“Ek het gedink dis mooi. En dis soos 'n klein paradystoneel. Ek kan die stof ruik en die karoobossies en die bloekoms hoor wieg in die wind. Dit het my aan jou laat dink.” Hy glimlag

na haar toe, effens versigtig, asof hy bekommerd is dat sy nie van die geskenk sal hou nie, iets snedig sal sê, asof sy dit sal verwerp.

Emma voel weer die beklemming wat sy gevoel het toe sy onthou het dat sy soms 'n boelie kan wees.

“Dankie, Evert,” sê sy, “dis pragtig. Dankie.”

“Plesier,” sê hy en sy kan hoor hy is verlig. “Kom ek vat jou nog uit vir ete ook, toe. Ek is nie lus vir kook nie en jy is te moeg daarvoor. Dit sal lekker wees om bietjie uit te kom.”

“Hemel, babe, dit klink of jy slegte nuus het.”

Hulle lag en Emma hou Evert se hand in haar skoot vas.

Hulle sit op 'n stoep wat 'n uitsig oor die stad het. Dis koud, maar hulle sit onder 'n gasverwarmer. Emma vou haar baadjie styf om haar.

“Kry jy koud? Moet ons liewers binne gaan sit?” vra Evert besorgd.

“Nee, dis nice hier. Die uitsig is so mooi.”

Evert vul hulle glase weer met die chardonnay wat hulle drink terwyl hulle wag op hulle kos.

“Dink jy daar is iets van die vredigheid van die painting wat jy gekoop het ook hier, in die stadshorison?” vra Emma en vee met 'n wye gebaar oor die stadliggies. “Ek dink nogal so. Dis asof mens nie kan dink dat daar gevaar skuil in 'n donkerte met soveel helder skitterende ligte nie,” antwoord sy haar eie vraag.

“Een van my kollegas se suster is in haar huis aangeval terwyl sy gelê en slaap het.”

“Ag nee.” Sy trek haar mond op 'n plooi en skud haar kop meewarig.

“Em, as ons 'n kind kry, dink jy ons moet emigreer?”

Emma is verbaas. Dis die eerste keer dat Evert iets van dié aard sê. “Emigreer? Sjoe, waarheen?”

Hy trek sy skouers op. “Australië? Sal 'n kind 'n toekoms hê hier? Ek wonder partykeer.”

“Ag nee, ek wil tog nie daarvoor dink nie. Ek wil nie iewers heen gaan nie. Dink jy regtig dit is nodig?”

“Dis so gevaarlik hier. Ek weet ook nie, maar dalk moet ons daarvoor dink.”

“Is dit nie maar orals gevaarlik nie? Is dit nie maar die ouwêreldse idee van 'n veilige wêreld wat ons moet opgee nie?”

“Ek dink dis dalk ook hoekom ek so baie van die painting gehou het. Dis ouwêrelds, soos jy sê.”

“Hmmm,” beaam sy, “voor mens uitvind hoe gemeen mense is. Tot hoeveel geweld hulle in staat is.”

Evert knik instemmend.

“Die verlore paradys,” sê Emma.

’n Vriendelike kelner bring hulle peri-peri hoender en skyfies en hervul hulle glase. Evert gesels met die man en verneem dat hy ’n Zimbabwiër is wat in Hillbrow woon en in twee restaurante werk in opeenvolgende skofte.

Emma voel hoe haar maag ’n knop trek. “Hoe sal jy die uitsig hier beskryf?” verander sy die onderwerp. “Ek bedoel, met ’n cliché soos speldekoppe, diamante, sterre?”

Evert dink vir ’n ruk lank oor haar vraag. “Nee,” sê hy dan, “soos die gevlegte haartjies op ’n ronde, bruin kop van ’n mooi swart meisie. Jy weet, wanneer hulle hulle hare in stywe rytjies vleg? Met sulke eweredige bolletjies in die rye. Ek sien baie klein dogtertjies se ma’s doen hulle hare so. So is die nagligte vir my: soos blink knoppies op so ’n meisie se donker koppie,” sê Evert en suig ’n hoenderbeentjie af.

“Hmmm,” sê Emma. “Onthou jy toe ons gekamp het in die Wildtuin?”

Evert knik.

“Die aand toe ons buite gesit het en daardie enorme ystervark so voor ons verby geloop het?”

Evert knik weer.

“Kan jy onthou hoe sy penne geritsel het? Soos kristal en wind. Sjoesss ...” Emma beduie met haar hande en lag. “Die stadsliggies laat my daaraan dink. Wonderlik en gevaarlik.”

Vir ’n ruk lank eet hulle in stilte aan hulle sterk gekruide hoender en drink wyn.

“Het jy die Van Niekerk persoon al gegoogel?” vra Evert en wikkel sy vingers in die vingerbakkie.

“Nee, ek het nie daaraan gedink nie.” Sy kyk gefassineerd hoe die water in die vingerbakkie verkleur na oranje.

Sestien

Toe hulle later effens dronk en giggelrig by die huis kom, gaan skakel Emma die rekenaar aan terwyl Evert vir hulle koffie maak.

’n Google-soektog na Abraham Willem van Niekerk lewer niks van hulp op nie. Daar is ’n paar webwerwe met ’n lys van deelnemers aan die slag van Bloedrivier met ’n paar Van Niekerks as manskappe gelys, maar nie een Abraham Willem nie. Verder is daar talle genealogiese webwerwe waar die name of die van voorkom. Sy gaan kyk op Facebook ook. Daar is geen resultate vir die soektog nie.

Sy tik ook “Spikkel Fourie” is vir ’n soektog, maar vind niks wat eers interessant genoeg lyk om enige tyd op te spandeer nie. Sy blaas vinnig die aftog.

“Drink vinnig,” sê Evert toe hy die koffie met ’n skeurtjie brandewyn in vir haar aangee.

“Hoekom?” sê sy en leun agteroor, blaas met tuitlippies die koffie koud en neem klein slukkies.

“Dan gaan maak ons ’n baba,” sê Evert en lag.

“Ek is lief vir jou, Emma,” sê Evert en streel oor haar gesig.

Sy lê in die waai van sy arm. Dis stil en die bedlampie gooi ’n goue gloed oor hulle.

Emma voel weer hoe haar maag saamtrek. Soms wens sy Evert wil niks sê nie, dat hy net die intimiteit tussen hulle kan geniet, sonder om verder te gaan, groot stellings te wil maak.

“Wat beteken dit tog, Evert?” Sy skuif haarself uit sy arm uit en gaan lê op haar eie kussing, haar liggaam na hom toe gedraai.

“Ek verstaan nie?”

“Liefde. Wat beteken dit? Ek sien dit het so half mode geword vir mense om aanhoudend vir mekaar te sê ‘ek is lief vir jou’. Net soos die Amerikaners. Maar wat beteken dit? Kan jy dit definieer aan die hand van ’n konkrete voorbeeld? ’n Metafoor?”

“Wat bedoel jy?”

“Jy sê so maklik jy het my lief. Ek is nie altyd seker wat jy daarmee bedoel nie. Wanneer ek nie so insiklik is nie, het jy my dan minder lief? Is liefde soos ’n groot honger wat die ander persoon wil insluk en verorber? Of wat?”

Evert lag en skud sy kop. “Jy wil nou net moeilik raak, nè. Skoor soek.”

Vir 'n ruk lank lê hulle woordeloos en kyk na mekaar. Evert het byna instinktief sy lyf reguit getrek, asof hy op aandag staan. Emma lê met haar hande voor haar gesig, en die vingers krul losweg na binne, byna soos vuiste.

“Ek sal jou wys waaraan dink ek as ek aan liefde dink,” sê Emma en staan op. Sy gooi haar kamerjas oor haar skouers. Daar is 'n effense byt in die lug. Sy stap sitkamer toe en gaan soek tussen haar versameling Cd's na 'n spesifieke CD.

Sy kom weer die kamer binne met haar draagbare radio en CD-speler wat sy op die stoel by die voetenent van hulle bed neersit, en die elektriese prop in die muurprop druk. Dan sit sy die CD in die speler en gaan klim weer langs hom in die bed.

Evert lê nou en kyk na die dak.

“Luister,” sê sy en sit haar hand op syne wat hy op sy bors gevou het.

Die klanke van 'n viool vul die vertrek.

“Tchaikovsky se vioolkonsert in D-majeur, opus 35, soos gespeel deur die begaafde Chinese violis, Kyung Wha Chung. Die eerste beweging, Allegro moderato. Luister ...” Emma trek sy hand van sy bors af en vou dit met al twee haar hande toe. Dan begin sy saggies kommentaar lopende lewer op die musiek: “Hoor hoe gemaklik en romanties is dit. Dis aan die begin. Wanneer liefde en geluk pas gevind is. Luister hoe groot en mooi en melodieus is die klanke.”

Evert draai op sy sy en kyk na haar, sê niks. Sy druk sy hand plat oor haar bors en dirigeer lomp saam, haar oë toe. “Hier en daar is daar vlugtige wanklanke, maar die geheel wonderbaarlik inspirerend. Dit vul 'n mens totaal met vreugde, opwinding, afwagting, ekstase. Orgasme.”

Evert lig sy hand van haar af en druk dit onder sy kop in waar hy lê en kyk na haar.

“Hoor nou ... die viool begin algaande meer en meer alleen speel. Die orkes verdwyn vir lang tye ... Speels, soos 'n kind wat dans, dartel ... dis byna te veel om te verduur ...

“Daar begin die fluit, saggies, volwasse, dis asof die jeugdige oordaad skielik weg is. Dis kleiner klanke, met groter wysheid, insig.”

Evert hou haar stip dop. Hy kyk na die grasiëuse beweging van haar arms en hande waar sy lê en soms saam met die musiek dirigeer. Hoe haar borste beweeg wanneer sy haar arms beweeg.

“Daar bereik die melodie 'n klimaks! Maar reeds lank voor die einde is dit met minder

vertoon, asemloos, vervul, asof alles wat saak maak bereik is. Hoor die ekstase, oorgawe ... alles in net sewentien minute.”

Emma lag en draai na Evert. Daar is ’n blos op haar wange.

Evert druk sy hand onder die duvet in en begin haar onderlyf streel. Hy leun oor en wil haar soen, maar sy draai haar gesig weg. Sy laat hom egter toe om haar lyf te liefkoos.

“Wag nou, hoor eers die tweede beweging, die andante. Steeds romanties maar gedrae. Daar is ’n aanduiding van droefheid, hoor jy?”

Evert begin haar borste soen en speel met sy tong oor haar tepels. Emma trek haar ruk krom en kreun, maar sy keer hom nie. “Hemel, Evert, kry jy nooit genoeg nie?” sê sy sag.

“Jy vra dan vir ’n praktiese voorbeeld van hoe ek liefde sien,” sê hy en lag. Hy klim oor haar terwyl hy haar bene ooptrek en kniel voor haar.

Sy gesig is baie na aan haar en sy hou haar oë oop, bestudeer sy gesig. Evert knyp sy oë toe en haal hard asem deur sy neus.

Emma druk haar een hand in sy hare in en trek sy kop agtertoe sodat sy sy gesig beter kan sien. Dit lyk vir haar asof hy gemaklik beweeg, asof dit geen inspanning is nie, maar hy is afgesluit van haar, ingekeer in homself, gefokus op die ritme van sy lyf, op sy lyflike plesier.

Emma druk haar pelvis vorentoe. Sy vat Evert se hand waarop hy nie leun nie en druk sy vingers in haar mond, suig saggies daaraan. Sy bly sy gesigsuitdrukking bestudeer.

Skielik maak hy sy oë oop en kyk haar in die oë. Hy stu hard vorentoe, asof hy dwarsdeur haar wil druk. Emma kan nie sy gesigsuitdrukking lees nie. Dit lyk vir haar leeg.

“Antwoord dit jou vraag, liefling?” sê hy hees. Voor sy iets kan sê maak hy ’n roggelgeluid diep uit sy keel uit toe hy sy klimaks bereik.

Sy lag en vryf oor sy hare.

“Hoekom sê jy droefheid, Em? Hoekom hoor jy dít in die musiek wat vir jou liefde uitbeeld?” vra hy reeds byna aan die slaap.

“Want mens bly alleen,” antwoord sy.

Evert maak sy oë oop, tilt sy kop op na haar toe, skud sy kop. Dan draai hy om op sy sy en trek die kussing onder sy kop in. “Lekker slaap, Emma,” sê hy.

Evert slaap al lankal diep, doodmoeg, dink Emma. Sy kan egter nie tot ruste kom nie. Sy voel bietjie seer na hulle baldadige aand in die bed. Sy wonder of sy nie dalk ’n blaasinfeksie gaan

oorhou nie.

Sy vou die duvet versigtig terug en staan op, trek haar kamerjas en pantoffels aan en tel die Cd-speler op. Dan loop sy ligvoets uit die kamer uit. Sy voel met haar hand teen die muur na die ligskakelaar in die veel donkerder gang, oriënteer haarself, skakel weer die lig af en stap dan sitkamer toe. Sy gaan nie maklik geslaap kry nie. Die Tsjaikowski het haar balans versteur.

In die kombuis skink sy vir haar 'n brandewyn en Coke. Sy verwonder haar aan die intensiteit van die klank van haar beweging so diep in die nag: die afdraai van die bottelprop, die oopmaak van die yskasdeur, die sis van die gas in die koeldrank toe sy die plastiekbottel se prop afdraai, die kraak van die ysblokkie wat sy uit die yshouer uit druk en die plons van die ys toe sy dit in die drankie gooi. Selfs die sagte zoem van die buislig in die kombuis is vir haar meer opvallend as gewoonlik.

In die kas in die eetkamer se boonste laai kry sy die CD-speler se oorfone en is verbaas dat sy kon onthou waar sy dit so lank terug al ingedruk het. Dis nie die soort detail wat sy gewoonlik onthou nie.

Sy druk die oorfone in die CD-speler, gaan sit op die bank in die donker en luister na die musiek.

Die viool speel in haar skedel. Dis 'n bietjie asof warm sjokolade oor haar hare loop. Sy voel asof sy en die musiek saamsmelt.

Emma was seker vyftien, sestien toe sy die concerto vir die eerste keer gehoor het, of vir die eerste keer onthou dat dit 'n indruk op haar gemaak het. Tóé nie omdat sy dit met die konsep van liefde assosieer nie. Dit was na die begrafnis van die onbekende swart man, soos Petro dit genoem het.

Dit was vroegoggend, voor skool, toe die man aan die voordeur klop. Emma het die deur oopgemaak. Dit was Miemie de la Harpe se pa. Hulle bly aan die onderpunt van die bult in die groot huis op die hoek. Emma en Minette het dieselfde skooltas en een middag het sy per ongeluk Minette se tas huis toe gevat. Sy en haar pa het later die aand haar tas teruggebring. Hy was onvriendelik, verontrief.

Minette-hulle het 'n groot tuin met 'n visdam en struik wat in patrone gesnoei is al langs al die paadjies. Emma was een middag uitgenooi na haar verjaardagpartytjie. Emma wou nie gaan nie. “Ek ken haar nie eintlik nie, Ma.”

“Ag, Emma, sy is ook ’n enigste kind en sy het nie regtig vriende nie. Wees gaaf en gaan tog maar. Liefdevolle gaafheid, onthou,” het Petro gesê.

Ek is ook ’n enigste kind sonder vriende, het sy gedink.

“Is jou ma hier?” het Minette se pa gevra sonder om te groet. Hy was in ’n pak klere sonder die baadjie. Sy das was nie baie netjies vasgemaak nie. Sy kort grys kuif het byna penregop om die kroontjie op sy voorkop gestaan.

Sy het geknik en bly staan.

“Wel, roep haar,” het hy ongeduldig gesê.

“Asseblief,” het sy gesê en na hom gekyk.

Vir die eerste keer het hy haar reguit in die oë gekyk. Emma het omgedraai en haar ma gaan soek.

Haar ma het haar weggestuur met ’n handbeweging toe sy met mnr. De la Harpe gepraat het, maar sy het in die gang gaan staan en luister.

Mnr. De la Harpe was saaklik. Hulle tuinier het vir twee dae al nie kom werk nie en vanoggend het hy die bediende gestuur om in sy kamer te gaan kyk. Die man was dood in die agterkamer. Dit lyk asof dit weens natuurlike oorsake is. Dalk ’n hartaanval of iets.

Petro het hom nie ingenooi nie. “Jy moet die polisie bel om die liggaam te kom haal.”

“Nee, dit het ons al gedoen. Hulle het hom klaar staatslykshuis toe gevat. Die distriksgeneesheer moet nou ’n lykskouing doen. Maar hoe gaan mens verder?”

“Ek sou dink ’n mens sal begin en maar sy familie bel, Victor.”

“Ek weet nie waar hulle is nie.”

“O? Hoe lank het hy by jou gewerk?”

“Twintig jaar sou ek skat.”

Daar was ’n oomblik stilte. “Dan seker sy kerk.”

“Hoe sal ek nou weet in watter kerk was hy?”

“Magtig, Vic, jy het tog seker iets van hom geweet?”

“Hy was ’n goeie werker. Sober. Hy het in die buitekamer gebly. Dis wat ek weet.”

“Wat was sy naam?”

“Klaas.”

“Klaas wie?”

“Ek weet nie.”

“Was hy wettig?”

“Natuurlik.”

“Kyk of jy nie sy pasboek kry nie. Kyk in sy kamer.” Daar was stilte. “Vra die bediende om te kyk.” Emma kon die staal in haar ma se stem hoor. “Die een wat jy gestuur het om hom in sy kamer te gaan soek.”

“Kyk, Petro, ek sal so maak. Ek het gedink jy sal weet hoe kry mens so ’n mens begrawe, dis al.”

Petro het gesug. “Ek sal ds. Smit van die Mamelodi gemeente bel. Ek sal hom vra wat kan ons doen. Ek sal laat weet.”

Emma het gehoor hoe die man wegloop, die tuinkekkie toemaak. Sy het na haar ma toe gestap. Petro het baie regop gestaan en die man agterna gekyk. Haar lippe was in ’n dun lyn gepers. Toe sy omdraai en Emma sien, het sy gesê: “Is jy reg vir skool? Dis laat.”

Die argumente in Ben en Petro se kamer vir die res van die week was oor die swart man. Ben se stem skril, Petro s’n gedemp.

“Jy wil wát?”

“Ek wil die man begrawe, Ben. Omega sê dit sal net so oor ’n duisend rand kos.”

“Net ’n duisend rand. Nét. Het jy die man geken?”

“Niemand weet enigiets omtrent die man nie, Ben. Hy het ’n leeftyd by die De la Harpe gewerk en hulle wil net hê die probleem moet weggaan.”

“Hulle kan daarvoor betaal.”

“Hulle sê nee.”

“Ek sê ook so.”

“Here, Ben, die man is ook ’n mens.”

“Volgende is dit seker nog tweeduisend vir ’n grafsteen ook? Wat van ons kind, Petro? Wat van haar toekoms, haar opleiding. Wat van net ’n verdomde vakansie by die see vir die gesin? Beteken hierdie swart mense aan wie jy al jou energie spandeer, en nou sommer ook ons geld, vir jou meer as ons?”

“Jy is onbillik!”

“Jy vat hierdie dienaar-ding van jou te ver, Petro.”

Daar was deure wat vererg toegemaak is. Dalk was dit waar Ben se slapery op die matras in die sitkamer begin het, Emma is nie seker nie. Sy vermoed dit was al vroeër.

Dit was 'n week later dat haar ma haar gevra het om haar hokkieoefening die middag op te gee en direk na skool huis toe te kom.

“Hoekom?”

“Want ek vra jou.”

“Ons speel die naweek wedstryd.”

“Emma, ek vra jou om direk na skool huis toe te kom.”

“Ja, Ma.”

Dit was 'n warm, onnoemenswaardige middag. Petro was stil in die kar. Sy het 'n kortmourok met 'n v-nek wat redelik laag gesny is en haar bors se kloof net-net wys, aan. Die rok is bedruk met 'n patroon van groot bruin blomme. Emma kon sien dat haar boarms sag is, dat haar maag 'n klein boepie maak onder die stywe bostuk. Haar hande was onrustig op die stuurwiel, haar naels kort en plek-plek gekou.

Sy was geïnteresseerd in die rit want dit was Mamelodi toe, 'n plek waar Emma nog nooit was nie en nie kon dink dat sy ooit sou kom nie. Haar ma het net gesê dis waarheen hulle gaan en verder was sy afwesig. Emma moes die aanwysings van 'n stuk papier af lees.

Dit was nie moeilik om te sien waarheen hulle moes gaan toe hulle by die begraafplaas kom nie. Daar het 'n vragmotor gestaan en agt swart mans in groen oorpakke het reeds 'n ry geel dennehoutkiste afgelaai. 'n Kort bleskop man het vriendelik met die mans gestaan en gesels.

Toe hulle by die kiste kom, kon Emma sien elke kis het iets met pers bordkryt op geskryf. Soms 'n nommer, soms 'n woord. Dit was vir haar meestal onleesbaar.

Haar ma het haar aan dominee Smit voorgestel en hy het haar hand geskud. Sy was dadelik vreeslik skaam. Maar hy en haar ma het dadelik van haar vergeet en gedemp met mekaar gepraat. Die lug was droog in haar keel en sy was dors.

Die werkers het een van die kiste na 'n graf toe gedra en haar ma het haar aan die skouer agterna gestoot. Op die kis was geskryf “onbekend” in ronde pers letters.

Die dominee het gevra dat die werkers saam met hulle by die graf kom staan. Die elf van hulle het stil gestaan terwyl die dominee 'n kort stukkie uit die Bybel lees. Emma kan baie goed onthou wat hy gebid het: “Here, ons almagtige God en Vader, ons staan hier by die oop graf van

’n onbekende man. Party mense het hom geken as Klaas. Ons het hom nie geken nie. Maar ons dank u dat hy hier was. Neem hom terug in u boesem, Here en wees hom genadig. Amen.”

Emma was bewus van die populiere se reuk wat haar aan verkoue laat dink het, van die koer van die vet duiwe, van die sweetreuk van die werkers, van die modder van die vars grafte, van haar ma se Eau de Cologne. Van Klaas in die nou houtkis met die touhandvatsels. Haar keel het toegetrek van vrees.

Toe sy opkyk het haar ma met ’n geboë kop gestaan. Sy het vorentoe geleun en met haar vingerpunte aan die kis geraak.

Toe hulle wegry uit die begraafplaas het Emma omgekyk en gesien dat die werkers meer as een kis in dieselfde graf sit. En dat hulle lag en praat, en sy het gewonder of hulle vir haar ma lag. Sy het warm in haar nek geword van skaamte.

Daardie aand het haar pa eers lank na donker huis toe gekom. Petro het vir haar en Emma meat loaf met mosterdsous en ertjies gemaak en ’n plaat met die Tchaikovsky vioolkonsert hard gespeel. “Hoor hoe mooi is dit,” het sy gesê. “Ter ere aan die onbekende swart man, sy ongeleefde lewe.”

“Sy naam was Klaas,” het Emma gesê.

“Sy naam was g’n glad nie Klaas nie. Dis maar wat mense hom genoem het, dit was nie sy naam nie. Ons weet nie wat was sy regte naam nie.”

Emma het niks gesê nie, want die musiek het haar skielik met verwondering gevul. Sy het niks van klassieke musiek gehou nie, maar hierdie stuk het haar asem byna weggeslaan.

Sewentien

Ah, die vreugde van mooi, fyn onderklere, dink Emma en verlustig haar aan die sensasie van die syerigheid teen haar badwarm lyf. Dis 'n seegroen bra en onderbroekie van sy, omboor met fyn kant waarvoor sy 'n obsene klomp geld betaal het.

Dit is een van die goed wat sy by Wieda geleer het, besef sy. Sy het gesê hoe ouer mens word, hoe meer ontnugter word jy, en dat daar in werklikheid net 'n paar goed is wat die lewe die moeite werd maak: musiek, boeke, mooi onderklere, goeie kos en wyn. “Mooi goed, jy weet. Kuns en so. En ek bedoel goeie wyn, nie daardie batterysuur wat partykeer vir witwyn deurgaans nie,” het sy in haar rookomfloersde stem gesê en gelag.

Emma onthou eenkeer toe Wieda weer met nuwe duur onderklere by die huis aangekom het. Sy het haar groot nuwe blink bra rondgeswaai asof sy 'n ontkleedanseres is en Emma en Engela het geskater van die lag. Sy onthou die mollige, wellustige Wieda wat soos 'n tiener giggel en Petro wat geamuseerd haar kop skud.

Dit was gelukkige oomblikke. Soms sou Wieda sing: “Emma, ko' lê ma', sê ma' vi' jou grandma, wat wil jy vir Krismis hê. Emma, ko' lê ma', sê ma' vi' jou grandma, Emma wil 'n biscuit hê ...”

Sy het Wieda se ligsinnigheid liefgehad, dink sy. Sy sal vanmiddag nog vir Engela te bel, reël dat hulle by haar uitkom voor haar verloof verby is.

Emma spandeer die oggend aan e-pos lees en antwoord: Kollegas wat navraag doen oor haar welstand, navrae oor dinge by die werk, Evert se suster wat in Sabie woon wat grappies en gemorspos aanstuur. Op die ingewing van die oomblik het sy 'n paar skole wat sy glo in die omgewing is waar die Van Niekerk-man dalk kon skoolgehou het, gebel. Dalk is daar iewers 'n rekord van hom. Dalk nie.

Meeste van die skole het nie so lank terug al bestaan nie, weet niks van 'n meneer Van Niekerk nie. “No, Madam,” antwoord 'n Mrs. Rakgogo op haar navraag, “never heard of him. Why don't you try the Department?” Sy gee sommer 'n nommer ook.

Dis natuurlik 'n baie goeie idee, dink sy, maar besluit om dit eers later te doen. Sy eindig haar e-kommunikasie met 'n e-pos aan Engela:

Hallo, Engela!

Toe ons nou die dag gepraat het oor my ma, het jy gesê ek moet kom kuier. Staan die uitnodiging nog? Ek is op die oomblik op lang(-erige) verlof, want ek was moeg en hartseer oor my ma, en het gedink dis tyd dat ek bietjie bestek opneem van my lewe, jy verstaan? En dit sal vir my lekker wees om op 'n vliegtuig te spring vir 'n Kaapse besoek. Ek sal hoor wat sê Evert, of hy wil saam, maar hy is so besig om 'n helse dokumentêr oor Bram Fisher te ontwikkel, ek weet nie of hy sal kan saam nie.

Emma is verbaas toe sy besef dis al byna middagete toe sy die rekenaar afskakel. Sy het 'n CD van Bob Dylan in die speler gedruk terwyl sy deur hulle koskaste soek om te sien of sy Evert se lysie van wat sy alles moet gaan koop soos sy onderneem het, kan aanvul. “Come in, she said, I'll give you shelter from the storm ...” sing sy uit volle bors.

Evert se lysie lees:

Grondboontjebotter (waarvoor Mapula so lief is – sy verkies witbrood met peanut butter vir middagete, ongeag wat Emma sê)

Botter (’n mens kan nie kook met margarien nie, sê hy)

Blikke wit bone – alle soorte (vir Evert se bredies)

Knoffel

Chilli paste

Slaai

Chinese peper (hy is lief vir bránd)

Pasta

Toiletpapier

Hoofpynpille

Daar is nie veel meer wat sy kan byvoeg nie. Daar is bietjie skoonmaakmiddels nodig, en sy sal by die tuisnywerheid stop en beskuit koop, maar dis al waaraan sy nou kan dink. Emma weet sy is nie veel van 'n huisvrou nie. As dit nie vir Evert was nie, het hulle van brood en kaas en eiers geleef. En tamaties. Emma is gek na ryp tamaties. Met basiliekruid en kaas.

Toe sy haar sleutels op die rak optel, kyk sy vas in die geraamde troufoto van haar ma en

pa. Sy het die foto lanklaas raakgesien en na haar gesprek met haar pa kyk sy anders daarna. Voorheen het sy gedink Petro lyk strak, nou lyk sy vir Emma verskrik. Maar die foto is nie baie groot nie en die twee figure is van te ver af afgeneem, en dis nie werklik moontlik om hulle gesigsuitdrukkings met sekerheid te ontleed nie. Ben lag sodat 'n mens net tande sien, ongetwyfeld gelukkig, en Petro het net 'n sweem van 'n glimlag op haar gesig en bang oë.

Ben het 'n gestreepte pak aan met 'n nou lapel, en 'n donker das. Daar is 'n blom in sy knoopsgat. Sy hare is nog vol en plat gekam. Hy staan met sy een arm waar Petro ingehaak is plegtig voor hom gevou, en sy ander arm styf teen sy sy gedruk. Hy lag na die fotograaf toe.

Petro is 'n kop korter as haar bruidegom en lyk beslis meer ernstig as hy. Haar neutbuin hare is in een of ander vorm van 'n bolla of 'n rol agter haar kop vasgemaak en beklemtoon haar fyn ore en nek. Sy dra 'n kantrok wat styf oor haar bolyf span, maar wat met fyn pêrelknopies tot onder haar ken toegeknoop is waar die ronde hals in 'n frillerige kragie pap hang. Die rok het 'n klokromp en hang tot by haar kuite. Sy het lomp wit skoene aan en wit handskoene. Sy staan met haar regterhand wat gespanne in 'n effense vuisie gebol is, ingehaak by Ben. In haar ander hand het sy 'n ruiker van drie St. Josefslelies wat met 'n groot strik vasgebind is, en die lint hang in twee krullerige sterte na onder.

Wieda het eenkeer toe sy en Petro een Sondag by hulle geëet het, lank ingedagte na die foto gestaan en kyk het, asof sy dit vir die eerste keer sien, en toe sy omdraai het sy gesê: “Maar dis mos begrafnisblomme wat jy in jou ruiker gehad het, dan nie?” Sy was geamuseerd, en Emma het vinnig na haar ma gekyk om haar reaksie te sien, maar sy het net haar skouers opgetrek en geen verdere kommentaar gelewer nie.

Emma wou graag die rok dra toe sy getrou het, maar dit was te klein vir haar, en die kant van die rok was te fyn en oud om verstellings te verduur. Sy was bitter teleurgesteld, maar haar ma het gesê die rok sou bad luck wees vir haar. Emma was vies vir haar en wou nie verder met haar ma praat oor haar idees vir 'n trourok nie, en Petro het nooit daarop aangedring om betrokke te wees nie. Wanneer Emma iets spesifiek gevra of bespreek het, het Petro deelgeneem aan die gesprek, maar verder het sy vir Emma laat begaan. Sy was seergemaak daarvoor en Evert moes baie paai.

Eenkeer het hy vir Petro gesê hoe Emma voel en sy was verbaas. “Maar Emma hou nie daarvan as ek inmeng in haar lewe nie,” het sy vir Evert gesê, en hy was te sensitief vir die interpersoonlike politiek om met sy aanstaande skoonma te argumenteer. “En dis waar. Jy is

maar hardkoppig oor goed,” het hy bygevoeg toe hy aan haar gerapporteer het, en toe was Emma vir hom ook kwaad vir ’n ruk lank. “Vat jy nou my verdomde ewig afwesige ma se kant? Is jy nie veronderstel om ten minste tot ná die honeymoon aan my kant te wees nie?” En Evert het vrede gemaak op die enigste manier wat hy ken: deur haar om te swaai en op die bank vas te pen en haar liggaam te liefkoos tot sy ontspan.

Vir haar eie troue het sy ’n pêrelkleurige syrok by die liefdadigheidswinkel in Yeoville vir ’n belaglike prys van tweehonderd rand gekoop. Die rok het ’n naat reg voor in die middel en die materiaal is ingetrek vir die hele lengte van die naat sodat die voorkant effens korter as die agterkant is. Sy het gedink dit lyk sexy en die sagte naatplooie beklemtoon haar kurwes, en sy het baie van die kapmoutjies gehou wat soos gordyntjies oor haar boarms gehang het. Sy het kristalle om die randjies van die moue gewerk. Petro het nooit enigiets gesê oor die feit dat sy in ’n tweedehandse rok troue nie, net Marina het haar lippe styf getrek en haar oë gerol toe sy dit vir haar en haar pa vertel. Sy was spyt sy het Marina daarvan vertel. Sy sou nie geweet het as sy niks gesê het nie, want die rok was nie gehawend nie, en haar afkeuring het tog vir Emma ontstel. Een of ander tyd, sy kan nie onthou of dit voor of tydens die onthaal was nie, het sy gehoor hoe sy vir Ben sê: “Dit lyk asof iets die materiaal verskriklik gehaak het en getrek het.”

Sy het niemand anders vertel van die rok nie en iemand by die troue het haar gevra wie was die ontwerper van die rok, en sy het onnodig lank gelag oor die vraag. Die arme vrou wat gevra het het gebloos en waarskynlik gedink sy het iets verkeerd gesê.

Emma het peperduur ontwerperskoene met skerp punte en slingbacks gekoop om haar ongemak met die goedkoop rok te besweer, en was vir dae lank kwaad vir haarself daaroor.

Sy het Dollar Brand se “African wedding song” gespeel toe Ben haar begelei na die podium in die markiestent waar sy en Evert getrou het. Sy weet goed dit het ook vir Marina ontstel en sy het nie omgee nie, maar dat haar ma die Afrika-geur van haar troue goedgekeur het.

Hulle het ’n baie lekker troue gehad. Evert was aantreklik in sy pak klere (nog steeds die enigste een wat hy besit en waarskynlik ooit sal hê) met ’n kraakwit hemp en ’n rooi das. Sy lang krulhare het hy agter sy ore ingedruk en hy het hom blinkglad geskeer. “My mooi eggenoot,” het Emma vir hom gesê en sy wang gevryf. “My mooi vrou,” het hy geantwoord, “ons gaan sulke mooi babas maak.” Emma het gelag en niks daarop gesê nie.

Haar pa het vir hulle twee skape vir goedkoop by een van die boere met wie hy en Marina

vriende is, gekry wat hulle op spitte gebraai het. Evert het al die musiek wat gespeel is gekies en die klankbaan van haar troue was vol blues en rock en ballades. Die hele middag en aand het Emma 'n gezoem in haar ore gehad van sjampanje en adrenalien. Sy het hopeloos te veel gedrink, maar sy kan alles wat gebeur het glashelder onthou. Hoe vrolik almal was, veral Evert, hoe geborge sy gevoel het. Selfs haar pa wat nie daarvan hou om op dieselfde plekke te wees as haar ma nie, was gemoedelik.

Emma onthou skielik twee voorvalle op die troue. Die eerste een is dat toe sy 'n stuk vetterige skaapvleis gestaan en eet het terwyl sy met mense gesels het, het Evert dadelik 'n servet na haar toe uitgehou. "Netnou mors jy op die rok, babe, en moet ons dogter nie haar ma se rok kan dra as sy trou nie?" Sy het dit net weggelag en gesê dit is nie werklik tradisie nie. Sy beseft nou dat sy nooit regtig beseft het dat Evert van die begin af aan kinders gedink het, en dat dit nie werklik ingesink het by haar nie.

Die tweede voorval was dat haar ma baie skerp geraak het omdat Emma 'n bietjie dronk was. Sy kan nie onthou presies wat gesê is nie, wel dat sy onkant gevang was deur haar ma se kommentaar, dat Petro haar byna seer gevat het aan haar boarm en aangedring het dat sy 'n groot glas water sluk. Dit het byna tot 'n gestoei tussen haar en haar ma gelei.

"Ma, dis my troue! Ons hou almal lekker partytjie!"

"Presies, dis jou troue. Moenie jou huwelik dronk begin nie." Emma onthou haar ma was buite verhouding tot haar oortreding ontsteld. Sy het te hard gepraat, 'n paar mense het na hulle gestaar.

Wieda het haar diplomatie kom weglei het en sag met haar gepraat. Evert het ook gaan mooi praat en sy het gekyk hoe hy lank oor Petro se skouers en rug staan en vryf het om haar te kalmeer. Sy het hom nooit gevra wat hy en Petro vir mekaar gesê het nie, net Petro se klein tirade met minagting verwerp en sy wou vir lank nie met haar ma praat nie. Evert was die een wat haar sover gekry het om haar ma te vergewe eers seker twee weke nadat hulle teruggekom het van hulle wittebrood in Mosambiek. Hy het vir Petro en Wieda genooi vir ete en 'n skaappotjie gekook.

Petro het nooit verskoning gevra nie, beseft sy nou. En niemand het ooit weer oor die voorval gepraat nie.

Agtien

Tot haar stomme verbasing spoor Emma redelik maklik 'n persoon by die onderwysdepartement op wat bereid is om te help om Abraham Willem van Niekerk op te spoor. Dit kos net 'n klein wit leuentjie. “Dis 'n oom van my, Mevrou, met wie ons kontak verloor het.”

Mevrou Venter klink vir haar soos 'n ronde, moederlike vrou. “Ek weet waar om te gaan soek, gee my jou nommer en ek bel jou terug.” Emma voel byna skuldig oor die leuen.

Sy gaan maak vir haar tee en net nadat sy haar leë koppie neergesit het, lui die foon.

“As ek die regte Van Niekerk het, het hy vir baie jare skoolgehou by Hoërskool Randburg. Amper dertig jaar, ja. Geskiedenis departementshoof. Hy is al lank afgetree, maar hulle behoort jou een of ander idee te gee van waar jy hom kan kry, sou ek sê.”

Die skool help ook. Die sekretaresse by die skool onthou hom goed en kan sy adres opkyk. Sy het net daar begin werk toe hy nog daar skoolgehou het, en hy was gaaf met haar. “Maar sy vrou is oorlede en hy is seker nou al in die sewentig, ek dink nie hy sal meer daar woon nie.” Dis sy seun wat daar woon, en sy kleinseun wat die foon antwoord.

“My oupa?” vra hy nadat sy sukkelrig verduidelik het dat sy na hom soek omdat hy haar ma jare terug geken het. Hy is waarskynlik in die hoërskool en nie vreeslik begaan oor hoekom iemand sy oupa sal soek nie.

“Ek dink so, ja.”

“Hy's in 'n ouetehuis.”

Sy bly lank stil.

“Hallo? ...” vra die jong man, Braam van Niekerk, wat duidelik sy oupa se naam gekry het.

“Is hy ...”

“Wat,” vra hy ongeduldig toe sy weer niks sê nie.

“Ek bedoel, kan hy nog goed onthou? Werk sy ... geheue nog?”

Hy is verbaas. “Laas toe ek hom gesien het, het hy my goed onthou, ja. Ek scheme hy's fine.”

Emma sit lank ingedagte langs die foon nadat sy neergesit het. Dis amper 'n antiklimaks om so sonder moeite die adres van meneer Van Niekerk te gekry het. Miskien is daar 'n

universele waarheid hierin, dink sy. Niks is so moeilik as wat mens dink dit behoort te wees nie. Of nie altyd nie.

Vroeg die volgende oggend besluit Emma om te gaan stap en die opsporing van Abraham Willem van Niekerk, die man wat hopelik meer lig kan werp op wat met haar ma gebeur het, te bedink. Sy sal bel en vra of sy hom kan kom sien, maar wat gaan sy vir hom sê? Nog 'n leun vertel? Die waarheid? Dalk sal hy haar dan nie wil sien nie.

Sy verkyk haar aan die buurt. Soveel mense het hulle huise toegebou sonder dat sy dit besef het. Hoe het dit by haar verbygegaan? Die mure lyk meestal oukei, maar daar omtrent almal het doringdraad bo op die mure of heinings gerol. Dit lyk soos 'n konsentrasiekamp, dink sy.

By een huis storm honde op haar af en blaf verwoed. Sy kyk verskrik na die heining. Dis hoog genoeg om die honde binne te hou. Sy besef dat hulle huis en nog twee ander huise in die straat die enigstes is wat nog oop is, sonder enige sekuriteitsheinings of mure of moorddadige honde.

Sy hoor 'n sagte gesuis bo haar en kyk op. Byna reg bokant haar kom 'n groot lugballon deur die lug gesweef.

Sy stap stadig met haar hand bo haar oë om die oggendson uit haar sig te hou. Die ballon gly laag oor die stil voorstad. Mense is werk toe; kinders skool toe. Nie dat mens ooit meer juis mense sien nie, dink sy. Toe sy 'n kind was, het kinders in die strate gespeel, fiets gery, geraas. Sy weet hoe lyk die bure aan die een kant van hulle, maar die ander bure het sy nog nooit gesien nie, besef sy.

Sy gaan staan en kyk na die ballon, haar hand in 'n kappie oor haar oë om die oggendson af te weer.

Dit lyk asof die lugballon net-net oor die toppe van die jakarandas vlieg. Stadig en statig. Kort-kort blaas 'n brander vuurtonge in die ballon in.

Iemand loer oor die rand van die mandjie van die ballon. Die son is te skerp om te sien of dit 'n man of 'n vrou is. Sy waai vir die mens in die lugballon-mandjie. Hy of sy waai terug. Sy staan stil en kyk die ballon agterna wat soos 'n groot glimlag, 'n grynslag, 'n Cheshire-kat, geruisloos wegdryf.

Sy en die ballon-mens waai vir mekaar in stadige aksie totdat hulle mekaar nie meer kan

sien nie. Sy hou aan wuif totdat die ballon amper net 'n spikkel in die helder lug is.

Die volgende oggend ry sy na die ouetehuis toe. Sy het met die matrone gepraat toe sy gebel het, want die ou man hoor blykbaar nie meer goed nie, maar sy gesondheid is goed en sy verstand baie skerp, sê sy. Hy sal 'n kuier geniet, kom asseblief, ja.

“Wat kan ek vir hom saambring?”

“Iets soet. Hy is lief vir sjokolade, maar dis nie goed vir hom nie. Moenie dit oordoen nie.”

Evert het 'n wortelkoek by die tuisnywerheid gaan koop. “Ag, vat dit vir die personeel as hy nie daarvan mag eet nie.”

“Wil jy nie saam nie?”

“As jy die naweek gaan, graag, maar ek moet werk, liefde.”

Die tehuis is in die noorde van Pretoria. Emma trotseer swaar verkeer en verdwaal ook meer as een keer, maar Evert kry dit reg om haar telefonies te begelei tot by haar bestemming. Hy het die gisteraand die kaartboek bestudeer en was voorbereid op Emma se navrae. “Wat sal ek sonder jou doen, liefjie?” sê Emma nadat hy haar weer reggehelp het.

“Seker maar jou roetes opsoek voor jy ry,” antwoord hy lakonies.

Sy lag. “Ek het darem nie heeltemal verkeerd gery nie, net hier en daar verkeerd gedraai!”

Sy ry in by groen hek waar 'n wag sonder voortande vir haar oopmaak. 'n Maer wit sekuriteitswag, val dit haar op. Ook dat hy waarskynlik min sal beteken in enige gevaarlike situasie.

Teen 'n baksteenmuur is die naam van die tehuis geverf: Sonoord Christelike Sorgsentrum vir Bejaardes.

Die tehuis lyk soos 'n woonstelblok. Voor die deur is daar 'n lang ry iceberg rose wat blom, netjies gesnoei, maar verder is daar nie veel meer plante nie, wel 'n hele paar bome. Sommige lyk selfs oud. Daar is 'n grasperk en sementpaadjies en sy sien bankies onder die bome, een onder 'n boog oorgroei met 'n rankplant. 'n Werker in 'n oorpak is besig om gras te sny aan die onderpunt van die tuin. Sy trek haar asem in en ruik die vars gesnyde gras.

By die glasdeure in is daar nie 'n ontvangstoonbank nie. Sy hoor beweging en stemme verder in die gang af, maar daar is niemand te sien nie. Emma ruik kos - boontjies en vleis, dink

sy. Dit lyk vir haar soos 'n staatsdiensgebou, al is daar 'n groot houtkruis teen die muur oorkant die deur en die naam van die oord bo-oor in 'n boog wat dit eerder soos 'n kerk laat lyk. Die gang is blink gepoets. Daar is 'n bank en twee stoele op 'n mat in die ingangsportaal en 'n bos swaardlelies in 'n glashouer op 'n tafeltjie teen die muur. Dit vrolik die koue ingang op.

Emma loer in die gang af en sien 'n deur met die woord “Matrone” op, en klop liggies.

Die deur word oopgemaak deur 'n vrou van in haar veertigs, dalk vroeë vyftigs, dink sy. Sy dra 'n netjiese vlootblou rok met 'n ry knope voor, en Emma is nie seker of dit 'n uniform is nie. Sy glimlag hartlik toe Emma haarself voorstel en weet dadelik wie sy is. “Aah, ja, natuurlik. Oom Braam se kuiergas. Kom binne. Jy's is goed op tyd.” Sy het groot, breë hande met kort naels en haar handdruk is baie stewig.

Emma voel skielik bietjie belaglik met die kartondoos met die koek in haar hand. “Ek het 'n koek gebring, e ... matrone, ek weet nie eintlik of dit reg is nie. Evert, my man, het gesê, dalk vir van die personeel?”

Matrone neem die kartondoos en sit dit op die lessenaar neer. “Dis baie gaaf van julle, dankie, mevrou. Ek sal sorg dat dit uitgedeel word.”

“Emma, asseblief, noem my Emma.”

“Emma. Dankie. Sit 'n rukkie voor ek jou na hom toe neem.” Sy wys na 'n gemakstoel teen die muur. Sy kom sit voor Emma. “Noem my asseblief Elize. Ons is nie formeel hier nie.”

Die kantoor is koud en Emma ril effens. Op 'n lae kas agter die lessenaar staan 'n lang ry foto's. Seker familiefoto's van kinders, dalk al kleinkinders, ander familielede. Die lessenaar is netjies met 'n rekenaar wat sag zoem en 'n netjiese stapeltjie papier en lêers.

Sy vra uit oor die oord en Elize vertel dat dit vir verswakte bejaardes is en veral behoeftiges. Hulle het 'n klomp verpleegters en twee dokters wat help om die oumense gemaklik te maak. 'n Hele paar Alzheimer, Parkinsons en dementia gevalle.

“Amper 'n soort hospice?” vra Emma.

Elize knik. “Ja, dis reg. Jy sal jou verbaas hoe baie van die oues is alleen. Sonder familie of weggegooi deur familie. Ons help hulle met waardigheid doodgaan.”

Emma voel ongemaklik. “En meneer Van Niekerk?”

“Hy is nie baie gesond nie, maar hy is nog baie helder. Maar hy raak wel bietjie deurmekaar. Wees maar geduldig, asseblief. Hy het by sy seun gewoon nadat sy vrou dood is, maar toe hy begin sorg nodig kry, het hy self aangedring om hierheen te kom. Hy het vir jare

gehelp hier, toe hy nog jonger was. As 'n lekeprediker. Een van die mees toegewyde Christene wat ek al ooit teëgekom het. 'n Baie spesiale mens.”

“Hy weet ek kom hom besoek?”

“O ja, ek moes hom natuurlik vra of dit reg is. Hy weet.”

“Weet hy hoekom?”

“Ek het hom gesê wat jy gesê het dat hy jou ma geken het. Nie waar nie?” Skielik kyk sy agterdogtig na Emma.

Emma knik bevestigend.

“Oom Braam hou van geselskap, ek dink nie dit maak regtig saak nie.” Elize lag 'n klokhelder laggie. “Hy is 'n groot ou geselser. Ongelukkig het hy nie genoeg mense om mee te praat nie. Hy is baie nostalgies. Wees maar geduldig, asseblief.” Sy sê dit as 'n vraag en Emma knik bevestigend.

“Ah,” sê Emma, “ek sal onthou.” Sy voel gespanne. “Kan ek hom maar gaan sien?”

Elize staan op. “Sekerlik. Onthou net, hy hoor sleg, jy sal maar hard moet praat.”

Negentien

Dis 'n verbasende ruim vertrek met 'n groot venster. Emma het gedink dit sal 'n klein, neerdrukkende kamertjie wees. Koud en bedompig. Maar daar is 'n goeie uitsig op die Soutpansberg, die kamer is sonnig en huislik. Dit ruik skerp na jasmyn en sy sien 'n klein blompotjie met blou Delft-patrone op die tafeltjie langs die bed met jasmyn in.

Sy trek en hou haar asem in vir 'n oomblik teen die skerpheid van die geur. Haar ma het nie daarvan gehou nie. “Dankie, skat, maar dit hoort buite, nie in 'n huis nie,” het sy gesê toe Emma eendag plegtig vir haar 'n bossie wat sy gepluk het op pad huis toe na skool oorhandig. Sy het die blomme in 'n glaspotjie op die stoep Tafel gesit en die volgende dag het die wind die potjie van die tafel af gewaai en gebreek.

Die man sit in 'n stoel langs die venster en lees koerant toe sy en Elize klop en die deur oopmaak. Elize het haar voorgestel, gevra wat hulle wil drink en dat sy sal reël dat iemand vir hulle 'n skinkbord tee bring, en hulle alleen gelaat.

Die ou man sit eers 'n ruk lank glimlaggend na haar en kyk en sy staan verleë en hou haar handsak voor haar met al twee hande vas. Hy vou sy koerant tydsam op, klik sy bril toe en sit dit op die lae koffietafeltjie langs hom neer, en begin dan swaar orent kom. Sy sien 'n effense bewing in sy hand toe hy sy bril hanteer.

Die man is lank en maer, maar regop en daar is nog krag in sy handdruk. “Oom Braam,” stel hy hom in 'n tenoorstem voor en draai sy kop skuins om haar antwoord te hoor. Sy moet haar naam herhaal voor hy haar hoor.

Hy is bles met 'n yl kringetjie hare om sy kop. Sy vel is blas en gevlek van ouderdom. Sy blougrys oë wat haar intens bestudeer is klein en ingesak in sy skedel, maar helder en intelligent, sy fyn neus lank en spits dit lyk vir Emma asof mens van die kant af dwarsdeur sy neus kan kyk. Hy dra 'n handgebreide bruin trui met 'n kettingpatroon wat toegeknoop is oor sy bors, 'n netjiese bruin polyester langbroek, en handdoekstof huispantoffels oor effens geswelde voete. Hy stap stadig nader, sy arm regaf langs sy lyf, en Emma sien hoe hy die vingers van sy hande wyd oopmaak soos roeispane om sy balans te help.

“Kom sit, kom sit, Emma, nè, het ek reg gehoor?”

Emma knik.

Hy beduie na die stoel oorkant sy eie en sak weer swaar terug in sy stoel. Hy sit met sy een been reguit voor hom uitgestrek en vou sy hande oor sy maag, glimlag na haar toe.

Emma weet nie eintlik wat om te sê nie en vee 'n verbeelde rafel van haar skoot af. Toe sy opkyk bestudeer hy haar steeds glimlaggend.

“Ek dink ek herken jou, dan nie?” sê hy skielik.

“Ja?”

“Is jy nie Martha se dogter nie? Wat was haar van nou weer? Kok? Ek kan wraggies nie onthou nie.” Hy dink 'n oomblik fronsend, dan trek hy sy skouers op en glimlag na haar toe. “Maar dit was beslis Martha. En ek dink jy het haar oë.”

“Nee, oom, ek is nie. Ek is Petro Jonker se dogter. Maar dalk onthou oom haar as Moller.”

Die ou man kyk onbegrypend na haar. Hy hou sy hand agter sy vlesige oor. “Ekskuus? Jy moet harder praat, kind, ek hoor sleg.” Sy hand lyk vir Emma deurskynend. Sy sien die kraakbeen onder sy dun, gevlekte vel. Sy vingers is lank, die vingerpunte krul effe in, asof sy vel te klein geword het vir sy skelet.

Emma herhaal weer wat sy gesê het en leun vooroor.

“Nee?” Hy lyk verward. “Moller? Nee ... jammer, ek onthou nie. Ek is jammer, maar mens begin maar vergeet as jy oud word.”

Daar is weer 'n klop aan die deur en 'n jong swart vrou kom binne met 'n skinkbord met tee. Sy het 'n nou koningsblou romp aan wat span oor haar dye en 'n blink bloes met 'n patroon met klein rooi bessies aan groen stingeltjies. Voor haar hals maak die bloes 'n netjiese strik, soos 'n das. Sy dra 'n goue horlosie, maar toe sy voor Emma buk om die skinkbord neer te sit, sien sy dat die goud van die horlosie plek-plek af is en die silwer onder die oorgeblaasde goud skyn deur. En haar skoene se hakke is afgetrap, sien sy.

Daar is 'n sny van die wortelkoek wat Emma gebring het vir elkeen op die skinkbord. Sy knik vriendelik na Emma en sit die skinkbord neer op 'n tafel onder die venster na aan Emma. “Hy drink baie min melk, asseblief, mevrou,” sê sy in perfekte Afrikaans.

“Aitsa,” sê oom Braam, “dis Krismis, ons kry selfs koek. Dankie, Joytjie.”

“Plesier, oom,” antwoord die jong vrou. Sy glimlag toe sy omdraai en die deur agter haar toemaak.

Emma leun vooroor en skink vir hulle tee. Haar hande bewe liggies van

senuweeagtigheid. “Suiker, oom?”

Oom Braam blaas op sy tee en die koppie rinkel in sy bewerige hand.

Hulle dink hulle tee in stilte. Emma is bewus van elke klink van ’n teelepel teen die porselein van die koppies en piering of koekbordjie.

“Die koerante het maar regtig net slegte nuus nou se dae, dink jy nie? Ek lees vanoggend die koerant en dis net moord en doodslag,” sê oom Braam.

“Ja, is so, oom,” antwoord sy neutraal.

“Hmmm,” sê hy en skraap die laaste krummels van die koek op sy bordjie bymekaar. Meeste van die krummels val weer van sy vurk af toe hy die vurk na sy mond toe neem.

“Martha was my eerste liefde op skool,” vertel hy. “O jong, ek was darem verlief op haar.” Hy lag ’n stoute laggie. “Vandag besef ek sy het soos Jayne Mansfield gelyk. Jy weet, sonder die hare ... As sy sulke hare gehad het, was sy Jayne uitgeknipt.”

Emma sê niks, lag saggies onbegrypend, sluk die laaste tee in haar koppie sit die koppie terug in die skinkbord.

“Waar was ons nou weer?” sê hy en maak weer sy hand bak agter sy oor.

“Oom, as ek my feite reg het, was oom en my ma saam in ’n ongeluk. In negentien agt en vyftig. ’n Kind is raakgery.”

Die ou man kyk stip na haar, maar sê niks.

“Ons het arm grootgeword, weet jy, eintlik vreeslik arm,” sê hy, “maar die ding is, ons het van g’n sout of water geweet nie.” Hy lag weer ’n kekkellaggie. “Dit was net so na die groot depressie en ons was seker wat hulle genoem het armlankes. Ek kan nog goed onthou hoe ryk tant Mona Uys met hulle blink kar so in die begin van die winter op die plaas aangekom het met ’n kartondoos vol ou klere waaruit ons kinders klere wat pas, moes uitsoek.” Hy skud sy kop. “Partykeer was die klere maar gehawend. Ek is een winter deur met so ’n pers trui wat so gespán het oor my borsie met gate op al twee elmboë. Nes ’n voëlverskrikker. Ek dink ek nog ’n foto’tjie hier iewers.” Hy sit ingedagte met sy teekoppie nog op sy skoot en kyk na ’n punt verby haar, verlore in sy herinneringe. Sy teekoppie rinkel elke keer op die piering as hy uit sy maag uit asemhaal.

Emma staan op, tel die koppie op en sit dit op die skinkbord neer. Dit lyk nie asof die ou man meer van haar teenwoordigheid bewus is nie. Sy is onseker wat om volgende te doen, en gaan sit weer. Dis tog asof daar ’n gewyde atmosfeer in die kamer is, dink sy.

“My Oupa was ’n krygsgevangene op Bermuda tydens die oorlog.” Hy bly stil en suig saggies deur sy tande. “Die Boere wat na die oorlog bereid was om die eed van getrouheid aan die Engelse af te lê, kon sulke klein plasies op huurkoop bekom. Dis waar ons gebly het.” Hy kyk haar weer in die oë. Sy kan nie die uitdrukking in sy oë peil nie. “Ek weet nie of my ma en my oupa my pa ooit vergewe het daarvoor nie, maar anders moes ons myne toe. Dit sou erger gewees het.

“Ons het so elke tweede week skaap geslag. En ons groente onder in die tuin gekweek - aartappels, groenbone, wortels, sulke goed. Ek het water uit die spruit aangedra om tuin nat te gooi. Dit was nogal ’n dag se werk as die tuin vol groente was.” Weer lag hy nostalgies. “Ander lewensbenodighede is maar by die winkel vir eiers, velle, botter en selfs partykeer lewendige hoenders geruil.

“Jare later het ons die eerste keer ’n koelkas gekry. Kan jy jou indink? Dié het op die stoep gestaan. Dit was ’n houtkas met dubbele ogiesdraad kante wat met growwe treinas gevul was. Bo-op die kas was daar ’n sinkbak met rye klein gaatjies bokant hierdie aswande. Die bak is vol water gehou wat dan gedurig op die as gedrup het en deur verdamping die inhoud koel gehou het.

“Die pote het in blikkies vol water gestaan om miere en ander goggas uit te hou.” Nou beduie hy met sy groot, dun hande terwyl hy vertel.

Emma kug. Sy het nie ’n idee wat om te doen nie. Sy voel verleë, asof sy afloer.

“Ons het kerse gebrand vir lig daai tyd, kan jy glo? Ek was al groot toe ons paraffienlampe gekry het, die soort wat met ’n sakkie brand en opgepomp moet word.”

Hy bly ’n ruk lank stil en staar voor hom op die grond. Emma wonder of hy aan die slaap geraak het. Dan sug hy diep sodat sy tenger liggaam sidder. “Jy wil praat oor die ongeluk?” Hy skud sy kop en kyk na haar. “Hoekom dan nou, my mens, dis so lank gelede.”

“Ek probeer meer oor my ma uitvind, oom. Ek weet niks daarvan nie en dit sal my dalk help om haar beter te verstaan.”

“Ekskuus?” sê die ou man, hand agter die oor.

Emma moet hard praat: “Om my ma beter te kan verstaan, oom!”

Twintig

Die ou man sit 'n hele ruk lank stil, verlore in sy gedagtes. Hy sit steeds met sy hande oor sy effense magie gevou, sy kop gebuig asof hy iets op sy skoot bestudeer.

Dan begin hy skielik weer mymerend te praat: “Karre, ja, karre. As ek dink wanneer ek die eerste keer met 'n motorkar te doen gekry het ...” Hy kekkel saggies en skud sy kop. “Ek het nie kon droom dit sou my lewe so verander nie ...”

Hy kyk op en vas in haar oë. “Dis daardie motorkar wat my tot by die Here gery het.” Hy verskuif sy benerige lyf, strek sy bene lank voor hom uit en kruis sy voete oor mekaar.

Voor Emma iets kan sê, gaan hy weer aan:

“Toe ek skool toe is het my pa my met die perdekar aangery skool toe, maar dit was nie prakties nie en toe moes ek maar self skool toe ry. Ons het glad nog nie 'n motorkar gehad nie. Niemand in die omgewing het een gehad nie. Die goed was baie skaars en duur.

“Ons het 'n baie mak ou ryperd, ou Dokter, op die plaas gehad. Ek kon al perdry, maar ek was te klein om op te saal of op die perd se rug te kom. My Pa het toe aan die een stiebeuel met 'n osriem vir my so 'n touleertjie gemaak waarmee ek kon opklim.

“Die plaashekke was ook maar 'n nagmerrie vir so 'n klein ou seuntjie. Ek het gou geleer om die smoelslaners eers bo met die swingel vas te maak en dan die onderkant met die skouer in die draadlus in te skrum. Met sulke operasies het ou Dokter meer ewe gedwee stil gestaan en wag totdat ek weer met die riemleer kon opklim.

“So van die skool af het die pad met 'n afdraande na 'n hek geloop. Sodra ons uit die oog van die onderwysers was, is daar resies gejaag na die hek toe. Dit was nie net om te sien wie wen nie, maar ook om te sien wie se perd kan laaste en naaste aan die hek stop. Met hierdie vassteek van ou Dokter het ek verskeie kere hier op sy nek net so agter die ore te lande gekom.” Weer kekkel die ou man behaaglik.

“As dit gereën het, was die grondpaaie maar glad en dan het ek maar op 'n drafstappie gery, want 'n perd kon maklik gly. Een middag was die spruit onderkant ons huis in vloed. Vir my was dit nie 'n probleem nie, maar toe ek by die drif aankom het die hele familie oorkant gestaan en wag en opdragte skree en arms swaai. Ou Dokter het so voor die massa bruisende water gaan staan en eers net so aan die water geruik voordat hy ewe gedwee begin instap het. Vir

so 'n paar meter het dit goed gegaan, maar toe was daar skielik nie meer grond onder sy pote nie. Ek moes klou vir 'n vale om bo te bly. Ou Dokter het sy kop stroomop gedraai en sowaar die oorkant gehaal, so twintig treë stroomaf. My arme ma was byna flou en my pa ook heelwat bleker as gewoonlik.

“Ou Dokter was baie mak en het maar altyd so om die huis gewei. Een aand was ek by die kombuistafel besig met huiswerk. Die onderdeur van die kombuis was toe. Ou Dokter het voor die deur kom staan met sy kop so oor die onderdeur en na my gekyk. Ek het sy kop gevryf en toe het hy omgedraai en weggestap. Die volgende oggend het hy so 'n entjie van die huis af dood gelê. Dit was vir ons almal, maar veral vir my 'n baie traumatiese ervaring.” Hy skud sy kop en lyk treurig.

“Toe het ek natuurlik weer 'n vervoerprobleem gehad.” Hy vou weer sy hande op sy skoot en bly lank stil. Emma begin ongemaklik dink dat hy dalk aan die slaap geraak het. Maar dan begin hy weer praat: “Toe my broer en suster ook moes skool toe het my pa en ons buurman, oom Frikkie Botha, saamgespan om die probleem op te los. My pa het 'n treppie gekoop en oom Frikkie het die perd en die tuig voorsien. Die reëling het beide families goed gepas want die Bothas se huis was net so 'n kilometer of wat van ons af.

“Die trekperd se naam was Oubaas. Hy was nou nie die vinnigste perd op vier pote nie, maar ons het redelik goed oor die weg gekom. Ons kon ook al vier so langs mekaar op die sitplek inpas. Ons drie en Martha van langsaan.” Hy kyk weer op en vas in Emma se oë. “Maar jy wil seker nou nie hierdie stories van my hoor nie, ne, my kind?”

“Nee, oom, dis interessant,” sê Emma vinnig. Sy bedoel dit.

Hy bestudeer haar 'n oomblik in stilte voor hy weer begin praat. “Ek was amper klaar met skool toe ons 'n ou regop Fordjie gekry het. Dit was so 'n vierkantige Model A Ford met sulke dun draadspeek wiele. Wat uitgestaan het tussen die blink motors van daardie tyd. Ek was so skaam as my ma my kom haal het by die skool, toe ek op kosskool was!

“Dit was nog gruis paaie en die ou Fordjie kon net met moeite op die pad gehou word. Sy wielmoere was al uitgewerk en dit het soms gebeur dat die agterwiel skielik hier by jou verby kom en 'n ent verder in 'n mielieland tot stilstand kom. Dit was dan 'n groot gesukkel en gesoek om van die wielmoere wat uitgeval het te kry. Ons kon nie nuwes bekostig nie en al die kinders moes soek.

“My pa moes die bulte so van onder af bestorm om bo uit te kan kom. Anders het die ou

kar gevrek en dan moes ons hom weer brand stoot. En dít was feitlik onmoontlik ...” Hy bly weer lank stil, introspektief, voor hy sagter verder gaan: “Ek het so ’n paar jaar terug soontoe gegaan om my vrou te gaan wys waar ek groot geword het. Kan jy glo voor dit het ek dit nooit gedoen nie? En ons was soveel jare lank getroud.” Hy skud sy kop weer. “En toe’s dit sommer molshopies, hoor. Sulke ligte deinings!” Nou skater hy, kop agteroor en klap met sy hand op die stoel se leuning. Dis aansteeklik en Emma lag saam.

Hy vee trane uit sy oë en kyk na haar en gaan aan met sy verhaal: “Ons was so arm, dat daar nie sprake was dat ek verder sou kon gaan leer nie. My ouers sou nie die skoolgeld op die dorp kon bekostig nie. Toe het die skoolhoof een middag spesiaal met sy bruin Chevrolet plaas toe gekom om met my ouers te kom praat. Hy het gereël dat ek ’n beurs kon kry om dan ten minste tot standerd agt op Morgenzon te kon skoolgaan. Ek onthou daai bruin Chev van hom so goed. As Jesus self in daai kar was, sou dit nie ’n beter dag vir my gewees het nie. En dit was vir my so ’n mooi kar ook.” Hy verskuif op sy stoel, asof hy sy gewig na net een heup skuif. “Daai perde en fietse en die mooie bruin Chev het my aangery na my geleerdheid toe, en my eie kar, my Plymouth ... ai, ai, ai ... wat ’n kar was dít nie ... het my aangery na God toe.”

Emma leun vorentoe. “Wat bedoel oom?”

Hy praat nou baie sag en Emma moet mooi luister om te hoor. “Dis nie maklik om vrede te maak as jy ’n kind raak gery het nie. Nie eens ’n swart kind nie. Maar vandag weet ek dit was ’n heilige kar. My strydwa. Ek was besig om te ingenome met myself te raak, en toe maak ek die ongeluk. En die Here klim in my hart in. Van daardie ongeluk af het ek my lewe aan die Here gewy. Dit was asof die kind ’n offer was om my ’n visser van mense te maak om God se koninkryk uit te brei.”

Emma weet nie wat om te sê nie.

Hy praat nou weer normaal en reguit met Emma: “Die Here het vir my gesê ek moet aanhou skoolhou, want dis waar ek die kinders se harte vir Hom kon wen. En verder het ek vir die Kerk gewerk.”

“Aaaa,” sê Emma asemloos.

“Jaaa, en ek het daai Plymouth nog klomp jare gery daarna. Hy was gebou om te hou, hoor. Ek het klomp mense aangery vir die Here ook. Self ’n mooi kar gewees.”

Emma knik bevestigend en lek oor haar lippe. “Kan oom my ma onthou? Petro Moller? Sy was ook by die ongeluk betrokke.”

“Ja, ja. Sy was in die ander kar.”

“Wat het gebeur, oom?”

“Ag jong, ek kan nie meer so mooi onthou nie. Alles het so vinnig gebeur. Ek het ’n kind getref.”

Emma kan sien hy wil nie werklik oor die voorval praat nie.

Die ou man sug, verskuif weer op die stoel, leun agtertoe. “Kyk, sy het per ongeluk voor my ingedraai. Toe ruk ek die stuurwiel om haar nie te tref nie en toe tref ek die kind. Die karre was maar stram in daardie dae.”

“So, sy het eintlik die ongeluk veroorsaak?”

“Ekskuus, kind?” sê hy weer met sy hand agter sy oor.

Emma herhaal haar vraag, hard. Hy trek sy skouers op.

Sy praat baie hard: “Sy het gedink sy het, oom. Sy is ongelukkig ’n rukkie terug oorlede, maar sy het in ’n brief so gesê.”

Hy lyk stroef. “Ja ek weet. Maar sy wou nie haar hart vir die Here gee nie. As ek haar vra, het sy gesê hoe kan God so ’n ding toelaat. Sy was die een mens wat ek nie kon bereik nie. Sy wou nie eens dat ek saam met haar bid nie.”

“Oom,” vra Emma huiwerig, “wees eerlik met my, was sy gedrink?”

“Ekskuus?”

“Was sy bietjie aangeklam, oom?” sê sy nog harder.

Hy sug weer. “Ja, ek dink so. Ag, ek weet ook nie. Sy het bietjie geruik na drank, maar ek sal nou nie sê sy was dronk nie. Sy wou healtyd dat die polisie, dat die hof, dat almal haar die skuld gee. Sy wou omtrent rasend word.”

Emma en die ou man sit al twee vir ’n ruk lank in hulle eie gedagtes vasgevang. Sy kyk by die venster uit na die berg wat deinsigerig op die horison lê, verbeel haar sy sien aalwyne, dink aan haar pa. Die ou man vee ingedagte met sy vinger oor die stoelleuning.

Hy begin so onverwags weer praat, dat Emma skrik.

“Kyk, sy het mos nie opgehou totdat sy die kind se familie gekry het nie. Ons het fondse ingesamel by die kerk ook om die kind te begrawe. Sy en daardie vriendin van haar, hulle het gesoek na die kind se ma.”

“Wieda?”

“Nee, jongie, ek kan nie onthou nie. Sy was ’n verpleegster.”

“Dan was dit Wieda.”

“Hulle het gesoek tot hulle die mense gekry het. Ek dink hulle het selfs ’n grafsteen vir die kind laat maak.”

“Kan oom die kind se naam onthou?”

“Ekskuus?”

“Die náám?”

“O. Nee. Ek kan nie onthou nie.”

Skielik kom die ou man orent. Hy hys homself uit sy stoel, beduie na die badkamer en skuifel-stap dan daarheen. “Daai tee het sommer regdeur geval,” sê hy toe hy die badkamerdeur toe stoot.

Emma sit en luister na hoe oom Braam kug en sjor in die badkamer. Sy hoor die wasbakkraan piep en kyk op na hom toe hy weer in die kamer verskyn. Hy gaan sit weer voor haar.

“Ek het baie gewonder of sy rus vir haar siel gekry het. Of sy haarself vergewe het. Het sy?” vra hy.

Emma dink ’n rukkie na oor die vraag. “Ek dink nie so nie, oom,” sê sy dan. “Ek dink sy het die res van haar lewe haar skuld afgewerk. Dit besef ek nou eers.”

“En was sy gelowig?”

Emma skud haar kop.

Die ou man lyk asof hy in trane gaan uitbars. Hy klik met sy tong. “Ai,” sê hy, “ai. Sal jy omgee as ons vir haar bid?”

Emma is onkant gevang. “Oom?”

“Vir haar siel. Dis nooit te laat nie.” Hy wag nie vir haar antwoord nie, leun vooroor en neem al twee Emma se hande in sy groot benerige hande. Hy lig sy kop op, hemel se kant toe, frons, maak sy oë toe en begin luid bid: “Ons almagtige God en Vader, skepper van die hemel en die aarde, U ken al ons sondes en ons sorg. U het geweet hoe het hierdie pragtige kind hier voor my se ma met hare geworstel. ’n Lewe lank. Vergewe haar haar sondes, Here. Lei haar na waters waar rus is, gee haar vrede in die hiernamaals. En neem haar dogter in u boesem in, seën haar en haar familie, en mag sy die heilige vreugde van u liefde en vergifnis smaak. Ek bid alles in u naam, om Jesuswil alleen, amen.”

Een en twintig

“Ek het lus vir lekker growwe werkersklaskos, wat sê jy?” sê Evert, buk oor Emma en soen haar op die wang.

“Wat bedoel jy? Pap en vleis? ... Enigiets, ek is kapoet.”

“Nee, lekker pasta – ek maak sommer gou vir ons varses – met ’n tamatie en olywe en anchovie-sous?”

“Klink fantasties.”

“En dan luister ons ook lekker werkersklasmusiek ook,” sê hy terwyl hy gaan hurk voor die kas met die CD-versameling. “Lekker ou Elvis Pressley.” Hy druk ’n CD in die speler en draai die volume op. “Love me tender, love me sweet, never let me go ...” kom Elvis se stem oor die luidspreker.

Evert trek haar op uit haar stoel en begin met haar dans, ten spyte van haar laggende protes. “Jy weet mos die geheim van die lewe is jy moet aanhou beweeg,” lag hy en draai haar in ’n swierige draai op maat van “... for my darling I love you, and I always will ...”

“Wat’s dit nou met jou en die werkersklas vandag?” lag Emma.

“My navorsing oor Bram Fisher inspireer my.”

“Ah,” sê Emma.

Emma gaan sit op ’n hoë stoeltjie in die kombuis en hou Evert dop terwyl hy kook. Sy leun op haar elmboë en teug haar wyn wat Evert vir haar geskink het en vertel hom van haar besoek aan oom Braam. Sy voel uitgeput deur die verskillende emosies wat die ontmoeting by haar wakker skud.

“Dus, jou ma was oortuig daarvan dat sy vreeslik dronk was tydens die ongeluk, maar hy sê dit was nie sy indruk nie?” vra Evert terwyl hy ’n bol deeg plat woel en dan stuk vir stuk deur die pastamasjien druk, die slinger draai.

Emma verkyk haar aan sy hande – sy lang vingers en delikate gewrig. Hy staan fronsend vooroor gebuk en konsentreer op sy taak, afgeteken in die geel lig teen die skemer in die venster agter hom.

“Bram Fisher het ook maar mallerig geword toe sy vrou dood is, weet jy. Hy het die kar bestuur waarin sy verongeluk het, en dit was asof hy die kluts kwytgeraak het na haar dood. Ek

dink nie hy kon homself vergewe nie.”

“Of verlies? Dit laat mense ook vreemde dinge doen.”

“Of hulpeloosheid. Molly het verdrink. Die kar het in ’n sloot met water beland en sy het in die kar vasgesit en verdrink. En sy was ’n kampioen swemmer. How’s that for irony. Ek dink dis genoeg om enige mens gek maak.”

“Skuldgevoelens.”

Hulle word al twee vir ’n rukkie ingedagte en stil. “En die dood van ’n kind,” sê Emma amper onhoorbaar.

Evert kyk op na haar, asof hy iets wil sê en dan van plan verander. Dan gaan hy voort om stringe pasta uit die masjien te draai. Hy staan vir ’n rukkie met al twee hande voor hom uitgestrek en die pasta wat daaroor hang, sy hande effens bak, soos ’n mens ’n baba sal vashou. Hy kyk weer op na haar en lag.

Soms is hy so weerloos, amper soos ’n kind, dink Emma. Ek ys om te dink hoe seer ek hom kan maak.

“Hmm-mmm, babe, ons gaan heerlik eet,” sê hy en hang die pasta oor ’n draadhanger teen die kombuiskas om ’n rukkie lank droog te word. Hy vee sy hande teen die denimvoorskoot wat Emma hom laat aantrek het, af. “Heerlik,” sê hy weer ingenome. Hy hervul albei hulle glase met wyn.

Buite begin die dikkoppe skree en die verkeer suis gerusstellend. “You were always on my mind ... you were always on my mind ...” sing Elvis uit die sitkamer uit.

“Skil jy die tamaties, asseblief, Em.” Hy sit drie groot tamaties op ’n broodplank voor haar neer. Hulle velletjies is plek-plek geskeur en hulle is pienk van die week in kookwater. Emma begin die velletjies tydsaam aftrek, en sy dink aan hoe haar ma soms haar sonverbrande rug versorg het nadat sy tongklikkend geraas het omdat Emma verbrand het. Sy sou ook tydsaam die velletjies van Emma se rug aftrek terwyl sy een of ander liedjie neurie, “Daisy, Daisy, give me an answer do ...” of “Daar onder in die vlei stap ’n mannetjie ...”

“So, die ou man het bekeerd geraak na die ongeluk?” vra Evert.

“Ja, erg.”

Evert skud sy kop. “Siestog,” sê hy en sug. “Bram Fisher het al hoe meer toegewyd aan die kommunisme geword na sy ongeluk.”

“Wel, ek dink my oom Braam het op sy manier ook maar sy lewe daaraan gewy om ’n

visser van mense te word. My ma weer, het haar afgesluit van mense.”

“Maar dis die Christelike nasionaliste wat Fisher so mishandel het, nè.”

“Wat bedoel jy?”

“Hulle wou hom nie help toe hy siek geword het in die tronk nie. Toe hy sy nek erg seer gemaak terwyl hy reeds sterwend aan kanker was, het hulle hom wragtig geen behandeling gegee nie. Hy moes verskriklik gely het. Dis nog iets waaroor hulle hulle fokking morsdood behoort te skaam.”

Die kombuis word toenemend gevul met die reuk van gebraaide uie, knoffel en kruie. Emma voel bietjie duiselig in die klam lug van die kombuis, van die geure en die wyn.

’n Vlieg begin zoem teen die kombuisvenster.

“Waar kom die goed altyd onmiddellik vandaan sodra mens begin kook?” sê Emma kopskuddend.

“Uit die niet,” antwoord Evert en lag. “Klink soos die titel van ’n horror movie.”

Emma raak bewus van die klink van hulle eetgerei teen die borde waar hulle sit en eet. Hulle sit by die eetkamertafel en gesels oor Emma se besoek aan Braam van Niekerk, en oor die vordering van Evert se werk. “Jy het nog, wat, ’n week, twee weke voor jy weer begin klas gee, nè, Em?”

“Ja, nog agt dae.”

“Hoekom gaan jy nie nou maar Kaap toe, na Engela toe, vir ’n paar dae nie? Ek sal nie kan weg nie, maar dit sal goed wees vir jou. Ander bly dit maar weer net by praat. Ek sal die kaartjie betaal. Gaan vra haar die goed oor jou ma wat jy wil weet.”

“Ek sal haar more bel en dit reël. Sy het mos gesê ek moet kom. Dit sal lekker wees.” Sy hou haar bord skuins en skraap met ’n lepel die laaste sous uit die diepbord waaruit sy geëet het. Dan kyk sy op na Evert wat haar geamuseerd sit en dophou.

“Ag wat, jy kan maar die sous met jou vinger opvee as jy wil!”

Sy lag. “Dis lekker. Dankie. Die kos was ... voortreflik.”

“Voortreflik, nogal,” koggel Evert haar.

Emma sit haar hand oor Evert s’n. “Hoekom is jy so goed vir my? Ek dink so dikwels ek verdien dit nie.”

Evert blaas deur saamgeperste lippe: “pffft. Jy het te veel wyn gedrink. Ek het net lekker

kos gemaak!”

“Ek weet ek aard maar na my ma. Ek sukkel maar met liefde. Dis hoekom ek so bang is vir ’n kind. Ek weet nie of ek dit kan doen nie.” Sy sit met ’n geboë hoof en trek verbeelde kringe in haar leë bord met haar lepel.

Evert sug en leun agteroor. “Ek weet, Emma. Maar ’n mens is hulpeloos in liefde, Emma. Dis wat dit wonderlik én vreesaanjaend maak.”

Emma sê niks, byt haar lip.

“Jy is nie jou ma nie.”

Sy knik.

In die agtergrond sing Elvis nog steeds: “We’re caught in a trap, I can’t walk out, because I love you too much baby ...”

Hulle sing al twee onwillekeurig saam, kyk gelyk op na mekaar en lag.

“Ek bedoel dit, Emma,” sê Evert en leun oor na haar, “hulpeloos. Dis hoe dit is met ’n kind ook.” Hy sit weer terug. “Dis wat ek dink, in elk geval.”

Twêe en twintig

Emma klim die wankelrige trappe van die vliegtuig versigtig af. Sy is dadelik bewus van die reuk van die lug: beslis meer humiditeit as in Johannesburg. Sy lek oor haar lippe om te kyk of sy sout kan proe. Dis winderig en sy vou haar denimbaadjie stywer om haar. Sy stap vinnig en kyk grond toe na die aankomssaal van die lughawe.

Toe sy deur die glasdeure stap nadat sy haar tas gekry het, begin sy soek na Engela. Daar is verbasend baie mense om die mense wat pas geland het op Kaapstad lughawe te ontmoet, en sy sien nie dadelik vir Engela nie. Sy moet om die groep wagtendes stap om te soek. Sy en Engela het mekaar lanklaas gesien, besef sy, en vir 'n oomblik is sy paniekerig dat Engela nie opgedaag het nie, dat sy gestrand gaan wees op die lughawe. Emma is haar lewe lank altyd effens benoud dat sy op die verkeerde bus, of trein of vliegtuig is, verlore gaan raak, agtergelaat gaan word.

Dan sien sy vir Engela.

Engela is kort en net so mollig soos wat haar ma was. Haar kort rooibruin hare is 'n krullerige deurmekaar massa en agter haar ore ingedruk. Sy is nie vreeslik grys nie. En, sien Emma, sy dra ook nou kaftans soos haar ma vir jare gedra het. Is dit nie dalk Wieda se kaftans wat Engela “geërf” het nie? wonder sy. Sy herken nie die lemmetjiegroen kaftan nie.

Engela staan op haar tone en loer bekommerd oor die koppe van die wagtendes.

“Engela!” roep Emma.

Sy draai om na Emma toe en glimlag 'n breë verwelkomende glimlag. Sy stap na Emma toe met haar arms oop en lyk byna asof sy in trane gaan uitbars toe sy haar omhels.

“Dis so lekker om jou te sien! Ek is so bly jy het gekom!”

Daar is sweet op haar bolip, en die randjies van haar oë is rooi en pofferig, amper asof sy vroeër gehuil het.

“Kan ek help dra?” vra sy en steek haar hand uit na Emma se tas. Sy sien dat Engela haar naels kou.

“Nee, man, ek het net die een tas op wiele,” sê Emma speels en haak by haar in. “Kom ons ry dat ons kan gaan gesels.”

Emma sit en verkyk haar aan Tafelberg afgeëts teen 'n dynserige hemel. Hulle ry in stilte, effens ongemaklik en vreemd vir mekaar. Hulle het mekaar nooit werklik goed geken nie. *Ek hoop nie dit gaan so moeilik bly die hele tyd hier nie*, dink Emma.

“Hoe gaan dit met Evert?” vra Engela.

“Baie goed. Dit gaan mos altyd baie goed met hom.”

“Ah,” sê Engela, “ek wens ek kon dieselfde sê oor my man.”

Emma kyk op na Engela.

Sy lyk hartseer, trek haar skouers op. “Hy sukkel omdat Billy nie hier kan werk nie. Hy is 'n vlootman, en hy kry vreeslik swaar omdat sy seun in die buiteland moet werk om ook 'n soldaat te wees.”

Engela-hulle se huis is deurmekaar met hopies koerante in die lang gang, en vuil glase op die koffietafel. Die huis ruik effens muf.

Emma pak haar tas uit in die spaarkamer en hoor dat Engela werskaf in die kombuis. Sy kan sien dit was waarskynlik Billy se kamer, want daar is tekens dat 'n jong man daar gebly het in die kamer: 'n poster met 'n oorlogtenk teen die muur waarvan die punte omkrul, 'n rak met fantasieromans, *Lord of the rings* en 'n lang ry boeke van Terry Pratchett; 'n veerpyltjebord wat teen die een muur staangemaak, 'n stapeltjie swaar heavy metal rock-Cds en houers met oorlogsrekenaarspeletjies. Op 'n lessenaar is 'n ou rekenaar aan met 'n screen saver met figure in Middeleeuse kleredrag wat ritmies oor die skerm stap, verdwyn, weer aan die anderkant van die skerm verskyn.

Engela loer om die deur. “Reg vir 'n koppie tee?” vra sy. Emma knik en volg haar sitkamer toe. Hulle gaan sit by 'n venster wat uitkyk oor die huise aan die oorkant van die nou straat en Muizenberg wat agter die huise uittoon. Engela het 'n skinkbord met tegoed en 'n bordjie donkerbruin koekies op 'n lae tafeltjie neergesit.

“Ek is so bly jy het kom kuier,” sê sy terwyl sy tee skink, “ek het so lanklaas net lekker gekuier saam met iemand.” Sy gee Emma se koppie vir haar aan wat rinkel in die ptering, asof sy liggies bewe. “Die koekies mag dalk te sterk wees vir jou, hoor. Ek bak hulle self en ek hou van sterk gemmer.” Sy lag. “Twee koekies se sterkte per koekie. Dis hoe ek myself probeer kul om net een in plaas van twee op 'n slag te eet. Ongelukkig werk dit nie.” Sy lag en klap haar hand op haar heup. “Dit help ook nie om van die huis af te werk nie. Dan eet mens te veel, dis nou maar

net 'n feit.”

“Raak dit nie maar alleen as jy van die huis af werk nie? Ek het 'n maand se langverlof gekry na my ma se dood, en ek begin nou regtig kriewelrig raak. Ek kan amper nie wag om weer te begin werk nie. Sien jy genoeg mense?”

“Nee,” sê Engela en teug ingedagte aan haar tee. Weer val haar kortgekoude naels vir Emma op. Dan kyk sy op en glimlag: “So, wat gaan ons vanmiddag doen? Waarvoor is jy lus?”

“Ek wil jou graag vir ete neem een of ander tyd. Sal ons dit een aand doen, dan kom Denis saam?”

“My man is nie goeie geselskap nie, Emma. Hy kom in elk geval vreemde ure huis toe. En hy praat nie regtig met iemand nie. Ons sal gaan eet sonder hom.”

“Is hy depressief?”

“Kwaad vir die lewe.”

“Maak hy jou seer?” vra Emma huiwerig.

Engela kyk op en glimlag weer hartseer. “Nee, nooit. Nie fisies nie.”

“Is dit oor Billy?”

Engela knik. “En omdat hy self ook nie meer tuis voel in die vloot nie. Midlife crisis, seker maar. En hy sien nie sy geliefkoosde seun nie. Hulle is baie na aan mekaar. Ongelukkig is Billy eintlik Denis se enigste vriend. Behalwe die ouens saam met wie hy saans gaan suip. En dit maak nie regtig saak wie hulle is nie.”

“Ag nee.”

“Ongelukkig, ja.”

Hulle sit vir 'n oomblik stil en drink hulle tee. In die straat begin 'n blonde seun en 'n bruin seun luidkeels met 'n sokkerbal speel.

“Is Billy oukei in ... waar nou weer?”

“Soedan. Ja, hy is mos 'n baie positiewe mens.”

“Hy aard na sy ma.”

Engela glimlag en knik. “Ja, in die goeie ou dae. As jy wil, sal ek jou 'n paar van sy e-posse wys?”

“Sure,” sê Emma, “as jy wil.”

“Dis interessant. Weird. Die wêreld het so vreeslik verander, dink jy nie? Kom ek wys jou sommer nou.” Sy sukkel regop uit die stoel, balanseer haar koffie tee behendig.

“En dan gaan eet ons lunch iewers by die see?” sê Emma toe sy ook opstaan.

“Wat van lekker kerrie prawns by die hawe in Kalkbaai?”

“Klink fantasties,” sê Emma.

Engela stap vooruit na die kamer waar Emma gaan slaap. Haar heupe swaai onder haar los kaftan. Emma sien hoe glad haar hakskene is. Sy is ’n mooi vrou, dink sy. Wieda het haar nooit opgeval as “mooi” nie. Net altyd vrolik, opgewek, vol grappe. In teenstelling met Petro wat deur die jare al hoe stiller, ernstiger, meer introvert geraak het.

By die rekenaar gaan sit Engela voor die rekenaar en klap liggies met haar hand op die enkelbed agter haar vir Emma om te kom sit. Dan draai sy na die rekenaar om die e-posse te vind. Toe sy een op die skerm het, staan sy op sodat Emma voor die rekenaar kan sit.

Hallo, Moekie en Dad, natuurlik! Kla nie, self? Nee, die gevaar hier is onvoorspelbaar, maar tot dusver gaan dit goed. Ons bly in ’n tentebasis. Die kos is goed en ons water word aangery met ’n watertrok van waar dit gesuiwer word vir gebruik. Ons ouens ry sekerheidspatrollies met Mamba's in die IDP kampe (Internally Displaced People – dit is refugees). Die een kamp se naam is Kassab (’n mens spreek dit uit “Kasaab”) en die ander ene Fata Bourna (“Fata Boerna”). Eersgenoemde het ongeveer 5 000 vlugteling en laasgenoemde ongeveer 30 tot 40 000 waar ons patrollies doen om die rebelle (“Djan Dka Wee”) en ander rebellegroepe te probeer uithou. Die VN sorg vir die vlugteling (World Food Program). Dan is daar ’n klomp ander IDP kampe met duisende IDPs waar ander weermagte soos Nigerië en Ruanda ook ’n teenwoordigheid het, maar hulle is honderde kilometers van ons af in hul eie areas van verantwoordelikheid. Die Nyala IDP kamp het oor ’n 100 000 vlugteling en dan is daar nog ’n klomp ander ook. Ons as RSA infanterie tesame met die ondersteuningspersoneel (dis nou soos die mechanics, personeelbestuur, medics, ens.) werk hier onder die UN-vaandel - daarom dra ons blou UN berets. Die meeste mense hou van ons en is vriendelik. Ons basis (klein) is in ’n dorpie, Kutum.

Ek dink ek sal oor twee maande pas kry, Moeks. En om te ontlaai na sewe maande se frustrasies en spanning hoop ek ek en Dad sal gereeld gholp kan speel. Ek sal betyds laat weet, dan vat Dad bietjie verlof ook, oukei?

Die woestyn is ongelooflik mooi, die berge ook. Ons het pas reënseisoen gehad vir tot drie maande, maar dis nie RSA-reën nie, dis baie minder met lae fases van aanhoudende

reën. Daar is dik woestynsandmure om die sandhuise, vierkantig, en hier en daar is daar dalk 'n baksteenhuise, ook vierkantig. Hier is 'n mark, amper soos die vlooiemarkte wat ons ken, in die dorp. Die Moslems se Sondae is ons Vrydae en dan werk hulle op ons Sondae. Dis nou Ramadan en dan mag hulle nie deur die dag eet nie, so hulle is redelik passief, ek kry hulle eintlik jammer, want sonder my pap en wors vrek ek gou - al het ek dit laas in die Republiek geniet!

Maar wat erg is, is hulle toilette. Hulle hurk oor 'n toiletgat, was met hul linkerhand af (gebruik nie toiletpapier nie), want hul regterhand is vir groet, waai en eet. “Sala-malikoe” of “Ta-mam” (dis nou hoe hulle dit uitspreek, ek weet glad nie hoe spel mens dit nie!) is hul groet en hulle bid vier keer per dag hier in die moskee en ons word gereeld getreat deur een Moslem se geroepery (sing) oor die luidspreker met sonsopkoms en sonsondergang. Hulle is vriendelik en het 'n fyn sin vir humor. Die Moslems is vir my 'n baie interessante kultuur. Ek het niks geweet van hulle nie. Eintlik weet ek nie eens veel van enige Afrikane nie! Hulle gee baie om vir mekaar, ook mense wat anders is as hulle. Maar dis dit vir eers. Skryf baie!

Liefde Billy

“Sjoe, ja, dis fascinating,” sê Emma.

“Is, nè,” sê Engela. Sy sug diep waar sy skuins agter Emma oor haar leun voor die rekenaar. “In die wêreld waar ek groot geword het, was daar nie sulke goed soos Moslems en vlugtelingkampe en sulke goed nie.”

Emma knik en staan op. Engela gaan sit voor die rekenaar om dit af te skakel. “Maar my kind is oukei, dink jy nie?”

“Ek dink jou kind is oukei.”

“Ek is net bang hy gaan nooit weer hier kan werk nie. Dat hy die res van sy lewe so moet rondswerf om 'n lewe te maak.” Sy staan op. “As ek die lotto wen, kan hy net gholf speel vir die res van sy lewe,” sê sy en lag hard. Vir 'n oomblik is haar gelaatstrekke glad en sorgloos.

Drie en twintig

“Al wat nog kort is dat ’n walvis nou sy stert hier in die water lig,” sê Emma.

Sy en Engela sit teen ’n venster van die restaurant so na aan die see, dat dit voel asof hulle binne in die water sit.

“Ek dink dis te vlak hier,” sê Engela, “ons moet dalk Hermanus toe ry oor die naweek en gaan kyk of daar nie walvisse is nie.”

“Dis vir my een van die wonderbaarlikste goed wat ek nog ooit gesien het, so ’n groot vis.”

Die restaurant het ’n gesellige kafee-atmosfeer met gestreepte kussings op lae bankies, growwe tafels in helder kleure geverf en groot mobiele gemaak met stukke afvalglas in verskeie kleure. Die groot vensters is dof van die seesout wat aanpak daarop, soos ’n filter voor ’n kameralens. Emma dink vlugtig dis asof dit die harde realiteit versag. Buite is die hawe maar vuilerig, vol rommel, en die verf van die vissersskuite skilfer af; die seeumeeue se swart ogies is hard en hulle gulsige gille skril; op die parkeerterrein is daar ’n man met desperate oë wat die motors teen betaling oppas.

“Ek het nog nooit ’n vollengte walvis in die regte lewe gesien nie. Ek wens ek kan eendag een sien spring,” sê Emma.

“Onwaarskynlik, dink ek,” antwoord Engela en staar ook soos Emma oor die see uit.

“Ek het eenkeer gedroom ek sien ’n walvis so duik uit die water uit. Ek het gewonder of dit tel. Dink jy dit is nie noodwendig werklik as mens dit droom nie?”

Engela glimlag net en trek haar skouers op.

Uit die kombuis klink gedempte stemme en ’n sterk geur van gebraaide uie en kerrie hang in die lug.

’n Jong kleurlingmeisie in ’n stywe swart langbroek en wit bloes en met ’n gestreepte voorskoot wat styf om haar heupe gebind is, verskyn langs hulle tafel en skink vir hulle wyn in blou glase. Sy het ondeunde donker oë en ’n bos krulhare wat soos ’n stralekrans om haar nou gesiggie staan. Haar hande is besonder slank, sien Emma.

Dis ’n koue chenin blanc wat Emma nie ken nie, maar haar feitlik onmiddellik ontspanne laat voel. Sy het lanklaas geëet, besef sy. Hulle knik albei ingenome op na die kelnerin toe hulle

die eerste slukke van die wyn drink. “Die kos kom nou-nou,” glimlag sy en stap met ’n oordrewe heupswaai weg. Hulle kyk haar al twee agterna.

Vir ’n ruk lank sit hulle ingedagte en kyk na die bedrywighede buite. Emma asem die seelug diep in.

“Is jy oukei na jou ma se dood?” vra Engela.

“Ja wat, natuurlik is dit ’n verlies, maar ek en my ma was nie so na aan mekaar nie.”

Toe Engela niks sê nie, kyk Emma na haar. Engela sit stip na haar en kyk. “Jou ma het jou baie liefgehad, daaraan hoef jy nie te twyfel nie.”

“Wat laat jou so dink, Engela?”

“Sy het my gesê. Baie keer.”

Emma trek haar skouers op. “Ek wens sy het dit vir my ook gesê.”

Engela begin lag. “Onthou jy daai keer toe ons die huis geverf het net toe jou ma en my ma saam in die huis ingetrek het? Toe jou ma soos ’n malletjie al agter my aan gehardloop het om my te verf? Ek het vir dae nog verf uit my hare gewas.”

“Was ek daar?”

“Ek is seker? Toe ons piekniek gehou het op die grasperk en jou ma vir ons die donkie-stap gedoen het? Ek het gedink sy is sulke pret!” Engela lag. “Sy was altyd vir my so snaaks.”

Emma sê niks en bestudeer Engela se gesig.

Die kelnerin bring twee geurige diepborde met kos wat sy voor hulle neersit. Hulle begin al twee eet.

“Ons het omtrent elke Vrydagaand inry toe gegaan, kan jy dít onthou? Dan het jou ma vir ons ’n mandjie gepak en ons het na *Staal Burger* oor die radio geluister terwyl ons in die tou gewag het vir die hekke om oop te maak.”

“Ja, ek onthou die fliks. *Anny get your gun, Seven brides for seven brothers ...*” sê Emma. Lang vergete herinneringe oor haar kinderjare kom skielik terug.

“Ja, en die Twiggy moewie, en al die Shirley Temple fliks wat sy ons heen gevat het om te sien.” Engela begin ’n lang rits herinneringe van die paar jaar toe die dogters saam met hulle ma’s in een huis gewoon het, vertel. Emma vind dat sy baie min van daardie herinneringe deel. *Het ek dit alles vergeet?* wonder sy.

“En as ons na die fliel by die huis gekom het, het ons gestry oor wie eerste gaan piepie en mekaar in die gange af gejaag om eerste in die badkamer te kom ...” vertel Engela.

Emma sien dat sy 'n blos op haar wange het, asof sy weer lewe het, in teenstelling met die depressiewe vrou wat haar vroeër op die lughawe kom haal het. “Ek het baie swaar gekry toe my ma en pa geskei het. My ma was ook omtrent dood van skok. As dit nie vir jou ma was nie ... Sy het vir my stories vertel en gelees en my so baie laat lag ... Ek dink sy het my en my ma se lewe gered. En dit was dieselfde tyd toe jou ouers ook uitmekaar is, onthou jy? Sy het ons almal aan die gang gehou daardie tyd.”

Emma vul hulle wynglase op en neem weer 'n groot hap van haar kos. “Ja,” sê sy, “my ma het vir ons stories gelees. Baie Afrika mites en sprokies. Dít kan ek onthou.”

“Daar was een boek wat sy gelees het van 'n meisie wat by haar ouma gebly het en meeste van die tyd onder die trappe in die huis weggekruip het. Dan het haar ouma vir haar aarbeie en room gegee om haar daar uit te lok.”

Emma trek weer haar skouers op.

“Ek was mal oor daardie storie. Dit het gevoel soos die storie van my lewe. En jou ma het dit so mooi gelees.”

Hulle sit ingedagte en eet. Emma is bewus van die skraap van haar mes en vurk teen die porselein van haar bord.

“Flip, maar die kos is lekker. Kan jy die saffraan proe?” vra Engela.

“Ja, dis heerlik.”

Die restaurant is besig om vol te loop soos dit skemer word. Emma kyk hoe dit donker word en die baai feestelik word van die ligte wat die donker kuslyn omsoom. Binne lag en gesels mense by tafels. In 'n hoek sit 'n paartjie by 'n tafel na mekaar geleun en praat intiem. Die vensters begin toewasem, sien Emma. Dis nog heel koud buite saans. Die deur gaan weer oop en die wind wat dit genereer laat een van die glasmobiele rinkel.

“So, jy onthou dat ons vier vrouens in die huis gered is deur my ma se humor?”

“Ja. Al twee ons pa's het ons ma's verlaat vir ander vrouens. En dit was toe nog 'n skande. My ma was vir die enigste keer in haar lewe maer van ellende. En jónu ma was snaaks. Kan jy onthou sy het ons bure oom Graaf en tannie Vurk genoem? Want hulle het heelyd in hulle tuin gewerk. En die oom het sulke erge bakkene gehad. Ons het baie spinasie uit hulle tuin geëet, onthou jy?”

Emma knik bevestigend en glimlag. “Spinasie-en-aartappel-pasteie.” Sy eet 'n groot lepel vol van haar garnaalbredie. “Ek dink nie dit was vir my ma so erg om my pa te verloor nie. Ek

dink my pa het swaarder gekry. Hy het vir hom 'n girlfriend gekry sodat hy die moed kan bymekaarmaak om my ma te los, dink ek.”

Engela knik. “Dalk.” Sy dink 'n rukkie lank na. “My ma het van g'n sout of water geweet nie. Die eerste woord wat sy daarvan gehoor het, was toe my pa aankondig hy verlaat haar vir tannie Lise. Siestog, die arme ding.”

“My ma en pa se ding het van ver af gekom.”

Hulle bly stil terwyl die kelnerin hulle leë borde afdek. “Wat van nog 'n glas wyn, dames?” vra sy.

Hulle kyk vraend na mekaar en knik.

“Jou ma is een van die sterkste mense wat ek geken het, Emma,” sê Engela. “Ek was so hartseer toe ek besef sy moes moeilik doodgegaan het. Dat sy alleen daar moes gelê het en dat sy moes bang gewees het. Maar ek dink sy het selfs die dood vierkantig in die oë gekyk, ek is seker as iemand dit met waardigheid kon doen, was dit Petro.”

Emma het 'n knop in haar keel. Sy sluk 'n groot sluk van haar glas wyn wat die kelnerin pas voor haar neergesit het en knik.

Engela sit haar hand oor Emma s'n. “En jy aard so baie na haar. Só baie, dis uncanny. Ek is so bly jy het vir Evert gekry, want hy balanseer jou so mooi, dink ek. Hy is so 'n ou sweetie.”

Weer kyk Emma op na Engela en dan bestudeer sy weer die verligte baai wat ver uitgestrek lê. Hulle sit lank so stil, verdiep in hulle gedagtes, en kyk na die uitsig.

“Ek onthou sy het jou Japsnoet genoem,” sê Emma dan, “dít kan ek ten minste onthou. Japsnoet vir jou en geen troetelnaampie vir my nie.”

“Haai nee, jy is verkeerd, babe,” lag Engela uit haar maag uit. “Vir jou het sy Fiefie genoem, het jy dit dan vergeet?”

Emma kyk verbaas op. “Genugtig, ja, ek hét eintlik. Jy's reg, sy het my so nou en dan Fiefie genoem.”

Vier en twintig

Emma stap in die vlak water op die oneindige lang Muizenbergstrand. Sy proe sand in haar mond want dis steeds effens winderig, en sy trek die tjalie wat sy by Engela geleen het, stywer om haar skouers. Engela moet 'n kliënt se boekhouding vanoggend afhandel en Emma het besluit om alleen strand toe te kom. Dit was 'n paar dae vol veeleisende herinneringe en vergete inligting oor haar ma. Sy voel moeg. Sy verlang na Evert.

'n Vrou kom van voor af armswaaierend en flink aangestap gevolg deur 'n langhaar hond wat baldadig in die vlak water hardloop, blaffend op seemeeue afstorm en dan 'n golf water laat opspat agter hom aan.

Sy voel gesus deur die ritmiese gesuis van die see. Engela het haar gewaarsku dat die strand ook al gevaarlik is, dat daar onlangs helder oordag 'n wreedaardige mesaanval op 'n vrou was wat alleen gestap het, maar Emma voel geensins bang nie. Daar is min mense, hier en daar spikkeltjies ver van haar, of iemand wat verby wandel of draf en knik, of wuif of groet. 'n Kleurlingvrou met gespierde arms staan agter teen die duine en doen joga-strekke.

Uit die rigting van die parkeerarea kom 'n groepie Kleurlinge gestap. Daar is 'n man in 'n pak klere, 'n jong man in ontspanningsdrag en drie vroue, een vrou erg oorgewig. Hulle gooi 'n paar handdoeke op 'n houpie op die strand, stap dan stil en reguit water toe en hou aan om die see in te stap. Emma is gefassineer en gaan sit op die strand om die petalje dop te hou.

Toe die groepie ongeveer heuphoogte in die water staan, vorm hulle 'n kringetjie. Die een vrou se los rok bol om haar in die water. Die man in die pak klere begin luidkeels bid, neem sy aan, maar hulle is te ver weg en sy kan nie hoor wat hy sê nie. Hy staan met albei arms in die lug, kop agteroor. Die kringetjie mense staan eerbiedig en spring wanneer 'n golf aangerol kom. Dit lyk asof hulle dobber. Die man sit dan sy arm om die vet vrou se nek en druk haar kop onder die water in. Die ander mense klap hande en sing, maar die wind waai die presiese woord en deuntjie weg. Hulle staan 'n ruk lank kop onderstebo terwyl die vet vrou aanhoudend oor haar gesig vee, asof water steeds oor haar kop stroom. Dan draai hulle almal gelyk om en begin weer uit die see uit beur.

Wanneer hulle op die strand kom begin hulle hulself afdroog met die handdoeke en stap dan weer terug van waar hulle gekom het. Hulle bly steeds stil en hulle kyk glad nie in haar

rigting nie, erken nie haar teenwoordigheid nie. Emma draai haar skuins en hou hulle dop soos hulle wegstap en verdwyn tussen die duine in.

Sy bly sit, trek haar bene op en sit met haar kop op haar knieë en kyk na die see. Sy dink aan haar ma. Die enigmatiese Petro Jonker. Sy sien haar voor haar soos sy haar onthou: regop, streng, ingekeer.

Sy kyk na 'n vrou wat 'n ent weg van haar staan en kyk na die see. Sy het ook vroeër gestaan en kyk na die doopsereemonie. Sy staan steeds roerloos en diep ingedagte. Haar lang hare waai agtertoe, weg van haar gesig in die wind, en sy staan met haar arms losweg gevou. Skielik onthou Emma iets van haar ma wat sy vir lank nie onthou het nie: dit was die aand toe Ben hulle verlaat het.

Emma het op die stoep in die donker gaan wegkruip vir haar ouers en hulle argument. “Marina” is 'n naam wat sy hulle dikwels gehoor sê het.

Ben: “Sê net ek moet bly. Sê net een keer jy wil hê ek moet bly, Petro.”

Petro: “Jy moet self besluit. Ek gaan nie vir jou besluit nie.”

Emma het nie gehuil of geprotesteer nie. Sy het haar in 'n bondeltjie op die stoep gaan trek.

Ben het haar kom soek en voor haar gekniel, saggies met haar gepraat. Dat hy vir 'n ruk weggaan, dat hy haar lief het, dat hy nog alles sal verduidelik. Sy wange was nat en het geblink in die stoeplig, soos slakspore.

Emma het niks gesê nie, net na hom gekyk. Toe het hy die bondeltjie kind in sy arms toegevou en haar lank vasgehou. “Ek is jammer,” het hy gesê en weer die huis ingegaan. 'n Ruk later het hy verby gekom met 'n tas, krom skouers, verslaan. Petro het hom tot op die stoep gevolg.

Ben het in sy kar geklim en stadig begin wegry. Petro het op die stoep bly staan, fier, haar arms gevou, en hom agterna gekyk sonder om 'n enkele woord te sê. Emma verbeel haar daar het 'n wind gewaai en dat Petro se lang hare ook so weggewaai het van haar gesig soos die vrou op die strand voor haar.

Emma het gedink sy lyk soos 'n Vikingkryger. Sy het seker iewers gelees of gehoor van Vikings. En haar ma het vir haar soos een gelyk: oer, vreesloos, gedetermineerd, vreesaanjaend. Emma was te bang om asem te haal.

Toe het Petro na Emma toe gedraai en 'n ruk lank stil na haar gekyk. Emma kan nie

onthou wat die uitdrukking op haar gesig was nie. En Petro het saggies gesê: “Kom ons gaan in, Fiefie. Dis laat. Moenie worry nie, ons sal oukei wees.”

Vyf en twintig

Emma is besig om haar tas te pak vir die terugtog huis toe en Engela sit by haar op die bed. “Wat gaan jy doen, Engela? Denis is tot die dood toe depressed, dis duidelik. Hy het skaars drie woorde met my gepraat. EK het hom eintlik nooit gesien nie. Dis asof hy nie meer hier bly nie.”

Engela sug. “Wat kán ek doen? He’s a grown man. Hy word woedend as ek sê hy moet ’n sielkundige gaan sien.”

“Sjoe, Engela, ek is jammer vir jou. Hoe lank gaan jy hou?”

Engela sê niks.

Emma vou Engela se grys tjalie wat sy die paar dae lank gebruik het op en hou dit uit na Engela. “Amper pak ek dit in. Dankie.”

“Vat dit vir jou, toe.”

“Haai, nee, Engela, dis nie nodig nie.”

“Ag man, dis iets wat ek gebrei het en ek gee dit graag vir jou. Jy is darem amper soos ’n suster vir my.”

Emma druk die sagte woltjalie teen haar bors vas. “Dankie, liewe Engela. Ek sal altyd aan jou dink.”

Engela glimlag op na haar toe. ’n Straal sonlig skyn oor haar waar sy met haar bene voor haar uitgestrek sit op die bed, en sy lyk skielik jonk.

“En nou is dit jou beurt om weer vir ons te kom kuier in Johannesburg, hoor.”

Sy knik. “Be careful what you wish for. Ek is kapabel en kom sommer gou en vir lank,” sê sy gelate.

“Dit sal reg wees, ons het ’n spaarkamer,” sê Emma en sit die tjalie in haar tas.

Hulle kyk albei op toe Emma se selfoon piep. Dis ’n sms van Evert: “Kom huis toe! Ek verlang na jou.”

“Ag hoe sweet,” sê Engela toe Emma dit vir haar lees. Engela kyk na haar soos ’n honger mens. Ek wonder wanneer laas het haar man vir haar iets nice gesê, dink Emma. Sy tik ’n antwoord vir Evert: “Amper daar.”

Emma tel haar tas van die bed af, staan dan ’n rukkie ingedagte, en sit dan die tas weer plat op die bed neer. Sy rits die ritssluiting oop, haar haar toiletsakkie uit, krap daarin. Sy haal die

plaatjie voorbehoedpille uit, staan daarmee in haar oop palm asof sy dit weeg. “Ek gaan hierdie nou weggooi. Evert wil ’n baba hê.”

Engela hou haar hand uit: “Gee vir my voor jy jou mind change. Sy vou die pille in haar hand toe. “Wat van ’n laaste koppie tee voor ons lughawe toe ry?”

Emma staan in die deur vir Engela en dophou waar sy ’n skinkbord pak, na haar wulpse heupe en hoe grasielus sy beweeg. “Hoekom kry jy nie vir jou ’n boyfriend op die kantlyn nie, Engela?”

Engela lag, tel die skinkbord op en hulle begin sitkamer toe stap. “Hier is nie eens mans vir single vroue in die Kaap nie!”

Hulle lag en gaan sit, skink tee, sit agteroor.

“Engela,” vra Emma huiwerig, “hoekom dink jy ons ma’s het so saam gewoon?”

Engela tuit haar mond. “Want hulle was te arm om alleen te woon. Toe gooi hulle maar hulle goed bymekaar.”

Emma knik ingedagte. “Maak sin,” sê sy. “En hulle het baie goed oor die weg gekom.”

“Beter as wat hulle met mans reggekome het,” lag Engela. Emma lag ook. “Het jy nou al al die goed uitgesorteer van jou ma?”

Emma knik. “Jip. Dis nou net die boedel wat finaal amptelik afgehandel word en die huis moet oorgedra word op Refilwe se naam.”

Engela lag kopskuddend. “Ai, jou ma ...” sê sy meewarig. “Om te dink een dooie swart kind het haar hele lewe so gestuur.”

“Wel, eintlik nog meer as wat jy dink, vermoed ek.”

“Wat bedoel jy?”

“Wel, ek dink sy het haar kêrel afgesê om haarself te straf na die ongeluk. En toe met my arme pa getrou as ’n soort offer, en die res is geskiedenis.”

Engela lag. “Jy’s nie ernstig nie?”

Emma sluk haar koppie leeg. “Ek is. Ek het ’n brief gekry wat sy vir iemand genaamd Spikkel geskryf het waarin sy dit sê. Ek kan glad nie uitvind wie dit is nie. So, dit sal seker maar ’n geheim bly.”

“Spikkel?” Engela kyk verbaas op na haar. Emma knik.

“Oom Spikkel Fourie?” herhaal sy die vraag.

Emma kyk grootoog na Engela. “Wat bedoel jy?”

“My pa se beste vriend se naam is Spikkel. Ek ken hom al van my kinderjare af. Ek het saam met hulle kinders grootgeword. Sy dogter is vandag nog my beste vriendin! My enigste vriendin. Monique.”

Emma lag met ongeloof. “Wel, slaan my morsdood. Waar kan ek hom kontak?”

“Hulle bly actually naby julle. Hulle is in Aucklandpark, dis mos naby julle, nie waar nie?”

Emma knik.

Engela steun orent. “Ek kry sy nommer vir jou.”

Ses en twintig

Daar is 'n ornate tuinhek tussen die huis en die parkeerarea wat piep toe Emma dit oopmaak. Die groen verf skilfer plek-plek af. Die groot veiligheidshek waar sy pas deur gery het gly raserig agter haar toe. *Hulle moet die hek stel om vinniger toe te maak. Hier kan 'n hele bende deur ry voor die ding toemaak.*

Sy stap die geplaveide stoeppaadjie op. Die lug ruik stowwerig maar die tuin om haar is geil met tropiese plante. 'n Sproeier draai rukkerig iewers langs die huis. Daar is 'n paar bruin hoenders wat skrop in die netjiese tuin en 'n haantjie wat haar skuinskop en met kraalogies dophou.

Die vensters het kantgordyne voor wat baie dig hang, en sy kan nie sien of iemand dalk na haar staan en kyk nie.

Voor sy die stoeptrappe kan opklim, gaan die voordeur oop. Dis 'n outydse deur met 'n loodglasvenster met 'n blompatroon in die boonste helfte van die deur en in panele aan beide kante van die deur. Daar is egter 'n swaar staal veiligheidsdeur voor en dit bederf die voorkoms van die mooi deur.

'n Kort, mollige vroujie in 'n stemmige romp met 'n blokkiespatroon en 'n blou tweelingstel truitjies met driekwartmoue staan glimlaggend vir haar en wag. Haar gryshare het 'n baie ligte pers tint en is netjies agteroor gepluiskam. Sy het 'n blink oranje lipstiffie aan.

“Hallo, Emma, ek is tannie Bridget Fourie,” sê sy terwyl sy die veiligheidshek oopsluit. Sy steek haar hand uit en groet vir Emma. “Kom in, kom in,” sê sy, “die oom is nou hier. Kom sit solank in die sonkamer. Wat kan ek vir jou kry om te drink?”

Sy stap in 'n sonkamer in wat 'n stoep was wat nou toegebou is met hortjiesvensters en wys vir Emma na 'n gemaklike riempiesstoel. Die kussings van die bank en vier stoele in die stoepkamer is 'n blompatroon uit die sestigs met groot groen en wit blomme op. Teen die een muur hang 'n gemonteerde stel lang bokhorings. Emma weet nie watter soort bok s'n dit is nie. Dalk gemsbok, dink sy. Onder die horings teen die muur staan 'n stellasio met 'n paar rakke vol potplante: verskillende soorte varings, 'n wit en 'n pienk malva soos twee wagte op elke punt van die boonste rak, 'n wandelende Jood waarvan lang stringe blare afhang, 'n paar African Voilets en 'n paar orgideë.

“Nee, wat, tannie, ek sal nie nou iets drink nie. Dankie.”

“Ek gaan net gou die oom roep,” sê sy en draai om.

Dis warm en die oggendson bak deur die kant- en die boonste laag sunfiltergordyne. Emma waai haar gesig koud met haar hand. Sy sien dat daar geen venster oop is nie.

Sy hoor Bridget roep: “Pappié!” Iewers ver weg dreun ’n grassnyer, maar verder suis die stilte.

“Ja!” antwoord ’n manstem. Dan is daar ’n geskuifel, gedempte stemme, en voetstappe na Emma toe.

Die man kom ingeloop en Emma staan op, draai na hom toe. *Spikkel*, dink sy.

“A nee a, sit, sit, kind,” sê hy vriendelik en skud haar hand energiek. Sy hand is koel en droog in hare en sy handdruk effens te stewig. Hy gaan sit op die stoel langs haar. Daar is ’n lae tafeltjie tussen die twee stoele wat skuins na mekaar gedraai is. Sy sien dat hy hard leun op die stoelleuning en met sy een been reguit voor hom toe hy gaan sit. “Is ek reg as dink jy het gesê jy’s Petro se kind? En Ben s’n?”

“Dis reg, e ... oom. Hulle enigste kind, om die waarheid te sê.”

Hy kyk indringend na haar.

Hy is ’n stewige man van gemiddelde lengte, maar sonder enige oortollige vet aan sy lyf. *Atleties*, dink sy, soos sy raai ’n afgetrede rugbyspeler lyk. *Hy lyk soos ’n gelukkige man, een wie se vrou seker maak hy eet gesond en drie maal per dag.* Hy het nog al sy hare, en dit is nog wortelrooi, nie grys nie. Dis in ’n effens olierige seunsagtige kuif oor sy voorkop gekam. Sy gelaatskleur is gelerig en hy is vol sproete. Sy voorarms lyk songebrand en het die hare op sy voorarms blond gekleur. Hy dra ’n bonkige trouring met ’n swart onikssteen in. Sy vingernaels is baie kort geknip.

Sy gesig is ook bruingebrand met ligte sproete. Sy neus is reguit en fyn. Sy oë wat haar nuuskierig bestudeer, is besonder mooi: groen, groot en amandelvormig, omraam deur lang goue wimpers.

Hy dra ’n beskuitkleurige polyester langbroek – daar is ’n groot haak op een knie - ’n wit kortmouhemp en kouse en grasshoppers. In die v van die hemp sien sy dat hy welige bos grys borshare het. Hy ruik na niks, seep en water dalk, dink sy.

Emma begin ongemaklik voel in sy blik en sy kruis haar bene, trek haar romp glad oor haar bene, kyk na hom en glimlag.

“Petro se dogter. Dis nou interessant. Jy lyk nie soos sy nie.”

“Ek lyk eintlik meer soos my pa, dink ek.”

“Nou Ben het ek nooit so goed bestudeer nie,” sê Spikkel en lag uitbundig. “Ek weet nie eens of ek hom in die straat sal herken nie.”

Daar is iets aan sy stemtoon wat Emma verdedigend laat voel teenoor haar pa, maar sy sê niks.

Die vrou kom die vertrek ingestap met ’n skinkbord met drie groot glase koeldrank op. “Ek maak self die gemmerbier, ek het sommer vir ons geskink.” Spikkel bly sit en sy sit die skinkbord op ’n groter tafel langs die bankie neer. Sy hou ’n glas na Emma toe uit en sy neem die glas met die melkerige vloeistof. Sy is tog wel dors, besef sy.

Die vrou gaan sit op die bankie langs Spikkel en gee vir hom ook ’n glas aan. Vir ’n rukkie sit hulle stil en drink hulle koeldrank.

“So,” sê Bridget, “oom Petrus sê my jy is ’n ou kollegevriendin se dogter?”

“Ja, tannie, en hy het my pa ook geken.”

“Ah,” sê sy.

“Nou hoe gaan dit met ou Petro?” vra Spikkel, leun vorentoe en gee sy leë glas vir sy vrou aan.

“Ek is bevrees sy is net meer as ’n maand terug oorlede, oom. Sy het ’n massiewe beroerte gehad.”

Spikkel kyk op na haar. “Regtig? Nou toe nou,” sê hy. “En Ben? Leef hý darem nog?”

“Ja, hy leef nog.”

“Ja-ap,” sê Spikkel en klap van sy lippe teenmekaar op die p. “So sneuwel die helde.” Sy vrou knik bevestigend.

Emma sit haar glas hard neer op die tafeltjie tussen haar en Spikkel.

“Gee maar sommer vir my aan,” sê Bridget. Dan staan sy op en tel die skinkbord op. “Verskoon my, asseblief, ek moet gaan kyk na my en die oom se kossies.”

Toe sy weg is, sit sy en Spikkel ongemaklik stil. Emma probeer iets deur die kantgordyne sien, maar dit hang met soveel plooië, sy kan nie veel sien nie. Sy wonder wat die punt is van ’n sonkamer as die son kwalik kan inkom.

Sy skrik byna toe Spikkel skielik praat: “Ek verstaan nie eintlik wat ek vir jou kan doen nie, Emma, is dit?” Sy knik. “Ek het jou ma baie jare laas gesien.”

“Ek is heeltemal bewus daarvan.” Weer bly hulle ongemaklik stil. Sy kyk op, vas in sy oë wat haar weer noukeurig dophou. Hy lyk vir haar soos ’n silwer jakkalsie met sy spits gesig.

“Ek het ’n brief hier, van my ma, aan jou.” Emma tel haar handsak van die grond af op en trek die ritssluiting oop, haal die brief uit. “Ek wou jou ontmoet, jou kant van die saak hoor.” Sy hou die brief na hom toe uit.

Hy neem die brief by haar. Dan staan hy stywebeen op. “Ek moet eers my bril kry,” sê hy en stap uit. Emma sien dat hy met ’n geringe hink stap. Hy kom terug met ’n swartraambil, gaan sit weer en vou die brief oop. Hy lees stadig, meer as een keer. Emma hou hom dop. Sy gesig bly uitdrukkingloos. Die enigste emosie wat sy vermoed is dalk irritasie.

“Ek het nooit hierdie brief gekry nie, hoor.” Hy gee die brief vir haar terug, vou die bril op en sit dit in sy hemsak.

Emma weet nie eintlik wat om te sê nie.

“Kyk, ek verstaan nie eintlik wat jy wil weet nie. Ek en jou ma het uitgegaan, ja. Dit het nooit regtig gewerk nie en dit sou nie veel langer gewerk het as wat dit gewerk het nie. Ons het saam op onderwyskollege geswot. Ons het hard partytjie gehou. Ons was jonk. Jou ma was erg oor my en ek seker maar oor haar ook vir ’n ruk. En toe hou die kys op. Ek kan nie eens vir jou sê hoekom nie. Dit was net verby. Maar nié as gevolg van hierdie brief nie.” Hy lag saggies. “Ek het geen idee waarvan sy praat as sy praat van iets verskrikliks nie.”

“Daar was ’n ongeluk. ’n Swart kind is dood. My ma voel sy het die ongeluk veroorsaak, hoewel sy glad nie die kind getref het nie.”

“Nè? Nee, ek weet niks daarvan nie.”

Bridget loer by die deur in. Sy het ’n voorskoot aan. “Is julle reg? Nog iets om te drink?”

Hulle sê al twee gelyk nee dankie en Bridget stap weer uit.

“Hoekom sê die brief dan julle het ’n ernstige verhouding gehad? Sy impliseer dat jy baie vir haar omgee het?”

“Nee, koot, kind, hoe sal ek nou weet?” Weer verbeel Emma haar daar is yster in sy stem.

Emma sê niks, probeer net weer deur die ruig gordyne kyk.

“Kyk, ek is agt en veertig jaar lank getroud met dieselfde vrou. Ons het drie kinders en sewe kleinkinders. Ek was vir twintig jaar lank skoolhoof by ’n hoërskool in Evander. Die laaste tien jaar van ons lewens bly ons hier, in my oudste seun se huis, want hulle woon nou in Kanada. Ek is lankal afgetree en ek lees graag en speel provinsiale rolbal. Ons gaan gereeld wildtuin toe

en speel brug saam met ons jare lange vriende. Dis omtrent al wat ek vir jou met sekerheid kan sê. Oor 'n jeugverhouding van 'n leeftyd terug het ek goeie herinneringe, maar dis al baie lankal nie op enige manier belangrik in my lewe nie.” Hy bly stil en Emma verbeel haar hy is amper uitasem. Maar wanneer hy na haar kyk is daar gee sweem van emosie op sy gesig nie. “Ek is jammer ek kan jou nie meer help nie.”

Emma kyk hom stip in die oë, maar hy ontmoet haar blik sonder ongemak. “Nee, dit help my klaar baie.” Sy tel haar handsak op haar skoot. “Ek dink ek moet maar gaan,” sê sy.

Spikkel trek sy skouers op. “Wil jy nie nog iets drink nie?” sê hy maar begin klaar opstaan. “Mammie,” roep hy, “die juffrou wil groet.”

Bridget kom aangestap. Emma ruik die geur van aartappels wat kook in die kombuis. “Nou maar, dit was lekker om jou te ontmoet, kom weer,” sê Bridget.

Die Fouries stap saam met haar by tot by die deur maar sy keer hulle toe hulle verder saam met haar wil stap. “Ag nee wat, dis regtig nie nodig nie,” sê sy en skud hulle hande. “Baie dankie vir die gemmerbier, mevrou,” sê sy en draai om. Bridget bly staan, maar Spikkel klim stywebeen die trap af saam met haar. Sy stap kar toe. Net buite die hekkie by die parkeerarea is 'n groot bom en sy sien iets in 'n boom hang. Sy kyk op. Dis twee deurskynende plastiekbottels wat langs mekaar aan hang, die een met voëlsaad in en die ander een met water in. Dis al twee onderstebo bottels wat geprakseer is om die voëls te kan voer. Die een met die water in het 'n ander halwe stuk bottel aan die onderpunt vasgemaak sodat die water daarin kan loop.

Sy wys daarna: “Is dit vir die voëls?”

“Suikerwater vir die suikerbekkies,” sê Spikkel. “Dit moet hang, anders kom drink hulle nie.”

Emma staan 'n ruk lank en kyk daarna. “Dis seker nogal mooi om te sien as hulle kom drink.”

Spikkel knik bevestigend.

'n Luidrugtige ambulans jaag naby hulle verby in die rigting van die hospitaal.

“My ma het haar lewe lank die voëls gevoer.” Sy kyk na hom.

Spikkel staan peinsend en kyk na die voerbakkies wat een keer heen en weer swaai in die ligte wind wat opgekom het. Dan kyk hy na haar, trek sy skouers op, sy gesig leeg, bot. Hy kyk vinnig weg, maak die hekkie oop vir haar. Sy lyftaal sê vir haar dat hy wil hê sy moet gaan. Sy maag gor skielik hard. Hy begin hard lag. Sy gesig verkreukel en sy oë trek dun strepies.

“Skies,” sê hy en vryf oor sy plat magie. “Honger.”

Sy kyk in haar truspieëltjie terwyl sy wegry. Hy staan haar agterna en kyk.

Sy sit die radio aan. “I can see clearly now, the rain is gone ...” begin Hothouse Flowers luidkeels te sing. Emma begin lag en draai die radio harder. “it’s gonna be a bright, bright sunshiny day ...” Sy wieg en slaan ritmies trom met haar vingers op die stuurwiel.

In Kingsway druk ’n minibustaxi haar byna van die pad af. Sy skrik en trap briek. ’n Ander taxi toeter ongeduldig en waai vir haar om te beweeg.

“Look straight ahead, nothing but blue sky,” sing sy met oorgawe, wys vir die taxi ’n middelvinger, “nothing but blue sky ...!”

Ek gaan by die slaghuis stop en vir ons ’n lekker rypgemaakte dik bees filet koop, besluit sy. En sy sal dit in ’n baie warm oond vinnig gaarmaak met bietjie olyfolie en sojasous oor, en sy sal dit geur met seesout. Sy sal klein aartappeltjies in botter en knoffel bak tot dit murgsag is en ’n groot veelkleurige somerslaai maak, ook met ’n knoffelslaaisous, wat kraak onder hulle tande. Sy sal vir hulle die tafel dek met die tafeldoek wat Wieda nog vir hulle vir ’n trougeskenk gegee het. As sy nou dadelik ’n bottel chardonnay in die yskas sit, sal dit al lekker koud wees wanneer Evert tuis kom.

Sy sal vir hom ’n sms stuur sodra sy stilhou by die huis: *Moenie laat wees nie, kos is op die tafel.* En dan sal sy wegspring en vir hulle ’n feesmaal berei.

'n Vergelykende studie van die *tradisionele speurverhaal* en die *literêre speurverhaal* met
spesifieke verwysing na vier Afrikaanse speurverhale
(’n Mini-verhandeling)

deur Berendina Volschenk

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns

Departement Afrikaans

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. H.J. Pieterse

Augustus 2010

INHOUD

1	Probleemstelling, motivering vir en ontplooiing van die studie	4
1.1	Inleiding	4
1.2	Probleemstelling, motivering vir en ontplooiing van studie	4
1.3	Metodologie	7
1.4	Samevatting	7
2	’n Teoretiese agtergrond	8
2.1	Inleiding	8
2.2	Werksdefinisie van die speurverhaal	8
2.3	Triviaallektuur, goeie gewilde prosa en literêre tekste	9
2.4	’n Paar struktuurelemente van prosa	11
2.4.1	Intrige of plot en spanningslyn	11
2.4.2	Karakter en karakterisering	13
2.4.3	Verteller en perspektief	14
2.4.4	Tyd en ruimte of milieu	15
2.5	Samevatting	16
3	<i>Reuk van die dood</i> (Mouton, 2008) en <i>Plaasmoord</i> (Brynard, 2009) as tradisionele speurverhale	17
3.1	Inleiding	17
3.2	Definisies	17
3.3	Struktuurelemente van <i>Reuk van die dood</i> (Mouton, 2008)	20
3.3.1	Inleiding	20
3.3.2	Karakters en karakterisering	20
3.3.3	Spanningslyn en plot	21
3.3.4	Verteller en vertellersperspektief	23
3.3.5	Tyd en ruimte	23
3.3.6	Gevolgtrekking	24
3.4	Struktuurelemente van <i>Plaasmoord</i> (Brynard, 2009)	25

3.4.1	Inleiding	25
3.4.2	Spanningslyn en plot	25
3.4.3	Karakters en karakterisering	27
3.4.4	Verteller en vertellersperspektief	28
3.4.5	Tyd en ruimte	28
3.4.6	Gevolgtrekking	30
3.5	Slot	31
4	<i>Een vir Azazel</i> (Leroux, 1984) en <i>Die boek van toeval en toeverlaat</i> (Winterbach, 2008) as literêre speurverhale	32
4.1	Inleiding	32
4.2	Struktuurelemente van <i>Een vir Azazel</i> (Leroux, 1984)	32
4.2.1	Inleiding	32
4.2.2	Plot	33
4.2.3	Spanningslyn	34
4.2.4	Verteller en vertellersperspektief	35
4.2.5	Karakters en karakterisering	35
4.2.6	Tyd en ruimte	36
4.2.7	Gevolgtrekking	37
4.3	Struktuurelemente <i>Die boek van toeval en toeverlaat</i> (Winterbach, 2006)	38
4.3.1	Inleiding	38
4.3.2	Plot	38
4.3.3	Spanningslyn	40
4.3.4	Verteller en vertellersperspektief	40
4.3.5	Karakters en karakterisering	41
4.3.6	Tyd	41
4.3.7	Ruimte	42
4.3.8	Gevolgtrekking	43
4.4	Slot	43

5	'n Vergelyking tussen die tradisionele en literêre speurverhaal	44
5.1	Inleiding	44
5.2	Plot of intrige	44
5.3	Karakters en karakterisering	46
5.4	Verteller en perspektief	47
5.5	Tyd en ruimte	48
5.6	Ander struktuurelemente	50
5.6.1	Titel	50
5.6.2	Reekse	50
5.6.3	Betekenisvlakke en tema	51
5.7	Slot	53
6	Gevolgtrekking	54
6.1	Inleiding	54
6.2	Bestaan die literêre speurverhaal?	54
6.3	Waarom die speurverhaal as narratiewe strategie?	56
6.4	Verdere gedagtes oor die literêrheid van 'n roman	58
6.5	Slot	61
	Bibliografie	62

1 PROBLEEMSTELLING, MOTIVERING VIR EN ONTPLOOIING VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die motivering vir die studie, die wyse waarop die studie ontplooi en die metodologie wat gevolg word, uiteengesit.

1.2 Probleemstelling, motivering vir en ontplooiing van studie

Die term *speurverhaal* dui op 'n spesifieke soort verhaal of genre in die letterkunde – tradisioneel ontspanningslektuur – met spesifieke kodes, konvensies en voorskrifte wat gevolg word. Tog is meeste konvensies buigbaar en kan aangepas word, en is dit moontlik dat daar wel 'n vertakking of subgenre wat die *literêre speurverhaal* genoem kan word, kon ontwikkel het. “When we assign a work to a generic type, we do not suppose that all its characteristic traits need to be shared by every other embodiment of the type. In particular, new works in the genre may contribute additional characteristics” (Fowler, 1982:38). In hierdie verhandeling gaan dié verskynsel ondersoek word deur twee romans wat moontlik as *literêre speurverhale* geklassifiseer kan word, nl. *Een vir Azazel* (Leroux, 1984) en *Die boek van toeval en toeverlaat* (Winterbach, 2006) te vergelyk met twee *tradisionele speurverhale*, nl. *Reuk van die dood* (Mouton, 2008) en *Plaasmoord* (Brynard, 2009).

Die grense tussen ontspanningslektuur en hoë kuns is vloeibaar en verskuif gedurig. Daarom mag dit moontlik wees dat daar 'n subgenre van die speurverhaal ontstaan het wat as die *literêre speurverhaal* geklassifiseer kan word. So is die grootste Australiese literêre prys, byvoorbeeld, pas aan 'n misdaadroman toegeken.

“It begins with a dead body but Peter Temple’s *Truth* – which created history last night when it became the first crime novel to win Australia’s most prestigious literary prize, the Miles Franklin Award – defies convention. [...] The award, first won by Patrick White in 1957, goes to the novel of the year which is of the highest literary merit and which must present Australian life in its many phases. [...] *Truth* avoids the stereotypes of crime fiction and is a story of great emotional power written in captivating spare prose with

copious dialogue” (Mcevoy, 2010).

In hierdie geval is ’n tradisionele misdaadroman (speurroman) volgens streng literêre kriteria getakseer en het dit ’n gesogte literêre toekenning ontvang.

Die Leroux- en Winterbach-romans word deur kritici en literatore weens die kompleksiteit van die tekste as literêre werke getipeer, en die kritici verwys dikwels ook na die speurverhaalelement in beide die tekste. J.C. Kannemeyer (1988:281) wys byvoorbeeld op die kompleksiteit van die teks sowel as ’n speurelement in Leroux se roman, *Een vir Azazel*:

“In vergelyking met *Sewe dae by die Silbersteins* maak Leroux in *Een vir Azazel* van nog ’n verwickelder struktuur en verwysingsveld gebruik. Die roman word verdeel in sewe subeenhede wat op die Quintiliaanse retorikale volgorde gebaseer is, maar wat met die besondere boustof die tipiese situasie vir die ontrafeling van ’n moord in die tradisie van die speurverhaal bied”.

Oor die Winterbach-roman skryf Thys Human (2006) in ’n resensie: “Ingrid Winterbach is in haar jongste roman op haar heel beste: kompleks, snááks, slim, moedswillig én sonder gelyke.” Hy noem nie in hierdie resensie die speurverhaalelement nie en bespreek bloot die verwickelde aard van die roman. Talle ander literatore verwys wel daarna. Willie Burger (2008:120) skryf: “Ingrid Winterbach se *Die boek van toeval en toeverlaat* (2006) sluit nou aan by die speurverhaaltradisie”, en Helize van Vuuren (2008:166) meen: “Op die oppervlak, die mees voor die hand liggende verhaalvlak van die roman, verwys die ‘toeval’ na die speurverhaal-element”.

Dit is duidelik dat nie een van bg. romans gemaklik in die tradisionele speurverhaal-kategorie óf genre pas nie, daarvoor is beide tekste te verwickeld; maar waarom dan die speurelement? Die doel van hierdie studie is om sekere elemente van die *tradisionele speurverhaal* in *Reuk van die dood* (Mouton, 2008) en *Plaasmoord* (Brynard, 2009) met dieselfde elemente in die literêre romans *Een vir Azazel* en *Die boek van toeval en toeverlaat* te vergelyk, om ’n antwoord op die volgende vrae te kry: Bestaan daar inderdaad iets soos ’n *literêre speurverhaal*? Indien nie, waarom word die speurelement gekies as narratiewe strategie vir sommige literêre romans? Wat is die verskille en ooreenkomste tussen dié soort tekste?

Die studie sal as volg ontplooi:

- In hoofstuk twee gaan ’n inleidende oorsig van verskillende soorte tekste en algemene beginsels en definisies van die volgende struktuurelemente gegee word: intrige of plot, spanningslyn, karakters en karakterisering, verteller en perspektief, tyd en ruimte.
- In hoofstuk drie gaan twee *tradisionele speurverhale*, nl. *Reuk van die dood* (Mouton, 2008) en *Plaasmoord* (Brynard, 2009) ontleed word aan die hand van die konvensies van die speurverhaal, met spesifieke verwysing na bg. struktuurelemente.
- In hoofstuk vier gaan twee moontlike *literêre speurverhale*, nl. *Een vir Azazel* (Leroux, 1984) en *Die boek van toeval en toeverlaat* (Winterbach, 2006), ontleed word aan die hand van die konvensies van die speurverhaal, met spesifieke verwysing na bg. struktuurelemente.
- In hoofstuk vyf gaan die twee bg. *tradisionele speurverhale* en die twee bg. moontlike *literêre speurverhale* vergelyk word aan die hand van die konvensies van die speurverhaal, met spesifieke verwysing na bg. struktuurelemente.
- In hoofstuk ses gaan die navorsingsvraag, na aanleiding van die voorafgaande navorsing en ontledings, beantwoord word: Bestaan daar inderdaad iets soos ’n *literêre speurverhaal*? Indien nie, waarom word die speurelement gekies as narratiewe strategie vir sommige literêre romans?

1.3 Metodologie

Die metodologie wat gevolg gaan word, is kortliks die volgende: Daar sal 'n literatuurstudie onderneem word om die genoemde genres, die sogenaamde *tradisionele* en *literêre* speurverhaal, te definieer en van mekaar te onderskei en om die spesifieke verskille en ooreenkomste vas te stel. Geselekteerde studies, oorsigte en besprekings oor narratiewe elemente in die prosa, en spesifiek die vier gepubliseerde romans, sal bestudeer en geanaliseer word. Die tekste sal noulettend ontleed word ten einde die strukturele elemente wat uitgelig is, te identifiseer, ontleed en met mekaar te vergelyk.

1.4 Samevatting

Die moontlikheid van die verskynsel van die *literêre speurverhaal* gaan in hierdie verhandeling ondersoek word deur spesifieke strukturelemente in twee tradisionele en twee literêre speurverhale te vergelyk.

2 'N TEORETIESE AGTERGROND

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word 'n inleidende oorsig van verskillende soorte tekste en algemene beginsels en definisies van struktuurelemente in die prosa gegee. Slegs inligting wat vir hierdie studie van toepassing is, word uitgelig.

2.2 Werksdefinisie van die speurverhaal

In die *tradisionele speurverhaal* is die oplossing van 'n geheim – 'n moord of 'n misdaad – sentraal. Daar is 'n speurder, dikwels bygestaan deur 'n helper, 'n ondergeskikte mede-speurder, wat die geheim ontrafel. “In die klassieke speurverhaal is die goeie speurder in staat om die relevante inligting tussen die irrelevantes uit te soek en om dit uiteindelik as 'n logiese verhaal aan te bied waarin rekenskap gegee word van al die belangrikste leidrade” (Burger, 2008:121).

Die aanname is dat die *literêre speurverhaal* 'n verhaal sal wees wat grootliks dieselfde konvensies as die *tradisionele speurverhaal* volg, maar op alle of meeste vlakke meer verwickeld is, bv. die plot, karakters, vertellersperspektief, ens. T.o.v. die *tradisionele speurverhaal* sê Van Gorp (1991:98): “Doordat de ontspanningsfunctie en het intellectuele spel in het algemeen belangrijker lijken dan de esthetische ervaring, wordt het detectiveverhaal doorgaans tot de zgn. triviaalliteratuur gerekend.” In die *literêre speurverhaal* sal “intellectuele spel” en “de esthetische ervaring” dus na verwagting belangrik wees, en sulke verhale sal nie as triviaalliteratuur beskou kan word nie.

2.3 Triviaallektuur, goeie gewilde prosa en literêre tekste

Ontspannings- of triviaalliteratuur is resepmatig; literêre verhale is nie resepmatig nie, nie triviaalliteratuur nie. Speurverhale bevredig slegs die triviale behoeftes van lesers, nl. ontspanning en ontsnapping. Literêre verhale daag die leser uit en bevredig sy behoeftes in dié sin dat dit die leser se psigologiese en emosionele landskap kan verander, nuwe insigte oor die lewe kan gee, en sy behoefte aan 'n estetiese ervaring kan bevredig. Speurverhale, tradisioneel ontspanningslektuur, en literêre verhale is oënskynlik twee uiterstes op die spektrum van literatuur, wat die vraag laat ontstaan of dit versoenbaar is.

Literêre verhale volg in die algemeen geen voorgeskrewe patroon nie en ondermyn dikwels alles wat bekend of patroonmatig is.

“As 'n leser 'n triviale teks lees, verwag hy nie literêre strategieë nie. Enige leser wat begin om 'n literêre teks te lees, is bedag daarop dat die teks meer as net ontvlugting sal verskaf. Literêrheid kan nie 'n kriterium vir triviaallektuur wees nie, en die bevrediging van triviale behoeftes nie 'n kriterium vir literêre prosa nie” (Du Plessis Sonnekus, 1987:2).

Die leser van 'n literêre teks verwag wel literêre strategieë, dus 'n groter leesuitdaging.

Tradisionele speurverhale word ook genrefiksie genoem, “‘Genre’ is a word for types of writing: it is therefore also a word for habits of reading” (Mullan, 2006:105). Genre is 'n term vir romans wat dieselfde konvensies volg, soos bv. die speurverhaal, sodat dit tot die aanhangers van daardie soort verhale sal spreek en hul leesbehoefte sal bevredig.

Speurverhale word vandag bemark as *goeie gewilde prosa* – ook hoofstroomprosa of populêre fiksie (“popular fiction” en “mainstream fiction”) genoem – waar “'n goeie gewilde prosateks genuanseerd en meervlakkig” is (Du Plessis Sonnekus, 1987:5). Die verwagting en behoeftes van die lesers van genrefiksie is uiters belangrik en dié soort verhale is in wese verbruikersartikels. “Popular literature, or non-elite literature as it is sometimes called to contrast it with elite or high literature, has always existed alongside the high literature of the period [...] What we understand and refer to as popular literature is [...] linked to the emergence of mass society: consumerism,

mass media and the production of culture” (Meintjes, 1989:30).

Triviaallektuur word juis vanweë die voorskriftelikheid daarvan as triviaal getipeer, maar die speurverhaal, hoewel gebonde aan besliste konvensies, is vandag dikwels meervlakkig en verwickeld in terme van die strukturelemente (soos in Hoofstuk 3 aangedui sal word). Ook bly die *tradisionele speurverhaal* in ’n groot mate voorspelbaar, en daarom is dit tradisioneel nie ’n literêre teks nie. (In Hoofstuk 3 sal daar ook meer breedvoerig aan die definisie van die speurverhaal aandag gegee word.)

Du Plessis Sonnekus, in haar MA-verhandeling, *Narratiewe ordening: die ontleding van tekselemente in ’n triviale en ’n goeie gewilde prosateks* (1987) definieer triviale en goeie gewilde prosatekste verder soos volg: Daar is ’n verskil tussen gewilde tekste wat triviaal is en gewilde tekste wat “goed” is, vandaar die term “goeie gewilde prosa”. Laasgenoemde is “werke met literêre kenmerke, maar ’n sterk verhaalelement en minder leesweerstand” (1987:2). Triviale tekste is “’n reeks skynbaar eindelose probleemsituasies en oplossings tot by ’n gelukkige slot” (1987:7). Triviale tekste het “’n geykte patroon” (1987:10) en is geslote tekste; dit “bevredig bekende behoeftes” (1987:11); dit maak gebruik van stereotipes, dus “oordrewe figure wat ’n verheerlikte beeld van die goeie en ’n diaboliese beeld van die bose gee” (1987:11). “Goeie gewilde prosa is meer toeganklik as ’n literêre teks, maar minder voorspelbaar as ’n triviale teks” (1987:20).

Die *tradisionele speurverhaal* kan as triviaallektuur sowel as goeie gewilde prosa getipeer word, afhangende van die kompleksiteit van ’n spesifieke teks. Daarteenoor is die literêre teks meer kompleks, eis dit meer van ’n leser, en is dus ’n oop teks. “Die oop teks is daardie teks wat sy modelleser aktief in die proses van totstandkoming van die teks [...] betrek.” (Du Plooy, 1992a:357). Die leser is dus in staat om hierdie komplekse teks te ontsyfer in die kommunikasieproses. Die fokus hoef nie soveel op die sterk verhaalelement (plot) te wees soos die geval is met triviaallektuur en goeie gewilde prosa nie.

2.4 ’n Paar strukturelemente van prosa

2.4.1 Intrige of plot en spanningslyn

Die terme *plot*, *intrige* en *spanningslyn* is verwant. *Plot* is die strukturelement wat orden en bind. ’n *Spanningslyn* kom tot stand weens die *plot* of *intrige*. Hier volg ’n paar definisies vanuit die literatuur.

“Die term *plot* word algemeen gebruik om die artistieke verhalende struktuur van ’n verhalende teks mee aan te dui” (Du Plooy, 1992b:384). Van Gorp (1991:306) verwys daarna as *plot/story* en as “complementaire begrippe die betrekking hebben op het handelingsverloop van een verhaal” (1991:306). Spanning definieer hy: “... als de samenwerking van factoren in een verhaal [...] waardoor de betrokkenheid van de lezer [...] gestimuleerd wordt en zijn aandacht gericht op de ontknoping der gebeurtenissen” (Van Gorp, 1991:376).

Nog definisies is: “Plot is important to a novel much as the skeleton is important to a human body [...] it gives the organism its structure and holds it together” (Boulton, 1975:45). ’n Ander een lui: “Plotting – the organization of the story – is an exercise in logic more than of imagination. The craft of plotting is the sequential arrangement of materials – information and events” (Beinhart, 1996: 24).

Smuts (1981), definieer *intrige* as volg:

“Die grondslae vir die denke oor die intrige is deur Aristoteles gelê in sy *Ars poetica* in die vierde eeu v.C. en vir hom is dit die rangskikking van die gebeure [...] Die intrige kan gesien word as die sisteem waarin die gebeure in ’n drama of epiese werk georganiseer is [...] Intrige impliseer dus die idee van ’n groot en samehangende geheel, en nie bloot ’n willekeurige versameling van gebeure-eenhede nie [...] Alle intrige berus op ’n konflik van een of ander aard wat spanning skep [...] Die dramatiese intrige is hoogs georganiseer en saamgestel uit sterk funksionele onderdele en is die tipiese boupatroon van die spannings- en speurverhaal, alhoewel dit ook met sukses in ernstiger literatuur gebruik is” (24-25).

Verdere definisies van plot is: “Plot, in fact, is an amalgamation of characterisation, journey, suspense, conflict and context (setting or background)” (Parnell, 2002). In ’n skrywershandleiding, *Writing the breakout novel*, word dit as volg gedefinieer: “Plot is the organization of a story: its events and their sequence. What events? Which sequence? The choices you will make will mean the difference between a gripping manuscript and a dull pile of paper” (Maass, 2001:133).

Wat die spanningslyn of -element betref, die volgende definisies uit die literatuur: “There is something in the human mind that loves to solve puzzles” (Parnell, 2002). Die “legkaart”, dus die geheim (daarom word daar dikwels na die speur- en spanningsverhaal in Engels verwys as ’n “mystery”), word dus die element wat aan die verhaal momentum gee soos dit ontvou.

Die spanningselement is “’n noodwendige bestanddeel” vir beide triviale verhale en populêre tekste. Dit “skep afwagting en die prikkel om verder te lees [...] Die spanning is dikwels oordrewe en geforseerd ten spyte van die voorspelbaarheid van die tekste. [...] ’n Filmiese tegniek waarin net grepe uit ’n handelingsreeks voor die leser ‘verbyflits’ en ruimtes mekaar vinnig afwissel, verbreek die kontinuïteit van die intrige. Sulke oop skakels gee die leeshandeling vaart en motiveer die leser om verder te lees” (Du Plessis Sonnekus, 1987:14–15).

Beinhard (1996) noem die spanningselement “narrative drive”:

“The best way to discover narrative drive is to read something that you can’t put down, but you don’t know why [...] Narrative drive is the promise – or threat or tease or suggestion – that *something is going to happen* [...] There are apparent variations on this: something has happened and we are going to *reveal the secret, uncover the culprit, find the truth* [...] Narrative drive is *something is going to happen and it matters*” (oorspronklike kursivering) (17–19).

Konflik is belangrik om spanning te bou en is een van die organiseringsaspekte van plot. Dit dryf die verhaal en die karakters en gee die verhaal momentum. Dis ook ’n effektiewe tegniek vir karakterisering. Konflik moet ook benadruk word, “conflict must undergo complication. It must twist, turn, deepen and grow. Without that constant development, a novel [...] will eventually

lose its grip” (Maass, 2001:138).

2.4.2 Karakter en karakterisering

“Nothing is stranger or more important in our reading of novels than the sense that we are encountering real people in them. Academic critics tend to steer away from the business of characterization, even though it is invariably the ordinary measure of a novelist’s achievement” (Mullan, 2006:79).

’n Verhaal kan nie vertel word sonder karakters nie. Hierdie karakters doen dinge, goed gebeur met hulle, daar is konflik en in sommige verhale verander hulle of een van hulle as gevolg van wat met hom of haar gebeur het, óf wat hy, sy of hulle gedoen het; die karakter groei dus as mens (of nie). Soms is hulle net tipes of stereotipes wat gebruik word om die verhaal in ’n sekere rigting te stuur, óf om iets mee te illustreer, óf wat deur die konvensies van ’n genre voorgeskryf word.

Karakters word dikwels geklassifiseer: “Die eerste belangwekkende klassifikasie is deur E.M. Forster gemaak in sy *Aspects of the novel* (1927). Daar kom hy tot sy bekende indeling van karakters in ‘flat’ (plat, tweedimensioneel) en ‘round’ (rond, driedimensioneel)” (Smuts, 1981:17). Kannemeyer (1974:48) beskryf “plat” karakters as agtergrondkarakters wat help om die sosiale konteks van die hoofkarakters te bepaal. Soms tree hierdie plat karakters wel na vore, maar “dan word hulle gewoonlik tipiese karakters.” Smuts (1981:17) beskryf plat karakters soos volg: “Forster se term ‘plat’ dui op ’n soort figuur wat voorspelbaar en sonder verrassende moontlikhede is. Hy is ’n enkellynige tipe of selfs karikatuur. Hy ontwikkel min of niks.” Plat karakters kan dus ook stereotipes wees. Ronde karakters, daarteenoor, is meer volledige mense “wat op oortuigende wyse kan verras” en is “ook die enigste soort karakter wat ’n vermoë tot die tragiese het” (Smuts, 1981:17). Ronde karakters is gewoonlik karakters wat deur die verloop van die verhaal ontwikkel.

Van Gorp (1991:301) noem karakter *personage*:

“De acteur in een verhaal voor zover die door de lezer beschouwd word als een concrete individuele persoonlijkheid. [...] Het personage wordt gevormd op grond van de

combinatie van verschillende factoren: wat het focaliseert, hoe het focaliseerd; deur wie en hoe het zelf gefokalieerd word; zijn gedrag [...] en de tijd en ruimte (sfeer) en thematische opposities in het werk.”

J.H. Johl verduidelik die verwantskap tussen karakter en karakterisering: “‘Karakter’ is ’n figuratiewe motief in die storiagedeelte van die verteltekste wat deur ‘karakterisering’ kontoere verkry. ‘Karakterisering’ is die proses waardeur ‘karakter’ tot stand gebring word deur die wisselspel tussen enersyds storie, verteltekste en vertelprose, en andersyds literêre konvensies, taal- en leesprosesse” (Johl, 1992:199).

Karakterisering, die manier waarop karakters tot stand gebring word, word op verskillende wyse deur o.m. dialoog, handeling en beskrywing van karakters gedoen. “There is nothing harder than the creation of a fictional character” (Wood, 2008:75). Volgens Wood is dit moeilik om ’n karakter lewe te gee, maar dat daar verbasend min nodig is om dit suksesvol te doen wanneer net noodsaaklike inligting gegee word. Deur die minimum te beskryf of vertel, kan ’n karakter uitstekend en volrond uitgebeeld word deur ’n vaardige skrywer.

Ander karakters se beskrywing of optrede kan ’n bepaalde karakter ook invul. “In so ’n geval moet daar gelet word op die ingeligtheid van die betrokke karakters en hulle houding teenoor die figuur oor wie hulle praat. Is dit positief, negatief of neutraal? Is die sprekers objektief of subjektief?” (Smuts 1981:21).

2.4.3 Verteller en perspektief

Die vertellersinstansie en perspektief is komplekse begrippe. Hier volg slegs ’n kort opsomming van ’n paar aspekte wat relevant tot hierdie studie is.

“Die oorgegewe in die epiek is dat ’n verhaal deur ’n verteller aan ’n luisteraar aangebied word” (Smuts 1981:30). Dit is óf ’n eerstepersoon- óf ’n derdepersoonverteller wat ’n storie vertel. Die verteller vertel altyd vanuit ’n spesifieke perspektief en met ’n spesifieke agenda. “Stories do not tell themselves; whoever is telling a story has to be somewhere in relation to the story, in order to tell it” (Boulton, 1975:29).

“Die gebruik van die begrip [perspektief] veronderstel ’n bepaalde verhouding tussen ’n skepper en die voorwerp wat hy gemaak het: dit impliseer dat die skepping (dit mag ’n verhaalwêreld [...] wees) nie ’n objektiewe of allesinsluitende representasie is nie, maar slegs ’n besondere weergawe soos gevorm uit ’n subjektiewe en beperkte oogpunt” (Roos, 1992:377). Die instansie wat die verhaal vertel, of dit ’n eerste- of ’n derdepersoonverteller is, beïnvloed die leser se begrip en ervaring van die teks wat gelees word.

Verteller is ’n “algemene term, gebruikelik in het verhaalonderzoek, om de bemiddelende instantie aan te duiden waardoor een gebeuren als verhaal aan een lezer(spublik) word gerepresenteerd” (Van Gorp, 1991:434).

2.4.4 Tyd en ruimte of milieu

Alle verhale, populêre sowel as literêre verhale, speel op ’n spesifieke plek of plekke af, dus in ’n spesifieke ruimte. “’n Teks se toeganklikheid word bepaal deur die aantal bekende elemente daarin. ’n Duidelike struktuur, herkenbare ruimte, eenvoudige en helder taalgebruik bevorder die bekendmakingsproses van ’n goeie gewilde prosateks. Die leser kan hom met die verhaalwêreld identifiseer, die verhaaldeure vinnig snap; daarom glo hy aan die illusie van die teks” (Du Plessis Sonnekus, 1987:29). Dit is dus logies dat ’n literêre teks waarskynlik meer kompleks sal omgaan met hierdie elemente.

“Die tyd is ’n uiters belangrike en terselfdertyd ook besonder verwickelde bou-element van die epiese werk. Talryke fasette daarvan kan aangeraak word wat strek van ’n strakke formalistiese of strukturele benadering tot filosofiese en psigologiese benaderingswyses van die tydverskynsel in die literêre werk” (Smuts, 1981:6). Hierdie studie sal probeer vasstel of daar ’n beduidende verskil is in die manier waarop populêre speurverhale en literêre speurverhale hierdie elemente “gebruik”. Jeffrey Deaver, ’n gewilde Amerikaanse skrywer van “crime novels” (’n subgenre van die tradisionele speurverhaal) noem dat hy ’n wen-formule het vir sy boeke, onder andere dat hy al sy stories oor ’n kort tydperk laat afspeel (Deaver aangehaal in Ley, 2008:11). Dit verhoog die tempo van die verhaal en dus die spanning wat noodsaaklik is vir ’n *tradisionele* spannings-, *speur-* en *misdaadroman*.

“Verskillende terme word gebruik om die plasing van ’n verhaal mee aan te dui, bv. agtergrond, milieu, speelruimte, plek van handeling, ruimte e.s.m. [...] Die ruimte sluit nie alleen die plek of plekke in waar die karakters hulle bevind en die gebeure voltrek word nie, maar ook die lokaliteite wat opgeroep word deur die herinnering en vooruitskouing asook enige ander plekke wat deur die verteller na vore gebring word” (Smuts, 1981:13).

In die *hard-boiled*-speurroman word die milieu, die plek waar die verhaal afspeel, gewoonlik hiperrealisties beskryf, asook die sosiale en maatskaplike probleme van die spesifieke plek waar die verhaal afspeel. Dit beskryf dus die sosiale, politieke en selfs die morele klimaat van ’n spesifieke omgewing of plek.

2.5 Samevatting

Die relevante struktuurelemente wat vergelyk gaan word om vas te stel of daar wel *litterêre speurverhale* bestaan, is in hierdie hoofstuk gedefinieer. Aan die hand van hierdie definisies gaan die vier speurromans noukeurig ontleed word om verskille en ooreenkomste vas te stel.

3 REUK VAN DIE DOOD (MOUTON, 2008) EN PLAASMOORD (BRYNARD, 2009) AS TRADISIONELE SPEURVERHALE

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan twee *tradisionele speurverhale* aan die hand van die konvensies van die speurverhaal ontleed word, met spesifieke verwysing na die strukturelemente plot (intrige), spanningslyn, karakters (en karakterisering), verteller (en vertellersperspektief), tyd en ruimte.

Die speurverhaal kan in 'n paar subgenres onderverdeel word, o.m. die *misdaadroman*, *polisieroman*, ens. Dikwels word na al hierdie subgenres as *spanningsverhale* verwys, maar die benoeming blyk dikwels lukraak te wees. Vir die doel van hierdie studie word daar net onderskei tussen die *tradisionele* en die *literêre speurverhaal* wat beide die konvensies van die tradisionele speurverhaal volg. Die subgenres van die speurverhaal word vir die doeleindes van hierdie studie as speurverhale beskou.

3.2 Definisies

P.D. James, die doyen van die Britse speurverhaal, is bekend vir 'n reeks speurverhale met die enigmatiese speurder, Adam Dalgliesh. In haar boek oor hierdie genre, *Talking about detective fiction* (2009), definieer sy die speurverhaal soos volg: “For a book to be described as detective fiction there must be a central mystery, and one that by the end of the book is solved satisfactorily and logically, not by good luck or intuition, but by intelligent deduction from clues honestly if deceptively presented” (James, 2009:16).

Edgar Allan Poe word allerweë beskou as die vader van die speurverhaal met sy eksentrieke speurder, Duphin (1840–1845). Sir Arthur Conan Doyle volg in 1887 met die ikoniese Sherlock Holmes, altyd bygestaan deur sy helper, Watson. Hierdie verhale is analitiese verhale – soms ook *deduksieromans* genoem – waar die speurder 'n reeks leidrade volg en analiseer om 'n geheimsinnige moordenaar te ontmasker. Daarna volg Die Goue Era met skrywers soos die immergewilde Agatha Christie (1890–1976), Dorothy L. Sayers (1893–1957) en talle ander. Hulle skryf fatsoenlike verhale, ook gefokus op die netjiese en sistematiese oplossing van die

sentrale raaisel, meestal in die verband van ’n moord of moorde.

Ná die Tweede Wêreldoorlog het skrywers soos Dashiell Hammett (1894–1961) en Raymond Chandler (1888–1959) in die Amerikaanse *hard-boiled*-tradisie ’n blywende invloed op die genre gehad. Skrywers het begin om die genrekonvensies aan te pas, al minder op analise te fokus en meer op die avontuur, dramatiese gebeure en karakterisering.

In ’n essay oor speurfiksie definieer John Irwin (1986:1168–1169) die verskillende soorte speurverhale as volg:

“[S]tories whose true genre is less detective fiction than quest romance, as one of the masters of adventure mode, Raymond Chandler, implicitly acknowledges when he gave the name Mallory to an early prototype of his detective Philip Marlowe. For Chandler, the private investigator simply represents a plausible form of modern knight errant. In his essay ‘The simple art of murder’ he says that a detective story is the detective’s adventure in search of a hidden truth, and it would be no adventure if it did not happen to a man fit for adventure. The emphasis in Chandler’s remarks, as in his fiction, is on the detective’s character and its adventures, with the revelation of a hidden truth simply serving as a device to illuminate the former and motivate the latter. But in the pure analytic detective story the matter is otherwise. As a character, Duphin is as thin as the paper he’s printed on. As for his adventures, they amount to little more than reading newspaper accounts of the crime and talking with the Prefect of police and the narrator in the privacy of his apartment.”

Die tradisionele speurverhaal, skryf P.D. James (2009:15):

“is differentiated both from mainstream fiction and from the generality of crime novels by a highly organised structure and recognised conventions. What we can expect is a central mysterious crime, usually a murder; a closed circle of suspects each with motive, means and opportunity for the crime; a detective, either amateur or professional, who comes in like an avenging deity to solve it; and, by the end of the book, a solution which the reader should be able to arrive at by logical deduction from clues inserted in the novel with deceptive cunning but essential fairness.”

Daar is dus ’n moord of ’n misdaad, ’n speurder van een of ander aard, talle vals leidrade (om spanning te bou én te behou; dit is belangrik dat die leser nie vinnig moet kan raai wie die skuldige is nie), en dan die dramatiese ontknoping of *dénouement*, met die skuldige wat aan die pen ry. James fokus op Britse beoefenaars van die speurgenre, maar die definisies kan vir die genre in die algemeen geld.

In moderne Amerikaanse literatuur word daar dikwels as volg na ’n “mystery” verwys: “... they are books that have, as their centre, the commission of a crime or the discovery of who committed a crime. The basic story of the mystery genre is ‘whodunit.’ There are, of course, endless variations, alterations, and decorations, howdunit, whydunit, watcha gonna do about it, but ‘whodunit’ is the essence” (Beinhart, 1996:3–4).

In die *hard-boiled*-tradisie, moderne speurfiksie, word die werklikhede van die tyd ontbloot en is daar soms sprake van sosiale kritiek, ’n blootlê van die probleme van die samelewing. Die misdade en moorde is dikwels realisties en gewelddadig. “In de romans van de zgn. ‘hardboiled’ genre (‘the tough school of detective fiction’) treden de elementen seks en geweld sterk op de voorgrond” (Van Gorp, 1991:97). Ook is die milieu lewensgetrou en skrywers doen navorsing om presiese en geloofwaardige beskrywings van plekke en elemente soos polisieprosedures en ondersoekmetodes, mediese en hofprosedures, ens. te gee.

Die speurverhaal is ’n baie gewilde genre en skrywers moet vandag met mekaar meeding om die aandag van lesers. “Dit gaan nie meer om die blote skryf van ’n speurverhaal nie. Jy gaan iets doen wat niemand anders nog vantevore gedoen het nie” (Breytenbach, 2010). Ook in die film- en televisiegenre is speur- en misdaadverhale baie gewild. Die feit dat dié genre handel oor misdaad en brutale moorde en dat dit ’n baie sterk spanningslyn moet hê, maar dat dit vir ontspanning geles word, is natuurlik ’n paradoks. Tog is dit hoe talle mense ontsnap van die spanning en probleme van hulle eie lewens. Die populariteit van die speurverhaal “suggests that in the twenty-first century, as in the past, many of us will continue to turn [to it] for relief, entertainment and mild intellectual challenge to these unpretentious celebrations of reason and order in our increasingly complex and disorderly world” (James, 2009:157). Die gewildheid van

die genre het dalk te make met die feit dat die speurder die “goeie” verteenwoordig wat gewoonlik oor die “bose” seëvier – die moordenaar of misdadiger. Selfs in die *hard-boiled*-tradisie waar die speurder ’n feilbare mens is, en dikwels as persoon moreel bankrot, is sy of haar *quest* om die orde van die samelewing te herstel, en is die uitkoms positief.

3.3 Strukturelemente van *Reuk van die dood* (Mouton, 2008)

3.3.1 Inleiding

In *Reuk van die dood* (Mouton, 2008) word ’n paar vroue en ’n man wreedaardig vermoor en hulle liggame vermink. ’n Jong speurder, Junior Scheepers, is die ondersoekbeampte op die spoor van hierdie moordenaar. Die verhaal voldoen aan die basiese vereistes vir ’n speurverhaal, in dié sin dat daar moord(e) is, ’n geheimsinnige moordenaar en ’n speurder – in hierdie geval ’n polisieman.

Die titel van die roman gee onmiddellik aan enige leser ’n aanduiding watter tipe verhaal dit is en skep die verwagting van moord en dus dood. Dit sal dus voldoen aan die vereistes van werke in dié genre en die leser se leesbehoefte sal waarskynlik bevredig word.

3.3.2 Karakters en karakterisering

Die verhaal begin met ’n leidraad: die eerste woorde in die roman is ’n naam, “Eddie Joubert” (Mouton, 2008:5), en die leser vermoed onmiddellik dat dit ’n beduidende persoon in die verhaal gaan wees. Ook word vertel dat hy ’n verkragter en onheilspellende karakter is wat al in ’n hospitaal was “waar hulle jou nog maller maak as wat jy is” (2008:6). Dan volg ’n episode waar hy verlangend na ’n jong meisie kyk wat draf in die park, hy “gryns en lek oor sy dun lippe” (2008:6) waarmee die atmosfeer gevestig word. Wanneer hoofstuk twee begin met ’n “hy” wat ’n vrou aanval, is die suggestie dat dit Eddie Joubert is wat die misdaad pleeg – ook omdat hierdie man duidelik “mal” is en stemme hoor wat terugverwys na die “malhuis”. Maar kort daarna word dit duidelik dat dinge nie so eenvoudig en voor die hand liggend is nie. Die spel met vals leidrade wat twyfel skep by die leser, en die spanningslyn word só gevestig.

Kort daarna ontmoet die leser die jong voortvarende inspekteur Junior Scheepers waar hy ’n verdagte pedofiel aanrand, weens sy ontsteltenis wat hom onbeheersd aggressief maak.

Scheepers is 'n hipermanlike of *macho* karakter met empatie vir slagoffers, veral as hulle vroue en/of kinders is. Hierdie beskrywing is 'n cliché net soos dié een van 'n hanskors wat sy hartseer verberg agter sy masker van humor.

Die karakters – van die speurder tot die moordenaar– is almal stereotipes, en selfs karikatuuragtig: Die rokende patoloog; die uitermate streng (swart) hoof van die speurafdeling; die mannetjiesagtige, brandewyndrinkende ontvangsdame van Moord en Roof; die wulpse vroue wat Junior in versoeking lei; ook sý koue, egbrekende ma, en rebelse suster. Die karakters is kenmerkend van die bekende; hulle is nie genuanseerd nie, dus plat karakters, maar in Mouton se vermoë om hierdie stereotipes met presisie en humor te skets, lê die krag van die karakters en karakterisering. Wanneer die doel slegs ontspanning is, vereis hierdie genre nie meer as sulke stereotiperings nie.

3.3.3 Spanningslyn en plot

Die verhaal ontvou teen 'n stadige pas: Daar word verskeie moorde gepleeg wat Junior en sy kollegas moet ondersoek. Die verloop van die vermoeiende en uitgerekte ondersoek word gereeld onderbreek deur 'n anonieme stem wat deur middel van terugflitse vertel van 'n miserabele jeug in volslae armoede saam met 'n ma wat hom en sy broer mishandel, seksueel molesteer, én laat molesteer het deur haar kêrels – die geskiedenis van die moordenaar en verduideliking van sy sielkundige motief. Die sentrale vraag is egter: Wie is die moordenaar? Is dit Eddie Joubert of is dit iemand anders? Op die antwoord van hierdie vraag berus die spanningslyn.

Verskeie vals leidrade word gegee: Die broer van een van die slagoffers het 'n besliste motief gehad vir een van die vroue se moord weens sy obsessionele jaloesie; die minnaar van een van die slagoffers is 'n onwelriekende karakter wat 'n motief het omdat hy so 'n rokjagter is – iets wat sy huwelik bedreig. Talle leidrade en suggesties veronderstel dat daar twee moordenaars is wat saamwerk, maar die leser bly onseker of dit wel die geval is. Junior en sy kollegas is onbeholpe speurders, fisiese leidrade is min en die leser deel en verstaan Junior se frustrasie. Daar is min dinge wat vir 'n samelewing so boos is soos 'n reeksmoordenaar en die polisie slaag nie daarin om hom (of hulle) vas te trek nie.

Die ander fokus van die verhaal is Junior en sy stryd met sy persoonlike duiwels. Hy is geskei en hy sukkel om sy aggressie te beheer. Hy verlang na sy vrou. Hy is kwaad vir homself omdat hy die oorsaak van die verbrekking van sy huwelik was. Hy slaap rond en behandel hierdie vroue bloot as seksobjekte. Hy het grootgeword sonder 'n pa en 'n emosioneel afwesige ma, en het 'n oordrewe drang om sy jonger (rebelse) suster te beskerm. Ten spyte van hierdie gebreke, glo hy aan geregtigheid en streef hy na die goeie, en is daarom in 'n stryd met sy eie feilbare natuur gewikkel. Hy is ook die enigste polisieman wat besef dat 'n reeksmoordenaar aan die werk is, en is die een wat uiteindelik die leidrade ontsyfer en die ware moordenaar se identiteit vasstel. Hy is die klassieke onvolmaakte held en dwalende ridder waarna Irwin verwys (1986:1169). Junior se *quest*, sy soektog as die held, is om die booswig te vang en so die goeie orde te herstel, en die goeie oor die bose te laat seëvier.

Die spanningslyn word geskep deur die geheim van die moordenaar se identiteit, die leser se belangstelling in die karakter van Junior én sy stryd met homself. Die verhaal draal met talle vals leidrade en onbenullige episodes, maar die feit dat dit eers heel aan die einde van die verhaal onthul word wie die ware moordenaar is, behou die leser se aandag. Die leser ontrafel saam met Junior die geheim deur self ook die leidrade te analiseer en te ontsyfer.

Die verhaal verloop lineêr en chronologies. Daar is wel terugflitse na byvoorbeeld die moordenaar se verlede, maar dit is noodsaaklike inligting om die geheim te help ontrafel en spanning te bou. Die ontknoping of *dénouement* is 'n verrassing, dus bevredigend vir die waarskynlike leser, omdat die boosaard aan die einde vasgetrek word. Verder besluit Junior om verlof te neem en sy probleme te deurdink en aan te spreek, en daar is die belofte dat hy orde in sy eie lewe ook gaan probeer herstel; indien nie in hierdie roman nie, dan moontlik in volgende romans, soos dikwels die geval is met populêre speurromans.

3.3.4 Verteller en vertellersperspektief

Die verteller is 'n klassieke derdepersoonverteller wat alles van die karakters weet en met die leser “speel” deur onbenullige detail omtrent die karakters en randkarakters te gee. Omdat die leser nie seker is wie die moordenaar is nie, is hy nie seker of hierdie detail belangrik is om die stukke van die legkaart te laat pas nie. Die speurtog om hierdie stukke te laat pas, is die motivering vir die waarskynlike leser om die verhaal enduit te lees.

3.3.5 Tyd en ruimte

Die verhaal speel oor 'n tydperk van ongeveer 'n maand in 'n moderne Suid-Afrika af. Daar is nie enige definitiewe tydsaanduidings in die verhaal nie, slegs aanduidings van die tyd van die dag (oggend of aand), maar die polisieondersoek wat met die moorde verband hou, maak dit duidelik dat dit oor 'n tydperk soos genoem is, strek. Die kort tydperk maak geen verskil aan die tempo van die verhaal nie – 'n tempo wat nie besonder vinnig is nie – en die presiese tydlyn is van min belang vir die verloop óf ontknoping van die verhaal.

Daar is nie enige noemenswaardige sosiale kritiek ter sprake, soos dikwels in die *hard-boiled*-speurverhaal gebeur nie. Die polisie diens word nie negatief uitgebeeld nie en die moorde is die gevolg van omstandighede wat nie noodwendig deur enige swakheid in die sosiale orde veroorsaak is nie. Hoewel die moorde brutaal is, is die toonaard van die verhaal nie sinies nie – dit is eerder naïef weens die eendimensionaliteit van die karakters en gebeure.

Die verhaal speel af op die Suid-Afrikaanse platteland, Mafikeng en omgewing. Tog word dit mettertyd duidelik dat die presiese plek van min belang is en dat hierdie verhaal vir alle praktiese doeleindes op enige plattelandse plek kan afspeel. Die milieu is vaag geteken en toevallig en die verhaal kan in alle waarskynlikheid selfs verplaas word na 'n ander land.

3.3.6 Gevolgtrekking

Reuk van die dood is 'n geslaagde *tradisionele speurverhaal* wat beskou kan word as triviaalliteratuur. Dit sal die behoefte na ontspanning van 'n beduidende hoeveelheid lesers van hierdie genre bevredig. Daar is nie sprake daarvan dat die teks insig in die menslike natuur of die menslike ervaring verskaf nie, omdat die gebeure en die karakters onrealisties is. Die geloofwaardigheid berus egter op die idee dat alles omtrent hulle waar *kan* wees, en daarom kan die leser dit aanvaar.

Die humor en noukeurige stereotipering van karakters wat o.a. deur middel van dialoog bewerkstellig word, is die sterk punt van die taal en tekstuur van die skryfwerk. Kyk byvoorbeeld na 'n toneel waar Junior in 'n kroeggeveg betrokke raak met 'n paar “yuppies” (Mouton, 2008:18).

Junior frons en kyk reguit na die blinkpak-yuppie.

“Wat kyk jy, ou perd?”

Junior frons. “Wat kyk jy? Het ek jou broek aan?”

Blinkpak lag snedig. “Nee, jy’s te dik vir my broek en sal dit boonop nie kan bekostig nie.”

Die yuppie-vriende lag en Junior bewe liggies. Hy skraap sy keel skoon. “Ek lei af dis jou 4x4 wat hier buite staan.”

“Splinternuut; uit die boks.” Blinkpak glimlag meerderwaardig.

“Jou 4x4 gaan nie jou voël groter maak nie. Jy het jou geld gemors.”

3.4 Strukturelemente van *Plaasmoord* (Brynard, 2009)

3.4.1 Inleiding

Die titel van *Plaasmoord* (Brynard, 2009) dui reeds op 'n misdaad, na 'n sosiale probleem wat vandag baie prominent in Suid-Afrika is, nl. plaasaanvalle en die wrede moorde wat daarmee gepaard gaan. Die bose is dus reeds in die titel aanwesig.

3.4.2 Spanningslyn en plot

Die plot is eenvoudig: 'n skilder, Freddie Swarts, en haar aangenome dogter word wreedaardig op 'n plaas in die Noord-Kaap vermoor. Speurder-inspekteur Albertus Beeslaar ondersoek die moorde. Beeslaar het twee ondergeskikte mede-speurders, *side-kicks* wat minder bedrewe as hy is, wat hom moet bystaan: sersante Pyl en Ghaap. Hierdie is ook tipies aan die tradisionele speurverhaal. In hierdie geval is Beeslaar 'n blanke man en sy helpers is bruin – weereens 'n gelade scenario in die Suid-Afrikaanse konteks – en hulle sukkel om weens die raskwessie mekaar te vertrou.

Die vermoorde vrou se suster, Saar, gaan ook op haar eie speurtog op soek na antwoorde en persoonlike verlossing en is dus nóg 'n (amateur)speurder, maar met haar eie agenda. Sy en haar suster was lank vervreem, en sy word deur haar eie skuldgevoelens gejaag. Haar soektog is na die moordenaar én na begrip vir haar suster.

Die verhaal is 'n speurtog na die oplossing vir die geheim van die moord deur die bg. speurders waardeur 'n hele gemeenskap onder die vergrootglas beland.

In 'n onderhoud met Melt Myburg op *LitNet* sê Brynard (aangehaal in Myburg, 2010): “Die misdaadverhaal kan jy fyner vat ook: onderskeid tref tussen die soorte misdaadstyle – Amerikaanse of Kontinentale en Britse style. Die Amerikaners het 'n baie meer bruuske styl, soos hulle rolprente. Die bloed vloei in dik-vet strome en die rollies klap dat die spoeg so spat. Die Britte wys minder bloed en derms, is minder grafies.” Brynard meen sy verkies die Britse styl waar die fokus nie soveel op die misdaad is nie en die pas van ontplooiing nie so flink is nie. Die fokus in *Plaasmoord* is eerder op die karakters, en omdat die leidrade so veelvuldig en gelade is, bly die leser twyfel oor die skuldige en word 'n sterk spanningslyn gebou. Brynard slaag ook

daarin om eers aan die einde van die verhaal te laat blyk wie die skuldige was, en dit is 'n groot verrassing vir die leser – een van die meganismes waarmee Brynard die verhaal se spanning opbou en behou.

Die gebeure verloop lineêr en die tempo van die vertelde tyd is nie oordadig vinnig nie, maar dit is baie gepas vir die plattelandse omgewing waar dit afspeel én in pas met die Britse styl wat die skrywer verkies. Die implikasie is dat daar geheime onder die oppervlak is, en gebeure en karakters ontrafel langamerhand, en juis dít is wat die leser se aandag hou. Dít en die talle misleidende, gelade en interessante leidrade wat gereeld gegee word, stuur die verhaal elke keer in 'n ander rigting. Daar is byvoorbeeld 'n veediefstalsindikaat wat al voorheen gemoor het en daarom hoogs verdag is, en die geheimsinnige en oorlamse Boeman-plaasvoorman, Adam (Dam) de Kok, wat die hoofverdagte word. Daar is voortdurend 'n sfeer van Afrika “toordery” in dat die plaas waar die moord gepleeg is, “getoor” is. 'n Mak bobbejaan word vermoor en uitgestal op die plaas as omen deur 'n onbekende party: “Die hekkie staan oop, uitgeswaai onder die gewig van 'n bekrommerde homp bloed en hare wat letterlik gekruisig aan die hekkie hang. Die hande is afgekap, wit been en sening wat grieselrig teen die ogiesdraad van die hek uitstaan” (Brynard, 2009:231). Die veediewe werk met 'n sangoma saam, en Dam word voorgestel as iemand met magiese kragte. Wanneer Beeslaar met Outanna, een van die inwoners van Huilwater, praat, vra hy haar: “Wie't die plaas getoor, Outanna? Was dit De Kok?” (Brynard, 2009:176).

Daar is heelwat verdagtes – dit is dus vals leidrade wat spanning bou en die leser geïnteresseerd hou. Boet Pretorius is byvoorbeeld verlief op Freddie en jaloers op haar verhouding met Dam; sy jaloesie kon tot 'n passiemoord gelei het. 'n Groep regsies en ongeveer al die boere van die omgewing is bitter oor die grondeise en plaasmoorde in die algemeen. Freddie se betrokkenheid by die Griekwas se grondeis kon enigeen van hierdie persone tot moord aangespoor het. Daarby is Freddie se romantiese betrokkenheid by Dam vir hulle heel moontlik dubbele verraad en 'n sterk motief vir moord.

3.4.3 Karakters en karakterisering

Die karakters van die roman is oortuigend, eg Suid-Afrikaans en Noord-Kaaps en getrou aan die konvensies van die *hard-boiled*-speurverhaal. Beeslaar is die intelligente speurder wat maar geduldig gefokus die een leidraad na die ander opvolg en in die legkaart pas. Hy is ook 'n blanke polisieman in 'n vyandige omgewing waar sy bevelvoerder swart en wantrouig teenoor hom is, en sy twee ondergeskiktes boonop nie van vriendelike samewerking oorloop nie. Hy het ook 'n groot verlange na 'n vrou met wie hy 'n mislukte verhouding gehad het. Beeslaar ly waarskynlik aan posttraumatische stres en kry paniekaanvalle. Hy is lank nie meer die effektiewe speurder van sy jeugjare nie. “En hy wat Albertus Beeslaar is, sit soos 'n uil op 'n kluit. En almal kyk na hom, die nuwe man met jare se ondervinding. Uit die grootstad Johannesburg. Grootgemaak en geskool deur die allerbestes uit die ou Moord en Roofrak van die Polisie. Maar hy loop hier rond soos 'n verdwaalde drol. Weet nie waar om te vat en te los nie” (Brynard, 2009: 9).

Die alternatiewe “hoofspeurder”, Saar, is die gepynigde suster wat treur oor die vermoorde suster en navorsing kom doen om so só haar eie skuld en verlies te kom besweer. Sy het haar suster op selfsugtige wyse alleen gelaat om hulle siek pa te versorg en daarna kontak met haar verloor. Nou is sy vermoor voor hulle versoen kon raak.

Die tekstuur van Brynard se genuanseerde taalgebruik en dialoog, genuanseerde karakters en outentieke omgewing waarin die verhaal afspeel, dra by tot die geslaagdheid van hierdie roman as 'n *hard-boiled*-speurverhaal.

Beeslaar beskryf Saar Swarts as volg:

“Sy's bleek, sien Beeslaar, haar vel soos kerswas teen die swart raam van haar hare. Daar's goudvlekkies in die groen van haar oë, merk hy as hy regop kom. Dit lyk vandag of dit gloei. En sy kom selfs kleiner voor, die ene oë en hare. Soos 'n Tretchi-hondjie. Maar onderlangs sluimer daar steeds 'n weerbarstige skoonheid, soos Lara Croft, die donker kringe om haar oë ten spyt” (Brynard, 2009:131).

Dié subjektiewe beskrywing deur die oë van Beeslaar is sentimenteel, maar skep intimiteit en verklap iets van Beeslaar se menswees.

Die plaaslike inwoners se dialoog word 'n keurige weergee met voorbeelde van die unieke streektaal: “Loop speel julle bietjie by antie Donsgoed se huis,’ sê die ou vroujie vir 'n vyftal kinders wat in die deur saambondel” (Brynard, 2009:172). Wanneer Saar vir Outanna gaan sien tydens haar speurtog, sê Outanna: “Nee, kjend, ek is nie mal 'ie. Dis my hart. Hy sit vrot vannie hyl hier in my binnewestes. Want ek het daai inyanga-man homselwers gesiet, Sarretjie. Met my hierrie twee oege. En hy't my ok gekyk. Ek het geweet hy kom ons haal. Maar toe't ek te laat gewies.” (Brynard, 2009:191).

3.4.4 Verteller en vertellersperspektief

Die twee hoofspeurders is tree op as die twee fokaliseerders van die verhaal – die omgewing en die mense en word deur hulle oë weergegee en beskryf. Die tegniek skep 'n sfeer van filmiese realisme. “Die inpak van vrye indirekte rede [...] is onder meer dat dit die afstand tussen die verteller en die karakters verklein. 'n Mens kan byna nie onderskei tussen die karakters en die verteller nie, en hoewel 'n eksterne verteller deurgaans vertel, ervaar die leser die wêreld van [die karaters] as't ware vanuit die onderskeie karakters se bewussyn” (Burger, 2009a: 15).

3.4.5 Tyd en ruimte

Plaasmoord speel in die hede en in 'n geslote milieu af, nl. die Noord-Kaap, en die problematiek van die hele groter Suid-Afrika word hier betrek word. Talle sosiale kwessies word aangespreek en die leser kan sterk identifiseer hiermee. Die land en boere word geteister deur plaasmoorde; veediefstalle is 'n chroniese probleem vir veeboere. Daar is die nimmereindigende bedreiging van grondeise wat boere se ekonomiese aktiwiteite kan vernietig. Die woede en hulpeloosheid van die boere wat uiteindelik oorkook in 'n konfrontasie op die dorp, is emosies wat aan meeste Suid-Afrikaners bekend is. Die oordrewe Afrikaner nasionalisme en godsdiensbeoefening wat dikwels daarmee gepaardgaan, is ook vir die leser bekend. Oorkoepelend is die probleem van rasseverdeeldheid wat algemeen in ons samelewing is. Brynard lok hiermee die leser uit, want dit is reeds hoogs onwaarskynlik dat enige die leser neutraal teenoor so 'n gegewe sal staan.

Freddie, die vrou wat vermoor is, was besig om die Griekwas met hulle grondeise te help en sy was afsydig teenoor die konserwatiewe en regse blankes van die omgewing. Sy was ook

“anders”, ’n kunstenaar wat ’n verhouding met haar Boesman-voorman gehad het, en haar dogter – wat ook vermoor is – was ’n gestremde bruin kind. “Klara was ’n Fas-kind. Fetale Alkoholsindroom,’ voeg sy vinnig by as sy die vraag op Saar se gesig sien. ‘Sy’t ’n jaar gelede by Freddie beland – uit die hospitaal. Sy was erg verwaarloos, ondervoed ...’” (Brynard, 2009:33). Alkoholmisbruik en armoede op veral die platteland is ook ernstige sosiale kwessies in die Suid-Afrika van vandag.

Die onbeholpe en rasverdeelde polisie is boonop ook ’n kwessie wat deel is van die problematiek van Suid-Afrika, en waaroor Suid-Afrikaners sterk opinies het. Dié situasie is die raamwerk waarbinne Beeslaar sy werk moet verrig. Uiteindelik slaag hy, Ghaap en Pyl teensinnig daarin om wel ’n manier te vind om saam te werk, en in die proses verloop hulle ondersoek gladder as voorheen. Die kwessie van straatkinders word ook hierin die teks aangespreek wanneer ’n jong seun in hegtenis geneem word vir ’n geringe diefstal.

“Het jy die mense se wasgoed van hul drade afgesteel, Bulelani?”

Die seun knik.

“Waar’s jou mense, Bulelani? Jou ma en pa?”

Die seun skud sy kop.

Hy’s maer. Dra ’n paar tekkies, waarvan die een se sool so te sê verdwyn het. Waar kom al die huislose kinders vandaan? Wonder Beeslaar. Wat gebeur in so ’n kind se lewe? Op watter presiese tydstip het hy nie meer ’n huis nie? Is dit wanneer sy ma die stryd teen vigs verloor het? Of as sy pa hom die soveelste keer met ’n sambok geslaan het? Of as die trekpleister van sy gomsnuiwer-maats sterker raak as die bande tuis? (Brynard, 2009:170)

Gedagtes soos bg. gee ook inligting oor die mens, en is ’n effektiewe karakteriseringstekniek – in hierdie geval is dit Beeslaar se fokalisering wat ter sprake is.

Wanneer die boere se woede oor die geweld van die plaasaanvalle en die onbeholpenheid van die polisie oorkook, word Beeslaar gedwing om hulle teen te gaan omdat hy ’n polisieman is, dus ’n dienaar van geregtigheid, en moet hy teen sy eie mense saam met sy bruin en swart kollegas “veg”. Hy moet as tussenganger en onderhandelaar tussen twee groepe wat mekaar nie verstaan “veg”. Hy moet as waardeer nie, optree. Sy lojaliteite word onder druk geplaas. “Beeslaar tree agteruit. Dis

duidelik wat die rooi prediker in gedagte het: sy mense opsweep tot histerie, met hom wat Beeslaar is soos die Poephol van Prieska hier op die trappe. Die teiken van hulle woede, van al die onreg wat hulle voel. Hy sal vinnig iets moet doen.” (Brynard, 2009: 469)

3.4.6 Gevolgtrekking

Brynard skilder ’n uitgebreide en feitlik volledige prentjie van probleme waarmee post-Apartheid Suid-Afrika worstel en die plattelandse milieu word ’n klein kosmos van die groter Suid-Afrika. ’n Ongerepte landelike omgewing word tradisioneel as idillies en paradyslik voorgehou. In hierdie roman word daardie idille versteur deur ’n gewelddadige plaasmoord. Wanneer die ware boosdoener as ’n vrou wat met swart handlangers saamgewerk het (hebsug oorkom enige rasseverdeeldheid) ontmasker word, is dit ’n verrassing. Tipies van die speurverhaal, is dit dan ook die persoon van wie die leser dit die minste verwag. Die atmosfeer en milieu van die verhaal het ’n verwagting van ’n komplekse politieke motief geskep en gierigheid as motief was nie voorspelbaar nie.

Plaasmoord is ’n geslaagde *hard-boiled*-speurroman en voldoen aan al die vereistes van die genre. Die meervlakkigheid van Brynard se verhaal is egter nie vreemd aan die dié genre nie. Die twee speurders, die suster Saar en Beeslaar, is die “iets nuuts” waarvan Breytenbach (2010) praat. Dit maak die teks meervlakkig: daar is die sosiale-politiese vlak waar Beeslaar die ondersoeker en onderhandelaar is, en die persoonlike en emosionele vlak van Saar se soektog na persoonlike verlossing en haar suster se identiteit. Nogtans doen dit nie afbreuk aan die primêre struktuur van die verhaal, nl. die speurverhaal nie.

3.5 Slot

Beide *Reuk van die dood* en *Plaasmoord* is speurverhale wat getrou bly aan die konvensies van die speurroman. Die tekstuur van die skryfwerk en verhaal van *Plaasmoord* is meer genuanseerd en meervlakkig as dié van *Reuk van die dood*, wat swaarder steun op stereotipes en onwaarskynlikhede as *Plaasmoord*. Die milieu van *Reuk van die dood* is nie beduidend is nie. Sosiale kritiek kom ook nie in daarin ter sprake nie.

Plaasmoord is nie sonder enige stereotipering nie, maar die karakterbeelding en milieuskildering is van so 'n aard dat dit meer word as blote triviaallektuur. Die karakters het 'n egtheid en geloofwaardigheid wat groter is as die stereotipiese. Die milieu word beduidend uitgebou en dit skep 'n werklikheidsgevoel wat die leser na die omgewing verplaas. Die vergrootglas wat oor die probleme van die land geplaas word, bevestig dat die verhaal op meer as een vlak funksioneer. Dit kan gelees word as 'n moordverhaal, 'n studie van post-Apartheid Suid-Afrika, sowel as 'n verhaal wat verlies op 'n persoonlik vlak bestudeer.

4 EEN VIR AZAZEL (LEROUX, 1984) EN DIE BOEK VAN TOEVAL EN TOEVERLAAT (WINTERBACH, 2006) AS LITERÊRE SPEURVERHALE

4.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word twee moontlike *literêre speurverhale* aan die hand van die konvensies van die speurverhaal ontleed, met spesifieke verwysing na die volgende struktuurelemente: intrige of plot, spanningslyn, karakters en karakterisering, verteller en perspektief, tyd en ruimte of milieu.

4.2 Strukturelemente van *Een vir Azazel* (Leroux, 1984)

4.2.1 Inleiding

Etienne Leroux was een van die sogenaamde Sestigters, 'n groep skrywers wat vernuwende en dikwels eksperimentele werke geskryf het. *Een vir Azazel* het in 1964 ná die kontroversiële *Sewe dae by die Silbersteins* waarvoor hy met die Hertzogprys bekroon is, verskyn. Die lesers verwag nie van hierdie verhaal om ontspanningslektuur te wees nie, en die waarskynlike lesers weet uit die staanspoor dat hierdie 'n veeleisende leeservaring gaan wees.

Die titel, *Een vir Azazel*, is nie 'n duidelike aanduiding van die speurverhaal-aard van die roman nie, en dui eerder op 'n verwickelde en meervlakkige teks. Die motto in die roman is die tweede leidraad van die literêrheid van die roman. Dit is 'n aanhaling van dr. Johns, een van die karakters in die roman, die begeleier van die speurder Demosthenes H. De Goede: “Daarom is die tragiese figuur van ons tyd miskien dié een wat die skuld op hom trek om ons haat of verdriet vir onself geldig te maak” (Leroux, 1984). Hierdie opdrag is 'n aanduiding dat skuld die tema van die roman is.

Die titel verwys na die sondebok wat in die woestyn ingestuur is as offer aan die bese soos dit voorkom in Levitikus 16 (in *Die Bybel*, 1954:121) waar die instruksies vir die Dag van Versoening gegee word. Daar moet twee bokke na “die ingang van tent van samekoms” (vers 6) gebring word. Daar word 'n lot gewerp om die sondebok te kies en die priester lê die sondes van

die volk simbolies op hierdie bok. “En Aäron moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir die Here, en een lot vir Asásel” (vers 8). “Die bok wat die sondebok sal wees, sal lewendig vir die Here gebring word. Wanneer die bok die woestyn ingestuur word, sal dit versoening doen vir die volk” (vers 10). Op die flapteks van die eerste uitgawe van die roman in 1964 staan: “Om bepaalde redes is afgewyk van die spelling Asásel, soos dit voorkom in Levitikus 16.” Azazel is die naam van ’n karakter in die Hebreeuse mitologie wat die bose, dus Satan, verteenwoordig.

Hoewel hierdie titel nie so duidelik illustreer dat dit ’n speurverhaal is soos dit die geval is by die tradisionele speurverhaal nie, word die opposisie van die “goeie” teenoor die “bose” reeds in die titel opgestel, ’n opposisie wat vir die speurverhaal noodsaaklik is.

4.2.2 Plot

Die plot van die roman kom heel eenvoudig voor: Jock Silberstein en sy vrou stap met hul patryshond, Fido, op die plaas wanneer die hond iets by die forellemeer opmerk. Dit blyk die liggaam te wees van ’n vermoorde jong vrou, die mooie Lila, liefling van die gemeenskap. Jock dra die liggaam na die kelders toe, lê dit op die tafel neer, en breek dan koper en erdewerk met ’n kerie in ’n “vergete ritueel van ’n Jood van Tripoli, die lawaai *sub magiae fugiendae praetextu*, die aanslag teen die dood in jouself” (Leroux, 1984:146). Aangelok deur die geraas verskyn die hakkellende speurdersersant Demosthenes H. de Goede op die toneel. Met dr. Johns as sy begeleier, sy *side-kick*, ondersoek die speurder die moord, en uiteindelik word die blaamlose en swaksinnige reus Adam Kadmon Silberstein as skuldige uitgewys en gestraf. Die verhaalverloop volg dus in die konvensies van die speurroman: Daar is ’n moord, ’n speurder (met *side-kick*), en die ontknoping met die oplossing van die raaisel van die moord.

Dit blyk egter gou dat dié eenvoudige plot bedrieglik is. Die struktuur van die roman is besonder kompleks: Daar is sewe afdelings, elk met ’n Latynse titel – ’n verdere aanduiding van die kompleksiteit van die teks. Dr. Johns, die speurder se begeleier op Welgevonden, gee die nodige leidraad oor die struktuur: ““Die tegniese volgorde by die ontrafeling van die heptagonale probleem is baie streng volgens Quintilius,’ sê dr. Johns aan speurdersersant Demosthenes H. de Goede. ‘Wie? Wat? Waar? Met wie? Waarom? Waarmee? En Wanneer?’” (Leroux, 1984:149). Hierdie volgorde kan goed op enige speurverhaal van toepassing wees. Die “heptagonale

probleem” beteken daar is ’n sewekantige probleem. Die roman is in sewe afdelings verdeel, sommige weer onderverdeel in kleiner eenhede of hoofstukke. So word die probleem, die sentrale raaisel, stap vir stap, afdeling vir afdeling ontrafel. André P. Brink (aangehaal in Kannemeyer, 2008:359) sê in ’n brief aan Leroux: “die 7 dele, harmonies opgesplits in 3.1.3; die middelste in 13 hste, wat herhaal word in die voorlaaste – sodat die laaste 3 weer in die patroon 3-13-3 vorm. Met daarby die kabbalistiese interpretasie van getalwaardes: ek glo nie dis ‘inleeswerk’ nie? Die geheel; ’n merkwaardige argitektoniese bouwerk.”

Die moord blyk ’n ingewikkelde kwessie te wees. Alle aanduidings is daar dat Lila die vermoorde is, maar aan die einde van die verhaal kom dit voor asof dit die reus se liggaam is wat Jock uit die meer haal. “Op die speurverhaalvlak gebeur alles in ’n chronologiese volgorde en is dit Lila se lyk wat aan die begin ontdek word, terwyl sekere verwysings die moontlikheid skep dat die eerste drie afdelings van die boek vanuit ’n agterna-perspektief geskryf is en dat dit dan Adam Kadmon Silberstein se lyk is waarop Jock afkom” (Kannemeyer, 1988:282).

4.2.3 Spanningslyn

In die eerste drie afdelings, *Ubi?*, *Quid?* en *Cur?*, is daar die implikasie dat iets vreesliks gebeur het, dat daar ’n moord was, maar die slagoffer word nie benoem nie – dit skep ’n besliste spanningslyn. Die raaisel is dus die identiteit van die vermoorde en omdat die antwoord uitgestel word, word die leser se aandag behou. In die langste afdeling, *Quis?*, word die speurtog van speurdersersant Demosthenes H. De Goede beskryf, met dr. Johns wat saam met hom oor die plaas wandel en hom aan al die vreemde inwoners bekendstel, op soek na die skuldige. Tradisioneel is die speurwerk die spannendste deel van die speurverhaal, omdat die raaisel ontrafel word, onderbreek deur vals leidrade wat die leser verwar en onseker hou, en dus gespanne. In *Een vir Azazel* is die speurtog ’n slingerende tog wat die leser se aandag moeilik hou, want daar is nie van noemenswaardige konflik sprake nie. Dit is egter die absurde gegewe, die humor, die intellektuele uitdaging wat die waarskynlike leser se aandag vasvang.

Wanneer dit moontlik raak om die verhaal te ontsyfer, nl. dat die onskuldige reus die sondebok is wat moet sterf om die gemeenskap te red en die orde te herstel, word dit duidelik dat almal wat die twee speurders teëkom op hulle reis wel “verdagtes” was. Al die mense is verantwoordelik

vir die onskuldige man se dood, nie alleen omdat hulle hom stenig nie, maar omdat hulle vol sonde is.

4.2.4 Verteller en vertellersperspektief

Die verteller van die verhaal is 'n derdepersoonverteller. Die stem van die vertelling is in spottende trant. Vanweë hierdie stemtoon is dit duidelik dat hier van satire en parodie sprake is. Die gebeure wat beskryf word, is onwerklik en verwyder van die hiperrealisme wat 'n mens in die tradisionele speurverhaal kry. Uiteindelik kry 'n mens die gevoel van 'n droom, selfs 'n Middeleeuse mite bevolk met mitiese vampiere en reuse, die teater van die absurde, 'n Hieronymus Bosch skildery.

4.2.5 Karakters en karakterisering

Al die karakters is “plat” karakters, nie outentiek genuanseerd nie, en hulle verteenwoordig tipes of aspekte van menslikheid. Die verteller spot ook genadeloos met feitlik al die karakters, asof hulle karikature is. So is daar bv. die “slank” Mrs Silberstein – die beskrywing na haar wat altyd in aanhalingstekens is, is sarkasties; daar is Madame Ritchie en haar twee dogters, Hope en Prudence: “Die trane loop oor die wange van die gesette vrou; sy word aan weerskante deur haar agtienjarige dogters gestut (mooi, blondehaarmeisies met vlegsels en Wiking-oë)” (Leroux, 1984:152). Van die ander mense by Lila se begrafnis word só beskryf: “'n oom van die Karoo met 'n stroef gesig en 'n vet meisie wat aanhou huil en huil totdat haar gesig soos 'n soggie s'n lyk” (Leroux, 1984:151).

Die karakters se name dra betekenis en benoem dikwels dit wat hulle verteenwoordig. Die H. in die speurder se naam staan vir Herakles, die Grieks-mitologiese held wat saam met die Olimpiese gode teen die reuse geveg het, en sy van, De Goede, dui daarop dat hy orde, dus die goeie vir die gemeenskap beskerm. Sy doelstelling is om die reus in die naam van die goeie te verslaan.

Dr. Johns is 'n vreemde figuur:

“Hy lyk soos 'n bobbejaantjie daar op die rand van die leë swembad: 'n ingekrimpte stukkie oppervlakkige wysheid wat illusies skep en vernietig, vol energie as gevolg van

korrekte dieet en oefening, 'n seningtaai toonbeeld van volharding, 'n sprekende voorbeeld van 'n ou liggaam wat met volgehoue inspanning na miskien tagtig jaar een felle, swetende nag 'n maagd nog kan swanger maak om die patos van menslike ywer te bewys" (Leroux, 1984:158).

Die slagoffer, Lila, is die buite-egtelike dogter van 'n prostituut, "'n teef wat elke keer soos 'n maagd na die bed toe gekom het (dink iemand anders). Sy lê daar so weerloos en wie kan sê of sy weerloos was?" (Leroux, 1984:151). In die tradisionele speurverhaal is dit gepas as die slagoffer ook 'n bietjie "sleg" is sodat die leser kan glo dat iemand 'n motief kan hê om die persoon te vermoor.

Adam Kadmon Silberstein is die swaksinnige reus, so onskuldig soos 'n kind, wat uiteindelik deur die mense gestenig word, dan deur die speurder geskiet word, en "in die rigting van die waters wat in die donker raas" (Leroux, 1984:251) verdwyn. Die speurder word toegejuig en "die orde is herstel" (Leroux, 1984:251). Die sondebok is dus aan Azazel geoffer.

Op die speurverhaalvlak behoort dié raaisel opgelos te wees, en die onsekerheid wat daar nog heers versterk die gevoel dat Leroux met die konvensies van die speurverhaal ook spot. In 'n brief van Leroux aan sy uitgewer, Koos Human, soos aangehaal in sy biografie deur John Kannemeyer (2008:352), skryf hy: "Trouens, die hele boek is in die vorm van 'n 'mock' speurverhaal geskryf. Ek het 'n wonderlike ontdekking aangaande Reuse in die skeppingsmitologie gemaak wat volkome inpas by die speurder as beskermheer van die gemeenskap."

4.2.6 Tyd en ruimte

Die vertelde tyd van hierdie roman is 'n paar dae. Die presiese hoeveelheid dae is egter nie van soveel belang soos wat dit in *Sewe dae by die Silbersteins* is nie. In *Een vir Azazel* is die opposisie van dag en nag, dus lig en donker, van groter belang. Dis in die donker dat vreemde drome gedroom word, 'n maagd word deur 'n vampier verkrag – in die donker kom die oerdrange na die oppervlak. Die donker verteenwoordig die bose, en die dag/lic die goeie.

Die milieu waarin die verhaal afspeel, is die plaas, Welgevonden – ’n afgeslote ruimte. Ná die moord reën dit hard, oorstrom die rivier en dit isoleer die inwoners van die plaas – almal moontlike verdagtes.

Welgevonden, wat voorheen ’n pragtige plek was, is sedert dit aan die Stigting geskenk is, ’n plaas waar dinge agteruit gegaan het. “‘Ek wens jy kon die plek agtien jaar gelede gesien het,’ sê dr. Johns” (Leroux, 1984:162). Die herehuis is verbou deur die Departement van Openbare Werke en alle stylvorme is ongedaan gemaak. Orals staan meubels opmekaar gestapel in die huis. “Hulle kyk by die deur uit en sien die tuin waardeur hulle so pas gekom het: die blomme oorweldig deur onkruid, die bome vol dooie takke soos hulle ongesnoei mekaar verwurg” (Leroux, 1984:162). Die verwaarlosing en agteruitgang van die omgewing bevestig die idee van die morele verval waaraan die inwoners ook ly.

4.2.7 Gevolgtrekking

Een vir Azazel is duidelik ’n “moeilike” teks, en die leser moet agtergrondkennis hê van die sielkunde, Rooms Katolieke-rituele, mitologie, filosofie – dus ’n besondere vaardige leser wees om die teks ten volle te kan waardeur. Die verhaal speel op meervoudige vlakke af, maar wat die aard van die verhaal betref, beantwoord dit wel aan heelwat van die konvensies in die tradisie van die speurverhaal.

4.3 Strukturelemente van *Die boek van toeval en toeverlaat* (Winterbach, 2006)

4.3.1 Inleiding

Die titel van hierdie roman, *Die boek van toeval en toeverlaat*, verwys nie duidelik na die aard van die teks as 'n speurverhaal nie. Dit is 'n ritmiese, poëtiese titel wat geen leser sal laat vermoed dat hier van 'n tradisionele speurverhaal sprake is nie.

4.3.2 Plot

Aan die begin van hoofstuk een is daar 'n gebeurtenis wat 'n moontlike misdaad kan wees – Theo Verwey word dood in sy kantoor aangetref. Daar word druk gegis deur die mense wat saam met hom by die museum gewerk het, oor die oorsaak van sy dood. Hul kommentaar impliseer dat 'n moord dalk ter sprake kon wees. Die opening van dié roman is dus reeds 'n vals leidraad wat betref dit waaroor die roman gaan handel, óf wat die sentrale probleem en raaisel gaan wees.

Hoofstuk twee begin met 'n onbetwiste misdaad. Daar word by Helena se tuinwoning ingebreek en sewe en dertig van haar skulpe, haar kosbaarste besittings, word gesteel. Daarna gaan Helena en een van haar kollegas, Sof Benade, op 'n soektog na hierdie skulpe. Die belangrike speurelemente in hierdie verhaal is dus 'n diefstal, 'n amateurspeurder, Helena, en 'n handlanger of *side-kick* wat die speurder bystaan, nl. Sof. Daarmee word die indruk geskep dat hier van 'n speurverhaal sprake is. Een aand bel 'n man vir Helena en maak daarop aanspraak dat hy haar vroeër goed geken het, maar sy kan hom nie onthou nie. Die leser wonder of dit 'n beduidende persoon en gebeurtenis is wat iets met die diefstal te make het – dit word aangebied asof dit 'n leidraad kan wees omdat dit direk na die diefstal vertel word.

Winterbach speel beslis met die konvensies van die speurverhaal deur gebeure aan te bied asof dit met mekaar saamhang en skep so die verwagting dat die raaisel van die diefstal opgelos gaan word – dat die orde weer herstel sal word.

Nadat hierdie geheime of raaisels ter tafel gestel is, neem die verhaal egter 'n heel ander aard as

dié van die speurverhaal aan. Helena Verbloem het saam met Theo Verwey gewerk aan die opteken van woorde wat nie meer in Afrikaans gebruik word nie, en vir lank teken die twee van hulle net doodsverbindings op. “Ek lees die omskrywings van dood en lewe. Vanoggend het ek opgestaan met ’n verhoogde gevoel van sterflikheid” (Winterbach, 2006:36). Sy was aangetrokke tot Verwey, en sy dood is ’n verlies vir haar – een van talle verliese wat in hierdie roman ter sprake is. Terwyl hulle saam gewerk het, het hulle na klassieke musiek geluister en het sy Theo vertel van die romans van JM Coetzee en DeLillo wat vir haar betekenis het; in die teekamer voer sy gesprekke met Hugo Hatting oor evolusie en die oorsprong van die heelal. Haar laataand beller konfronteer haar met herinneringe aan haar verlore minnaars en Helena droom drome oor haar familie – haar oorlede ouers en suster. Helena is ook ’n skrywer wat werk aan ’n roman.

Haar soektog na haar verlore skulpe saam met Sof neem hulle na die Vrystaat en ’n gevaarlike deel van Durban. Op hierdie tog ontmoet hulle vreemde mense, bv. waarskynlik gevaarlike bendelede en ’n rassistiese skulpverkoper en teddiebeerversamelaar. Op dáárdie vlak is die verhaal wel ’n speurverhaal, en is hierdie speurtog die spil waarom die groot en komplekse verhaal ontvou.

Die skulpe is vir Helena besonder belangrik en sy voel ’n akute verlies weens die diefstal. Die skulpe word “simbool van persoonlike verlies – dit gaan om dinge wat kosbaar en onherwinbaar is vir ’n bepaalde persoon” (Du Plooy 2009:21). Wanneer een van die polisiemanne wat die diefstal ondersoek haar vra waarom sy van die skulpe hou, antwoord sy: “‘Because they are beautiful,’ sê ek, ‘and because God made them’” (Winterbach, 2006:13). Die skulpe is simbole van skoonheid, dit “waaraan ek my hart opgehang het” (Winterbach, 2006:155). Helena kan nie die verlies daarvan verwerk nie.

Die polisie se onvermoë om werklik enige vordering te maak met die ondersoek – gesien in die lig van die ernstige probleme waarmee hulle daaglik te kampe het, is dit verstaanbaar dat hierdie fragiele simbole van skoonheid en verganklikheid nie hoog op hulle prioriteitslys is nie – pas wel in die hiperrealistiese tradisie van die *hard-boiled*-speurverhaal wat sosiale probleme uitwys.

4.3.3 Spanningslyn

Die soektog na die skulpe skep 'n spanningslyn – saam met die leser probeer Helena en Sof die raaisel ontrafel om 'n bevredigende antwoord te vind. 'n Hele paar ander vrae ontstaan egter tydens die soektog wat tot verdere spanning bydra. Waarom is nege van die skulpe by die voete van Patrick Steinmeier se lyk gevind? Wie is die geheimsinnige man wat haar bel en praat oor haar verlede? Maar dit is nie 'n snaarstye spanningslyn wat lesers laat naels kou soos in die *tradisionele speurverhaal* nie. Die waarskynlike leser van hierdie roman verlustig hom veel eerder aan die intellektuele uitdaging wat dit bied, die humor en die verbeeldingrykheid van die teks. Die verhaal word dus nie aangedryf deur die intrige nie, hoewel daar heelwat vrae is wat wel spanning skep. “Helena Verbloem, as verteller, slaag nie daarin om 'n gemaklike slotsom en gevolgtrekking uit al haar eie vertellings en voorlesings te maak nie. Dit is duidelik dat die roman, ten spyte van die ooreenkomste met die speurverhaal, nie plotgedrewe is nie” (Burger, 2008:135).

Soos in *Een vir Azazel* is daar in hierdie roman ook nie veel konflik tussen karakters nie. Konflik bou die spanningslyn veral in *tradisionele speurverhale*, en die afwesigheid daarvan ondermyn hierdie voorskrif vir die speurverhaal.

4.3.4 Verteller en vertellerspektief

Helena Verbloem is die ek-verteller in die verhaal en alles word uit haar perspektief vertel, gekleur deur haar emosies, lewensuitkyk en verstaan van die gebeure. Dis 'n subjektiewe perspektief, en die leser kan 'n redelike volledige prentjie van Helena vorm weens die intieme vertellerspektief. Interessant ook dat haar van, Verbloem, op iets dui wat weggesteek word, wat verskuil word. Dit is ironies dat die naam van die “speurder” die teenoorgestelde beteken as die aksie van geheime oplos, maar Helena is nie juis 'n suksesvolle amateurspeurder nie.

Die eerstepersoonspektief is nie ongewoon in die speurverhaaltradisie nie juis omdat so 'n verteller besonder manipulerend en oneerlik kan wees en so die leser op dwaalweë kan lei.

4.3.5 Karakters en karakterisering

Die karakters wat haar pad kruis word deur Helena se oë, haar weergawe en interpretasie van hulle, geskets. Die dialoog is een van die sterk punte van die roman.

“Wat Winterbach hier met die taal doen, is verbluffend. Hugo Hatting se lesings oor die evolusie is swaarwigtig en resonant. Die geheimsinnige laatnagbeller, Freek van As, se toon is aanmatigend en suggestief onsamehangend. Sof praat met ’n anargistiese hardegatterigheid wat jou tone laat krul. Wanneer Helena vir Theo vertel van die boek wat sy lees, is haar taal deurdrenk van hartstog en verlange. En wanneer hulle oor die taalkaarte buig, ontwaak die ganse taalgeheue in hul gepas argaïese tussenwerpsels” (Human, 2006).

Die karakters is almal outentiek juis omdat hulle taal so noukeurig weergegee word. Terselfdertyd is dit moontlik om hulle almal ook as verteenwoordigend van ’n soort of tipe mens in Suid-Afrika te sien. Daar is die pedantiese akademici, die bedroefde Steinmeiers met hul opgestopte tere, konstabel Modisane met die vlesige bobene – weens Helena se droë stemtoon en humor word die karakters soms byna karikature. “Dit is ’n humoristiese boek. Ek het lanklaas so gelag as by die lees van hierdie roman waarin die absurde so heerlijk met ’n weggooilyn of -toneel na vore kom” (Hambidge, 2006:3). Hierdie absurde element herinner ook aan Leroux se werk.

4.3.6 Tyd

Die gebeure verloop nie lineêr soos dit in die *tradisionele speurverhale* wat hier bespreek word die geval is nie. Dit speel ook nie in ’n relatief kort tyd af nie. ’n Kort verteldetydslyn verhoog die spanning en tempo van ’n verhaal en dit is dikwels die geval met speurverhale, veral dié wat as misdaderverhale geklassifiseer word, maar *Die boek van toeval en toeverlaat* speel oor agt maande af. Die konvensies van die speurverhaal is nie voorskriftelik oor die hantering van tyd in die *tradisionele speurverhaal* nie en die hantering van tyd diskwalifiseer nie hierdie roman as speurverhaal nie. ’n Kort verteldetydslyn is ’n effektiewe manier wees om die leser se aandag te hou, spanning te verhoog, die leser te verwar en vals leidrade mee te skep. Die lang verteldetydslyn van *Die boek van toeval en toeverlaat* is dus ongewoon in die speurverhaaltradisie.

Winterbach gee wel deurgaans definitiewe tydsaanduidings. Die eerste hoofstuk begin met 'n plasing in tyd: “In Maart aan die einde van die somer begin ek werk as Theo Verwey se assistent. In Oktober in die lente word hy dood aangetref in sy kantoor” (Winterbach, 2006: 7). Hoofstuk twee vertel van ongeveer vyf maande vroeër: “In die laaste week van Mei, byna drie maande nadat ek in Maart as Theo Verwey se assistent begin werk het, word daar by my woonstel ingebreek” (Winterbach, 2006: 10). In feitlik elke hoofstuk en selfs onderafdelings van hoofstukke word duidelike tydsaanduiding gegee: “Ek kom Sof Benadé die volgende dag by Die Sandduin teë” (Winterbach, 2006: 13); “Baie laat die aand bel 'n man my” (Winterbach, 2006: 16); “Theo Verwey sien daar vanoggend gladgeskeer en rosig uit” (Winterbach, 2006: 18); ens. Op die vlak van die speurverhaal skep die tydsaanduidings die illusie van 'n geheim wat stap vir stap ontrafel moet word; dat dit leidrade is waarmee die leser die sogenaamde legkaartstukke moet pas, daarom word dit so prominent genoem.

“Die chronologiese skakeling van handeling in *Die boek van toeval en toeverlaat* word op die voorgrond gestel deur die talle tydsaanduidings wat ten opsigte van die afsonderlik gebeurtenisse gegee word. [...] Hierdie klem op die tyd waarop spesifieke handeling plaasvind, kan gesien word as 'n doelbewuste poging deur die verteller, Helena Verbloem, om 'n plot te skep, om samehang tussen die gebeurtenisse te bewerkstellig deur chronologie toe te ken” (Burger, 2008:125).

Die verhaal word afgewissel met Helena se herinneringe oor haar ouers, haar suster, en haar verlede en dit vertraag die tempo van die verhaal. Dus beantwoord die verhaal nie aan die vereiste van 'n sterk spanningslyn in 'n speurverhaal nie.

4.3.7 Ruimte

Die verhaal speel hoofsaaklik in die stad Durban af. Tydens Helena se soektog gaan sy wel uit die stad uit na Ladybrand in die Vrystaat. Nogtans is die fisiese ruimte van die roman redelik beperk, soos die geval is in speurverhale.

Die ruimte wat van belang is, is egter veel eerder die kleiner ruimtes binne die stad: die museumkompleks waar Helena werk – die kantoor waar sy en Theo Verwey werk, die teekamer

en die biblioteek – en daarnaas Helena se huis, haar tuinwoonstel, waar haar skulpe gesteel word. Daarbenewens is dit Helena se emosionele ruimte, haar binnewêreld, wat beduidend is. Die belangrike fisiese ruimtes van hierdie verhaal is dus grootliks afgeslote en beperk, soos die speurverhaal vereis, maar die filosofiese en emosionele ruimte is groot.

4.3.8 Gevolgtrekking

Die slot van *Die boek van toeval en toeverlaat* is nie ’n definitiewe oplossing vir die geheim van verhaal nie. Die leser weet reeds daar was nie ’n moord nie, maar die raaisel van die diefstal van die skulpe word ook nie opgelos nie. Op speurverhaalvlak sal ’n leser dit onbevredigend vind – die konvensies van die speurverhaal skryf ’n bevredigende ontknoping voor, ’n oplossing van die raaisel, die herstel van die orde. Maar, “’n Storie wat samehang bring deur ’n plot, ontbreek in hierdie roman” (Burger, 2008:121). Hier is eerder sprake van geen einde, want Helena se broer gaan haar dinge omtrent sy omswerwinge vertel; die lewe gaan aan. “Dit is ’n roman wat in sirkels beweeg: Dante se sirkels, maar ook die sirkels van ’n skulp ... Die Freudiaanse herhalingsdrif is tersaaklik” (Hambidge, 2006).

Joan Hambidge wys daarop dat *Die boek van toeval en toeverlaat* “’n faux-speurverhaal” is (2006). Helena Verbloem, die “speurder” van die verhaal, slaag uiteindelik nie daarin om enige van geheime of raaisels te ontrafel nie, en alles bly onopgeloste raaisels. Die *tradisionele speurverhaal* moet ’n geloofwaardige en bevredigende oplossing vir die sentrale raaisel van die verhaal bied. Met die onopgeloste raaisels van hierdie roman ondermyn Winterbach die konvensies van die speurverhaal.

4.4 Slot

Een vir Azazel (Leroux, 1984) en *Die boek van toeval en toeverlaat* (Winterbach, 2006) volg beide heelwat van die konvensies van die speurverhaal, maar is komplekse tekste met meer vlakke van betekenis wat van belang is as by die tradisionele speurverhaal. Dit is duidelik dat die speurverhaal ’n narratiewe strategie is wat deur beide skrywers gekies is om belangriker en groter kwessies aan te raak as net “wie het ’n misdaad gepleeg en waarom?”

5 'N VERGELYKING TUSSEN DIE TRADISIONELE EN LITERÊRE SPEURVERHAAL

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan die twee *tradisionele speurverhale*, *Reuk van die dood* (Mouton, 2008) en *Plaasmoord* (Brynard, 2009), en die twee vermeende *literêre speurverhale*, *Een vir Azazel* (Leroux, 1984) en *Die boek van toeval en toeverlaat* (Winterbach, 2006) met mekaar vergelyk word aan die hand van die konvensies van die speurverhaal vergelyk word, met spesifieke verwysing na die strukturelemente plot, spanningslyn, karakters en karakterisering, verteller en perspektief, tyd en ruimte of milieu.

5.2 Plot of intrige

Reuk van die dood is geheel en al plotgedrewe. Daar is niks anders as die bevredigende oplos van die raaisel van die moorde wat samehang bewerkstellig nie. Daar is geen ander vlak waarop hierdie roman funksioneer nie. In terme van die konvensies van die speurverhaal is dit genoegsaam. Die roman is triviaallektuur en 'n verbruikersartikel – die soort roman wat sekere lesers lees vir ontspanning en dit geniet dat daar geen intellektuele aanspraak op hulle gemaak word nie.

Die gebeure in die verhaal is oënskynlik realities, maar as geheel is die verhaal nie waarskynlik nie. Hoewel alles wat gebeur moontlik *kan* wees en dus geloofwaardig vir die leser, is die gebeure in diens van die doel van die roman, nl. ontspanningslektuur.

Samehang in *Plaasmoord* word ook ten volle deur die plot bewerkstellig en dit is 'n plotgedrewe roman. Die sentrale raaisel of vraag is: wie het Freddie Swarts en haar aangenome dogter vermoor en waarom? Alles wat gebeur en al die mense in die verhaal word byeen gebring deur hierdie raaisel; alle gebeure en karakters het 'n spesifieke funksie en dra by tot die bevredigende oplos van die sentrale raaisel. Die karakters staan ook in verhouding tot mekaar en vorm 'n gemeenskap wat 'n kleiner weergawe van Suid-Afrika verteenwoordig, en die land se sosiale probleme word sodoende ook belig en ondersoek.

Die karakters en gebeure in die verhaal is realisties en werklikheidsgetrou. Weens die realisme is daar geen probleem vir die leser om ongeloof op te hef nie. Die gebeure van die verhaal wat afspeel in 'n geslote en afgesonderde gemeenskap, word wel deur die skrywer beheer en gemanipuleer om 'n spesifieke uitkoms te hê, nl. 'n bevredigende en afgeronde slot.

Een vir Azazel, daarenteen, is nie plotgedrewe nie. Die verhaal is op ander betekenisvlakke aan die werk, en die plot, die oplos van die sentrale raaisel, is ondergeskik daaraan. Daar is wel 'n speurverhaalvlak wat die verhaal oorkoepelend bind, en breedweg voldoen dit aan die konvensies van die speurverhaal. Daar is 'n moord, 'n speurder plus 'n *side-kick*, 'n speurtog en 'n oplossing van die sentrale raaisel. Die oplossing is egter nie bevredigend op speurverhaalvlak nie, want 'n duidelik omskrewe antwoord op die raaisel bly die leser ontwyk. Die verhaal het nie 'n einde nie, en verloop in 'n sirkelgang – aan die einde is ons weer terug by die begin en nie eens seker oor wie die vermoorde is nie.

Die gebeure en karakters in die roman is nie realisties nie, maar die leser het vroeg in die kommunikasieproses geen verwagting van hiperrealisme nie. Dis onwaarskynlik dat die leser wat normaalweg slegs speurverhale lees, hierdie verhaal sal lees.

Die boek van toeval en toeverlaat is ook nie plotgedrewe nie, maar aanvanklik word die illusie van 'n speurverhaal gevestig. Daar word nie 'n sterk spanningslyn uitgebou nie, en die gebeure is nie chronologies en slegs in diens van die oplossing van die sentrale raaisel nie. Hierdie roman is eerder 'n besinning oor plot; die verteller probeer 'n plot skep, maar daar is nie 'n oplossing van 'n sentrale raaisel nie. “Uiteindelik is daar vir Helena (en vir die leser) slegs al die vertellings [...] Dit sê ook dat die verstaan van 'n lewe nie reduceerbaar is tot 'n enkele formule nie [...] Maar vertellings is uiteindelik al wat daar tussen mense is” (Burger, 2008:137–138). Vir hierdie roman is die sentrale raaisel veel eerder die lewe, en dit sê uiteindelik is iets oor die menslike toestand. Daar is 'n speurverhaalvlak, maar die verhaal beantwoord nie ten volle aan die konvensies van die speurverhaal nie omdat daar geen oplossing vir die raaisel is nie.

Die gebeure en karakters in *Die boek van toeval en toeverlaat* is wel realisties en ironies die mees werklikheidsgetrou van al die romans onder bespreking, waarskynlik omdat daar juis nie

veel opwindende goed gebeur nie en omdat daar nie 'n sterk spanningslyn is nie. Dit verteenwoordig veel meer getrou die werklike verloop van die lewe as enige plot van 'n *tradisionele spanningsverhaal*. Lesers van speurverhale wil ontsnap aan die sleur van die normale lewe, en wil daarom onrealistiese maar geloofwaardige stories lees wat hulle sal wegvoer, waar 'n raaisel hulle aandag vasgevang hou en 'n held die bose oorwin en die orde herstel.

5.3 Karakters en karakterisering

Die karakters in *Reuk van die dood* is eendimensioneel en stereotopies. Die eksterne derdepersoonverteller verskaf alle inligting oor die karakters. Daar is baie karakters, veral randkarakters, en hulle is hoofsaaklik voorspelbare stereotipes. Die mans is almal *macho*, die vroue meestal seksueel onweerstaanbaar vir die mans. Junior se ma is koue en selfsugtige vrou wat verantwoordelik is vir sy probleme met vroue. Daar is een mannetjiesagtige vrou, waarskynlik lesbies, 'n volkome stereotipe. Die karakters is plat karakters in diens van die plot.

Die krag van *Plaasmoord* is die genuanseerdheid van die karakters, die dialoog en die beskrywing van milieu en die gemeenskap. Die karakters word lewendig deur die oë van die fokaliseerders. Ten spyte daarvan dat hulle ook in 'n groot mate stereotipes is en in diens van die plot, is die karakters in hierdie roman minder voorspelbaar en eendimensioneel as in *Reuk van die dood*, maar niks meer as wat vereis word deur die konvensies van die *hard-boiled*-speurverhaal nie. Die meervlakkige en outentieke karakters kwalifiseer hierdie roman as goeie gewilde prosa.

Die karakters in *Een vir Azazel* is nie werklikheidsgetrou nie en dis die spottende stem van die derdepersoonverteller wat hulle uit die verf laat kom. So weet die leser dat die krag van die verhaal juis geleë is in die satire, en dat die karakters voertuie is om 'n dieper betekenis as bloot die oplos van 'n misdaad mee tuis te bring. Leroux en sy verteller spot uiteindelik met die konvensies van die speurverhaal ook deur die erns en voorskriftelikheid daarvan te ondermyn. So is daar bv. die volgende toneel tussen die speurder, sy *side-kick*, dr. Johns, en die "slank" Mrs. Silberstein – die speurder is die "held" van die speurverhaal, die een wat die orde herstel, wat die gemeenskap beveilig, maar hier word hy as 'n karikatuur uitgebeeld:

“Ons enigste uitweg is, sê dr. Johns, “om ons te versteek, en soos Henry Silberstein-van Eeden – die skoonseun van Mrs Silberstein,” verduidelik hy vir speurdersersant Demosthenes H. de Goede, wat homself meteens op sy hande gelig het, sy voete bymekaar in die lug, “ons enigste uitweg is om soos Henry Silberstein-van Eeden ’n geslepenheid te ontwikkel. Dis fataal om heroïes te probeer wees. Ons moet die Christelike nederigheid aanvaar, die ander wang keer, onself beskerm agter weldadigheid en ons onsigbaar maak deur deemoedigheid.”

Speurdersersant Demosthenes H. de Goede is besig om homself te oortref. Nie alleen staan hy op sy hande nie, maar het hy hom nou op die tien skraal pilaartjies van sy vingers gebalanseer.

Die “slank” Mrs Silberstein het alle beskaafdheid opgeskort, haar vernis laat val en soos ’n jong meisietjie tot op haar knieë gekom voor speurdersersant Demosthenes H. de Goede wat nege pilaartjies onttrek en op ’n elegante wysvinger die onmoontlike bereik het. (Leroux, 1984:166–167)

Die karakters in *Die boek van toeval en toeverlaat* word deur die oë en in die stem van die eerstepersoonverteller weergegee. So ’n verteller is subjektief en dikwels onbetroubaar. Maar omdat die karakters nie in diens is van ’n plot wat meedoënloos moet voortstu na ’n afgeronde einde toe nie, is die karakters meer genuanseerd en onvoorspelbaar.

5.4 Verteller en perspektief

In *Reuk van die dood* is daar ’n alwetende derdepersoonverteller aan die woord; *Plaasmoord* word deur die twee speurders gefokaliseer, *Een vir Azazel* word ook deur ’n alwetende derdepersoonverteller vertel, en *Die boek van toeval en toeverlaat* word deur ’n eerstepersoonverteller vertel. Die konvensies van die speurverhaal is nie voorskriftelik oor die vertellersinstansie nie. Die vertellersperspektief bepaal wel die leser se ervaring van die verhaal.

Weens die plotgedrewenheid van *Reuk van die dood* is die verteller effektief – dit skep ’n afstand tussen die leser en die teks sodat die leser as’t ware passief toekyk. *Een vir Azazel* het dieselfde vertellersinstansie, maar die verhaal is so absurd vreemd en onwerklik – die gebeure, die karakters, milieu – dat die leser op ’n ander manier daarby betrokke is as by *Reuk van die dood*,

en so word die meervlakkigheid van die roman gerealiseer. Die verteller is hier nie betroubaar nie en manipuleer die leser met ironie en humor wat nie in die Mouton-roman gebeur nie. Die probleem van hierdie soort vertellerspektief is “dat die leser maklik vervreem kan word van die karaters, dat die karakters nie ‘mense’ word waarmee jy kan identifiseer nie, maar dat hulle ervaar word as ‘konstrukte’ van die verteller” (Burger, 2009a:15). Dit is moontlik by albei hierdie romans.

Plaasmoord word deur fokaliseerders vertel, die sg. vrye indirekte rede. Die verhaal word dus as’t ware deur die oë van ’n paar karakters vertel wat nie weet wat die ander rolspelers dink of weet nie, en die fokaliseerders moet die geheim saam met die leser ontrafel. Dit hef die afstand tussen leser en teks op en maak die karakters “menslik”. *Die boek van toeval en toeverlaat* word in die eerstepersoon vertel, wat die leser intrek omdat die verteller nie alles weet nie. Die leser beleef die handeling van die roman soos wat hy sy eie lewe beleef, as ’n altyd ontvouende geheim.

5.5 Tyd en ruimte

In *Reuk van die dood* speel die ruimte en milieu, Mafikeng en omgewing, geen beduidende rol in die verhaal nie. Dieselfde verhaal kon op enige soortgelyke plek afgespeel het en dit sou geen invloed op die verloop van die gebeure gehad het nie. Die omgewing is wel relatief geslote.

Die verhaal speel af oor ongeveer ’n maand wat beteken die tempo van ontplooiing en oplossing van die sentrale raaisel is relatief vinnig en gespanne. Die verhaal verloop lineêr en chronologies en enige terugflitse na die verlede is funksioneel – dit verskaf inligting wat die leser nodig het om die ontknoping van die verhaal te kan volg.

Die vertelde tyd in *Plaasmoord* is relatief kort wat spanning bou, maar die presiese hoeveelheid dae en nagte is nie van belang vir die verhaal nie. Die klem is eerder op die gebeure en karakters as op die tempo van die verhaal. Die verhaal verloop chronologies en ontplooi lineêr.

Die milieu, die Noord-Kaapse omgewing – ’n klein dorpie en ’n landelike gemeenskap – speel ’n beduidende rol in die verhaal. Dit is die tekstuur van die skryfwerk wat die outentieke aard van

die karakters en milieu bepaal. Die milieu word 'n kleiner kosmos van die groter Suid-Afrika omdat soveel van die land se sosiale probleme hier langs mekaar gestel word in 'n afgesonderde omgewing waar invloede van buite beperk word.

Een vir Azazel se ruimte is totaal geslote omdat die plaas wat reeds 'n beperkte ruimte is, nou totaal van die buitewêreld afgesny word deur 'n geweldige storm. So word hierdie klein gemeenskappie onder 'n spreekwoordelike vergrootglas geplaas deur middel van die speurtog van die speurder en sy begeleier, en so word die metafisiese betekenisvlak van die verhaal gerealiseer.

Weens die gegewe van 'n gemeenskap wat deur 'n storm geïsoleer word, word die tyd ook beperk tot 'n dag of twee of drie. Die presiese hoeveelheid dae is nie van belang nie, net dat die tydperk kort is, en die onderskeid tussen dag en nag is van groot belang op alle vlakke van die verhaal. Die verhaal ontplooi chronologies maar nie lineêr nie. Aan die einde word dit duidelik dat die slot in agterna-perspektief geskryf is en dus verloop die verhaal in 'n sirkel – die einde sluit aan by die begin en verander die leser se begrip van wat gebeur het.

Tyd in *Die boek van toeval en toeverlaat* word gemarkeer met tydsaanduidings in elke hoofstuk. Die verhaal ontplooi egter nie lineêr nie en spring in tyd; die vertelde tyd is 'n tydperk van amper nege maande, wat langer is as wat tradisioneel in die speurverhaal die geval is. Die tydsaanduidings sal normaalweg bydra tot die spanningslyn soos die konvensies van die speurverhaal voorskryf, en in hierdie roman help dit om die illusie van 'n speurverhaal te versterk. Die spronge in tyd skep 'n sirkelgang wat bydra tot die meditatiewe toonaard van die verhaal.

Die milieu van *Die boek van toeval en toeverlaat* is relatief afgeslote. Dit is 'n stadsroman en speel in Durban af. Hierin is weer die kleiner fisiese ruimtes van die museumkompleks waar Helena en haar kollegas werk, Helena se tuinwoonstel, en Ladybrand waar haar speurtog haar en haar handlangers of *side-kick* vlugtig heen neem. Omdat die verhaal deur Helena, die hoofkarakter in die verhaal, in 'n eerste persoonperspektief vertel word, is dit haar binnewêreld wat die belangrikste ruimte van die verhaal word. Hierdie klemverskuiwing is nie tradisioneel

van die speurverhaal nie.

5.6 Ander struktuuraspekte

5.6.1 Titel

Die titels van twee tradisionele speurverhale, *Reuk van die dood* en *Plaasmoord*, bevat reeds die belofte van onheil wat in 'n speurverhaal van belang is. *Reuk van die dood* is meer openlik en selfs banaal; *Plaasmoord* is meer subtiel, hoewel dit so generies is dat dit selfs misleidend kan wees. Die titels *Een vir Azazel* en *Die boek van toeval en toeverlaat* gee niks weg, skeep geen verwagting van 'n speurverhaal nie.

5.6.2 Reekse

Reekse is 'n bekende verskynsel in die speurverhaal-genre. Gewoonlik is elke boek 'n nuwe avontuur van dieselfde speurder en elk van die boeke in die reeks is 'n speurverhaal. Bennie Griesel is byvoorbeeld die bekende speurder van die Deon Meyer-romans, Adam Dalgliesh is die speurder in veertien van die Britse skrywer P.D. James se romans, en Ian Rankin is bekend vir sy reeks Inspector Rebus-speurromans. Die *tradisionele speurromans*, *Reuk van die dood* en *Plaasmoord*, is beide debuutromans, en daar is 'n verwagting dat die speurders van die romans gaan voortleef in volgende romans, dat al twee skrywers 'n reeks met dieselfde speurder as hoofspeurder gaan skeep, soos tradisioneel in hierdie genre gebeur.

Een vir Azazel is die tweede boek van 'n reeks wat bekend staan as die Silberstein-trilogie. Laasgenoemde was nie 'n speurverhaal nie. Elkeen van die boeke in die trilogie speel op min of meer dieselfde plek af en daar is karakters wat in elk van die boeke voortleef. *Die derde oog* volg na *Een vir Azazel* en dieselfde speurder tree hier op, maar *Die derde oog* is nie op enige vlak 'n speurverhaal nie.

Daar is by die leser van *Die boek van toeval en toeverlaat* geen verwagting dat daar 'n vervolg en dus 'n reeks met Helena as hoofspeurder gaan volg op hierdie roman nie.

5.6.3 Betekenisvlakke en tema

Reuk van die dood is triviaallektuur wat net op een vlak funksioneer: daar is 'n misdaad, in hierdie geval is dit 'n reeksmoordenaar aan die werk, en 'n jong speurder moet die raaisel oplos, die moordenaar vang, die bose oorwin, die gemeenskap beveilig en die orde herstel. Dit bevredig die leser se triviale behoefte, nl. ontspanning.

Plaasmoord is goeie gewilde prosa wat op meer vlakke funksioneer en uiteindelik wel iets oor aard van die mens sê, omdat die karakters kompleks is en worstel met hulle persoonlike duiwels, en omdat die werklike sosiale probleme van die land aan die kaak gestel word. Elkeen van die sosiale probleme skep 'n potensiële skuldige – haar suster se hoogmoed het Freddie geïsoleer en kon indirek tot haar dood bygedra het; armoede en misdaad wat die land teister lei tot gereelde plaasmoorde; die woedende regses en hulle hulpeloosheid in 'n land waar hulle hul mag en hul grond verloor, kan skuldig wees; die jaloesie wat onbeantwoorde liefde teweegbring kon die skuldige se motief gewees het. Uiteindelik is hebsug die sosiale euwel wat grootste sondaars skep wat vir die moorde verantwoordelik is. Kerneels Breytenbach (2010) skryf in 'n resensie oor *Plaasmoord*: “Tussen CJ Langenhoven se *Donker spore* (1926) en Karin Brynard se *Plaasmoord* lê ons geskiedenis. Wie verras is oor die diepte van Brynard se insig, het net sigself om te blameer.”

Een vir Azazel het komplekser betekenisvlakke. In 'n rubriek getiteld “Op soek na dit wat sin gee” vertel Willie Burger van 'n praatjie wat Etienne Leroux in 1960 voor die Afrikaanse Studiekring in Stellenbosch gehou het, waar hy die taak van die skrywer uiteensit. Die skrywer moet die “waarheid” wat in die kollektiewe onbewuste geleë is, vorm te gee in sy skryfwerk. 'n Mite is wel net 'n fiktiewe verhaal, “maar dit beteken nie vir Leroux dat mites daarom ‘onwaar’ is nie. Mites word saamgestel uit patrone en simbole wat te voorskyn kom uit die ‘diepste, rudimentêrste laag van die menslike psige” (Burger, 2009b). Heldeverhale kom in alle kulture en helde inspireer mense om hul probleme te oorkom en hul eie potensiaal te verwesenlik. Jesus, Mohammed en Boeddha is voorbeelde van sulke mitiese helde wat die mens inspireer. “'n Lewende mite is vir Leroux 'n mite wat sin gee aan mense se handeling, wat die simbole wat in 'n kultuur voorkom, betekenisvol maak” (Burger, 2009b). In die moderne tyd het mense steeds behoefte aan 'n singewende mite. *Een vir Azazel* is een van die romans waarmee Leroux presies

dít probeer bewerkstellig het wat hy as sy taak as skrywer beskou het.

Die boek van toeval en toeverlaat is 'n besondere verwickelde verhaal en die betekenisvlakke daarvan is veel wyer as wat op hierdie studie van toepassing is. Op basiese speurverhaalvlak is Helena en Sof op soek na die skulpe, maar die hele roman is ook Helena se speurtog na haar identiteit, na maniere om haar verskeie verliese te besweer. Dit is 'n verwickelde en komplekse verhaal wat peins oor die menslike toestand, oor Helena se eie lewe en die mens in die algemeen, 'n meditatiewe verhaal. “*Die boek van toeval en toeverlaat* is 'n elegiese roman waarin verlies, verganklikheid en die dood sentraal staan [...] Tog word *verlies* geensins as enkelvoudige gegewe in die roman verken nie, maar as 'n dinamiese en veelvuldige konsep” (Human, 2009:3). Omdat die verhaal nie plotgedrewe is nie, en Helena 'n skrywer is, is die roman ook 'n besinning oor plot wat in die lewe sin en samehang gee. Die werklikheid is dat daar nie so 'n lewensplot bestaan nie, en “vertellings is uiteindelik al wat daar tussen mense is” (Burger, 2008:138) .

5.7 Slot

Die *tradisionele speurromans*, *Reuk van die dood* (Mouton, 2008), *Plaasmoord* (Brynard, 2009), en die vermeende *literêre speurromans*, *Een vir Azazel* (Leroux, 1984) en *Die boek van toeval en toeverlaat* (Winterbach, 2006), het stem op speurverhaalvlak t.o.v. 'n hele paar stylaspekte ooreen. Die twee *tradisionele speurverhale* voldoen aan ál die konvensies van die genre. Die twee literêre verhale voldoen op speurverhaalvlak aan 'n hele paar van die konvensies, maar verskil op tematiese vlak en wat betref idees en metafiska sóveel van die *tradisionele speurverhaal*, dat dit nie bloot as speurverhale geklassifiseer kan word nie.

In die *tradisionele speurverhaalgenre* is dit van uiterste belang dat die leser se behoefte aan 'n afgeronde en geloofwaardige verhaal bevredig moet word, maar nie *Een vir Azazel* óf *Die boek van toeval en toeverlaat* gaan die aanhanger van die speurverhaalgenre tevrede stel nie. Die waarskynlike leser van hierdie romans het ander behoeftes.

6 GEVOLGTREKKING

6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan die navorsingsvraag na aanleiding van die voorafgaande ontledings beantwoord word: Bestaan daar inderdaad iets soos 'n *literêre speurverhaal*? Indien nie, waarom word die speurelement gekies as narratiewe strategie vir sommige literêre romans?

6.2 Bestaan die literêre speurverhaal?

Soos reeds aangetoon is daar heelwat ooreenkomste, maar ook verskille tussen die vier romans, *Reuk van die dood*, *Plaasmoord*, *Een vir Azazel* en *Die boek van toeval en toeverlaat*. Dit is duidelik dat die grootste verskil geleë is in die meervlakkigheid, al dan nie, van die verskillende romans en dat die twee *literêre romans* die kodes van die speurverhaal gebruik het om ander redes as die *tradisionele speurverhale*.

Die speurverhaal is slegs 'n narratiewe strategie vir Leroux en Winterbach, en *Een vir Azazel* en *Die boek van toeval en toeverlaat* kan nie as *tradisionele speurverhale* getipeer word nie. Beide hierdie romans is veel “groter” en meer verwickeld as wat in hierdie studie omvat kan word. Daar bestaan volgens hierdie navorser dan speurverhale wat beter geskryf is as ander, wat wel op meer as net die speurverhaalvlak betekenis dra – waar karakterisering, dialoog, beskrywing, ens. meer volledig is, en waar daar diepte is in terme van tema, wêreldbeskouing en rykdom aan idees, en waar dit nie nét oor die oplossing van die sentrale geheim gaan nie. *Plaasmoord* is so 'n speurroman.

“Our age has great appetite for studies of writing that is hardly worth studying. Thrillers, detective stories, science fiction, advertisements, pop poetry, pornography: these and other kinds of *Trivialliteratur* are accorded a weighty treatment that nevertheless avoids, somehow, questions of value” (Fowler, 1982:10). Die twee literêre romans sal nie as fiksie “hardly worth studying” beskryf kan word nie. Dié romans is so meervlakkig en leen hul tot soveel verskillende invalshoeke vir die studie daarvan, dat hulle uitstyg bo genrefiksie wat “hardly worth studying” is. Die twee *tradisionele speurverhale*, *Reuk van die dood* en *Plaasmoord*, en dus alle

speurverhale, kan heel moontlik as sulks getipeer word.

Speurverhale is genrefiksie en word deur lesers gelees wat spesifieke verwagtings het van sulke romans – die “habits of reading” waarna Mullan (2006:105) verwys – en hierdie lesersverwagtings is die “reëls”. *Tradisionele speurverhale* word volgens ’n stel konvensies geskryf, skrywers hou daarby en word daarvolgens beoordeel.

Die *tradisionele speurverhaal* het vandag ’n industrie geword – dit is ’n gewilde genre en verkoop goed.

“No one would deny that writing of this sort has indeed become a kind of invisible rule-book, whereby we no longer notice its artificialities. One reason for this is economic. Commercial realism has cornered the market, has become the most powerful brand in fiction. We must expect that this brand will be economically reproduced, over and over again. This is why the complaint that realism is no more than a grammar or set of rules that obscures life is generally a better description of le Carré or P. D. James than it is of Flaubert or George Elliot or Isherwood: when style decomposes, flattens itself down into a genre, then indeed it does become a set of mannerisms and often pretty lifeless techniques” (Wood, 2008:175).

Bg. is eerder van toepassing is op Mouton en Brynard as op Leroux en Winterbach.

Die konvensies van die speurverhaal is so dwingend dat dit die moontlikhede vir goeie skryfwerk beperk, maar daar is beslis meer verwickelde romans as ander in hierdie genre. So is *Plaasmoord* ’n indrukwekkender roman as *Reuk van die dood*. Daar word kommentaar gelewer op die Suid-Afrika van vandag sodat dit ’n leser se begrip van homself en die wêreld waarin hy woon, heel moontlik kan verander of nuut kan belig.

“Waar Chris Karstens met sy *Seisoen van sonde* vra wat het geword van al apartheid se belhamels [...] help Brynard die leser om weg te beweeg van voorspelbare reaksies. Waaraan dink ons as ons die woord *plaasmoord* hoor? Vrees kleur meestal jou eerste reaksie. Vir die ongerepte siel is hoop, geloof en liefde die ideaal; in die deur apartheid besmette Suid-Afrika bly geld, mag en hebsug die dryfkrag wat alle politieke en sosiale

konstrukte in reliëf plaas, of jy nog steeds in die sleutel van apartheid dink of nie” (Breytenbach, 2010).

Hierdie roman spreek ook die tema van skuld en verlies aan. Op persoonlike vlak is dit Saar, die suster van die slagoffer wat daarmee stry, en dit roep die slagoffer se persoonlike geskiedenis op. Op sosiale vlak wys dit die kompleksiteit van die emosies van die mense in die land uit. Die meervlakkigheid van hierdie roman wat nog steeds netjies gegiet is in die borstrok van die konvensies van die speurverhaal, is heel waarskynlik die naaste wat die genre aan ’n *literêre speurverhaal* kan kom.

Breytenbach (2010) sê voorts die volgende oor die genre in die algemeen: “... soos James Lee Burke se speurder, Dave Robicheaux, op ’n plek sê: daar is net twee soorte moorde. By die eerste moet jy net die spoor van geld volg. By die ander het jy te doen met mal mense wat dit geniet om mense dood te maak. Hier moet jy die spoor van bloed volg. Moet net nie afdraande van die lyke staan nie.” Dít is in essensie waarom die *tradisionele speurverhaal* gaan. Dit is egter glad nie van toepassing op die romans van Leroux en Winterbach nie en daarom val hulle nie volledig in die kategorie van die speurverhaal nie. Hierdie twee literêre romans sal nie deur die lesers van die genre gelees word net vir die “boonste” betekenisvlak, die speurverhaalelement, nie. Die skryfwerk is te kompleks, die spanningslyn nie so sterk soos wat die konvensies van die genre voorskryf nie.

6.3 Waarom die speurverhaal as narratiewe strategie?

Waarom die konvensies van die speurverhaal as narratiewe strategie kies?

Een vir Azazel en *Die boek van toeval en toeverlaat* is romans met ingewikkelde temas wat vir ’n lesers insig oor die lewe gee op ’n manier wat deurdag is, en wat die chaos wat die lewe is, orden sodat dit vir die lesers verteerbaar word. Daarom is ’n strategie wat ’n antwoord op ’n geheim soek, wat ’n legkaart stuk vir stuk inmekaar pas, ’n goeie vertelstrategie. Dit boei die lesers en eis van hulle om te help skep aan die verhaal juis omdat die lesers die legkaartstukke moet meet en pas. Die konvensies van die speurverhaal is die boonste laag van die verhaal, maar daar onder is nog veel meer wat nie verband hou met ’n misdad nie.

In Kannemeyer (2008:18) se biografie oor Etienne Leroux vertel hy oor gesprekke tussen hom en die skrywer wat aanleiding gegee het tot die roman en is die verwickelde aard van die roman duidelik:

Verder het ek hom gewys op WH Auden se briljante studie oor die speurverhaal, “The guilty vicarage”, wat ek uit Stanley Edgar Hyman se bloemlesing *The critical performance* geken het. Hierin, het ek gesê, wys Auden op die geslote gemeenskap van die speurverhaal, wat die moontlikheid van ’n moordenaar van buite uitsluit; die slagoffer wat gedeeltelik ’n slegte karakter moet wees omdat almal onder verdenking staan, andersyds ’n goeie karakter omdat almal skuldig voel; en die speurder wat ’n buitestander moet wees, die etiese waardes moet verteenwoordig en die orde deur die ontknoping van die moord moet herstel [...] Ek het hom verder gewys op S Dresden en S Vestdijk se *Marionettenspel met die dood* waarin skrywers ook praat van die beslote ruimte van die speurverhaal, maar veral op die duidelike verwantskap met die Griekse tragedie wys. Die speurder is een van die vorme wat die moderne heldedom aanneem en wat as die skrywer se eksegeet tot die publiek oor die ander persone in die verhaal praat. Dikwels word hy begelei deur ’n ‘confidant’ wat soos ’n klein Griekse koortjie inligting verstrek, kommentaar lewer, insigte aan die speurder meedeel en, soos in die klassieke Franse drama, die tragiese moeilikhede van die held aanhoor en op ’n laer menslike niveau verwerk. Met al hierdie kenmerke van die speurverhaal, het ek gevoel, kon Stephen nie net die Griekse tragedie betrek nie, maar die problematiek van die goeie en die bose in *Sewe dae by die Silbersteins* voortsit en die wêreld van Welgevonden behou.”

Hierdie gesprekke tussen Leroux en Kannemeyer het daartoe gelei dat die speurverhaal as narratiewe strategie gekies is. Leroux het self na die roman verwys as ’n “mock” speurverhaal. Die leser het heelwat kennis en inligting nodig oor die sielkunde, filosofie, die mitologie, ens. om die verhaal te verstaan, en dit sal nie nodig wees by ’n tradisionele speurverhaal nie.

Verder was Leroux ’n satirikus (wat ’n moraliserende funksie het) wat sy rol as skrywer ernstig opgeneem het. Daarom het hy hom besig gehou met die problematiek van die goeie en die bose en kon hy die taak van die skrywer definieer. Satire, soos *Een vir Azazel* inderdaad is, is ’n ideale

narratiewe strategie om moraliserende en ingewikkelde filosofiese idees mee tuis te bring.

“Novels [...] present all the complicating facts that need to be taken into account before we can reach any sort of judgement. The effect of this detail is that we come to recognise the complex reality of character or event in the story. The easiest way to describe this effect is the difference between the story and the discourse. ‘Discourse’ here means the language and texture of the writing in a novel” (Peck & Coyle, 1993:108).

Die kompleksiteit en tekstuur van die skryfwerk is die verskil tussen patroonmatige genrefiksie en ’n *littêre* roman.

Winterbach se roman het meer betekenisvlakke as wat in hierdie studie sinvol bestudeer kan word. Die hoofrede waarom Winterbach die speurelement as strategie gekies het, is waarskynlik geleë in een van die hoofemas van die roman: “Verbloem is ’n eerstepersoonverteller en sy is ook ’n skrywer. Dit is die eerste keer in haar oeuvre wat Ingrid Winterbach/Lettie Viljoen ’n geïdentifiseerde ek-verteller gebruik. Dat hierdie interne verteller boonop ook probeer om ’n roman te skryf, kan as verdere aanduiding gesien word dat in hierdie roman onder meer nagedink word oor die aard van die vertelproses” (Burger, 2008:122). Deur die speurverhaal as vertelstrategie te kies – ’n genre wat tradisioneel deur streng konvensies gestuur word – en dít dan te ondermyn, is ’n effektiewe vertelstrategie vir hierdie roman. So wys Winterbach duidelik dat “’n lewe nie reduseerbaar is tot ’n enkele formule nie” (Burger, 2008:137).

6.4 Verdere gedagtes oor die literêrheid van ’n roman

Wat is die literêrheid van ’n roman? Eenvoudig gestel is dit die verwickeldheid van die idees en temas wat die grootste verskil tussen ’n literêre en ’n populêre roman is, soos hierbo aangedui. Maar daar is meer:

Literariteit is ’n “term uit de literatuurwetenskap waarmee het literair-zijn van talige communicatie word aangeduid, nl. een specifiek aspect ervan dat van alle andere aspecten (b.v. mededelende, appelerende, enz.) kan worden onderscheiden en als dusdanig beschreven, maar slechts in en met die andere taalaspecten kan ontstaan. Literariteit is aldus een complex begrip dat als geslaagdheid van niveaus (klank,

betekenis, voorgestelde wereld ...) moet worden benaderd: de taal vestigt er de aandacht op zichzelf” (Van Gorp 1991:227).

Verwikkelde taalgebruik bring ’n estetiese dimensie na die teks.

Een van die sterk punte van *Plaasmoord* is die karakterisering deur middel van die genuanseerde taalgebruik in die roman en dit is een van die redes waarom hierdie roman meervlakkig is. Maar uiteindelik is dit die gedwongendheid van die konvensies van die speurverhaal waaraan hierdie roman enduit voldoen, wat hierdie roman goeie gewilde literatuur maak en nie ’n literêre roman nie.

Taal as die medium van die kunswerk is nog meer aan die bod in Winterbach se roman as in enige van die ander romans. Benewens die filosofiese en psigoanalitiese betekenislae in *Die boek van toeval en toeverlaat*, is die verteller en hoofkarakter, Helena Verbloem, ’n leksikograaf wat woorde wat in onbruik verval het, opteken. Helize van Vuuren (2008:170–172) wys daarop dat taal een van die hooftemas in die roman is.

“Die leksikografiese projek het ’n besondere effek op die medium waarin die roman geskryf is, maar beïnvloed ook die struktuur daarvan [...] Sonder taal kan daar nie bewussyn wees nie. Taal is vormgewend; taal struktureer die waarneming van die werklikheid, gee daar vorm aan. Met die ophaal van vergete Afrikaanse woorde verbreed die hoofkarakter ook haar bewussyn. Maar nie net is daar in hierdie roman ’n baie sterk metalinguale bewussyn via die leksikografiese doenighede ingebed nie, hier is boonop ’n nogal humoristiese spel binne die romanwêreld met verliteratuurtheid, met literêre tekste, en met die skryf van romans.”

Hierdie roman is nie net besonder ryk aan betekenis en tema nie, dit is ook bewus van taal as die medium waarmee gewerk word, en dit word op verskeie maniere en vlakke ontgin.

Leroux, daarenteen, was bekend vir minder noukeurige taalgebruik. Tog sê Koos Human, sy uitgewer, oor sy taalgebruik:

“... het jy gou besef watter waarde hy heg aan die klank en ritme van ’n sin, en hoe

dikwels hy met 'n oënskynlike verkeerde woord 'n spesifieke doel beoog het. Stephen het 'n eiesoortige Afrikaans geskryf. [...] Hoe kan die wêreld van Welgevonden bestaan in iets anders as Stephen se besondere Afrikaans, Anglisismes en al?" (Kannemeyer, 2008:353). I

In *Een vir Azazel* is die klem egter meer op die idee en tema as op taal as die medium vir die kunswerk. Leroux tree op as 'n soort orakel. Hierdie leser het onder die indruk daarvan gekom by die lees van Anthony Albeker se nie-fiksieboek, *Fruit of a poisoned tree* (2010), toe sy die ooreenkomste tussen die werklike moord op Stellenbosch en *Een vir Azazel* besef.

Kortliks lui die ware verhaal van *Fruit of a poisoned tree* as volg: In die geslote gemeenskap van Stellenbosch word 'n jong, mooi, talentvolle maagd (volgens getuienis), Inge Lotz, wreed vermoor. Die speurders en die hele regsstelsel wat die saak ondersoek probeer 'n onskuldige sondebok, die hoofverdagte, Fred dan der Vyver, te alle koste skuldig bevind deur selfs so ver te gaan om bewyse te fabriseer. Fred is groot man, saggeaard en naïef.

Die gemeenskap se reaksie is fel – asof hulle nodig het om 'n sondebok te vind wat skuldig bevind móét word. Albeker vind dat dit waarskynlik te doen het met die “volksvreemde” kerk waaraan Van der Vyver behoort en dat dít die gemeenskap ontstel. Dit wil voorkom asof hierdie kerkverband die gevoel van vervreemding wat die Afrikaanse gemeenskap in Suid-Afrika vandag ervaar – bv. die verlies aan politieke mag en status, en die stryd om Afrikaans te behou wat die universiteitsdorp die afgelope paar jaar verdeel – verteenwoordig. Asof die geslote gemeenskap die orde herstel wil hê deur 'n sondebok te vind, en dat die speurders hierdie verantwoordelikheid ernstig opneem.

Die gemeenskap se houding jeens Fred word 'n uitgerekte metaforiese steniging. Die uiteinde, nl. sy onskuldigbevinding deur die hof, is byna 'n teleurstelling vir die gemeenskap en talle mense kies steeds om te glo hy is skuldig, en dit wil voorkom asof hy altyd 'n uitgeworpene sal bly in die dorp. Die gemeenskap is nog nie “gesond” nie, want hulle is gefnuik in die skuldigbevinding van die onskuldige man. Hierdie sondebok is dus sy wrede lot gespaar en Azazel bly steeds honger.

Dit is hierdie soort profetiese insig in die aard van die mens wat van Leroux veel meer as 'n skrywer van ontspanningslektuur gemaak het.

6.5 Slot

“What do we expect of our detectives?” vra Altbeker (2010:235–236). “It is a question that may be better answered by looking at their depiction in popular culture than by examining the legal requirements and institutional arrangements that govern policing. It is in the pages of our best-selling books and in the scripts of our most-watched television dramas that we will find the most fully developed and carefully nurtured conceptions of what it is that detectives can and should and must do. And if we examine these sources, we will see that the fictional construction of the good detective is built on one thing: his single-minded devotion to the details of empirical reality. The detectives that people the popular imagination are not interested in ideas. They don't deal in abstractions and theories. They have no patience for academic debate and scholarly nitpicking ... they read situations. They read people. They read crime scenes ... the focus of the good detective is always on the details.”

Hierdie onderskeid wat Altbeker tref, is 'n goeie beskrywing van dit wat die *tradisionele speurverhaal* dryf. Ontspanningslektuur word gestuur deur dwingende konvensies, terwyl die literêre roman meer en dieper betekenisvlakke het. Literêre romans is geïnteresseerd in filosofiese idees. Dit is die soort romans wat weer en weer gelees kan word en met elke lees sal dit aan die leser nog 'n geheim openbaar. Die *tradisionele spanningsverhaal* het net een antwoord op die sentrale geheim van die verhaal, en wanneer dit opgelos is, is daar geen rede om dit weer te lees nie. Dit bevestig weereens: “Literêrheid kan nie 'n kriterium vir triviaallektuur wees nie, en die bevrediging van triviale behoeftes nie 'n kriterium vir literêre prosa nie” (Du Plessis Sonnekus, 1987:2).

BIBLIOGRAFIE

- Altbeker, A. 2010. *Fruit of a poisoned tree*. Johannesburg: Jonathan Ball Publishers.
- Beinhard, L. 1996. *How to write a mystery*. New York: Ballantine books.
- Boulton, M. 1975. *The anatomy of the novel*. London: Routledge & Kegan Paul.
- Breytenbach, Kerneels. 2010. Die nuutheid van Karin Brynard se speurverhaal *Plaasmoord*.
Beskikbaar by: <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=81865&cause_id=1270> Besoek op: 30 Julie 2010.
- Brynard, Karin. 2009. *Plaasmoord*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Burger, Willie. 2008. 'n Speurder wat verbloem: Gedagtes oor plot na aanleiding van Ingrid Winterbach se *Die boek van toeval en toeverlaat*. *Stilet* 20(1): 119–141.
- Burger, Willie. 2009a. 'n Afstand wat die leser intrek. *By* (kultuurbylaag tot *Beeld, Die Burger* en *Volksblad*), 21 Februarie: 15.
- Burger, W. 2009b. Op soek na dit wat sin gee. *By* (kultuurbylaag tot *Beeld, Die Burger* en *Volksblad*), 26 September: 13.
- Bybel, Die*. 1954. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Du Plessis Sonnekus, P.M. 1987. *Narratiewe ordening: Die ontleding van tekselemente in 'n triviale en 'n goeie gewilde prosateks*. Ongepubliseerde MA-tesis Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Du Plooy, Heilna. 1992a. "Oop en geslote tekste". In Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Du Plooy, Heilna. 1992b. "Plot". In Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Du Plooy, Heilna. 2009. Die argeologie van die teken: Taal en diskoers in *Niggie* en *Die boek van toeval en toeverlaat* van Ingrid Winterbach. *Stilet* 21(2): 1–28.
- Fowler, A. 1982. *Kinds of literature. An introduction to the theory of genres and modes*. Oxford: Oxford University Press.
- Hambidge, Joan. 2006. Soos 'n hotnotsgot op 'n jazz-plaat – oftewel, Wat maak Ta' Ingrid daar ...
Beskikbaar by: <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=6075&cat_id=201>

- Besoek op: 10 Augustus 2010.
- Human, Thijs. 2006. Grondig droef en verduiwels snaaks. *Beeld*, 20 November: 13.
- Human, Thijs. 2009. 'Om leeg te word soos 'n skulp': verlies en verganklikheid in *Die boek van toeval en toeverlaat*. *LitNet Akademies* 6(1) Beskikbaar by: <http://www.oulitnet.co.za/newlitnet/pdf/la/LA_6_1.pdf> Besoek op: 10 Augustus 2010.
- Irwin, J.T. 1986. Mysteries we reread, mysteries of rereading: Poe, Borges, and the analytic detective story; also Lacan, Derrida, and Johnson. *Modern Language Notes* 101(5): 1168–1215.
- James, P.D. 2009. *Talking about detective fiction*. London: Faber and Faber.
- Johl, J.H. 1992. "Karakter/karakterisering". In Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Johl, Ronel. 2008. Oor eindes en beginne: Tyd en ruimte in Ingrid Winterbach se *Die boek van toeval en toeverlaat*. *Stilet* 20(1): 142–162.
- Kannemeyer, J.C. 1988. *Die Afrikaanse Literatuur 1652–1987*. Pretoria: Academica.
- Kannemeyer, J.C. 2008. *Leroux: 'n Lewe*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Leroux, Etienne. 1984. *Die Silberstein-trilogie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Ley, M. 2008. Die Deaver-formule: Emosieloos en perfek. *Beeld*, 6 September: 11.
- Maass, D. 2001. *Writing the breakout novel*. Cincinnati: Writer's Digest Books.
- Mcevoy, M. 2010. Crime novel defies convention to win Miles Franklin. Beskikbaar by: <<http://www.smh.com.au/entertainment/books/crime-novel-defies-convention-to-win-miles-franklin-20100622-yvrf.html>> Besoek op: 24 Junie 2010.
- Meintjes, A.M. 1989. *The cultural semiotics of detective fiction: The translation of a popular genre*. Johannesburg: University of the Witwatersrand.
- Meyer, Deon. 2005. *'n Praktiese ondersoek na die struktuur van die speur- en spanningsroman*. Ongepubliseerde MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- Mouton, Riana. 2008. *Reuk van die dood*. Pretoria: Lapa Uitgewers.
- Mullan, J. 2006. *How novels work*. Oxford: Oxford University Press
- Parnell, R. 2002. *Writing mystery and suspense*. Beskikbaar by: <<http://easywaytowrite.com./thriller.html>> Besoek op: 9 Augustus 2010.
- Peck, J. & Coyle, M. 1993. *Literary terms and criticism*. London: The Macmillan Press Ltd.
- Roos, Henriette. 1992. "Perspektief in die prosakuns". In Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme &*

- teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Scholtz, M.G. 1992. "Roman". In Cloete, T.T. (red.). *Literêre terme & teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Smuts, J.P. 1981. *Hoe om 'n roman te ontleed*. Kaapstad: Academica.
- Strout, C. 2001. Romance and the Literary Detective: The legacy of Dorothy Sayers. *The Sewanee Review* 109(3): 423–436.
- Van de Zalen, C. (samest.). 2001. *Letterkunde 2500 begrippen van A tot Z*. Utrecht: Uitgeverij Het Spektrum.
- Van Gorp, H. e.a. 1991. *Lexicon van literaire termen*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Van Vuuren, Helize. 2008. "Alles vloei en niks hou stand": 'n Verkenning van Ingrid Winterbach se *die boek van toeval en toeverlaat*. *Stilet* 20(1): 163–176.
- Viljoen, Hein. 2004. Jock Silberstein, Boris Gudenov: Die tycoons van Etienne Leroux se tweede siklus. *Stilet* 26(1): 68–87.
- Wessels, Andries. 2007. Die problematisering van die etiese: Deon Meyer se *Infanta* as hard-boiled misdaadroman. *Tydskrif vir Letterkunde* 44(2): 104–118.
- Winterbach, I. 2006. *Die boek van toeval en toeverlaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Wood, J. 2008. *How fiction works*. London: Jonathan Cape.

Opsomming

Die term *speurverhaal* impliseer 'n spesifieke soort verhaal of genre, tradisioneel triviaalliteratuur of ontspanningslektuur, met spesifieke kodes en konvensies. Enige konvensies is egter aanpasbaar en die grense tussen hoë kuns en populêre kultuur is vloeibaar, sodat dit moontlik is dat daar wel 'n vertakking of subgenre wat die *literêre speurverhaal* genoem kan word, kon ontwikkel het. Die doel van hierdie verhandeling is om die volgende navorsingsvrae te beantwoord: Is daar wel speurverhale wat as *literêre speurverhale* gekategoriseer kan word? Indien nie, waarom word die kodes van die speurverhaal as narratiewe strategie gekies vir sekere romans? Wat is die verskille en ooreenkomste tussen die *tradisionele speurverhaal* en die sogenaamde *literêre speurverhaal*?

Die verskynsel word ondersoek word deur twee romans wat moontlik as *literêre speurverhale* geklassifiseer kan word, nl. *Een vir Azazel* (Leroux, 1984) en *Die boek van toeval en toeverlaat* (Winterbach, 2006), te vergelyk met twee *tradisionele speurverhale*, nl. *Reuk van die dood* (Mouton, 2008) en *Plaasmoord* (Brynard, 2009), aan die hand van sekere strukturelemente, nl. spanningslyn, plot, intrige, karakterisering, verteller, vertellersperspektief, tyd, en ruimte.

Abstract

The term detective story indicates a specific kind of story or genre, traditionally recreational and light reading, with specific codes and conventions. However, any set of conventions are pliable and the boundaries between recreational and high art are fluid and constantly shifting. It is therefore possible that a subgenre of the detective story that can be called the literary detective story could have developed. The goal of this dissertation is to answer the following research questions: Are there detective stories that can be categorised as literary detective stories? If not, why is the detective element chosen as a narrative strategy for some novels? What are the differences and similarities between the traditional detective story and the so called literary detective novel?

Sleutelsterme

Tradisionele speurverhaal, literêre speurverhaal, spanningslyn, plot, intrige, karakterisering, verteller, vertellersperspektief, tyd, en ruimte.

Keywords

Traditional detective story, literary detective story, suspense, plot, storyline, characterisation, narrator, point of view, time and space.

My dank aan professor HJ Pieterse vir ondersteuning en leiding.